# OPVOEDING

"Sodat ons seuns soos plante mag wees wat opgekweek is in hulle jeug, ons dogters soos hoekpilare wat uitgebeitel is na die boustyl van 'n paleis."

# OPVOEDING

**deur**

**Ellen G. White**

***"Kennis van die Heilige is verstand."***

Uitgegee deur die

SUID - AFRIKAANSE UNIEKONFERENSIE
VAN SEWENDEDAG - ADVENTISTE

Opvoeding

oorspronklike vertaling deur: **Deur Theo A. ter Horst en Edwin de Kock**
Hierdie uitgawe se kopiereg word gehou © 2012 deur Stanborough Press Ltd, Alma Park, Gratham, Lincolnshire, verenigde Koninkryk

Alle regte word voorbehou

Britse biblioteek katalogisering in publikasiedata. 'n katalogiese rekord vir hierdie boek is beskikbaar van die Britse biblioteek.

ISBN-978-1-907456-55-8

vir meer inligting kontak:

Posbus 75700

Garden view

2047

tel: (011)616-6800

*web:www.tcadventist.org.za*

## *AAN OUERS, ONDERWYSERS EN STUDENTE,*

almal leerlinge in die voorbereidingskool van die aarde, is hierdie boek opgedra. Mag dit hulle help om die lewe se grootste voordele te verkry, ontwikkeling en vreugde in diens alhier en sodoende 'n geskiktheid vir daardie omvattender diens, die "hoër kursus" wat in die hiernamaalse skool tot elke mens se beskikking is.

# Voorwoord

MENS sien deesdae selde 'n boek oor die opvoeding wat so wyd gelees is en wat so deur die tyd beproef is as hierdie werk. Weens die duidelike en korrekte grondbeginsels wat in hierdie boek uiteengesit word, het derduisende ouers en onderwysers dit oor baie dekades as handleiding aanvaar.

Elke persoon moet die praktiese werklikhede van die lewe die hoof bied - sy geleenthede, sy pligte, sy neerlae en sy prestasies. Hoe hy hierdie ondervindings tegemoetgaan, of hy die meester of slagoffer van omstandighede sal word, hang grotendeels af van sy voorbereiding om daarteen opgewasse te wees - sy opvoeding.

Ware opvoeding is goed gedefinieer as die harmonieuse ontwikkeling van *al die vermoëns* - 'n volledige en toereikende voorbereiding vir sowel hierdie lewe as die toekomstige ewige lewe. Dit is gedurende die vroeë jare tuis en in formele skoolonderrig dat die verstand ontwikkel, 'n lewenspatroon posvat en die karakter gevorm word.

Met skerpsinnige insig oor die betreklike en blywende waardes van wat ware opvoeding in sy wydste omvang behels, dui die skryfster van hierdie boek die weg aan hoe om dit te verwesenlik. 'n Opvoeding waarvolgens die verstandelike kragte tot regmatige ontwikkeling kom, word duidelik omskryf. 'n Opvoeding waardeur die hande tot nuttige beroepe geskool word, word beklemtoon. 'n Opvoeding wat God as die bron van alle wysheid en insig erken, word ernstig aanbeveel.

Die dryfveer van die skryfster met haar omvattende geskrifte oor die onderwerp van die opvoeding was dat jongmense op die lewensdrempel gereed kan wees om hulle plek as goeie burgers in te neem, goed voorberei vir die praktiese lewensondervindings, liggaamlik ten volle ontwikkel, godvresend, met ongeskonde karakters en beginselvaste harte. Hierdie boek is die allerbelangrikste werk in dié groep geskrifte waarin die beginsels uiteengesit word wat essensieel is vir die begrip van diegene wat tuis en op skool aan die jeug leiding gee.

Die skryfster van hierdie bladsye was 'n vriendin van jongmanne en - vroue. Sy was baie jare lank in noue aanraking met opvoedkundige inrigtings en goed vertroud met jeugdiges se probleme in die voorbereiding vir hul lewenstaak. Bowenal het sy oor meer as gewone kennis en vaardigheid as skryfster en spreekster beskik.

Aangesien dit gemoeid is met groot grondslaggewende beginsels en nie met leerplanbesonderhede of die voordele van verskillende opvoedkundige

stelsels nie, is die invloed van hierdie boek reeds wêreldwyd, want uitgawes is in verskeie vooraanstande tale van ander lande gepubliseer. Dat hierdie nuwe uitgawe die beginsels van karakteropvoeding nog verder sal verbrei, is die hartgrondige hoop van die uitgewers en -

***DIE TRUSTEES VAN DIE ELLEN G. WHITE - PUBLIKASIES.***



# INHOUDSOPGAWE


| ***Hoofstuk:*** | ***Hoofstuk naam:*** | ***Bladsy no:*** |
|---|---|---|
| ***Hoofstuk:1*** | ***GRONDBEGINSELS*** | ***1*** |
| ***Opskrifte:*** | Die Bron en Doel van Ware Opvoeding | 3 |
| | Die Skool in Eden | 9 |
| | Die Kennis van Goed en Kwaad | 11 |
| | Die Verhouding van Opvoeding tot die Saligheid | 15 |
| ***Hoofstuk:2*** | ***VOORBEELDE*** | ***21*** |
| ***Opskrifte:*** | Die Opvoeding van Israel | 21 |
| | Die Profeteskole | 31 |
| | Die Lewens van Groot Manne | 37 |
| ***Hoofstuk:3*** | ***DIE WEERGALOSE ONDERWYSER*** | ***53*** |
| ***Opskrifte:*** | Die Leermeester Wat van God Gekom Het | 55 |
| | 'n Illustrasie van Sy Metodes | 65 |
| ***Hoofstuk:4*** | ***NATUURONDERWYS*** | ***75*** |
| ***Opskrifte:*** | God in die Natuur | 77 |
| | Lewenslesse | 81 |
| | Ander Aanskouingslesse | 89 |
| ***Hoofstuk:5*** | ***DIE BYBEL AS OPVOEDER*** | ***95*** |
| ***Opskrifte:*** | Verstandelike en Geestelike Kultuur | 97 |
| | Die Wetenskap en die Bybel | 101 |
| | Sakebeginsels en -Metodes | 107 |
| | Bybelbiografieë | 115 |
| | Poësie en Sang | 125 |
| | Verborgenhede van die Bybel | 135 |
| | Die Geskiedenis en die Profesie | 139 |
| | Bybelonderrig en -Studie | 149 |
| ***Hoofstuk:6*** | ***LIGGAAMLIKE OPVOEDING*** | ***75*** |
| ***Opskrifte:*** | Die Studie van die Fisiologie | 157 |
| | Matigheid en Diëetkunde | 163 |
| | Ontspanning | 167 |
| | Ambagsopleiding | 173 |

| | | |
|---|---|---|
| ***Hoofstuk:7 KARAKTERBOU*** | | ***181*** |
| ***Opskrifte:*** | Opvoeding en Karakter | 183 |
| | Metodes van Onderrig | 187 |
| | Gedrag | 195 |
| | Die Verhouding Tussen Kleredrag en Opvoeding | 201 |
| | Die Sabbat | 205 |
| | Geloof en Gebed | 207 |
| | Die Lewenstaak | 215 |
| ***Hoofstuk:8 DIE ASSISTENT - ONDERWYSER*** | | ***223*** |
| ***Opskrifte:*** | Voorbereiding | 225 |
| | Samewerking | 231 |
| | Dissipline | 235 |
| ***Hoofstuk:9 DIE HOËR KURSUS*** | | ***243*** |
| ***Opskrifte:*** | Die Skool van die Hiernamaals | 245 |
| ***Hoofstuk:10 REGISTER VAN SKRIFTUURPLASE*** | | ***253*** |
| ***Hoofstuk:11 ALGEMENE BLADWYSER*** | | ***259*** |




# GRONDBEGINSELS

*"Terwyl ons almal met ontsluierde gesig soos in 'n spieël die heerlikheid van die Here aanskou, word van gedaante verander na dieselfde beeld, van heerlikheid tot heerlikheid."*

# Die Bron en Doel van Ware Opvoeding

***"KENNIS VAN DIE HEILIGE IS VERSTAND;" "SLUIT TOG VRIENDSKAP MET HOM."***

- 13 -

ONS idees oor opvoeding het 'n te enge en 'n te laag, by-die-grond se reikwydte. Daar is 'n gebrek aan breër vergesigte, 'n hoër doel. Ware opvoeding beteken meer as die aflegging van 'n sekere studiekursus. Dit beteken meer as 'n voorbereiding vir die huidige lewe. Dit raak die hele wese en die ganse bestaanstyd wat vir die mens moontlik is. Dit is die harmonieuse ontwikkeling van die liggaamlike, die verstandelike en die geestelike kragte. Dit berei die student voor vir die vreugde van diens in hierdie wêreld en vir die meer verhewe vreugde van omvattender diens in die wêreld wat kom.

Die bron van so 'n opvoeding word in die volgende woorde uit die Heilige Skrif aan die lig gebring; wat die aandag op die Oneindige vestig: In Hom is "al die skatte van wysheid en kennis verborge." Kolossense 2:3. "Hy het raad en verstand." Job 12:13.

Die wêreld het al sy groot leermeesters gehad, manne van reuseverstand en omvangryke navorsing, manne wie se uitsprake die denke gestimuleer en ontsaglike gebiede van die kennis ontsluit het; en dié manne is as gidse en weldoeners van die menslike geslag vereer; maar daar is Een Wat bo hulle uittroon. Ons kan die lyn van die wêreld se leermeesters so ver terug nagaan as wat die menslike oor-

- 14 -

kondes strek; maar die Lig het hulle voorafgegaan. Soos die maan en sterre van ons sonnestelsel skyn deur die sonlig te weerkaats, so is die leer van die wêreld se grootste denkers, vir sover dit waarheid is, 'n afskynsel van die strale uit die Son van Geregtigheid. Elke gedagtevonk, elke flikkering van die intellek, kom uit die Lig van die wêreld.

Deesdae word daar baie oor die aard en belangrikheid van "hoër opvoeding" gesê. Die waaragtige "hoër opvoeding" is die wat toebedeel word deur Hom by wie "raad en verstand" (Job 12:13) is, uit wie se mond "kennis en verstand" kom. Spreuke 2:6.

In 'n kennis van God het alle ware kennis en werklike ontwikkeling hul bron. Waarheen ons ons ook al wend, in die stoflike, die verstandelike of die geestelike ryk; in wat ons ook al betrag, afgesien van die skending deur die

sonde, word hierdie kennis geopenbaar. Watter navorsingsrigting ons ook al inslaan, met 'n opregte doel om die waarheid te vind, word ons in aanraking gebring met die onsigbare, magtige Intelligensie wat in en deur alles werk. Die verstand van die mens word in gemeenskap gestel met die verstand van God, die eindige met die Oneindige. Die uitwerking van sodanige gemeenskap op liggaam en verstand en siel is onberekenbaar.

In hierdie gemeenskap word die hoogste opvoeding gevind. Dit is Gods eie manier van ontwikkeling. "Sluit tog vriendskap met Hom" (Job 22:21), is Sy boodskap aan die mensdom. Die metode wat in hierdie woorde uiteengesit is, was die metode wat in die opvoeding van ons oervader gevolg is. Toe Adam in die glorie van sy sondelose mensheid in die heilige Eden gestaan het, was dit hoe God hom onderrig het.

Om te begryp wat opvoedingswerk alles insluit, moet ons sowel die aard van die mens as Gods doel met sy skepping in aanmerking neem. Ons moet ook let op die verandering in die mens se toestand weens die toetrede

- 15 -

van 'n kennis van die kwaad en Gods plan om nog Sy heerlike doel met die opvoeding van die menslike geslag te vervul.

Toe Adam uit die hand van die Skepper gekom het, het hy, in sy liggaamlike, verstandelike en geestelike natuur, op sy Skepper gelyk. "God het die mens geskape na sy beeld" (Genesis 1:27) en dit was Sy doel dat hoe langer die mens geleef het, hoe vollediger hy hierdie beeltenis sou geopenbaar het - om des te vollediger die heerlikheid van die Skepper te weerkaats. Al sy vermoëns was tot ontwikkeling in staat; die kapasiteit en lewenskrag daarvan moes aanhoudend toeneem. Ontsaglik groot was die speelruimte vir hul beoefening; heerlik die veld wat vir hul navorsing oopgestel is. Die verborgenhede van die sigbare heelal - die "wonders van die Volmaakte in kennis" (Job 37:16) - het die mens se studie uitgenooi. Gemeenskap met sy Maker, van aangesig tot aangesig, van hart tot hart, was sy verhewe voorreg. As hy aan God lojaal gebly het, sou dit alles vir ewig sy voorreg gewees het. Deur eindelose eeue heen sou hy voortdurend nuwe skatte van die kennis bekom het, vars geluksfonteine ontdek het en steeds tot helderder insigte in die wysheid, die mag en die liefde van God gekom het. Al hoe vollediger sou hy die doel met sy skepping vervul het, al hoe vollediger sy Skepper se heerlikheid weerkaats het.

Maar deur ongehoorsaamheid is dit verbeur. Deur die sonde is die Goddelike beeld geskend en byna uitgewis. Die mens se liggaamskragte is verswak, sy intellektuele kapasiteit verminder, sy geestelike gesig verdof. Hy het



aan die dood onderhewig geword. Nogtans is die menslike geslag nie sonder hoop gelaat nie. Deur oneindige liefde en genade is die saligheidsplan ontwerp en 'n proeflewe toegestaan. Om in die mens die beeld van sy Skepper te herstel, om hom terug te bring na die volmaaktheid waartoe

- 16 -

hy geskape is, om die ontwikkeling van liggaam, verstand en siel te bevorder, sodat die Goddelike doel met sy skepping verwesenlik kan word - dit sou die werk van die saligmaking wees. Dit is die doel van die opvoeding, die groot doel van die lewe.

Liefde, die grondslag van die skepping en verlossing, is die basis van ware opvoeding. Dit word duidelik gestel in die wet wat God as lewensgids gegee het. Die eerste en groot gebod is: "Jy moet die Here jou God liefhê uit jou hele hart en uit jou hele siel en uit jou hele krag en uit jou hele verstand." lukas 10:27. Om Hom, die Oneindige, die Alwetende, uit die hele krag en verstand en hart lief te hê, beteken die hoogste ontwikkeling van elke vermoë. Dit beteken dat die beeld van God in die ganse wese - die liggaam, die verstand, sowel as die siel - herstel moet word.

Gelyk aan die eerste is die tweede gebod: "Jy moet jou naaste liefhê soos jouself." Matthéüs 22:39. Die liefdeswet verg die toewyding van liggaam, verstand en siel tot die diens van God en ons medemens. En terwyl dit ons vir andere tot seën laat strek, bring hierdie diens die grootste seën vir onsself mee. Onbaatsugtigheid is die grondslag van alle ware ontwikkeling. Deur onselfsugtige diens ontvang ons die uitnemendste veredeling van elke gawe. Steeds meer en meer word ons die Goddelike natuur ten volle deelagtig. Ons word vir die hemel toegerus, want ons ontvang die hemel in ons harte.

Omdat God die bron van alle ware kennis is, is dit, soos ons gesien het, die eerste doel van die opvoeding om ons gedagtes op Sy eie openbaring van Homself te vestig. Adam en Eva het deur direkte gemeenskap met God kennis verkry; en hulle het deur Sy werke van Hom geleer. Alle geskape dinge was, in hul oorspronklike volmaaktheid, 'n uitdrukking van die gedagte van God. Vir Adam en

- 17 -

Eva het die natuur gewemel van Goddelike wysheid; maar deur oortreding is die mens daarvan uitgesluit om deur direkte gemeenskap van God te leer en, grotendeels, ook uit Sy werke. Die aarde, deur die sonde geskend en besoedel, gee net 'n dowwe afskynsel van die Skepper se heerlikheid. Dit is waar dat Sy aanskouingslesse nie uitgewis is nie. Op elke bladsy in die groot boek van Sy geskape werke kan Sy handskrif nog bespeur word. Die natuur

spreek nog van Sy Skepper. Nogtans is hierdie openbarings gedeeltelik en onvolmaak. En in ons gevalle toestand, met verswakte vermoëns en beperkte gesig, is ons nie daartoe in staat om dinge reg te vertolk nie. Ons het die voller openbaring nodig wat God in Sy geskrewe Woord van Homself gegee het.

Die Heilige Skrif is die volmaakte standaard van die waarheid en as sodanig moet die ereplek in die opvoeding daaraan verleen word. Om 'n opvoeding te ontvang wat sy naam werd is, moet ons 'n kennis van God, die Skepper en Christus, die Saligmaker, ontvang, soos hulle in die heilige Woord geopenbaar word.

Elke mens, na die beeld van God geskape, is toebedeel met 'n mag wat aan die van die Skepper verwant is - indiwidualiteit, die vermoë om te dink en te doen. Die manne in wie hierdie vermoë ontwikkel word, is die manne wat verantwoordelikhede dra, wat leiers in ondernemingsgees is en wat karakter beïnvloed. Dit is die werk van ware opvoeding om hierdie mag te ontwikkel, om jongmense op te lei om denkers te wees en nie bloot weerkaatsers van andere se gedagtes nie. Eerder as om hul studie te beperk tot wat mense gesê of geskryf het, laat studente na die bronne Van die waarheid verwys word, na die grenslose velde wat in die natuur en openbaring vir navorsing blootgelê is. Laat hulle die groot feite van plig en lotsbestemmingbetrag en die verstand sal uitsit" en sterker word.

- 18 -

Eerder as opgevoede swakkelinge, kan inrigtings van die geleerdheid mense uitstuur wat sterk is om te dink en te doen, mense wat meesters en nie slawe van omstandighede is nie, mense wat 'n breedte van verstand, 'n helderheid van gedagte en die moed van hul oortuigings het.

So 'n opvoeding voorsien meer as verstandelike dissipline; dit verskaf meer as liggaamlike opleiding. Dit versterk die karakter, sodat waarheid en trou nie aan selfsugtige begeertes of wêreldse ambisie opgeoffer word nie. Dit verskans die verstand teen boosheid. In plaas dat die een of ander heersende drif 'n mag word om te vernietig, word elke motief en begeerte met die groot beginsels van regskapenheid gelykvormig gemaak. Namate die volmaaktheid van Sy karakter betrag word, word die verstand hernieu en die siel na die beeld van God herskape.

Watter opvoeding kan hoër wees as dit? Wat kan sy waarde ewenaar?

*"Fyn goud kan daarvoor nie gegee word nie en geen silwer as koopprys daarvan afgeweeg word nie. Die goud van Ofir weeg daar nie teen op nie, ook nie die kosbare onikssteen en saffier nie. Goud en glas kan daarmee nie vergelyk*



*word nie en vir goue voorwerpe ruil 'n mens dit nie. Korale en kristal kan nie genoem word nie en die besit van wysheid is meer werd as korale."*

*Job 28: 15 - 18.*

Hoër as wat die mens se hoogste gedagte kan reik, is Gods ideaal vir Sy kinders. Godsvrug - Godgelykheid - is die doel wat bereik moet word. Voor die student gaan daar 'n pad van oneindige vooruitgang oop. Hy het 'n doel om te verwesenlik, 'n standaard om te bereik, wat alles goed en rein en edel insluit. Hy sal in elke vertakking van ware kennis vorder so vinnig en so ver as wat moontlik is. Maar sy pogings sal toegespits word op doelstellinge

- 19 -

wat soveel hoër as bloot selfsugtige en tydelike belange is as wat die hemele hoër as die aarde is.

Hy wat met die Goddelike voorneme saamwerk om 'n kennis van God aan die jeug oor te dra en die karakter tot ooreenstemming met Syne te fatsoeneer, doen 'n verhewe en edel werk. Na gelang hy 'n begeerte wek om Gods ideaal te verwesenlik, bied hy 'n opvoeding aan wat so hoog soos die hemel en so breed soos die heelal is; 'n opvoeding wat nie in hierdie lewe voltooi kan word nie, maar in die hiernamaalse lewe voortgesit sal word; 'n opvoeding wat vir die suksesvolle student sy paspoort verseker uit die voorbereidingskool van die aarde na die hoër vlak, die skool daarbo.

# Die Skool in Eden

***"GELUKKIG DIE MENS WAT WYSHEID GEVIND ,HET."***

- 20 -

DIE opvoedkundige sisteem wat aan die begin van die wêreld ingestel is, moes daarna deur alle tye heen vir die mens 'n toonbeeld wees. As illustrasie van die beginsels hiervan is 'n modelskool in Eden, ons oerouers se tuiste, gestig. Die tuin van Eden was die klaskamer, die natuur was die lesboek, die Skepper self was die leermeester en die ouers van die menslike geslag was die studente.

Adam en Eva, geskape om na die "beeld en heerlikheid van God" te wees, het begaafdhede ontvang wat hul verhewe lotsbestemming nie onwaardig was nie. Hulle was sierlik en simmetries van gestalte, met reëlmatige en mooi gelaatstrekke, hul gesigte gloeiend met die kleur van gesondheid en die lig van vreugde en hoop en hulle het in hul uiterlike voorkoms die beeltenis van hul Skepper gedra. Ook het hierdie ooreenkoms nie net uit die fisieke wese geblyk nie. Elke gawe van verstand en siel het die Skepper se heerlikheid weerkaats. Toebedeel met verhewe begaafdhede van verstand en siel, is Adam en Eva „'n weinig minder as die engele gemaak" (Hebreërs 2:7), sodat hulle nie net die wondere van die sigbare heelal kon onderskei nie, maar sedelike verantwoordelikhede en verpligtinge kon begryp.

"Ook het die Here God 'n tuin geplant in Eden, in die Ooste en daar aan die mens wat Hy geformeer het, 'n plek gegee. En die Here God het allerhande bome uit die

- 21 -

grond laat uitspruit, begeerlik om te sien en goed om van te eet; ook die boom van die lewe in die middel van die tuin." Genesis 2:8, 9. Hier, te midde van die pragtige natuurtonele, onaangeraak deur die sonde, sou ons oerouers hul opvoeding ontvang.

Vanweë Sy belangstelling in Sy kinders het ons hemelse Vader persoonlik oor hul opvoeding toesig gehou. Dikwels is hulle deur Sy boodskappers, die heilige engele, besoek en van dié het hulle raad en onderrig ontvang. Dikwels, terwyl hulle in die tuin in die aandwindjie wandel, het hulle die stem van God gehoor en van aangesig tot aangesig met die Ewige gemeenskap gehou. Die gedagtes wat Hy aangaande hulle gekoester het, was "gedagtes van vrede en nie van onheil nie." Jeremia 29:11. Elke voorneme van Hom het hul hoogste welsyn beoog.

Aan Adam en Eva is die sorg van die tuin toevertrou, "om dit te bewerk en te bewaak." Genesis 2:15. Hoewel hulle ryk was aan alles wat die Eienaar van die heelal kon voorsien, moes hulle nie ledig wees nie. Nuttige arbeid is as seën aan hulle opgedra, om die liggaam sterk te maak, die verstand te laat uitdy en die karakter te ontwikkel.

Die boek van die natuur, wat sy lewende lesse voor hulle uitgesprei het, was 'n onuitputlike bron van lering en lus. Op elke blaar van die bos en klip van die berge, in elke skynende ster, in aarde en see en lug was die Naam van God geskrywe. Met sowel die lewende, as die lewenslose skepping - met blaar en blom en boom en met elke besielde wese, vanaf die leviatan van die waters tot die stofdeeltjie in die sonstraal - het die Edenbewoners omgegaan en van elkeen sy lewensgeheime opgediep. Gods heerlikheid in die hemele, die ontelbare wêrelde in hul ordelike omwentelinge, "die gesweef van die wolke" (Job 37:16), die geheimenisse van lig en klank, van dag en nag - was alles studieonderwerpe vir die leerlinge van die aarde se eerste skool.

- 22 -

Die wette en werkinge van die natuur en die groot waarheidsbeginsels wat die geestelike heelal beheer, is deur die oneindige Bewerker van alles vir hul verstande oopgestel. In "die verligting ... van die kennis van die heerlikheid van God" (2 Korinthiërs 4:6), het hul verstandelike en geestelike kragte ontwikkel en hulle het die uitnemendste vreugde van hul heilige bestaan gesmaak.

Soos dit uit die Skepper se hand voortgekom het, was nie net die tuin van Eden nie, maar die ganse aarde wonderskoon. Geen sondesmet, of doodskaduwee, het die lieflike skepping geskend nie. Gods majesteit het die hemel bedek en die aarde was vol van Sy lof (Habakuk 3:3), "toe die môresterre saam gejubel en al die seuns van God gejuig het." Job 38:7. So was die aarde dan 'n paslike sinnebeeld van Hom wat "lankmoedig en groot van goeder tierenheid en trou" (Exodus 34:6) is; 'n paslike studie vir diegene wat na Sy beeld geskape is. Die tuin van Eden was 'n voorstelling van wat God verlang het die hele aarde moes word en dit was Sy doel dat, namate die menslike geslag in getalle toeneem, hulle ander huisgesinne en skole sou stig soos die een wat Hy gegee het. So kon die hele aarde met verloop van tyd in besit geneem word deur huisgesinne en skole waar die woorde en werke van God bestudeer word en waar die studente op dié manier toegerus sou word om steeds meer en meer volkome, deur die eindelose eeue heen, die lig van die kennis van Sy heerlikheid te weerkaats.



# Die Kennis van Goed en Kwaad

***"OMDAT HULLE DIT NIE DIE MOEITE WERD GEAG HET OM GOD IN ERKENTENIS TE HOU," IS "HUL ONVERSTANDIGE HART ... VERDUISTER,"***

- 23 -

HOEWEL hulle onskuldig en heilig geskape is, is dit nie vir ons oerouers onmoontlik gemaak om verkeerd te handel nie. God kon hulle geskape het sonder die mag om Sy vereistes te oortree; maar in so 'n geval sou daar geen karakterontwikkeling kon plaasvind nie; hulle diens sou nie vrywillig gewees het nie, maar gedwonge. Daarom het Hy aan hulle die mag gegee om te kan kies - die vermoë om gehoorsaamheid te bewys of te weerhou. En alvorens hulle ten volle die seëninge kon ontvang wat Hy graag wou skenk, moes hul liefde en lojaliteit getoets word.

In die tuin van Eden was "die boom van die kennis van goed en kwaad... En die Here God het aan die mens bevel gegee en gesê: Van al die bome van die tuin mag jy vry eet, maar van die boom van die kennis van goed en kwaad, daarvan mag jy nie eet nie." Genesis 2:9-17. Dit was Gods wil dat Adam en Eva nie die kwaad sou ken nie. Die kennis van die goeie is vrylik aan hulle verleen; maar die kennis van die kwaad - van sonde en die gevolge daarvan, van moeisame arbeid, van kommer en angs, van teleurstelling en verdriet, van pyn en die dood - dit is in liefde weerhou.

Terwyl God die mens se welvaart beoog het, het Satan na sy ondergang gestreef. Toe Eva die Here se waarskuwing

- 24 -

oor die verbode boom in die wind geslaan het en gewaag het om dit te nader, het sy met haar vyand in aanraking gekom. Nadat haar belangstelling en nuuskierigheid ge wek is, het Satan daartoe oorgegaan om Gods woord in twyfel te trek en wantroue in Sy wysheid en goedheid te saai. In reaksie op die vrou se verklaring oor die boom van kennis, dat God gesê het: "Julle mag daarvan nie eet nie en dit nie aanroer nie, anders sal julle sterwe," het die bedrieër geantwoord: "Julle sal gewis nie sterwe nie; maar God weet dat as julle daarvan eet, julle oë sal oopgaan, sodat julle soos God sal wees deur goed en kwaad te ken." Genesis 3:3-5.

Satan wou graag die skyn wek dat hierdie kennis van goed, met die kwade vermeng, 'n seën sou wees en dat God, deur hulle te verbied om van die boom se vrugte te eet, groot voordele van hulle weerhou. Hy het nadruklik

daarop gewys dat dit vanweë die boom se wonderbaarlike eienskappe was om wysheid en mag te verleen dat God hulle verbied het om dit te eet; dat Hy op dié manier probeer om te verhoed dat hulle 'n edeler ontwikkeling ondergaan en groter geluk vind. Hy het verklaar dat hy self van die verbode vrug geëet en as gevolg hiervan spraakvermoë ontvang het; en dat as hulle ook daarvan eet, hulle 'n meer verhewe bestaansvlak sou bereik en tot 'n omvangryker veld van kennis sou toetree.

Terwyl Satan voorgegee het dat hy daarby groot baat gevind het om van die verbode boom te eet, het hy nie laat blyk dat hy deur oortreding 'n uitgeworpene uit die hemel geword het nie. Hier was die leuen, so weggesteek onder die dekmantel van oënskynlike waarheid dat Eva, versot, gevlei, gefop, nie die bedrog raakgesien het nie. Sy het begeer wat God verbied het; sy het Sy wysheid gewantrou. Sy het geloof, die sleutel van die kennis, weggegooi.

- 25 -

Toe sien Eva "dat die boom goed was om van te eet en dat hy 'n lus was vir die oë, ja 'n boom wat 'n mens kan begeer om verstand te verkry; en sy neem van sy vrugte en eet." Dit het 'n aangename smaak gehad en terwyl sy geëet het, was dit asof sy 'n opwekkende krag voel en sy het haar verbeel sy betree 'n hoër bestaansvlak. Omdat sy self gesondig het, het sy vir haar man 'n versoekster geword, "en hy het geëet." Genesis 3:6.

"Julle oë sal oopgaan," het die vyand gesê, "sodat julle soos God sal wees deur goed en kwaad te ken." Genesis 3:5. Ja, hul oë is gewis geopen; maar hoe treurig het dit oopgegaan. Die kennis van kwaad, die vloek van sonde, was al wat die oortreders verwerf het. Daar was geen gif in die vrugte self nie en die sonde was nie bloot daarin geleë om aan eetlus toe te gee nie. Dit was die wantroue in Gods goedheid, om Sy woord te betwyfel en die verontagsaming van Sy gesag wat ons oerouers oortreders gemaak en 'n kennis van die kwade in die wêreld ingebring het. Dit was dié wat die deur vir elke soort valsheid en dwaling oopgestel het.

Die mens het alles verbeur omdat hy gekies het om na die bedrieër te luister eerder as na Hom wat die Waarheid is, wat alleen wysheid het. Deur goed met kwaad te meng, het sy denke verward geraak en is sy verstandelike en-geestelike kragte lamgelê. Hy kon nie meer die goeie dinge waardeer wat God so oorvloedig geskenk het nie.

Adam en Eva het die kennis van kwaad gekies en as hulle ooit die posisie sou herwin wat hulle verloor het, moes hulle dit herwin onder die ongunstige omstandighede wat hulle op hulself gehaal het. Hulle sou nie langer in Eden woon nie, want in die volmaaktheid daarvan kon dit hulle nie die lesse



leer wat dit nou vir hulle noodsaaklik was om te leer nie. Met onuitspreeklike droefheid het hulle hul lieflike omgewing vaarwel toegeroep en uitgegaan om

- 26 -

op die aarde te woon, waar die vloek van die sonde gerus het.

Aan Adam het God gesê: "Omdat jy geluister het na die stem van jou vrou en van die boom geëet het waarvan Ek jou beveel het om nie te eet nie - vervloek is die aarde om jou ontwil; met moeite sal jy daarvan eet al die dae van jou lewe. Ook sal dit vir jou dorings en distels voortbring; en jy sal die plante van die veld eet. In die sweet van jou aangesig sal jy brood eet totdat jy terugkeer na die aarde, want daaruit is jy geneem. Want stof is jy en tot stof sal jy terugkeer." Genesis 3:17-19.

Hoewel die aarde deur die vloek bederf is, moes die natuur nog steeds die mens se lesboek wees. Dit kon nou nie net die goeie voorstel nie, want die kwaad was orals teenwoordig en het land en see en lug met sy besoedelende aanraking geskend. Waar daar eenmaal net die karakter van God, die kennis van die goeie, geskrywe was, is nou ook die karakter van Satan, die kennis van kwaad, geskryf. Uit die natuur, wat nou die kennis van goed en kwaad geopenbaar het, moes die mens voortdurend waarskuwings oor die gevolge van sonde ontvang.

In die verwelkende blom en vallende blaar het Adam en sy metgesellin die eerste tekens van verganklikheid aanskou. Sprekend is die aaklige feit tot hulle bewussyn gebring dat elke lewende ding moet sterf. Selfs die lug, waarvan hul lewe afhanklik was, het die saad van die dood gedra.

Voortdurend is hulle ook aan hul verlore heerskappy herinner. Onder die geringer skepsele het Adam as koning gestaan en solank hy aan God getrou gebly het, het die ganse natuur sy gesag erken; maar toe hy oortree, is hierdie heerskappy verbeur. Die gees van rebellie, waaraan hy self toegang verleen het, het deur die ganse diereryk versprei. So het nie net die lewe van die mens nie, maar ook die

- 27 -

geaardheid van die diere, die bome van die woud, die gras van die veld, selfs die lug wat hy ingeadem het, alles die treurige les oor die kennis van kwaad verkondig.

Maar die mens is nie uitgelewer aan die gevolge van die kwaad wat hy gekies het nie. In die vonnis wat oor Satan uitgespreek is, is daar 'n aanduiding van verlossing gegee. "Ek sal vyandskap stel tussen jou en die vrou," het God gesê, "en tussen jou saad en haar saad. Hy sal jou die kop vermorsel en

jy sal hom in die hakskeen byt." Genesis 3:15. Hierdie vonnis, wat ten aanhore van ons oerouers uitgespreek is, was vir hulle 'n belofte. Voordat hulle van die doring en die distel verneem het, van die arbeid en smart wat hulle lewenslot moet wees, of van die stof waarheen hulle moet terugkeer, het hulle na woorde geluister wat nie anders kon as om hulle met hoop te besiel nie. Alles wat verlore is deur aan Satan toe te gee, kon deur Christus herwin word.

Hierdie mededeling herhaal ook die natuur aan ons. Hoewel dit deur sonde geskend is, spreek dit nie net van die skepping nie, maar ook van verlossing. Hoewel die aarde deur die klaarblyklike tekens van verval 'n getuienis lewer oor die vloek, is dit nog ryk en lieflik met die kentekens van lewegewende mag. Die bome werp hul blare af, om net weer met 'n dos van varser groen oorklee te word; die blomme sterf om in nuwe skoonheid te ontspruit; en in elke blyk van skeppingsmag word die versekering voorgehou dat ons opnuut in "ware geregtigheid en heiligheid" geskep kan word. Efesiërs 4:24. Op dié wyse word juis die voorwerpe en werkinge van die natuur wat ons groot verlies so helder voor die verstand bring, vir ons die boodskappers van hoop.

So ver as wat die kwaad reik, word die stem van ons Vader gehoor, wat Sy kinders gebied om in die gevolge daarvan die aard van die sonde te bespeur en hul waarsku om die bose te versaak en hul nooi om die goeie te ontvang.



# Die Verhouding van Opvoeding tot die Saligheid

***"DIE VERLIGTING ... VAN DIE KENNIS VAN DIE HEERLIKHEID VAN GOD IN DIE AANGESIG VAN JESUS CHRISTUS."***

- 28 -

DEUR sonde is die mens van God uitgesluit. Sonder die verlossingsplan sou ewige skeiding van God; die duisternis van 'n eindelose nag, syne gewees het. Deur die offerande van die Heiland is gemeenskap met God weer moontlik gemaak Ons mag nie persoonlik tot in Sy teenwoordigheid kom nie; in ons sonde mag ons nie Sy aangesig sien nie; maar in Jesus, die Heiland, kan ons Hom aanskou en met Hom sielsgemeenskap hê. "Dieverligting ... van die kennis van die heerlikheid van God" word "in die aangesig van Jesus Christus" geopenbaar. God versoen "in Christus die wêreld met Homself." 2 Korinthiërs 4:6; 5:19.

"En die Woord het vlees geword en het onder ons gewoon ... vol van genade en waarheid." "In Hom was lewe en die lewe was die lig van die mense." Johannes 1:14; 1:4. Die lewe en dood van Christus, die losprys vir ons saligmaking, is vir ons nie net die belofte en pand van die lewe nie, nie net die middel om weer vir ons die skatte van die wysheid oop te stel nie: dit is 'n breër, hoër openbaring van Sy karakter as wat selfs die heiliges van Eden geken het.

En terwyl Christus die hemel vir die mens oopstel, maak die lewe wat Hy - toebedeel, die hart van die mens vir die hemel oop. Sonde sluit ons nie net van God uit

- 29 -

nie, maar dit vernietig in die menslike siel sowel die verlange as die kapasiteit om Hom te ken. Dit is Christus se sending om al hierdie bose werk ongedaan te maak. Aan die sielsvermoëns, deur die sonde lamgelê, die verduisterde gemoed, die verwronge wil, het Hy mag om lewe te gee en dit te herstel. Hy stel vir ons die rykdom van die heelal oop en die mag om hierdie skatte te onderskei en ons eie te maak, word deur Hom gegee.

Christus is die "lig wat elke mens verlig" wat "in die wêreld" aan kom was Johannes 1:9. Net soos elke mens deur Christus lewe het, so ontvang ook elke siel deur Hom die een of ander straal van Goddelike lig. Nie net intellektuele vermoë nie, maar geestelike mag, 'n insig in wat reg is, 'n verlange

na die goeie, bestaan in elke hart. Maar teen hierdie beginsels worstel daar 'n vyandige mag. Die gevolg van die eet van die boom van die kennis van goed en kwaad word in elke mens se ondervinding geopenbaar. Daar is in sy natuur 'n neiging tot die bose, 'n mag waarteen hy hom, sonder hulp, nie kan versit nie. Om dié mag te weerstaan, om die ideaal te verwesenlik wat hy in die binneste van sy siel aanneem as die enigste wat waardig is, kan hy net in een mag bystand vind. Daardie mag is Christus. Samewerking met dié mag is die mens se grootste behoefte. Behoort hierdie samewerking nie die hoogste doel in alle opvoedkundige werk te wees nie?

Die ware onderwyser is nie met tweedeklas werk tevrede nie. Hy is nie daarmee tevrede om sy leerlinge se aandag op 'n standaard te vestig laer as die hoogste wat dit vir hulle moontlik is om te bereik nie. Hy kan nie daarmee genoeë neem om bloot tegniese kennis aan hulle oor te dra, om net slim rekenmeesters, vernuftige vakmanne, suksesvolle sakelui van hulle te maak nie. Dit is sy ambisie om hulle met beginsels van waarheid, gehoorsaamheid, eer, integriteit en reinheid te inspireer - beginsels wat

- 30 -

van hulle 'n positiewe krag vir die bestendiging en opheffing van die samelewing sal maak. Hy verlang, bo alles, dat hulle die lewe se groot les van onselfsugtige diens sal leer.

Hierdie beginsels word 'n lewende mag om die karakter te vorm, deur die siel se kennis van Christus, deur die aanname van Sy wysheid as gids, Sy mag as die sterkte, van hart en lewe. As hierdie eenheid tot stand gekom het, het die student die Bron van wysheid gevind. Hy het binne sy bereik die mag om in homself sy edelste ideale te verwesenlik. Die geleenthede van die hoogste opvoeding vir die lewe in hierdie wêreld is syne. En in die opleiding wat hier verwerf word, betree hy daardie kursus wat die ewigheid behels.

In die hoogste sin is die werk van opvoeding en die werk van verlossing een, want in die opvoeding, net soos in die verlossing kan "niemand ... 'n ander fondament lê as wat daar gelê is nie, dit is Jesus Christus." "Want dit het die Vader behaag dat in Hom die ganse volheid sou woon," 1 Korinthiërs 3:11; Kolossense 1:19.

Onder veranderde toestande geskied ware opvoeding nog ooreenkomstig die Skepper se plan, die plan van die Eden - skool. Adam en Eva het deur direkte omgang met God onderrig ontvang; ons aanskou die verligting van die kennis van Sy heerlikheid in die aangesig van Christus.

Die groot beginsels van die opvoeding bly onveranderd. "Vasgestel is hulle vir altyd, vir ewig" (Psalm 111:8); want hulle is die beginsels van Gods karakter. Om die student hierdie beginsels te help begryp en om daardie verhouding tot Christus aan te gaan wat dit 'n beherende mag in die lewe sal maak, moet die onderwyser se primêre poging en sy voortdurende doel wees. Die onderwyser wat hierdie oogmerk aanvaar, is in der waarheid 'n medewerker van Christus, 'n arbeider saam met God.

# VOORBEELDE

*"Want alles wat tevore geskrywe is, is tot ons lering tevore geskrywe,"*

# Die Opvoeding van Israel

***"DIE HERE ALLEEN HET HOM GELEI;"***
***"HY HET ... OP HOM AG GEGEE, HOM BEWAAK SOOS SY OOGAPPEL."***

- 33 -

DIE opvoedingstelsel wat in Eden tot stand gebring is, het die gesin as middelpunt gehad. Adam was "die seun van God" (Lukas 3:38) en dit was van hulle Vader dat die kinders van die Allerhoogste onderrig ontvang het. Hulle s' n was, in die ware sin van die woord, 'n gesin skool.

In die Goddelike plan van opvoeding soos dit na die sondeval by die mens se toestand aangepas is, staan Christus as verteenwoordiger van die Vader, die verbindingskakel tussen God en mens; Hy is die groot leermeester van die mensdom. En Hy het dit so beskik dat manne en vroue Sy verteenwoordigers moet wees. Die gesin was die skool en die ouers die leerkragte.

Die opvoeding met die gesin as middelpunt was wat in die dae van die patriarge algemeen was. Vir die skole wat so tot stand gekom het, het God die toestande voorsien wat karakterontwikkeling die meeste sou begunstig: Die mense wat onder Sy beheer gestaan het, het nog die lewensplan gevolg wat Hy in die begin vasgestel het. Diegene wat God verlaat het, het vir hulleself stede gebou en daarin saamgedrom om te roem op die praal, die weelde en die ondeug wat die stede van vandag die wêreld se trots en sy vloek maak. Maar die mense wat aan God se lewensbeginsels vasgekleef het, het op die veld en tussen die heuwels gewoon Hulle was grondbewerkers en veeherders en in

- 34 -

hierdie vry, onafhanklike lewe, met sy geleenthede vir arbeid, studie en bepeinsing, het hulle van God geleer en hul kinders aangaande Sy werke en weë onderrig.

Dit was die opvoedkundige metode wat God graag in Israel wou laat posvat. Maar toe hulle uit Egipte gebring is, was min onder die Israeliete bereidwillig om in die opleiding van hul kinders met Hom saam te werk. Die ouers het self onderrig en dissipline nodig gehad. As slagoffers van lewenslange slawerny was hulle onkundig, ongeleerd en verlaag. Hulle het min kennis van God besit en min geloof in Hom. Hulle is deur valse lering verwar en deur hul langdurige aanraking met die heidendom bederf. God wou hulle graag tot 'n hoër sedelike peil verhef en met die oog hierop het Hy getrag om hulle 'n kennis van Homself te gee.

In Sy handelinge met die swerwers in die woestyn, te midde van al hul omwandelinge heen en weer, in hul blootstelling aan honger, dors en vermoeienis, in hul gevaar van heidense vyande en in die openbaring van Sy voorsienigheid vir hulle verligting, het God getrag om hul geloof te versterk deur aan hulle die mag te openbaar wat voortdurend tot hulle voordeel gewerk het. En nadat Hy hulle geleer het om op Sy liefde en krag te vertrou, was dit Sy doel om, in die voorskrifte van Sy wet, die karakterstandaard aan hulle voor te hou wat Hy verlang het hulle deur Sy genade moes bereik.

Kosbaar was die lesse wat gedurende hulle verblyf te Sinai aan Israel geleer is. Dit was 'n tydperk van spesiale opleiding vir die erfenis van Kanaän. En hulle omgewing hier het die vervulling van Gods doel begunstig. Op die kruin van Sinai, wat die vlakte oorskadu waar die volk hul tente opgeslaan het, het die wolkkolom gerus, wat die gids gedurende hul reis was. Snags as vuurkolom het dit hulle

- 35 -

van Goddelike beskerming verseker; en terwyl hulle deur die slaap omsluit is, het die brood van die hemel saggies op hul laer neergedaal. Orals daaromheen het geweldige, ruwe hoogtes in hul plegtige grootsheid van ewige verduring en majesteit gespreek. Die mens is daartoe gebring om sy onkunde en swakheid aan te voel in die teenwoordigheid van Hom wat "die berge geweeg [het] met 'n weegtoestel en die heuwels met 'n weegskaal." Jesaja 40:12. Hier het God, deur die openbaarmaking van Sy heerlikheid, probeer om Israel met die heiligheid van Sy karakter en vereistes te beïndruk en die ontsettende skuld van oortreding.

Maar die volk was traag om die les te leer. Omdat hulle in Egipte aan tasbare voorstellings van die Godheid gewoond was wat ook dikwels van die verlagendste aard was, was dit vir hulle moeilik om 'n denkbeeld van die bestaan of karakter van die Onsienlike te vorm. Uit medelye met hul swakheid, het God hulle 'n simbool van Sy teenwoordigheid gegee. "Ook moet hulle vir My 'n heiligdom maak," het Hy gesê, "dat Ek in hulle midde kan woon." Exodus 25:8.

Met die bou van die heiligdom as woonplek vir God, is Moses beveel om alle dinge te maak volgens die patroon van die hemelse dinge. God het hom na die berg toe geroep en aan hom die hemelse dinge geopenbaar en volgens die gelykenis daarvan is die tabernakel gemaak, met alles wat daaraan verbonde was.

So het Hy aan Israel, wat Hy verlang het om Sy woonplek te maak, Sy heerlike karakterideaal geopenbaar. Die voorbeeld is op die berg aan hulle



getoon toe die wet van Sinai afgekondig is en God voor Moses verbygegaan en verklaar het: "Here, Here, barmhartige en genadige God, lankmoedig en groot van goedertierenheid en trou." Exodus 34:6.

- 36 -

Maar hierdie ideaal was hulle, op sigself, magteloos om te verwesenlik. Die openbaring te Sinai kon hulle net hul behoefte en hulpeloosheid laat besef. 'n Ander les wat die tabernakel, deur sy offerandediens, moes leer, was - die les van kwytskelding van sonde en krag deur die Heiland vir gehoorsaamheid tot die lewe.

Deur Christus moes die doel verwesenlik word waarvan die tabernakel 'n simbool was - daardie heerlike gebou, met mure van glansende goud wat in reënboogkleure die gordyne weerkaats het waarop die gerubs uitgewerk was, die welriekendheid van die ewig brandende wierook wat alles deurtrek het, die priesters in vlekkelose wit geklee en in die diep verborgenheid van die binnevertrek, bokant die versoendeksel, tussen die figure van neergeboë, aanbiddende engele, die glorie van die Allerheiligste. In al hierdie dinge wou God graag hê dat Sy volk Sy doel met die menslike siel moes bespeur. Dit was dieselfde doel wat lank daarna deur die apostel Paulus uiteengesit is toe hy deur die Heilige Gees gespreek het: "Weet julle nie dat julle 'n tempel van God is en die Gees van God in julle woon nie? As iemand die tempel van God skend, sal God hom skend; want die tempel van God is heilig en dit is julle." 1 Korinthiërs 3:16, 17.

Groot was die voorreg en eer wat met die toebereiding van die heiligdom aan Israel vergun is; en groot was ook die verantwoordelikheid. 'n Gebou van onoortreflike luister wat vir sy samestelling die kosbaarste materiaal en die mees verhewe kunstigheid vereis, sou in die woestyn opgerig word deur 'n volk wat so pas uit slawerny ontsnap het. Dit het na 'n oorweldigende taak gelyk. Maar Hy wat die bouplan gegee het, het belowe om met die bouliede saam te werk.

"Verder het die Here met Moses gespreek en gesê: Kyk, Ek het Besaleël, die seun van Uri, die seun van Hur,

- 37 -

van die stam van Juda, by sy naam geroep; en Ek het hom vervul met die Gees van God, met wysheid en verstand en kennis en bekwaamheid vir allerhande werk. ... En kyk, Ek het hom Oholiab bygegee, die seun van Ahisamag, van die stam van Dan. En in die hart van elkeen wat kunsvaardig is, het Ek wysheid gegee, dat hulle alles wat Ek jou beveel het, kan maak." Exodus 31:1 - 6.

Watter skool vir vakmanne was dit nie daar in die woestyn, wat Christus en

Sy engele as sy leermeesters gehad het nie!

Met die bereiding van die heiligdom en sy meublement moes die hele volk saamwerk. Daar was arbeid vir brein en hand. 'n Groot verskeidenheid materiaal was nodig en almal is uitgenooi om by te dra soos hul eie harte hulle aangespoor het.

Sodoende is hulle in arbeid en bydrae geleer hoe om met God en met mekaar saam te werk. En hulle moes ook saamwerk in die voorbereiding van die geestelike gebou–Gods tempel in die siel.

Van die staanspoor af op die reis uit Egipte is lesse vir hul opleiding en dissipline aan hulle gegee. Selfs voordat hulle Egipte verlaat het, is 'n tydelike organisasie in die lewe geroep en die volk is onder aangestelde leiers in groepe verdeel. Te Sinai is die reëlings vir organisasie voltooi. Die orde wat in al die werke van God so treffend sigbaar is, is in die Hebreeuse stelsel geopenbaar. God was die middelpunt van gesag en regering; Moses, as Sy verteenwoordiger, moes in Sy Naam die wette toepas. Dan was daar die raad van sewentig, gevolg deur die priesters en die prinse, onder hulle "owerstes oor duisend en owerstes oor honderd en owerstes oor vyftig en owerstes oor tien" (Numeri 11:16, 17; Deuteronomium 1:15) en laastens beamptes wat vir spesiale pligte aangestel is. Die laer is in 'n presiese orde gerangskik, die tabernakel, die

- 38 -

woonplek van God, in die middel en daaromheen die tente van die priesters en die Leviete. Daarbuite het elke stam sy kamp by sy eie vaandel opgeslaan.

Deeglike sanitêre regulasies was van krag. Dis aan die volk opgedra, nie net omdat dit vir gesondheid noodsaaklik was nie, maar as voorwaarde om die teenwoordigheid van die Heilige onder hulle te behou. Deur Goddelike gesag het Moses aan hulle verklaar: "Die Here jou God wandel midde - in jou laer om jou te red ... daarom moet jou laer heilig wees." Deuteronomium 23:14.

Die opvoeding van die Israeliete het al hulle lewensgewoontes ingesluit. Alles wat met hul welvaart te doene gehad het, was aan Goddelike belangstelling onderhewig en het binne die bestek van die Goddelike wet geval. Selfs met die voorsiening van hul voedsel het God hul mees verhewe welstand beoog. Die manna waarmee Hy hulle in die woestyn gevoed het, was van so 'n aard dat dit fisieke, verstandelike en morele krag bevorder het. Hoewel so baie teen die beperking van hulle diëet in opstand gekom en daarna verlang het om na die dae terug te keer toe hulle, soos hulle gesê het, "by die vleispotte gesit en volop brood geëet het" - (Exodus 16:3), is die



wysheid van Gods keuse vir hulle nietemin geregverdig op 'n manier wat hulle nie kon weerspreek nie. Ondanks die swaarkry van hul woestynlewe, was daar nie een swakke onder al hulle stamme nie.

In al hul omswerwinge moes die ark wat die wet van God bevat, vooruitgaan. Die uitspanplek van hulle laer is deur die neerdaling van die wolkkolom aangedui. So lank as wat die wolk oor die tabernakel vertoef het, het hulle laer bly staan. Sodra dit opgestyg het, het hulle hul reis voortgesit. Sowel die aankoms as die vertrek is deur plegtige smeekbede gekenmerk. "En as die ark wegtrek, het Moses gesê: Staan op, Here, dat u vyande verstrooi kan

- 39 -

word. ... En as dit rus, het hy gesê: Keer terug, Here, na die tienduisende van die duisende van Israel!" Numeri 10:35, 36.

Soos die volk deur die woestyn gereis het, is baie kosbare lesse deur middel van sang in hul gedagtes ingeprent. Na hul bevryding van Farao se leërmag het die ganse skare van Israel saam die triomflied aangehef. Ver oor woestyn en see het die vreugdevolle refrein opgeklink en die berge het die klanke van die loflied laat weergalm: "Sing tot eer van die Here, want Hy is hoog verhewe." Exodus 15:21. Dikwels is hierdie lied op die reis herhaal en dit het die pelgrimsreisigers se harte verbly en hul geloof laat ontvlam. Die gebooie wat met beloftes van Gods guns en verslae van Sy wonderdade vir hul bevryding van Sinai afgekondig is, is volgens 'n Goddelike opdrag in sang uitgedruk en met die begeleiding van instrumentale musiek gesing, onderwyl die volk in tyd gemarsjeer het soos hul stemme in lofuiting verenig is.

So is hul gedagtes bo die beproewinge en ontberings van die pad verhef, die rustelose, onstuimige gemoed is gestreel en kalmeer, die waarheidsbeginsels in die geheue geplant en die geloof versterk. Gesamentlike optrede het orde en eenheid geleer en die volk is in nouer aanraking met God en met mekaar gebring.

Van Gods handelwyse met Israel gedurende die veertig jarige woestynomwandeling het Moses verklaar: "Erken dan in jou hart dat die Here jou God jou onderrig soos 'n man sy seun onderrig;" "tot jou verootmoediging en beproewing, om te weet wat in jou hart is, of jy sy gebooie sal hou of nie." Deuteronomium 8:5, 2.

"Hy het hom gevind in 'n woestynland en in 'n woeste wêreld, vol gehuil van die wildernis; Hy het hom omring, op hom ag gegee, hom bewaak soos sy oogappel, Soos 'n arend sy nes opwek, oor sy kleintjies sweef, sy

- 40 -

vlerke uitsprei, hulle opneem, hulle dra op sy vleuelsdie Here alleen het hom

gelei en daar was geen vreemde god by hom nie." Deuteronomium 32:10-12.

"Want Hy het gedink aan sy heilige woord, aan Abraham, sy kneg. En Hy het sy volk laat uitgaan met vreugde, sy uitverkorenes met gejubel. En Hy het aan hulle die lande van die heidene gegee en wat deur volke met moeite verwerf is, het hulle in besit geneem, dat hulle sy insettinge kan onderhou en sy wette bewaar." Psalm 105:42-45.

God het Israel met elke gerief omring, hulle elke voorreg vergun, wat hulle 'n eer vir Sy Naam en 'n seën vir die omliggende nasies sou maak. As hulle op die weë van gehoorsaamheid sou wandel, het Hy belowe dat Hy hulle "die hoogste sal stel bo al die nasies wat Hy gemaak het, tot 'n lof en 'n roem en 'n sieraad." "Al die volke van die aarde," het Hy gesê, "sal sien dat die Naam van die Here oor jou uitgeroep is en hulle sal vir jou vrees." Die volkere wat al hierdie verordeninge hoor, sal sê: "Waarlik, hierdie groot nasie is 'n wyse en verstandige volk." Deuteronomium 26:19; 28:10;4:6.

In die wette wat aart Israel toevertrou is, is uitdruklike onderrig oor opvoeding gegee. Aan Moses het God Hom te Sinai geopenbaar as 'n "barmhartige en genadige God, lankmoedig en groot van goedertierenheid en trou." Exodus 34:6. Hierdie beginsels wat in Sy wet beliggaam is, moes die vaders en moeders in Israel aan hulle kinders leer. Moses het ooreenkomstig die Goddelike opdrag aan hulle verklaar: "Hierdie woorde wat ek jou vandag beveel, moet in jou hart wees; en jy moet dit jou kinders inskerp en daaroor spreek as jy in jou huis sit en as jy op pad is en as jy gaan lê en as jy opstaan." Deuteronomium 6:6; 7.

- 41 -

Hierdie dinge moes nie as 'n droë teorie geleer word nie. Diegene wat waarheid meedeel, moet self die beginsels daarvan beoefen. Net deur die karakter van God in die regskapenheid, adel en onselfsugtigheid van hul eie lewens te weerkaats, kan hulle op andere 'n indruk maak.

Ware opvoeding is nie die afdwing van onderrig op 'n onvoorbereide en onontvanklike verstand nie. Die verstandelike kragte moet gewek en die belangstelling wakker gemaak word. Hiervoor het Gods onderwysmetode voorsiening gemaak. Hy wat die verstand geskep en Sy wette bepaal het, het dienooreenkomstig vir die ontwikkeling daarvan voorsien. In die huiskring en die heiligdom, deur die dinge van die natuur en die kuns, in arbeid en fees, in heilige gebou en gedenksteen, deur ontelbare metodes, rites en simbole het God aan Israel lesse geleer wat Sy beginsels geïllustreer en die herinnering aan Sy wonderdade verduursaam het. Dan, soos daar navraag gedoen is, het die gegewe onderrig verstand en hart beïndruk.



In die reëlings vir die opvoeding van die uitverkore volk, het dit duidelik geblyk dat 'n lewe wat God tot middelpunt neem, 'n volkome lewe is. In elke behoefte wat Hy ingeplant het, voorsien Hy om te versadig; elke ingeskape vermoë trag Hy om tot ontwikkeling te bring.

God het, as Bron van alle skoonheid en self 'n liefhebber van die skone, voorsien om in Sy kinders die liefde vir skoonheid te bevredig. Hy het ook vir hulle sosiale behoef tes voorsiening gemaak, vir die vriendelike en hulpvaardige samesyn wat soveel beteken om meegevoel aan te kweek en om die lewe op te vrolik en soet te maak.

As opvoedkundige middel is 'n belangrike rol deur die feeste van Israel gespeel. In die alledaagse lewe was die gesin sowel 'n skool as 'n kerk, met die ouers as leerkragte vir sekulêre en godsdienstige onderrig. Maar drie keer per

- 42 -

jaar is daar spesiale tye vir sosiale samesyn en aanbidding bepaal. Eers te Silo en later te Jerusalem, is hierdie byeenkomste gehou. Net van die vaders en die seuns is daar vereis dat hulle teenwoordig moet wees; maar niemand wou graag die geleenthede van die feeste verbeur nie en, sover moontlik, het die hele huisgesin dit bygewoon; en saam met hulle, as deelnemers aan hul gasvryheid, was die vreemdeling, die Leviet en die arnie.

Die reis na Jerusalem, op die eenvoudige patriargale manier, te midde van die lenteskoonheid, die weelderige hartjie van die somer of die rypgeworde herfsglorie, was 'n genot. Met dankoffers het hulle gekom, vanaf die grysaard tot die klein kindjie, om God in Sy heilige woning te ontmoet. Op die reis is die ondervindings van die verlede, die verhale wat oud en jonk nog steeds so lief het, aan die Hebreeuse kinders oorvertel. Die liedere wat hul woestynomswerwinge verbly het, is aangehef. Gods gebooie is gesing en, verbind met die geseënde invloede van die natuur en goedige menslike samesyn, is dit vir ewig in die geheue van menige kind en jongmens ingeprent.

Die seremonies in verband met die Pasgadiens wat te Jerusalem gadegeslaan is - die nagtelike byeenkoms, die mans met hulle omgorde lendene, met skoene aan die voete en staf in die hand, die haastige maaltyd, die lam, die ongesuurde brood, die bitter kruie en, in die plegtige stilte, die opnuut gesproke verhaal van die gesprinkelde bloed, die doodsengel en die grootse opmars uit die land van slawerny - dit alles was van so 'n aard dat dit die verbeelding aangegryp en die hart beïndruk het.

Die huttefees, of oesfees, met sy offergawes uit boord en landery, sy weeklange kampering in die lowerhutjies, sy gesellige herenigings, die gewyde

herdenkingsdiens en die gulhartige gasvryheid aan Gods werkers, die Leviete

- 43 -

van die heiligdom en aan Sy kinders, die vreemdelinge en die armes, het almal se gedagtes in dankbaarheid verhef tot Hom wat die jaar van Sy goedheid gekroon het en wie se voetspore drup van vettigheid.

Deur die vromes in Israel is 'n volle maand van elke jaar op hierdie wyse deurgebring. Dit was 'n tydperk vry van sorge en arbeid wat feitlik heeltemal in die volste sin van die woord aan opvoeding gewy is.

Met die landsverdeling van Sy volk se erfenis, was dit Gods doel om aan hulle en, deur hulle, aan die mense van daaropvolgende nageslagte, korrekte beginsels van grondbesit te leer. Die land Kanaän is onder die ganse volk verdeel, met die enkele uitsondering van die Leviete, as bedienaars van die heiligdom. Hoewel iemand 'n tyd lank van sy eiendom kon afstand doen, kon hy nie die erfenis van sy kinders verkwansel nie. Sodra hy daartoe in staat was, het dit hom te eniger tyd vry gestaan om dit weer los te koop; skuld is alom die sewende jaar kwytgeskeld en in die vyftigste, of jubeljaar, het alle grondbesit weer na die oorspronklike eienaar teruggeval. Sodoende is elke gesin se besittings beveilig en 'n vrywaring is teen die uiterstes van of rykdom of armoede verleen.

Deur die grondverdeling onder die volk het God aan hulle, net soos aan die Edenbewoners, die roeping voorsien wat ontwikkeling die meeste begunstig - die sorg van plante en diere. 'n Verdere voorsorg vir opvoeding was om alom die sewende jaar landbouwerk op te skort, terwyl die grond braak gelê het en die natuurlike opbrengs aan die armes oorgelaat is. So is daar 'n geleentheid voorsien vir verdere studie, vir sosiale samesyn en aanbidding en vir die beoefening van welwillendheid, wat so dikwels deur die sorge en arbeid van die lewe verdring word.

- 44 -

As die beginsels van Gods wette oor eiendomsverdeling deesdae in die wêreld uitgevoer sou word, hoe anders sou die toestand van die mense nie gewees het nie! Die eerbiediging van hierdie beginsels sou die vreeslike euwels voorkom wat in alle eeue gevolg het op die onderdrukking van die armes deur die rykes en die haat teenoor die rykes van die armes se kant. Terwyl dit miskien die opeenhoping van groot rykdom sou verhinder, sou dit neig om die onkunde en verlaging van derduisende te verhoed, wie se laag besoldigde knegskap vir die opbou van hierdie kolossale fortuine nodig is. Dit sou help om 'n vreedsame oplossing teweeg te bring van probleme wat



tans dreig om die wêreld met anargie en bloedvergieting te vul.

Die toewyding aan God van 'n tiende van al die opbrengs, of dit nou uit die boord en oesland, die kuddes en troppe vee, of die arbeid van brein of hand is, die aanwending van 'n tweede tiende ter verligting van die armes en vir ander welwillende gebruike het daartoe gestrek om die waarheid van Gods eienaarskap van alle dinge en van hul geleentheid om kanale vir Sy seëninge te wees, in hul geheue vars te hou. Dit was 'n opleiding wat bereken was om alle bekrompe selfsug die nekslag toe te dien en om 'n ruim en edele karakter aan te kweek.

'n Kennis van God, gemeenskap met Hom in studie en arbeid, gelykvormigheid van die karakter aan Hom, moes die bron, die middel en die doel van Israel se opvoeding wees - die opvoeding wat deur God aan die ouers toebedeel is en wat deur hulle aan hul kinders gegee moes word.

# Die Profeteskole

***"HULLE WAS GELAER BY U VOET; ELKEEN ONTVANG IETS VAN U UITSPRAKE."***

- 45 -

WAAR Gods opvoedkundige plan ook al in Israel uitgevoer is, het die gevolge daarvan van sy Skepper getuig. Maar in so baie huisgesinne was die opleiding wat deur die Hemel voorgeskryf en die karakters wat sodoende ontwikkel is, ewe skaars. Gods plan is maar gedeeltelik en onvolmaak vervul. Deur ongeloof en deur die Here se bevele in die wind te slaan, het die Israeliete hulle met versoekings omring wat min die krag gehad het om te weerstaan. Toe hulle hul in Kanaän gevestig het, het hulle "die volke nie verdelg soos die Here aan hulle gesê het nie, maar hul met die heidene vermeng en hulle werke geleer. En hulle het hulle afgode gedien en dit het vir hulle 'n strik geword." Hulle hart het nie aan God vasgehou nie, "en hulle was nie trou in sy verbond nie. Maar Hy is barmhartig, Hy versoen die ongeregtigheid en verdelg nie en dikwels wend Hy sy toorn af. ... En Hy het daaraan gedink dat hulle vlees was, 'n wind wat weggaan en nie terugkom nie." Psalm 106:34-36; 78:37-39. Vaders en moeders in Israel het onverskillig geword oor hul verpligting aan God, onverskillig oor hul verpligting aan hul kinders. Deur ontrouheid tuis en afgodiese invloede daarbuite, het baie van die Hebreeuse jongmense 'n opvoeding ontvang wat grootliks verskil het van wat God vir hulle

- 46 -

beplan het. Hulle het die gewoontes van die heidene aangeleer.

Om hierdie toenemende kwaad die hoof te bied, het God ander werkinge as 'n hulpmiddel aan die ouers in die opvoedingswerk voorsien. Van die vroegste tye af is profete erken as leermeesters wat deur God aangestel is. In die hoogste sin van die woord was die profeet iemand wat onder direkte ingewing gespreek en aan die volk die boodskappe oorgedra het wat hy van God ontvang het. Maar die benaming is ook gebruik vir diegene wat, hoewel nie so direk geïnspireer nie, deur God geroep is om die volk oor die werke en weë van God te onderrig. Vir die opleiding van so 'n klas leermeesters, het Samuel, onder die Here se leiding, die profeteskole in die lewe geroep.

Hierdie skole is bedoel om as 'n skans teen die wydverspreide bedorwenheid te dien, om vir die verstandelike en geestelike welvaart van die jongmense voorsiening te maak en om die voorspoed van die volk te bevorder

deur daaraan manne te lewer wat bevoegd is om in die vrees van God as leiers en raadgewers op te tree. Hiervoor het Samuel groepe jongmanne bymekaargemaak wat vroom, intelligent en leergierig was. Hulle is die profeteseuns genoem. Namate hulle die Woord en werke van God bestudeer het, het Sy lewegewende mag die kragte van verstand en siel wakker gemaak en die studente het wysheid van omhoog ontvang. Die onderwysers was nie net met die Goddelike waarheid vertroud nie, maar het self met God gemeenskap gehad en die spesiale toebedeling van Sy Gees ontvang. Hulle het die respek en vertroue van die volk vir sowel geleerdheid as godsvrug geniet. In die tyd van Samuel was daar twee van hierdie skole - een te Rama, die tuiste van die profeet en die ander te Kirjat - Jearim. In later jare is ander gestig.

- 47 -

Die leerlinge van hierdie skole het hulself deur hul eie arbeid, met die bebouing van die grond of deur die een of ander handewerk onderhou. In Israel is dit nie as vreemd of vernederend beskou nie; inteendeel, dit is as 'n sonde gereken om kinders toe te laat om in onkunde omtrent nuttige arbeid groot te word. Aan elke jongmens, of sy ouers nou ryk of arm was, is die een of ander ambag geleer. Al sou hy vir 'n heilige amp opgevoed word, is 'n kennis van praktiese werk vir die grootste bruikbaarheid as noodsaaklik beskou. Ook baie van die onderwysers het hulself met handearbeid onderhou.

Op skool sowel as tuis was baie van die onderrig mondeling; maar die jongmense het ook geleer om die Hebreeuse geskrifte te lees en die perkamentrolle van die Ou-Testamentiese Skriftuur is vir hulle studie oopgestel. Die hoofstudievakke in hierdie skole was die wet van God, saam met die onderrig wat aan Moses gegee is, gewyde geskiedenis, gewyde musiek en die poësie. In die oorkondes van die gewyde geskiedenis is die voetstappe van Jehova nagespeur. Die groot waarhede wat deur tipes in die heiligdomsdiens uiteengesit is, is aan die lig gebring en geloof het die sentrale doel van daardie ganse stelsel aangegrypdie Lam van God, wat die sonde van die wêreld sou wegneem. 'n Gesindheid van toewyding is gekoester. Die studente is nie net die plig van gebed geleer nie, maar hulle is onderrig in hoe om te bid, hoe om hul Skepper te nader, hoe om geloof in Hom te beoefen en hoe om die lesse van Sy Gees te verstaan en te gehoorsaam. Die geheiligde intellek het ou en nuwe dinge uit die skathuis van God te voorskyn gebring en die Gees van God is in profesie en gewyde sang geopenbaar.

Hierdie skole het geblyk een van die doeltreffendste middele te wees om daardie geregtigheid te bevorder wat 'n volk verhoog. Spreuke 14:34. In geen geringe mate nie het hulle gehelp om die fondament te lê vir daardie

- 48 -

wonderlike voorspoed wat die bewind van Dawid en Salomo onderskei het.



Die beginsels wat in die profeteskole ingeprent is, was dieselfde as die wat Dawid se karakter gevorm en sy lewe gefatsoeneer het. Die Woord van God was sy leermeester. "Uit u bevele," het hy gesê, "kry ek verstand. ... Ek het my hart geneig, om u insettinge te betrag." Psalm 119:104-112. Dit was dié wat die Here vir Dawid, toe Hy hom in sy jeug na die troon geroep het, "'n man na my hart" laat noem het. Handelinge 13:22.

Ook in die vroeë lewe van Salomo word die gevolge van Gods opvoedingsmetode gesien. Salomo het in sy jongelingsjare die keuse van Dawid sy eie gemaak. Eerder as enige aardse kleinood het hy 'n wyse en verstandige hart van God gevra. En die Here het aan hom nie net gegee wat hy gevra het nie, maar ook wat hy nie gesoek het nierykdom sowel as eer. Die krag van sy verstand, die omvang van sy kennis, die heerlikheid van sy bewind, het 'n wêreldwonder geword.

Tydens die bewind van Dawid en Salomo het Israel die toppunt van sy grootheid bereik. Die belofte wat aan Abraham gedoen en deur Moses herhaal is, is vervul: "Want as julle ywerig al hierdie gebooie hou wat ek julle beveel, om dit te doen deur die Here julle God lief te hê, in al sy weë te wandel en Hom aan te hang, dan sal die Here al hierdie nasies voor julle uit verdrywe en julle sal groter en magtiger nasies as julle uit hulle besitting verdrywe. Elke plek waar julle voetsool op trap, sal aan julle behoort; van die woestyn en die Libanon, van die rivier, die Eufraatrivier, tot by die Westelike See sal julle grondgebied wees. Niemand sal teen julle standhou nie." Deuteronomium 11:22-25.

Maar te midde van vooruitgang het gevaar geskuil. Die sonde van Dawid se latere jare, hoewel hy opregte berou

- 49 -

geopenbaar het en dit swaar gestraf is, het die volk tot oortreding van Gods gebooie aangemoedig. En Salomo se lewe is, na so 'n veelbelowende daeraad, met afvalligheid verduister. 'n Begeerte vir politieke mag en selfverheffing het tot bondgenootskappe met heidense nasies gelei. Die silwer van Tarsis en die goud van Ofir is deur die opoffering van integriteit en verraad teenoor die heilige, toevertroude pand bekom. Omgang met afgodedienaars, huwelike met heidense vroue, het sy geloof bederf. Die versperrings wat God ter beveiliging van Sy volk opgerig het, is sodoende afgebreek en Salomo het hom aan die aanbidding van valse gode oorgegee. Op die kruin

van die Olyfberg, regoor die tempel van Jehova, is reusebeelde en -altare vir die diens van heidense gode opgerig. Namate hy sy trou aan God opsy gewerp het, het Salomo oor homself beheer verloor. Sy tere gevoeligheid is verstomp. Die pligsgetroue, bedagsame gesindheid van die vroeë deel van sy bewind is verander. Hoogmoed, ambisie, kwistigheid en selfverwenning het die vrugte van wreedheid en afpersing voortgebring. Hy wat 'n regverdige, barmhartige en godvresende heerser was, het 'n tiran en onderdrukker geword. Hy wat met die tempelwyding vir sy volk gebid het, dat hulle harte onverdeeld aan die Here oorgegee mag word, het hulle verleier geword. Salomo het homself onteer, Israel onteer en God onteer.

Die volk, waarvan hy die trots was, het sy leiding gevolg. Hoewel hy later berou gehad het, het sy bekering nie die bose vrugte voorkom van die kwaad wat hy gesaai het nie. Die dissipline en opleiding wat God vir Israel bepaal het, sou hulle in al hulle lewenswandel van die mense van die ander nasies laat verskil het. Hierdie andersoortigheid, wat as 'n spesiale voorreg en seën beskou moes word, was nou vir hulle onwelkom. Die eenvoud en selfbeheersing wat vir die hoogste ontwikkeling noodsaaklik

- 50 -

was, het hulle vir die praal en selfverwenning van heidense volke probeer verruil. Om te wees "soos ... al die nasies" (1 Samuel 8:5) was hulle ambisie. Gods onderwysplan is afgeskaf. Sy gesag is geweier.

Met die verwerping van Gods weë in ruil vir die weë van die mense, het Israel se val begin. So het dit ook voortgegaan, totdat die Joodse volk 'n prooi geword het vir die einste nasies wie se gewoontes hulle gekies het om na te volg.

As volk het die kinders van Israel nie daarin geslaag om die voordele te ontvang wat God graag aan hulle wou skenk nie. Hulle het nie Sy doel waardeer of met die verwesenliking daarvan saamgewerk nie. Maar hoewel individue en volkere hulle so van Hom afskei, is Sy doel onveranderd vir diegene wat op Hom vertrou. "Ek het ingesien dat alles wat God doen, vir ewig sal bestaan." Prediker 3:14.

Hoewel daar verskillende ontwikkelingsgrade is en verskillende openbarings van Sy mag om in die behoeftes van mense in die verskillende tydperke te voorsien, is Gods werk te alle tye dieselfde. Die Leermeester is dieselfde. Gods karakter en Sy plan is dieselfde. By Hom is "daar geen verandering of skaduwee van omkering" nie. Jakobus 1:17.

Die ondervindings van Israel is vir ons onderwysing opgeteken. "Maar al hierdie dinge het hulle oorgekom as voorbeelde en is opgeskrywe as 'n



waarskuwing aan ons op wie die eindes van die eeue gekom het." 1 Korinthiërs 10:11. Wat ons betref, soos ook met Israel van ouds, hang sukses in die opvoeding af van getrouheid om die Skepper se plan ten uitvoer te bring. Verkleefdheid aan die beginsels van Gods Woord sal vir ons net sulke groot seëninge meebring as wat dit vir die Hebreeuse volk sou meegebring het.

# Die Lewens van Groot Manne

***"DIE VRUG VAN DIE REGVERDIGE IS 'n BOOM VAN DIE LEWE,"***

- 51 -

DIE BYBELSE geskiedenis bevat baie illustrasies van die gevolge van ware opvoeding. Dit bied baie edele voorbeelde van manne wie se karakters onder Goddelike leiding gevorm is, manne wie se lewens 'n seën vir hul medemens was en wat in die wêreld as verteenwoordigers van God gestaan het. Onder hulle was Josef en Daniël, Moses, Elisa en Paulus - die grootste staatsmanne, die verstandigste wetgewer, een van die getrouste hervormers en, afgesien van Hom wat gespreek het soos geen mens nog ooit gespreek het nie, die vermaardste leermeester wat hierdie wêreld geken het.

In hul jongelingsjare, net met die oorgang van hul jeug na hul manlike staat, is Josef en Daniël van hul tuistes geskei en as gevangenes na heidenlande weggevoer. Veral Josef was onderhewig aan die versoekings wat met groot veranderinge in lotsbestemming gepaard gaan. In sy vader se huis 'n teer versorgde kind; in die huis van Potifar 'n slaaf, toe 'n vertroueling en metgesel; 'n sakeman, deur studie, oplettendheid en aanraking met mense opgevoed; in Farao se kerker 'n staatsgevangene, onregverdig veroordeel, sonder hoop op regverdiging of vooruitsig van vrylating; tydens 'n groot krisis geroep tot leierskap van die volk - wat het hom daartoe in staat gestel om sy integriteit te bewaar?

Niemand kan sonder gevaar op 'n hoë vlak staan nie. Soos die stormwind wat die blom in die vallei ongeskonde

- 52 -

laat, die boom op die bergkruin ontwortel, net so bestorm felle versoekings wat die nederiges van die lewe onaangetas laat, diegene wat op die wêreld se verhewe plekke van sukses en eer staan. Maar Josef het die toets van sowel teenstand as voorspoed ewe goed deurstaan. Dieselfde getrouheid is in die paleis van die Farao's as in die gevangenissel geopenbaar.

In sy kinderjare is die liefde en vrees van God aan Josef geleer. Dikwels in sy vader se tent, onder die Siriese sterrehemel, is die verhaal aan hom meegedeel van die naggesig te Bet-el, van die leer uit die hemel na die aarde en die afdalende en opstygende engele en van Hom wat Hom uit die troon daarbo aan Jakob geopenbaar het. Aan hom is die verhaal vertel van die worsteling langs die Jabbok, toe Jakob, nadat hy sy troetelsondes opgegee

het, as oorwinnaar uit die stryd getree en die titel ontvang het van 'n prins saam met God.

As herdersknaap wat sy vader se kuddes versorg, het Josef se rein en eenvoudige lewe die ontwikkeling van sowel fisieke as verstandelike krag begunstig. In gemeenskap met God deur die natuur en die studie van die groot waarhede wat as 'n heilige pand van vader na seun oorgelewer is, het hy verstandelike krag en beginselvastheid verwerf.

In die krisis van sy lewe, toe hy daardie verskriklike reis van sy kindertuiste in Kanaän na die slawerny van Egipte deurgemaak het, toe hy vir die laaste keer die heuwels aanskou wat die tente van sy bloedverwante verberg, het Josef sy vader se God in herinnering geroep. Hy het die lesse van sy kinderjare onthou en sy siel is met ontroering gevul by die voorneme om getrou bevind te word - om altyd op te tree soos dit 'n onderdaan van die hemelse Koning betaam.

In die bittere lewe van 'n vreemdeling en 'n slaaf, te midde van die tonele en geluide van ondeug en die verloklikhede van 'n heidense godsdiens, 'n godsdiens wat

- 53 -

omring was deur al die bekoring van rykdom en kultuur en koninklike praal, het Josef standvastig gebly. Hy het reeds die les van pligsgetrouheid geleer. Getrouheid in elke posisie, van die nederigste tot die hoogste, het elke vermoë vir die mees verhewe diens opgelei.

In die tyd toe hy na die hof van Farao geroep is, was Egipte die grootste onder die nasies. In beskawing, kuns, geleerdheid was die land sonder weerga. Deur 'n tydperk van uiterste moeilikhede en gevaar het Josef die sake van die koninkryk geadministreer; en hy het dit op 'n wyse gedoen wat die vertroue van die koning en die volk gewen het. Farao het "hom aangestel as heer oor sy huis en as heerser oor al sy goed; om sy vorste te bind na sy begeerte en aan sy oudstes moes hy wysheid leer." Psalm 105:21, 22.

Ingewing hou die geheim van Josef se lewe aan ons voor. Met woorde van Goddelike krag en skoonheid het Jakob, in die seën wat hy oor sy kinders uitgespreek het, soos volg van sy geliefkoosde seun gepraat:

> *"Josef is 'n jong vrugteboom, 'n jong vrugteboom by 'n fontein; sy takke klim oor die muur. Die boogskutters het hom wel geprikkel en hom beskiet en hom bestry, maar sy boog het sterk gebly en die arms van sy hande was buigsaam, deur die hande van die Magtige van Jakob van die God van jou vader, wat jou help en met die hulp van die Almagtige wat jou seën met seëninge van die hemel daarbo, met seëninge van die watervloed wat daaronder lê. ... Die seëninge wat jou vader ontvang het, oortref die seëninge van die ewige berge, die kostelike gawes van die ewige heuwels. Dit sal wees op die hoof van Josef en op die hoofskedel van die uitverkorene onder sy broers," Genesis 49:22-26.*



- 54 -

Lojaliteit aan God, geloof in die Onsienlike, was Josef se anker. Hierin het sy krag geskuil.

> *"En die arms van sy hande was buigsaam, deur die hande van die Magtige van Jakob."*

### *Daniël, 'n Ambassadeur van die Hemel*

Daniël en sy metgeselle in Babel was in hul jongelingsjare skynbaar meer begunstig as Josef gedurende die vroegste jare van sy lewe in Egipte; tog is hulle aan karaktertoetse onderwerp wat skaars minder straf was. Uit die betreklike eenvoud van hul Judese tuiste is hierdie jongmanne van koninklike afkoms na die luisterrykste van alle stede, na die hof van sy grootste vors, geneem en hulle is uitgekies om vir die koning se spesiale diens opgelei te word. Fel was die versoekings wat hulle in daardie verdorwe en weelderige hof omring het. Die feit dat hulle, die aanbidders van Jehova, gevangenes in Babel was; dat die voorwerpe van Gods huis in die tempel van die gode van Babel geplaas is; dat die koning van Israel self 'n gevangene in die hande van die Babiloniërs was, is grootpraterig deur die oorwinnaars opgehaal as bewys dat hulle godsdiens en gewoontes beter as die Hebreërs se godsdiens en gewoontes was. In sulke omstandighede het God, juis deur die vernederings wat Israel se afwyking van Sy gebooie uitgelok het, aan Babel bewys van Sy opperheerskappy gelewer, van die heiligheid van Sy vereistes en van die gewisse gevolg van gehoorsaamheid. En hierdie getuienis het Hy gelewer, soos dit alleen gedoen kan word, deur diegene wat nog aan hul lojaliteit vasgehou het.

Tot Daniël en sy metgeselle het daar, heel aan die begin van hulle loopbaan, 'n beslissende toets gekom. Die opdrag dat hulle voedsel vanaf die koninklike tafel voorsien moes word, was 'n uitdrukking van sowel die koning

- 55 -

se guns as sy besorgdheid oor hulle welsyn. Maar omdat 'n deel aan afgode geoffer is, was die spys van die koning se tafel aan afgodediens gewy; en deur van die koning se oorvloed te nuttig, sou dit so beskou word dat hierdie jongmanne hulle met hom in sy eerbetoon aan valse gode verenig het. Aan sodanige verering het lojaliteit teenoor Jehova hulle verbied om deel

te neem. Ook kon hulle nie durf om die verswakkende gevolge van weelde en losbandigheid op die fisieke, verstandelike en geestelike ontwikkeling op die hals te haal nie.

Daniël en sy metgeselle is getrou in die beginsels van Gods Woord onderrig. Hulle het geleer om die aardse aan die geestelike op te offer, om die allerbeste na te streef. En hulle het die beloning gemaai. Hulle matige gewoontes en hulle verantwoordelikheidsin as ambassadeurs van God het die vermoëns van liggaam, verstand en siel tot die edelste ontwikkeling uitgelok. Aan die einde van hul opleiding, tydens hul eksamen saam met ander kandidate vir die ereposisies van die koninkryk, "is daar niemand gevind soos Daniël, Hananja, Misael en Asarja nie." Daniël 1:19.

In die hof van Babel was daar verteenwoordigers van alle lande byeen, manne met die keurigste talente, manne ten rykste met natuurlike begaafdhede toebedeel en in besit van die hoogste kultuur wat hierdie wêreld kon verleen; nogtans was die Hebreeuse gevangenes sonder weerga in hul midde. In fisieke sterkte en skoonheid, in verstandelike krag en literêre prestasie was hulle ongeëwenaard, "En in enige saak van wyse insig waarin die koning hulle ondervra het, het hy bevind dat hulle al die geleerdes en besweerders in sy hele koninkryk tien maal oortref het." Daniël 1:20.

Onwankelbaar in sy trou aan God, standvastig in selfbeheersing, het Daniël se edele waardigheid en hoflike eerbied hom in sy jeug die "guns en barmhartigheid" verleen by die heidense amptenaar, aan wie se sorg hy toever-

- 56 -

trou is. Dieselfde eienskappe het sy lewe gekenmerk. Spoedig het hy tot die premierskap van die koninkryk gestyg. Dwarsdeur die bewind van agtereenvolgende vorste, die ondergang van die volk en die oprigting van 'n mededingende koninkryk, was sy wysheid en staatskuns van so 'n aard, sy takt, sy hoflikheid en sy onvervalste goedhartig. heid tesame met sy beginselvastheid so volmaak, dat selfs sy vyande verplig was om te erken dat hulle "geen enkele grond vir 'n aanklag of 'n verkeerde handeling" by hom kon vind nie, "omdat hy getrou was." Daniël 6:5.

Terwyl Daniël God met onwankelbare vertroue aangekleef het, het die gees van profetiese krag oor hom gekom. Terwyl hy deur mense met die verantwoordelikhede van die hof en die geheime van die koninkryk vereer is, is hy deur God as Sy gesant vereer en onderrig om die geheimenisse van ongebore eeue te lees. Heidense vorste is, weens hul aanraking met die Hemel se verteenwoordiger, genoodsaak om die God van Daniël te erken. "Waarlik," het Nebukadnesar verklaar, "julle God is die God van die gode en die Here



van die konings en die Openbaarder van geheimenisse." En Darius het in sy proklamasie "aan al die volke, nasies en tale wat op die hele aarde woon," die "God van Daniël" verhoog en gesê Hy is "die lewende God en Hy bestaan in ewigheid en sy koninkryk is een wat nie vernietig kan word nie. ... Hy verlos en red en doen tekens en wonders in die hemel en op die aarde." Daniël 2:47; 6:26-28.

### *Opregte en Eerlike Mense*

Deur hul wysheid en regverdigheid, deur die reinheid en welwillendheid van hul daaglikse lewe, deur hul toewyding aan die belange van die volk - en dié was afgodedienaars - het Josef en Daniël bewys dat hulle aan die beginsels van hul vroeë opleiding getrou was, getrou aan

- 57 -

Hom wie se verteenwoordigers hulle was. Die hele nasie in sowel Egipte as in Babilon, het hierdie manne geëer; en in hulle het 'n heidense volk en al die nasies met wie hulle in verbinding was, 'n illustrasie van die goedheid en weldade van God gesien, 'n sinnebeeld van die liefde van Christus.

Watter lewenswerk was die van hierdie edele Hebreërs nie! Hoe min het hulle, toe hulle die tuiste van hul kinderdae vaarwel gesê het, kon droom van hul hoë lotsbestemming! Getrou en standvastig het hulle hul aan Goddelike leiding oorgegee, sodat God deur hulle Sy doel kon verwesenlik.

Dieselfde geweldige waarhede wat deur hierdie manne geopenbaar is, wil God graag deur vandag se jongmense en kinders openbaar. Die geskiedenis van Josef en Daniël is 'n illustrasie van wat Hy sal doen vir diegene wat hulle aan Hom oorgee en van ganser harte sal trag om Sy doel te verwesenlik.

Die wêreld se grootste behoefte is die behoefte aan manne–manne wat nie gekoop of verkoop kan word nie, manne wat in die diepste van hul wese eg en eerlik is, manne wat nie vrees om sonde by die regte naam te–noem nie, manne wie se gewete so getrou is soos die kompasnaald aan die pool, manne wat sal staan vir wat reg is, al sou die hemele val.

Maar so 'n karakter kom nie per toeval nie; dit is nie die gevolg van die Voorsienigheid se spesiale gunste of gawes nie. 'n Edele karakter spruit uit selfdissipline. uit die onderwerping van die laer aan die hoër natuur - die oorgawe van die eie ek vir liefdesdiens aan God en die mens.

Dit is nodig om die jongmense met die waarheid te beïndruk dat hul begaafdhede nie hul eie is nie. Krag, tyd, intellek is maar geleende skatte. Dit behoort aan God en dit moet die voorneme van elke jongmens wees om dit vir die hoogste doel aan te wend. Hy is 'n tak, waarvan

- 58-

God vrugte verwag; 'n rentmeester, wie se kapitaal 'n aanwas moet toon; 'n lig, om die wêreld se duisternis te deurstraal.

Elke jongmens, elke kind, het 'n werk om tot eer van God en ter opheffing van die mensdom te doen.

### *Elisa, Getrou in die Klein Dingetjies*

Die jongelingsjare van die profeet Elisa is in die stilte van 'n landelike lewe deurgebring, onderrig deur God, die natuur en die dissipline van nuttige arbeid. In 'n tyd van bykans algemene afvalligheid, was sy vader se huisgesin onder diegene wat nie die knie voor Baal gebuig het nie. Hulle tuiste was 'n plek waar God vereer is en waar pligsgetrouheid die reël van die daaglikse lewe was.

Elisa, die seun van 'n ryk boer, het die werk onderneem wat voor - die - hand - liggend was. Hoewel hy die bekwaamhede van 'n leier onder die mense besit het, het hy 'n opleiding in die alledaagse pligte van die lewe ontvang. Om verstandig te kan leiding gee, moes hy leer om gehoorsaam te wees. Deur getrouheid in die klein dingetjies is hy vir gewigtiger verantwoordelikhede voorberei.

Saam met 'n sagmoedige en tere gees, het Elisa ook energie en standvastigheid besit. Hy het die liefde en vrees van God gekoester en uit die nederige roetine van daaglikse arbeid het hy 'n sterk doelgerigtheid en edel karakter verwerf, terwyl hy in Goddelike genade en kennis gegroei het onderwyl hy met sy vader in die huislike pligte saamgewerk het, het hy geleer om met God saam te werk.

Die profetiese roeping het tot Elisa gekom terwyl hy saam met sy vader se diensknegte die landerye geploeg het. Toe Elia onder Goddelike leiding na 'n opvolger gesoek en sy mantel om die jongman se skouers gewerp het, het Elisa die oproep herken en gehoorsaam. Hy het "Elia gevolg en hom gedien." 1 Konings 19:21. Aanvanklik is daar

- 59 -

geen groot werk van hom vereis nie; sy dissipline het nog steeds uit alledaagse pligte bestaan. Van hom word daar gesê dat hy water op die hande van Elia, sy meester, gegiet het. As die profeet se persoonlike bediende, het hy nog steeds getoon dat hy in die klein dingetjies getrou is, terwyl hy hom met 'n daagliks sterker wordende doelgerigtheid gewy het aan die sending waartoe God hom aangestel het.

Toe hy die eerste keer geroep is, is sy vasberadenheid beproef. Met die omdraaislag om Elia te volg, is hy deur die profeet beveel om huis toe te



gaan. Hy moes die koste bereken - self besluit om die beroep aan te neem of van die hand te wys. Maar Elisa het die waarde van sy geleentheid besef. Hy sou vir geen aardse voordeel die moontlikheid om Gods boodskapper te word deur sy vingers laat glip, of die voorreg van samesyn met Sy dienskneg opoffer nie.

Met verloop van tyd, toe Elia vir verheerliking voorbereid was, was ook Elisa gereed om sy opvolger te word. En weer is sy geloof en vasberadenheid op die proef gestel. Terwyl hy Elia, met die wete dat die verandering spoedig moet kom, in die rondgang van sy werk vergesel het, is hy op elke plek deur die profeet gevra om om te draai. "Bly tog hier," het Elia gesê, "want die Here stuur my na Bet-el." Maar in sy vroeë arbeid aan die ploegstert het Elisa geleer om nie swak of mismoedig te word nie; en noudat hy ter vervulling van 'n andersoortige plig sy hand aan die ploeg geslaan het, kon hy nie van sy plan afgebring word nie. So dikwels as wat die uitnodiging gegee is om om te draai, was syantwoord: "So waar as die Here leef en u siel leef, ek sal u nie verlaat nie!" 2 Konings 2:2.

"En hulle twee het gegaan. ... Terwyl hulle twee by die Jordaan staan ... neem Elia sy mantel en rol dit op en slaan op die water; en dit is na weerskante verdeel, sodat hulle twee op droë grond deurgegaan het. En nadat

- 60 -

hulle deur was, sê Elia vir Elisa: Begeer wat ek vir jou moet doen, voordat ek van jou af weggeneem word. En Elisa antwoord: Laat dan tog 'n dubbele deel van u gees op my kom. En hy sê: Jy het 'n harde saak begeer. As jy my sien wanneer ek van jou af weggeneem word, laat dit dan so met jou wees. Maar so nie, dan sal dit nie wees nie. En terwyl hulle aldeur loop en spreek, kom daar meteens 'n wa van vuur met perde van vuur wat skeiding tussen hulle twee maak; en Elia het in die storm na die hemel opgevaar.

"En Elisa het dit gesien en geroep: My vader, my vader, wa van Israel en sy ruiters! En toe hy hom nie meer sien nie, het hy sy klere gegryp en dit in twee stukke geskeur. Daarna tel hy die mantel van Elia op wat van hom afgeval het en hy draai om en gaan op die wal. van die Jordaan staan; en hy neem die mantel van Elia wat van hom afgeval het en slaan op die water en sê: Waar is die Here, die God van Elia, ja, Hy? En toe hy op die water slaan, is dit na weerskante verdeel en Elisa het deurgegaan. En die profete - seuns wat in Jerigo was, het dit op 'n afstand gesien en gesê: Die gees van Elia rus op Elisa! En hulle het hom tegemoetgekom en voor hom na die aarde gebuig. 2 Konings 2:6-15.

Voortaan het Elisa in Elia se plek gestaan. En hy wat in die minste getrou

was, het bewys dat hy ook baie getrou kon wees.

Elia, die man van krag, was Gods instrument vir die omverwerping van reusagtige euwels. Afgodery, wat, met die steun van Agab en die heidense Isebel, die volk verlei het, is uitgewerp. Baal se profete is gedood. Die ganse volk Israel is diep ontroer en baie was aan die terugkeer na die aanbidding van God. As opvolger vir Elia is iemand be-

- 61 -

nodig wat Israel deur sorgsame, geduldige onderrig langs veilige weë kon lei. Vir hierdie werk het Elia se vroeë opleiding onder Gods bestuur hom voorberei.

Die les geld vir almal. Geeneen kan weet wat Gods doel met Sy dissipline dalk is nie; maar almal kan daarvan seker wees dat getrouheid in die klein dingetjies die bewys van geskiktheid vir groter verantwoordelikhede is. Elke lewensdaad is 'n karakteropenbaring; en net hy wat in klein pliggies daarvan bewys lewer dat hy "'n werker [is] wat hom nie hoef te skaam nie" (2 Timotheiis 2:15), sal deur God met gewigtiger verantwoordelikhede vereer word.

### *Moses, Magtig Deur die Geloof*

Jonger as Josef of Daniël was Moses toe hy uit die beskermende sorg van die tuiste van sy kinderjare verwyder is; tog het dieselfde invloede wat hulle lewens gevorm het, reeds aan syne gestalte gegee. Hy het net twaalf jaar saam met sy Hebreeuse bloedverwante deurgebring, maar gedurende hierdie jare is die fondament van sy grootheid gelê; dit is gedoen deur die hand van iemand wat min roem verwerf het.

Jogebed was 'n vrou en 'n slavin. Haar lewenslot was nederig en swaar haar las. Maar deur geen ander vrou, behalwe Maria van Nasaret, het die wêreld groter seën ontvang nie. In die wete dat haar kind spoedig haar sorg moet verlaat, vir die voogdyskap van diegene wat God nie geken het nie, het sy des te ernstiger gepoog om sy siel met die hemel te verbind. Sy het getrag om liefde en lojaliteit teenoor God in sy hart te plant. En getrou is die werk volbring. Daardie waarheidsbeginsels wat die las van sy moeder se onderrig en die les van haar lewe was, kon geen latere invloed Moses beweeg om te verloën nie.

- 62 -

Uit die nederige tuiste in Gosen het die seun van Jogebed na die Farao's se paleis gegaan, na die Egiptiese prinses, om deur haar as 'n beminde en vertroetelde seun verwelkom te word. In die skole van Egipte het Moses die mees gevorderde burgerlike en militêre opleiding ontvang. Van groot



persoonlike aanvalligheid, edel in vorm en gestalte, met 'n beskaafde verstand en prinslike houding en roemryk as militêre leier, het hy die trots van die nasie geword. Die koning van Egipte was ook 'n lid van die priesterdom; en Moses is, hoewel hy geweier het om aan die heidense aanbidding deel te neem, met al die verborgenhede van die Egiptiese godsdiens vertroud gemaak. Egipte was toentertyd nog die magtigste en die hoogs beskaafde volk. Moses, as die toekomstige heerser, was die erfgenaam van die mees hewenste eerbewyse wat hierdie wêreld kon bied. Maar syne was 'n edeler keuse. Ter wille van Gods eer en die bevryding van Sy onderdrukte volk, het Moses die eerbetuigings van Egipte opgeoffer. Toe het God, in 'n spesiale sin, sy opleiding onderneem.

Moses was nog nie vir sy lewenstaak gereed nie. Hy moes nog die les van afhanklikheid van Goddelike mag leer. Hy het Gods doel verkeerd begryp. Dit was sy hoop om Israel met wapengeweld te verlos. Hiervoor het hy alles gewaag en misluk. In neerlaag en teleurgesteld het hy 'n vlugteling en banneling in 'n vreemde land geword.

In die woesteny van Midian het Moses veertig jaar as skaapherder deurgebring. Skynbaar vir altyd van sy lewensending afgesny, het hy die noodsaaklike dissipline vir die vervulling daarvan ontvang. Wysheid om 'n onkundige en ongedissiplineerde menigte te regeer, moes deur selfbeheersing verkry word. In die versorging van die skape en die tingerige lammetjies moes hy 'n ondervinding verwerf wat hom 'n getroue, lankmoedige herder van Israel sou maak.

- 63 -

Sodat hy 'n verteenwoordiger van God kon word, moes hy van Hom leer.

Die invloede wat hom in Egipte omring het, die liefde van sy pleegmoeder, sy eie posisie as die koning se kleinseun, die weelde en ondeug wat in tienduisend gedaantes gelok het, die verfyndheid, die lis en die mistiek van 'n valse godsdiens, het 'n indruk op sy verstand en karakter gemaak. In die strenge eenvoud van die woestyn het dit alles verdwyn.

Te midde van die plegtige majesteit van die afsondering tussen die berge was Moses alleen met God. Orals was die naam van die Skepper geskrywe. Dit was asof Moses in Sy teenwoordigheid gestaan het en deur Sy mag oorskadu is. Hier is sy selfgenoegsaamheid weggevee. In die teenwoordigheid van die Oneindige het hy besef hoe swak, hoe onbekwaam, hoe kortsigtig die mens is.

Hier het Moses dit verwerf wat hom dwarsdeur die jare van sy moeisame en kommervolle lewe bygebly het'n besef van die persoonlike teenwoordig-

heid van die Goddelike. Hy het nie net deur die eeue heen gekyk om te sien hoe Christus in die vlees geopenbaar sou word nie; hy het Christus bespeur wat die menigtes van Israel op al hul reise vergesel. Toe hy verkeerd begryp en voorgestel is, toe hy verwyte en beledigings moes verduur, gevaar en die dood trotseer, was hy daartoe in staat om te volhard "soos een wat die Onsienlike sien." Hebreërs 11:27.

Moses het nie net aan God gedink nie, hy het Hom gesien. God was die bestendige visioen voor hom. Nooit het hy Sy gesig uit die oog verloor nie.

Vir Moses was geloof geen raaispel nie; dit was 'n werklikheid. Hy het geglo dat God sy lewe spesiaal regeer; en in al die besonderhede daarvan het hy Hom erken. Vir krag om elke versoeking te weerstaan, het hy op Hom vertrou.

Die groot werk wat aan hom opgedra is, het hy verlang om in die hoogste mate te laat slaag; en hy het geheel

- 64 -

en al op Goddelike krag gesteun. Hy het sy behoefte aan hulp gevoel, daarom gevra, dit deur die geloof aangegryp en met die versekering van 'n onderskragende sterkte vooruitgegaan.

Sodanig was die ondervinding wat Moses deur sy veertigjarige opleiding in die woestyn verkry het. Om so 'n ondervinding toe te bedeel, het Oneindige Wysheid nie die tydperk te lank of die prys te groot geag nie.

Die gevolge van daardie opleiding, van die lesse wat daar geleer is, is verweef, nie net met die geskiedenis van Israel nie, maar met alles wat sedert daardie tyd tot op hede die wêreld se vooruitgang bevorder het. Die mees verhewe getuienis van die grootheid van Moses, die oordeel wat deur Ingewing oor sy lewe uitgespreek is, is: "En soos Moses, vir die Here van aangesig tot aangesig geken het, het daar geen profeet meer in Israel opgestaan nie." Deuteronomium 34:10.

### *Paulus, Blymoedig in Diens*

Met die geloof en ondervinding van die Galilese dissipels wat Jesus se metgeselle was, is daar in die evangeliewerk die vurige stoerheid en intellektuele krag van 'n rabbi uit Jerusalem verenig. 'n Romeinse burger, in 'n heidense stad gebore; 'n Jood, nie net van afkoms nie, maar weens lewenslange opleiding, patriotiese toewyding en godsdienstige geloof; te Jerusalem opgevoed deur die voorste van die rabbi's en in al die wette en oorlewerings van die vadere onderrig, het Saulus van Tarsus tot die uiterste toe die hoogmoed en vooroordele van sy volk gedeel. Terwyl hy nog 'n jongman



was, het hy 'n geëerde lid van die Sanhedrin geword. Hy is as 'n belowende man beskou, 'n ywerige verdediger van die antieke geloof.

In die teologiese skole van Judea is die woord van God ter wille van menslike bespiegelinge opsy gestoot; dit is deur die interpretasies en oorleweringe van die rabbi's van

- 65 -

sy krag beroof. Selfverheffing, heerssug, jaloerse afsydigheid, dwepery en smalende hoogmoed was die dominante beginsels en motiewe van hierdie leermeesters.

Die rabbi's het hulle in hul meerderwaardigheid verlustig, nie net ten aansien van ander volkere nie, maar ook van hul eie volksmassa. Met hul vurige haat vir hul Romeinse onderdrukkers, het hulle die vasberadenheid gekoester om met wapengeweld hul nasionale oppergesag te herwin. Die volgelinge van Jesus, wie se boodskap met hulle ambisieuse planne so strydig was, is deur hulle gehaat en doodgemaak. In hierdie vervolging was Saulus een van die bitterste en meedoënloosste voorbokke.

In die militêre skole van Egipte, is die wet van geweld aan Moses geleer en so sterk het hierdie onderrig 'n houvas op sy karakter gehad dat dit veertig. jaar van stilte en gemeenskap met God en die natuur geverg het om hom vir die leierskap van Israel deur die wet van liefde geskik te maak. Dieselfde les moes Paulus leer.

By die poort van Damaskus het die visioen van die Gekruisigde die hele verloop van sy lewe verander. Die vervolger het 'n dissipel geword, die leermeester 'n leerling; Die dae van duisternis wat in eensaamheid te Damaskus deurgebring is, was soos jare in sy ondervinding. Die Ou-Testamentiese. Skrif wat in sy verstand opgegaar was, was die onderwerp van sy studie en Christus sy leermeester. Ook vir hom het die verlatenheid van die natuur 'n skool geword. Na die Arabiese woestyn het hy gegaan, om .daar die Skrif te bestudeer en van God te leer. Hy het sy siel ontledig van die vooroordele en oorlewerings wat sy lewe gevorm het en uit die Waarheidsbron onderwysing verkry.

Sy lewe daarna is. deur die een beginsel van selfopoffering, die bediening van liefde, geinspireer. "Teenoor Grieke sowel as nie-Grieke," het hy gesê, "teenoor wyse sowel as onverstandige mense is ek 'n skuldenaar." "Want

- 66 -

die liefde van Christus dring ons." Romeine 1:14; 2 Korinthiërs 5:14.

Paulus, die grootste menslike leermeester, het die nederigste sowel as die mees verhewe pligte onderneem. Hy het die noodsaaklikheid van arbeid vir

die hand sowel as die verstand ingesien en vir sy eie onderhoud het hy 'n ambag beoefen. Hy het sy tentmakersvak gehandhaaf terwyl hy daagliks die evangelie in die groot beskawingsentra verkondig het. "Julle weet self dat hierdie hande," het hy by sy afskeid van die ouderlinge van Efese gesê, "voorsien het in die behoeftes van my en die wat by my was." Handelinge 20:34.

Hoewel hy groot intellektuele begaafdhede besit het, het Paulus se lewe die krag van 'n seldsamer wysheid geopenbaar. Beginsels van die allergrootste belang, beginsels waaromtrent die grootste denkers van sy tyd onkundig was, word in sy leer ontplooi en in sy lewe ten toon gestel. Hy het daardie alleruitmuntendste wysheid gehad, wat snelle insig en 'n meegevoelige hart verleen, wat die mens met sy medemens in aanraking bring en hom daartoe in staat stel om die beste in hul natuur te wek en hulle tot 'n hoër lewe te besiel.

Luister na sy woorde voor die heidense Listriane, terwyl hy hulle wys op God, die Bron van alle goeie dinge, soos Hy in die natuur geopenbaar word, wat "van die hemel vir ons reën en vrugbare tye ... gee en ons harte met voedsel en vrolikheid ... vervul." Handelinge 14:17.

Aanskou hom in die kerker te Filippi, waar sy loflied, ondanks sy gefolterde liggaam, die middernagtelike stilte verbreek. Nadat die aardbewing die gevangenisdeure oopgemaak het, word sy stem weer gehoor, in blymoedige woorde aan die heidense sipier: "Moenie jouself kwaad aandoen nie, want ons is almal hier" (Handelinge 16:28)

- 67 -

-elke man op sy plek, deur die teenwoordigheid van een medegevangene in toom gehou. En die sipier, oortuig van die werklikheid van daardie geloof wat Paulus onderskraag, doen navraag oor die weg tot saligmaking en saam met sy hele huisgesin verenig hy hom met die vervolgde groep van Christus se dissipels.

Aanskou Paulus te Athene, voor die raad van die Areopagus, waar hy wetenskap met wetenskap beantwoord, logika met logika en wysbegeerte met wysbegeerte. Let op hoe hy, met die takt uit Goddelike liefde gebore, na Jehova verwys as die "Onbekende God," wat sy toehoorders in hul onkunde aanbid het; en met die woorde uit een van hul eie digters aangehaal, beeld hy Hom uit as 'n Vader wie se kinders hulle is. Luister na hom, in daardie eeu van kaste, toe die regte van die mens as mens heeltemal sonder erkenning was, soos hy die groot waarheid van menslike broederskap uiteensit en verklaar God het "uit een bloed al die nasies van die mensdom gemaak om oor die hele aarde te woon." Dan toon hy hoe daar, soos 'n goue draad, deur al die



handelinge van God met die mens, Sy doel van genade en barmhartigheid loop. En hoe Hy "vooraf bepaaide tye en die grense van hulle woonplek vasgestel het, sodat hulle die Here kon soek, of hulle Hom miskien kon aanraak en vind, al is Hy nie ver van elkeen van ons nie." Handelinge 17:23, 26, 27.

Luister na hom in die hof van Festus, toe koning Agrippa van die evangeliewaarheid oortuig, uitroep: "Jy beweeg my byna om 'n Christen te word." Met watter verfynde hoflikheid antwoord Paulus, terwyl hy na sy boeie wys: "Ek sou wel God wil bid dat sowel byna as heeltemal nie alleen u nie, maar ook almal wat my vandag aanhoor, so mag word soos ek is, buiten hierdie boeie." Handelinge 26:28, 29:

So het sy lewe verbygegaan, soos in sy eie woorde beskrywe: " ... dikwels op reis, in gevare van riviere, in

- 68 -

gevare van rowers, in gevare van my volk, in gevare van die heidene, in gevare in die stad, in gevare in die woestyn, in gevare op see, in gevare onder valse broeders; in arbeid en moeite, in slapelose nagte dikwels, in honger en dors, dikwels sonder ete, in koue en naaktheid." 2 Korinthiërs 11:26, 27.

"Word ons uitgeskel," het hy gesê, "ons seën; word ons vervolg, ons verdra dit; word ons belaster, ons troos;" "as bedroefdes, maar altyd opgeruimd; as armes, maar wat baie ander ryk maak; as mense wat niks het nie en tog alles besit." 1 Korinthiërs 4:12, 13; 2 Korinthiërs 6:10.

In diens het hy vreug gevind; en aan die slot van sy arbeidsame lewe, terwyl hy op die worsteling en oorwinning daarvan terugkyk, kon hy sê: "Ek het die goeie stryd gestry." 2 Timótheüs 4:7.

Hierdie verhale is lewensbelangrik. Vir niemand het dit'n dieper betekenis as vir jongmense nie. Moses het die vooruitsigte van. 'n koninkryk die rug toegekeer; Paulus Weer die voordele van rykdom en eer onder sy volk, vir 'n lewe as lasdraer in die diens van God. Vir bale lyk die lewens van hierdie manne soos lewens van selfverloëning en opoffering. Was dit werklik die geval? Moses het die smaad van Christus groter rykdom geag as die, skatte van Egipte. Hy het dit so geag omdat dit so was. Paulus het verklaar: "Maarwat vir my wins was, dit het ek om Christus wil skade geag. Ja waarlik, ek ag ook alles skade om dieuitnemendheid van die kennis van Christus Jesus, my Here, ter wille van wie ek alles prysgegee het en as drek, beskou, om Christus as wins ten verkry." Filippense 3:7, 8. Hy was met sy keuse tevrede.

Aan Moses is die paleis van die Farao's en die vorstelike troon gebied; maar die sondige plesier wat mense God laat vergeet, was 'n daardie deftige howe; en hy het liewers

- 69 -

die "rykdom ... , duursame goed en geregtigheid" verkies, Spreuke 8:18. In plaas van hom met die grootheid van Egipte te verbind, het hy verkies om sy lewe met Gods doel saam te snoer. In plaas van wette aan Egipte af te kondig, het hy met Goddelike leiding wette vir die wêreld voorgeskryf. Hy het Gods werktuig geword om aan die mense daardie beginsels oor te dra wat die beskerming vir die huis sowel as die samelewing is, wat die hoeksteen vir die voorspoed van nasies is - beginsels wat vandag deur die wêreld se grootste manne erken word as die fondament van alles wat in menslike regerings die beste is.

Die grootheid van Egipte lê in die stof. Sy mag en beskawing het verbygegaan. Maar die werk van Moses kan nooit tot niet raak nie. Die groot beginsels van geregtigheid wat hy geleef het om vas te stel, is ewig.

Moses se lewe van moeitevolle arbeid en hartbeswarende sorge is deurstraal met die teenwoordigheid van Hom wat "uitnemender as tienduisend" is en die Een wat "al die lieflikheid self" is; Hooglied 5:10, 16. Met Christus in die woestynomswerwinge, met Christus op die. berg van verheerliking. met Christus in, die hemelse howe - was sy lewe op aarde 'n seën en geseënd en in die hemel vereer.

Ook Paulus is, te midde van sy veelvuldige arbeid, deur die behoudende krag van Sy teenwoordigheid onderskraag. "Ek is tot alles in staat," het hy gesê, "deur Christus wat my krag gee." "Wie sal ons skei van die liefde van Christus - verdrukking of benoudheid of vervolging of honger of naaktheid of gevaar of swaar? ... Maar in al hierdie dinge is ons meer as oorwinnaars deur Hom wat ons liefgehad het. Want ek is versekerd dat geen dood of lewe of engele of owerhede of magte of teenwoordige of toekomende dinge of hoogte of diepte of enige ander skepsel ons sal kan skei van die liefde van God wat daar in Chris-

- 70 -

tus Jesus, onse Here, is nie." Filippense 4:13; Romeine 8:35-39.

Tog is daar 'n toekomstige vreugde waarna Paulus uitgesien het as die beloning vir sy werk - dieselfde vreugde waarvoor Christus die kruis verdra en die skande verag het - die vreugde om die vrug van sy arbeid te aanskou. "Wie anders as julle," het hy aan die bekeerlinge te Thessalonika geskryf, "is ons hoop of blydskap of kroon van roem in die teenwoordigheid van onse Here Jesus Christus by sy wederkoms? Want julle is ons eer en blydskap." 1 Thessalonicense 2:19, 20.

Wie kan die gevolge vir die wêreld van Paulus se lewenswerk meet? Van



al daardie heilsame invloede wat lyding verlig, wat droefheid troos, wat die bose in toom hou, wat die lewe uit selfsug en sinlikheid ophef en dit met die hoop op onsterflikheid verheerlik, hoeveel is aan die arbeid van Paulus en sy medewerkers te danke, toe hulle met die evangelie van die Seun van God hulle onbemerkte reis uit Asië na die kuste van Europa afgelê het?

Wat is dit vir enige lewe werd om Gods instrument te gewees het deur sulke invloede van seën aan die gang te sit ? Wat sal dit in die ewigheid werd wees om die gevolge van so 'n lewenswerk te aanskou?

# DIE WEERGALOSE ONDERWYSER

*"Nooit het 'n mens so gespreek*
*soos hierdie mens nie,"*

# Die Leermeester Wat van God Gekom Het

***"WANT JULLE MOET AG GEE OP HOM."***

- 73 -

"EN HY word genoem: Wonderbaar, Raadsman, Sterke God, Ewige Vader, Vredevors." Jesaja 9:5.

In die Leermeester wat van God gekom het, het die Hemel sy beste en sy grootste aan die mense gegee. Hy wat in die raadsittings van die Allerhoogste gestaan het, wat in die binneste heiligdom van die Ewige gewoon het, was die Een wat gekies is om persoonlik die kennis van God aan die mensdom te openbaar.

Deur Christus is elke straal van Goddelike lig oorgedra wat ooit ons gevalle wêreld bereik het. Dit was Hy wat deur elkeen gespreek het wat deur die eeue heen Gods Woord aan die mens bekend gemaak het. Van Hom was al die voortreflikhede wat in die aarde se grootste en edelste siele verskyn het, weerkaatsings. Die reinheid en weldade van Josef, die geloof en sagmoedigheid en geduld van Moses, die onwrikbaarheid van Elisa, die edele integriteit en standvastigheid van Daniël, die ywer en selfopoffering van Paulus, die verstandelike en geestelike krag wat in al hierdie manne geopenbaar is en in alle andere wat ooit op die aarde gewoon het, was maar afskynsels van Sy uitstralende heerlikheid. In Hom is die volmaakte ideaal gevind.

Om hierdie ideaal as die enigste ware prestasiestandaard te openbaar, om te toon wat elke mens kan word; wat almal, deur die inwoning van die Goddelikheid in die mens, sou

- 74 -

word as hulle Hom aanneem - hiervoor het Christus na die wêreld gekom. Hy het gekom om te toon hoe mense opgelei moet word soos dit die seuns van God betaam; hoe hulle op aarde die beginsels van die hemel moet beoefen en die hemelse lewe moet lei.

Gods grootste gawe is geskenk om aan die mens se grootste behoefte te voldoen. Die Lig het verskyn toe die wêreld se duisternis op sy digste was. Deur valse leringe is die gedagtes van die mense lank reeds van God afgewend. Onder die heersende opvoedkundige stelsels het die menslike wysbegeerte die plek van Goddelike openbaring ingeneem. In plaas van die hemelse standaard van die waarheid, het mense 'n standaard aangeneem wat hulle self versin het. Van die Lewenslig het hulle hul afgewend om te

wandel in die vonke van 'n vuur wat hulle self aangesteek het.

Omdat hulle hul van God afgeskei het en menslike sterkte hul enigste toeverlaat was, was hulle krag net swakheid. Selfs die standaard wat hulle self opgestel het, was hulle nie in staat om te bereik nie. Vir die gebrek aan ware voortreflikheid is daar met skyn en voorwendsels vergoed. Skyn het die plek van syn ingeneem.

Van tyd tot tyd het leermeesters opgestaan wat mense na die Bron van waarheid verwys het. Ware beginsels is verkondig en menslike lewens het van die krag hiervan getuig. Maar dié pogings het geen blywende indruk nagelaat nie. Die stroom van die bose is kortstondig onderbreek, maar sy nederwaartse koers is nie gestuit nie. Die hervormers was soos ligte wat in die duisternis geskyn het, maar hulle kon dit nie verdryf nie. Die wêreld "het die duisternis liewer gehad as die lig." Johannes 3:19.

Toe Christus na die aarde toe gekom het, het dit geskyn asof die mensdom snel sy laagste vlak bereik. Tot die fondamente van die samelewing was ondermyn. Die lewe het vals en kunsmatig geword. Die Jode, ontbloot van Gods

- 75 -

Woord, het vir die wêreld verstandverlammende, sieldodende oorlewerings en spekulasies opgedis. Die aanbidding van God "in gees en waarheid" is deur die verheerliking van mense in 'n eindelose kringloop van kunsmatige seremonies vervang. Dwarsdeur die wêreld was alle godsdienstige stelsels hulle houvas op verstand en siel aan die verloor. Met 'n walging vir fabel en valsheid wat probeer het om denke te onderdruk, het mense hulle tot ongeloof en materialisme gewend. Hulle het die ewigheid buite rekening gelaat en net vir die oomblik geleef.

Namate hulle opgehou het om die Goddelike te erken, het hulle opgehou om die menslike in ag te neem. Waarheid, eer, integriteit, vertroue, medelye was van die aarde aan 't wyk. Meedoënlose hebsug en onversadige ambisie het universele wantroue gebaar. Die idee van plig, van die verpligting van krag teenoor swakheid, van menslike waardigheid en menseregte is as 'n droom of fabel opsy gewerp. Die gewone volk is as lasdiere beskou, of as gereedskap en middele tot ambisie. Rykdom en mag, gemaksug en selfvertroeteling is as die hoogste voortreflikheid nagejaag. Liggaamlike degenerasie, verstandelike bedwelming, geestelike doodsheid was kenmerkend van die eeu.

Namate die bose drifte en voornemens van mense God uit hul gedagtes verban het, het die vergeetagtigheid aangaande God hulle sterker tot die kwaad laat neig. Die hart wat op die sonde verlief was, het Hom met sy eie kenmerke beklee en hierdie wanbegrip het die mag van sonde versterk. Omdat hulle daarop uit was om hulself te behaag, het die mense God naderhand as iemand soos hulself beskou -'n Wese wie se doel selfverheerliking was, wie se vereistes by Sy eie plesier gepas het; 'n Wese deur wie die mense verhef of neergewerp is in die mate wat hulle Sy selfsugtige voorneme bevorder of verhinder het. Die laer stande het die Opperwese beskou as iemand wat skaars van hul onderdrukkers verskil, behalwe dat Hy hulle in mag

- 76 -

oortref, Op die lees van dié idees is elke godsdiensvorm geskoei. Elkeen was 'n stelsel van afpersing. Deur geskenke en seremonies het die aanbidders probeer om die Godheid te paai, om sodoende Sy guns vir hul eie oogmerke te verwerf. So 'n godsdiens, omdat dit geen krag op die hart of die gewete uitoefen nie, kon net vormlike roetine wees, waarvoor die mense moeg geword het en waarvan hulle, behoudens die wins wat dit mag aanbied, verlarig het om vry te wees. So het boosheid, onbeteueld, in krag toegeneem, terwyl die waardering vir en verlange na die goeie gekwyn het. Mense het die beeld van God kwytgeraak en het die afdruk ontvang van die demoniese mag waardeur hulle beheer is. Die hele wêreld het 'n rioolgat van verdorwenheid geword.

Daar was net een hoop vir die mensdom - dat daar in hierdie massa van disharmonie en verderflike elemente 'n nuwe suurdeeg gewerp sou word; dat die mag van 'n nuwe lewe na die mensdom gebring sou word; dat die kennis van God tot die wêreld herstel sou word.

Christus het gekom om hierdie kennis te herstel. Hy het gekom om die valse leer nietig te verklaar waardeur diegene wat voorgegee het om God te ken, Hom verkeerd voorgestel het. Hy het gekom om die aard van Sy wet te openbaar, om in Sy eie karakter die heilige sieraad bekend te maak.

Christus het met die opgegaarde liefde van die ewigheid in die wêreld gekom. Hy het die laste wat die wet van God beswaar het, weggevee en getoon dat die wet 'n wet van liefde is, 'n uitdrukking van die Goddelike Goedheid. Hy het getoon dat gehoorsaamheid aan die beginsels hiervan met die geluk van die mensdom saamhang en daarmee die stabiliteit, inderdaad die fondamerit en raamwerk van die menslike samelewing.

Verre daarvan dat Gods wet willekeurige vereistes stel, is dit aandie mens as 'n omheining, as 'n skild gegee. Wie

- 77 -

ook al die beginsels daarvan aanneem, word van die kwaad behoed. Get-

rouheid aan God hou verband met getrouheid aan die mens. So beskerm die wet die regte, die indiwidualiteit, van elke mens. Dit weerhou die meerdere van verdrukking en die ondergeskikte van ongehoorsaamheid. Dit verseker die welsyn van die mens, in sowel hierdie wêreld as die wêreld wat kom. Vir die gehoorsame is dit die pand van die ewige lewe, want dit gee uitdrukking aan die beginsels wat ewigdurend is.

Christus het gekom om die waarde van die Goddelike beginsels te demonstreer, deur hul krag vir die hernuwing van die mensdom te openbaar. Hy het gekom om te leer hoe hierdie beginsels ontwikkel en toegepas moet word.

Vir die mense van daardie tyd is die waarde van alle dinge deur uiterlike vertoon bepaal, namate die godsdiens in krag afgeneem het, het dit in uiterlike praalsug toegeneem. Die opvoeders van die tyd het getrag om met vertoon en windmakerigheid respek af te dwing. Teenoor al hierdie dinge het die lewe van Christus 'n opvallende kontras gestel. Sy lewe het die waardeloosheid gedemonstreer van die dinge wat die mense as die onontbeerlikste in die lewe beskou het. Hy is in die ruuste omstandighede gebore; Hy het 'n nederige plattelander se huis, 'n plattelander se diëet gedeel; Hy het 'n ambagsman se nering beoefen; Hy het teruggetrek gelewe en Hom met die wêreld se onbekende werkesels vereenselwig - te midde van hierdie toestande en omgewing het Jesus die Goddelike opvoedingsplan gevolg. Die skole van sy tyd, met hul verheffing van klein dingetjies en geringskatting van die groot dinge, het Hy nie besoek nie. Sy opvoeding is verkry direk uit die bronne wat die Hemel beskik het; uit nuttige arbeid, uit die studie van die Skrif en die natuur en uit lewensondervindings - Goddelike lesboeke, vol onderwysing vir almal wat die' gewillige hand, die oplettende oog en die begrypende hart daarvoor wil aanwend.

- 78 -

"En die Kindjie het gegroei en sterk geword in die Gees en vol van wysheid. En die genade van God was op Hom." Lukas 2:40.

Op hierdie wyse voorberei, het Hy Sy sending tegemoetgegaan en gedurende elke oomblik van Sy kontak met mense het Hy 'n invloed op hulle uitgeoefen om te seën, 'n krag om te herskep, soos die wêreld nog nooit gesien het nie.

Hy wat probeer om die mense te herskep, moet self die mensheid verstaan. Net deur meegevoel, geloof en liefde kan mense bereik en opgehef word. Hier word Christus as die weergalose onderwyser geopenbaar; van almal wat ooit op die aarde gewoon het, het Hy alleen 'n volmaakte begrip van die menslike siel.



"Ons het nie 'n hoëpriester" - weergalose onderwyser, want die priesters was onderwysers - ons het nie 'n hoëpriester wat nie met ons swakhede medelye kan hê nie, maar een wat in alle opsigte versoek is net soos ons." Hebreërs 4:15.

"Want deurdat Hy self onder versoeking gely het, kan Hy dié help wat versoek word." Hebreërs 2:18.

Christus alleen het ondervinding gehad van al die smarte en versoekings wat die mens te beurt val. Nooit is iemand anders uit 'n vrou gebore so kwaai deur versoekings omring, het iemand anders so 'n swaar las van die wêreld se sonde en pyn gedra nie. Nooit was daar iemand anders wie se medelye so breed of so teer was nie. As deelgenoot in al die ondervindings van die mensdom, kon Hy nie net vir elke swaar belaste en versoekte en worstelende persoon voel nie, maar ook saam met hom.

Wat Hy aan andere geleer het, het Hy nagelewe. "Ek het julle 'n voorbeeld gegee," het Hy aan Sy dissipels gesê, "om, net soos Ek aan julle gedoen het, ook so te doen." "Net soos Ek die gebooie van my Vader bewaar." Johannes 13:15; 15:10. So het die woorde van Christus in Sy lewe hul volmaakte illustrasie en steunstuk gehad. En nog meer as dit; wat Hy aan andere geleer het, was Hy self. Sy

- 79 -

woorde was die uitdrukking, nie net van Sy eie lewensondervinding nie, maar van Sy eie karakter. Hy het nie net die waarheid aan andere geleer nie, maar Hy was die waarheid. Dit was wat aan Sy onderwysing krag verleen het.

Christus was 'n getroue teregwyser. Nog nooit het daar iemand anders gelewe wat boosheid so gehaat het nie; nooit iemand anders wie se veroordeling daarvan so onverskrokke was nie. Vir alles wat onwaar en gemeen is, was Sy teenwoordigheid self 'n bestrawwing. In die lig van Sy reinheid het mense gesien hoe onrein hulle is, hoe laag en vals die doelstellings van hul lewe. Nogtans het Hy hulle getrek. Hy wat die mens geskape het, het die waarde van die mens verstaan. Boosheid het Hy veroordeel as die vyand van diegene wat Hy getrag het om te seën en te red. In elke mens, hoe laag gesonke ook al, het Hy 'n seun van God gesien, iemand wat tot die voorreg van sy Goddelike verhouding herstel kon word.

"God het sy Seun in die wêreld gestuur nie om die wêreld te veroordeel nie, maar dat die wêreld deur Hom gered kan word." Johannes 3:17.Soos Hy die mense in lyding en ontaarding aanskou het, het Christus grond vir hoop gesien waar daar net wanhoop en ondergang sigbaar was. Waar daar ook al 'n besef van 'n behoefte bestaan het, het Hy die geleentheid gesien om op te

hef. Siele wat versoek, oorwonne was en wat gevoel het dat hulle verlore is, gereed om te gronde te gaan, het Hy nie met veroordeling nie, maar met 'n seën tegemoetgekom.

Die saligsprekinge was Sy begroeting aan die ganse menslike geslag. Toe Hy na die groot skare kyk wat byeengekom het om die bergpredikasie aan te hoor, was dit asof Hy 'n oomblik vergeet het dat Hy nie in die hemel is nie en Hy het die bekende groet van die wêreld van lig gebruik. Van Sy lippe het seëninge gevloei soos die uitstroming van 'n lank verseëlde fontein.

Hy het Hom van die ambisieuse, selfingenome gunstelinge van hierdie wêreld afgewend en verklaar dat diegene

- 80 -

salig is wat, hoe groot hulle behoefte ookal, Sy lig en liefde sou aanneem. Na die wat arm van gees was, die treurendes, die vervolgdes, het Hy Sy arms uitgestrek en gesê: "Kom na My toe, ... Ek sal julle rus gee." Matthéüs 11:28.

In elke mens het Hy oneindige moontlikhede bespeur. Hy het mense gesien soos hulle kan wees, deur Sy genade herskep - tot "die lieflikheid van die Here onse God." Psalm 90:17. Terwyl Hy hulle hoopvol aanskou het, het Hy met hoop besiel. Terwyl Hy hulle met vertroue tegemoet gegaan het, het Hy vertroue ingeboesem. Terwyl Hy in Homself die mens se ware ideaal geopenbaar het, het Hy, vir die verwesenliking daarvan, sowel verlange as geloof gewek. In Sy teenwoordigheid het veragte en gevalle siele besef dat hulle nog mense is en hulle het verlang om te bewys dat hulle Sy agting waardig is. In menige hart wat vir alle heilige dinge dood gelyk het, is daar nuwe impulse wakker gemaak. Vir menige vertwyfelde is die moontlikheid van 'n nuwe lewe oopgestel.

Christus het mense met die bande van liefde en toewyding aan Sy hart verbind; en met dieselfde bande het Hy hulle aan hul medemens verbind. By Hom was liefde die lewe en die lewe het - diens beteken. "Julle het - dit verniet ontvang," het Hy gesê, "verniet moet julle dit gee." Matthéüs 10:8.

Dit was nie net aan die kruis waar Christus Homself vir die mensdom opgeoffer het nie. Terwyl Hy "die land deurgegaan" en "goed gedoen" het (Handelinge 10:38), was elke dag se ondervinding 'n uitstorting van Sy lewe. Net op een manier kon so 'n lewe in stand gehou word. Jesus het in afhanklikheid van God en in gemeenskap met Hom gelewe. Af en toe neem mense hulle toevlug tot die skuilplek van die Allerhoogste, in die skaduwee van die Almagtige; hulle vertoef 'n tyd lank daar en die resultaat word in edel dade geopenbaar; dan beswyk hul geloof, die gemeenskap word onderbreek en die lewenswerk geskend. Maar die lewe van Jesus was 'n lewe van bestendige vertroue, gerugsteun deur voortdurende sielsgemeenskap; en Sy diens vir hemel en aarde was sonder mislukking of weifeling.



- 81 -

As mens het Hy by die troon van God gesmeek, totdat Sy menslikheid met 'n hemelse stroom belaai is wat die menslikheid met die Goddelike verbind het. Terwyl Hy van God lewe ontvang het, het Hy lewe aan die mense geskenk.

"Nooit het 'n mens so gespreek soos hierdie mens nie." Johannes 7:46. Dit sou van Christus waar gewees het as Hy net op die gebied van die fisieke en die intellektuele, of uitsluitlik oor teoretiese en spekulatiewe sake, onderrig gegee het. Hy sou verborgenhede kon ontsluit het wat eeue van arbeid en studie vereis het om te peil. Hy sou voorstelle van 'n wetenskaplike aard kon gemaak het wat, tot aan die einde van die tyd, denke sou aangespoor en tot uitvindsels sou geprikkel het. Maar Hy het dit nie gedoen nie. Hy het niks gesê om nuuskierigheid te bevredig of om selfsugtigeambisie te stimuleer nie. Hy het Hom nie met abstrakte teorieë besig gehou nie, maar met dinge wat vir karakterontwikkeling noodsaaklik is; wat die mens se kapasiteit sal verruim om God te ken en sy krag sal vergroot om goed te doen. Hy het oor daardie waarhede gespreek wat die lewenswandel raak en die mens met die ewigheid verbind.

In plaas van mense daartoe te lei om die teorieë van mense oor God, Sy woord of Sy werke te bestudeer, het Hy hulle geleer om Hom te aanskou, soos Hy in Sy werke, in Sy woord en deur Sy voorsienigheid geopenbaar word, Hy het hulle verstande met die verstand van die Oneindige in aanraking gebring.

Die mense "was verslae oor sy leer, want sy woord was met gesag." Lukas 4:32. Nooit tevore het iemand gespreek wat so 'n vermoë besit het om gedagtes wakker te maak, om aspirasies te laat vlam vat, om elke vermoë van liggaam, verstand en siel te wek nie.

Christus se leer, soos Sy meegevoel, het die ganse wêreld omsluit. Nooit kan daar 'n lewensomstandigheid wees 'n krisis in die menslike ondervinding, wat nie deur Sy leer vooruitgeloop is en waarvoor die beginsels daarvan

- 82 -

nie 'n les inhou nie. Hy was die Prins van leermeesters en Sy woorde sal tot aan die einde van die tyd as 'n gids vir Sy medewerkers bevind word.

Vir Hom was die teenswoordige en die toekomstige, die nabye en wat ver is, een en dieselfde. Hy het die behoeftes van die ganse mensdom in gedagte

gehou. Voor Sy geestesoog het elke toneel van menslike strewe en prestasie, van versoeking en stryd, van verbystering en gevaar oop gelê. Alle harte, alle huisgesinne, alle genot en vreugde en ambisie was aan Hom bekend.

Hy het nie net ten bate van die ganse mensdom gespreek nie, maar tot die ganse mensdom. Tot die klein kindjie, in die blydskap van die lewe se daeraad; tot die jongeling se gretige, rustelose hart, tot manne in die krag van hul jare, wat die las van verantwoordelikheid en sorge dra; tot die oues van dae in hul swakheid en vermoeienis tot almal is Sy boodskap gespreek, tot elke mensekind, in elke land en in elke eeu.

Sy leer het die dinge van die tyd en die dinge van die ewigheid behels - sienlike dinge in verhouding tot die onsienlike, die verbygaande gebeurtenisse van die alledaagse lewe en die plegtige vraagstukke van die lewe wat kom.

Die dinge van hierdie lewe het Hy in hul ware verhouding gestel, as ondergeskik aan die van ewige belang; maar Hy het hulle belangrikheid nie verontagsaam nie. Hy het geleer dat hemel en aarde aan mekaar geskakel is en dat 'n kennis van Goddelike waarheid die mens voorberei om die pligte van die daaglikse lewe doeltreffender na te kom.

Vir Hom was daar niks sonder doel nie. Die pret van die kind, die moeitevolle arbeid van die man, die lewe se genietinge en sorge en pyn, alles was middele tot die een doel - die openbaring van God vir die opheffing van die mensdom.

Van Sy lippe het die woord van God met nuwe krag en nuwe betekenis tot mense se harte gespreek, Sy leer het

- 83 -

die dinge van die skepping in 'n nuwe lig afgeteken. Op die aangesig van die natuur het weer eens die strale gerus van daardie helderheid wat deur die sonde verban is. In al die feite en ondervindings van die lewe is 'n Goddelike les en die moontlikheid van Goddelike kameraadskap geopenbaar. Weer eens het God op aarde gewoon; menslike harte het van Sy teenwoordigheid bewus geword; die wêreld is deur Sy liefde ingesluit. Die hemel het na die mens toe neergedaal. In Christus het hulle harte Hom erken wat vir hulle die wetenskap van die ewigheid ontsluit het -

"Emmanuel, ... God met ons."

In die Leermeester wat van God gekom het, vind alle ware opvoedkundige werk sy middelpunt. Van hierdie werk vandag net so gewis as van die werk wat Hy agtienhonderd jaar gelede tot stand gebring het,* spreek die Heiland met die woorde:



"Ek is die eerste en die laaste en die lewende."

"Ek is die Alfa en die Omega, die begin en die einde."

Openbaring 1:17, 18; 21:6.

Watter opperste dwaasheid is dit nie om, in die teenwoordigheid van so 'n Leermeester, van so 'n geleentheid vir Goddelike opvoeding, 'n opvoeding apart van Hom te soek nie - om apart van die Wysheid wys te probeer wees; om waaragtig te wees, terwyl die Waarheid verwerp word; om apart van die Lig verligting te soek, 'n bestaan sonder die Lewe; om jou van die Fontein van lewende water af te wend en gebarste reënbakke uit te kap wat geen water hou nie.

Kyk, Hy rig nog Sy uitnodiging: "As iemand dors het, laat hom na My toe kom en drink! Hy wat in My glo, soos die Skrif sê: strome van lewende water sal uit sy binneste vloei." "Die water wat Ek hom sal gee, sal in hom word 'n fontein van water wat opspring tot in die ewige lewe." Johannes 7:37, 38; 4:14.

---

**Hierdie stelling is die eerste keer in 1903 gepubliseer.*

# ’n Illustrasie van Sy Metodes

***“EK HET U NAAM GEOPENBAAR AAN DIE MENSE WAT U MY UIT DIE WIIRELD GEGEE HET.”***

- 84 -

DIE volledigste illustrasie van Christus se metodes as onderwyser word in Sy opleiding van die eerste twaalf dissipels gevind. Op hierdie manne sou daar swaar verantwoordelikhede rus. Hy het hulle gekies as manne wat Hy met Sy Gees kon vul en wat toegerus kon word om met Sy werk op aarde voort te gaan wanneer Hy dit sou verlaat. Aan hulle, bo alle andere, het Hy die voordeel van Sy eie geselskap verleen. Deur persoonlike omgang het Hy Hom op hierdie uitgesoekte medewerkers ingestempel. “Die lewe is geopenbaar,” sê die geliefde Johannes, “en ons het dit gesien en ons getuig.” 1 Johannes 1:2.

Alleen deur sulke gemeenskap - die gemeenskap van verstand met verstand en hart met hart, van die menslike met die Goddelike - kan daardie lewegewende energie oorgedra word wat dit die taak van ware opvoeding is om mee te deel. Dit is net die lewe wat lewe kan verwek.

Met die opleiding van Sy dissipels het die Heiland die opvoedkundige stelsel gevolg wat in die begin tot stand gebring is. Die Twaalf wat eerste gekies is, saam met ’n paar ander wat van tyd tot tyd met hulle verbind was, omdat hulle in hul behoeftes voorsien het, het die gesin van Jesus saamgestel. Hulle was saam met Hom in die huis,

- 85 -

aan tafel, in die binnekamer, in die veld. Hulle het Hom op Sy reise vergesel, Sy beproewinge en ontberings meegemaak en, in soverre hulle daartoe in staat was, deelgenote van Sy werk geword.

Soms het Hy hulle geleer terwyl hulle saam teen die berghang gesit het, soms langs die see, of uit ’n visserskuit, soms onderwyl hulle met die pad aangestryk het. Elke keer wat Hy die menigte toegespreek het, het die dissipels die binnekring uitgemaak. Hulle het digby Hom gebly, sodat niks van Sy onderrig hulle sou ontgaan nie. Hulle was oplettende toehoorders, gretig om die waarhede te verstaan wat hulle in alle lande en aan alle eeue inoes leer.

Die eerste leerlinge van Jesus is uit die geledere van die gewone mense gekies. Hulle was nederige, ongeletterde manne, dié Galilese vissers; manne wat ongeskoold in die geleerdheid en gewoontes van die rabbi’s was, maar opgelei deur die harde dissipline van arbeid en swaarkry. Hulle was manne

van ingebore aanleg en van 'n geseglike gees, manne wat vir die Heiland se werk onderrig en gevorm kon word. In die alledaagse lewe is daar menige arbeider wat geduldig die kringloop van sy daaglikse take aflê, onbewus van die sluimerende vermoëns wat, as dit tot handeling gewek sou word, hom onder die wêreld se grootste leiers sou plaas. Sodanig was die manne wat deur die Heiland geroep is om Sy medewerkers te wees. En hulle het die voordeel geniet van drie jaar opleiding deur die grootste opvoeder wat hierdie wêreld ooit geken het.

Onder hierdie eerste dissipels het 'n treffende verskeidenheid voorgekom. Hulle sou die wêreld se leermeesters word en hulle het wyd uiteenlopende karaktertipes verteenwoordig. Daar was Matthéüs Levi, die tollenaar, uit 'n lewe van handeldryf en onderdanigheid aan Rome geroep; Simon, die yweraar, die onversetlike vyand van die imperiale gesag; die impulsiewe, selfgenoegsame, hartlike

- 86 -

Petrus, met Andreas, sy broer; Judas die Judeër, verfynd, bekwaam en gemeen; Filippus en Thomas, getrou en ernstig, dog met kleingelowige harte; Jakobus die kleine en Judas, minder opvallend onder die broeders, maar kragtige manne, beslis in sowel hul foute as hul deugde; Natanael, kinderlik in opregtheid en vertroue; en die ambisieuse, liefdevolle seuns van Sebedeüs.

Om die werk waartoe hulle geroep is, met welslae te verrig, het hierdie dissipels, wat in hul natuurlike karaktertrekke, opleiding en lewensgewoontes so grootliks van mekaar verskil het, daaraan 'n behoefte gehad om in gevoel, denke en handelwyse eendragtig te word. Dit was Christus se voorneme om hierdie eensgesindheid te bewerkstellig. Met dié doel het Hy getrag om hulle een met Homself te maak. Die las van Sy strewe vir hulle is in Sy gebed tot die Vader uitgedruk: "dat almal een mag wees net soos U, Vader, in My en Ek in U; dat hulle ook in Ons een mag wees, ... dat die wêreld kan weet dat U My gestuur het en hulle liefgehad het net soos U My liefgehad het." Johannes 17:21-23.

### *Die Herskeppende Mag van Christus*

Van die twaalf dissipels sou vier 'n leidende rol speel, elk van 'n bepaalde aard. Om hulle hiervoor te berei, het Christus, wat alles vooruit gesien het, hulle geleer. Jakobus, tot 'n spoedige swaarddood bestem; Johannes, wat in arbeid en vervolging die langste van die broeders in die Heiland se voetstappe getree het; Petrus, die pionier om deur die versperrings van die eeue te breek en die heidense wêreld te onderrig; en Judas, ten opsigte van diens in staat tot voorrang bo sy broeders, maar wat in sy siel oor planne gebroei het, dog min kon droom waartoe dit sou ryp - dié manne was die middelpunt van Christus se grootste sorg en die ontvangers van Sy mees herhaalde en versigtigste onderwysing.



- 87 -

Petrus, Jakobus en Johannes het elke geleentheid gesoek om in noue aanraking met hul Meester te kom en daar is aan hul verlange voldoen. Van al Twaalf was hulle verhouding tot Hom die hegste. Johannes kon net met 'n nog intiemer verhouding tevrede wees en dit het hy verkry. Tydens daardie eerste byeenkoms langs die Jordaan, toe Andreas, nadat hy van Jesus gehoor het, haastig weg is om sy broer te gaan roep, het Johannes swygend gesit, versonke in die oorpeinsing van wonderbare onderwerpe. Hy het die Heiland gevolg, altyd 'n gretige, geboeide toehoorder. Tog was Johannes geen foutelose persoonlikheid nie. Hy was geen saggeaarde dromer nie. Hy en sy broer is die "seuns van die donder" genoem. Markus 3:17. Johannes was hoogmoedig, ambisieus, bakleierig; maar onder dit alles kon die Goddelike Leermeester die ywerige, opregte, liefdevolle hart bemerk. Jesus het sy selfsug betig, sy ambisies teleurgestel, sy geloof beproef. Maar Hy het aan hom geopenbaar dit waarna sy siel verlang het - die heilige sieraad, Sy eie herskeppende liefde. "Ek het u Naam geopenbaar aan die mense wat U My uit die wêreld gegee het" (Johannes 17:6), het Hy aan die Vader gesê.

Johannes se geaardheid het na liefde, simpatie en kameraadskap verlang. Hy het digby Jesus gekom, aan Sy sy gesit en teen Sy bors geleun. Net soos 'n blom die son en die dou opneem, so het hy die Goddelike lig en lewe ingedrink. In bewondering en liefde het hy die Heiland betrag, totdat gelykvormigheid aan Christus en gemeenskap met Hom sy een begeerte geword het en in sy karakter is die karakter van sy Meester weerkaats.

"Kyk," het hy gesê, "wat 'n groot liefde die Vader aan ons bewys het, dat ons kinders van God genoem kan word! Om hierdie rede ken die wêreld ons nie, omdat dit Hom nie geken het nie. Geliefdes, nou is ons kinders van God en dit is nog nie geopenbaar wat ons sal wees nie; maar ons weet dat ons, as Hy verskyn, aan Hom gelyk sal wees, om-

- 88 -

dat ons Hom sal sien soos Hy is. En elkeen wat hierdie hoop op Hom het, reinig homself soos Hy is." 1 Johannes 3:1-3.

### *Van Swakheid tot Krag*

Die geskiedenis van geeneen van die dissipels illustreer Christus se opleidingsmetode beter as die geskiedenis van Petrus nie. Dapper, aggressief en vol self vertroue, skerpsinnig en voortvarend, gou om te vergeld tog edelmoedig in sy vergifnis, het Petrus dikwels gefouteer en dikwels teregwysing ontvang. Ook is sy hartlike lojaliteit en toewyding aan Christus nie minder beslis erken en geloof nie. Geduldig, met oordeelkundige liefde, het die Heiland Sy voortvarende dissipel behandel, Deur te traag om sy selfversekerdheid te beteuel en hom deemoed, gehoorsaamheid en vertroue te leer.

Maar die les is net gedeeltelik geleer. Selfgenoegsaamheid is nie ontwortel nie.

Dikwels het Jesus, met die las swaar op Sy eie hart, getrag om aan die dissipels die tonele van Sy verhoor en leiding oop te stel. Maar hul oë is weerhou. Die kennis was onwelkom en hulle het dit nie ingesien nie. Selfbejammering, wat vir gemeenskap met Christus in Sy leiding teruggedeins het, het Petrus se teregwysing uitgelok: "Mag God dit verhoed, Here, dit sal U nooit oorkom nie!" Matthéüs 16:22. Sy woorde het die gedagte en gevoel van die Twaalf uitgedruk.

So het hulle voortgegaan, terwyl die krisis nader gekruip het; hulle, groot praterig, twissiek en by voorbaat Koninklike eerbewyse aan 't uitdeel, maar van die kruis het hulle nie kon droom nie.

Vir hulle almal het Petrus se ondervinding 'n les ingehou. Vir selfvertroue is beproewing n neerlaag. Die gewisse uitwerking van die onafgestorwe kwaad kon Christus nie verhoed nie. Maar net soos Sy hand uitgestrek was om te red toe die golwe op die punt gestaan het om Petrus te

- 89 -

oorweldig, so het Sy liefde uitgereik om hom te verlos toe die diep waters oor sy siel gespoel het. Keer op keer, op die uiterste rand van die ondergang, het Petrus se grootpraterige woorde hom steeds nader en nader aan die kantjie gebring. Keer op keer is die waarskuwing gehoor: Jy sal drie maal Ioën dat jy My ken (Lukas 22:34). Dit was die gekrenkte, liefdevolle hart van die dissipel wat die gelofte uitgespreek het: "Here, ek is gereed om saam met U selfs in die gevangenis en in die dood te gaan" (Lukas 22:33); en Hy wat die hart lees, gee aan Petrus die boodskap, toe min waardeer, maar wat in die spoedig dalende duisternis 'n ligstraal van hoop sou laat skyn: "Simon, Simon, kyk, die Satan het vurig begeer om julle soos koring te sif. Maar Ek het vir jou gebid, dat jou geloof nie ophou nie; en as jy eendag bekeerd is, moet jy jou broeders versterk." Lukas 22:31,32.

Toe die woorde van verloëning in die hofsaal gespreek is; toe Petrus se



liefde en lojaliteit, onder die Heiland se blik van bejammering en liefde en verdriet gewek, hom laat uitwyk het na die tuin waar Christus geween en gebid het; toe sy trane van berou op die sooie geval het wat deur die bloeddruppels van Sy foltering benat is-toe was die woorde van die Heiiand: "Ek het vir jou gebid ... en as jy eendag bekeerd is, moet jy jou broeders versterk," 'n onderskraging vir sy siel. Hoewel Christus sy sonde vooruitgesien het, het Hy hom nie aan vertwyfeling oorgelaat nie.

As die blik wat Jesus op hom gewerp het; veroordeling in plaas van medelye geuiter het; as Hy, toe Hy die sonde voorspel het, nagelaat het om hoop in te boesem, hoe dig sou die duisternis wat Petrus omring het, nie gewees het nie! Hoe roekeloos die wanhoop van daardie geteisterde siel! Wat kon hom, in daardie uur van sielesmart en selfveragting, weerhou het van die weg wat deur Judas betree is?

- 90 -

Hy wat Sy dissipel nie die angs kon spaar nie, het hom nie alleen aan die bitterheid daarvan oorgelaat nie. Syne is 'n liefde wat nie te kort skiet of versaak nie.

Mense, wat self aan die kwaad verslaaf is, is geneig om die versoektes en die afgedwaaldes hardvogtig te behandel. Hulle kan die hart nie lees nie, hulle ken nie sy worsteling en pyn nie. Van die teregwysing wat liefde is, van die hou wat wond om te genees, van die waarskuwing wat hoop uiter, het hulle nodig om te leer.

Dit was nie Johannes, wat in die hofsaal saam met Hom gewaak, wat by Sy kruis gestaan en van die Twaalf die eerste by die graf was nie - dit was nie Johannes nie, maar Petrus, wat deur Christus na Sy opstanding opsy naam genoem is. "Gaan sê vir sy dissipels en vir Petrus," het die engel berig, "dat Hy voor julle uit gaan na Galilea." Markus 16:7.

Tydens die laaste ontmoeting van Christus met die dissipels by die see,is Petrus, beproef deur die drie keer herhaalde vraag: "Het jy My lief?" herstel tot sy plek onder die Twaalf. Sy werk is aan hom opgedra; hy moes die Here se skape iaat wei Toe, as Sy laaste persoonlike bevel, het Jesus gesê: "Volg jy My." Johannes 21:17, 22.

Nou kon hy die woorde waardeer. Die les wat Christus geleer hét toe Hy 'n klein kindjie in die midde van die dissipels gestel en hulle gebied het om soos dié te word, kon Petrus nou beter verstaan. Omdat hy sowel sy swakheid as Christus se mag meer volkome begryp het, was hy gereed om te vertrou en gehoorsaam te wees. In Sy krag kon hy sy Meester volg.

En aan die einde van sy ondervinding van arbeid en opoffering, het die

dissipel' wat eenmaal traag was om die kruis te gewaar, dit 'n vreugde geag om sy lewe vir die evangelie te gee, maar hy het net gevoel dat dit vir hom

- 91 -

wat die Here verloën het, 'n te groot eer is om op dieselfde manier te sterf as wat Sy Meester gesterf het.

Petrus se herskepping was 'n wonderwerk van Goddelike teerheid. Dit is 'n lewensles vir almal wat trag om in die voetstappe van die Weergalose Onderwyser te volg.

## *'n Liefdesles*

Jesus het Sy dissipels tereggewys, Hy het hulle gewaarsku en vermaan; maar Johannes en Petrus en hul broeders het Hom nie verlaat nie. Ondanks die teregwysinge het hulle verkies om by Jesus te wees. En die Heiland het Hom nie, weens hul foute, van hulle onttrek nie. Hy neem mense soos hulle is, met al hul foute en swakhede en lei hulle vir Sy diens op, as hulle gewillig is om deur Hom getugtig en geleer te word.

Maar daar was een van die Twaalf teenoor wie Christus, tot baie na aan die slot van Sy werk, geen woord van direkte vermaning gespreek het nie.

Met Judas is daar 'n gesindheid van antagonisme onder die dissipels ingebring. Toe hy hom aan Jesus verbind het, het hy op die aantreklikheid van Sy karakter en lewe gereageer. Hy het 'n opreg verandering in homself begeer en het gehoop om dit deur 'n verbintenis met Jesus te ervaar. Maar hierdie verlange het nie die oorhand gekry nie. Wat hom regeer het, was die hoop op selfsugtige voordeel in die wêreldse koninkryk wat hy verwag het Christus tot stand sou bring. Hoewel hy die Goddelike mag van Christus se liefde erken het, het Judas hom nie aan die opperheerskappy daarvan oorgegee nie. Hy het voortgegaan om sy eie oordeel en opinies te koester, sy geneigdheid tot kritiek en veroordeling. Christus se motiewe en bewegings, dikwels so ver bo sy begrip verhef, het twyfel en afkeuring uitgelok en sy eie twyfel en ambisies het hul by die dissipels inge-

- 92 -

werk. Baie van hul stryd om die oppermag, veel van hulle ontevredenheid met Christus se metodes, het sy oorspring by judas gehad.

Jesus, wat gesien het dat om hom teen te werk, net verharding sou meebring, het Hom van direkte konflik weerhou. Die enger wordende selfsug van Judas se lewe het Christus deur kontak met Sy eie selfopofferende liefde probeer genees. Met Sy onderrig het Hy beginsels ontbloot wat die byl aan die wortel van die dissipel se egosentriese ambisies gelê het. So is les op



les gegee en heel dikwels het Judas besef dat sy karakter uitgebeeld en sy sonde aangedui is; maar hy wou hom nie oorgee nie.

Omdat die pleitstem van genade weerstaan is, het die bose drifte uiteindelik hoogty gevier. Judas, deur 'n geïmpliseerde berisping kwaad gemaak en vanweë die verydeling van sy ambisieuse drome tot desperaatheid gedryf, het sy siel aan die duiwel van hebsug oorgegee en hom voorgeneem om sy Meester te verraai. Uit die bovertrek van die Pasga, die vreugde van Christus se teenwoordigheid en die lig van onsterflike hoop het hy gegaan om sy bose werk te doen-die buitenstc duisternis in, waar daar geen hoop was nie.

"Jesus het van die begin af geweet wie hulle was wat nie glo nie en wie. hy was wat Hom sou verraai." Johannes 6:64. Nogtans, hoewel Hy dit alles geweet het, het Hy geen pleidooi van genade of liefdesgawe teruggehou nie .

Omdat Hy dié gevaar van Judas bemerk het, het Hy hom na aan Homself getrek, tot in die binnekring van Sy gekose en staatmakerdissipels. Dag na dag, toe die las die swaarste op Sy eie hart gedruk het, het Hy die pyn van onophoudelike aanraking met daardie halsstarrige, agterdogtige, broeiende gees verduur; Hy het daardie volgehoue, geheimsinnige en subtiele antagonismeonder Sy dissipels waarge neem en geárbei óm dit teen te werk en dit alles sodat geen

- 93 -

moontlike reddende invloed daardie siel in gevaar sou ontbreek nie!

*"Groot waters kan die liefde nie uitblus en riviere dit nie oorstroom nie;"*
*"Want liefde is sterk soos die dood." Hooglied 8:7, 6.*

Wat Judas self betref het, was Christus se liefdeswerk vrugteloos. Maar dit was nie met sy mededissipels die geval nie. Vir hulle was dit 'n les met 'n lewenslange invloed. Altyd sou dié voorbeeld van teerheid en lankmoedigheid hulle omgang met die versoektes en afgedwaaldes vorm. En dit het ander lesse ingehou. Met die ordening van die Twaalf het die dissipels sterk verlang' dat Judas een van hulle moet word" en hulle het sy aanvaarding as 'nveelbelowende gebeurtenis vir die groepie beskou. Hy het meer as hulle met die wêreld in aanraking gekom, hy was 'nrnan van fyn maniere, insig en uitvoerende bekwaamheid en omdat hy sy eie kwalifikasies hoog op prys gestel het, het hy die dissipels daartoe beweeg om dieselfde agting vir hom te hê. Maar die metodes wat hy graag in Christus se wérk wou inbring, was op wêreldse beginsels gegrond en is deur wêreldse beleid beheer. Dit het die verkryging van wêreldse erkenning en eer beoog - om die koninkryk van hierdie wêreld te bekom. Die uitwerking van hierdie begeertes in die lewe van Judas het die dissipels gehelp om die vyandskap tussen die beginsel

van selfverheffing en Christus se beginsel van nederigheid en selfopoffering te begryp die beginsel van die geestelike koninkryk. In die lot van Judas het hulle die einde gesien waartoe eiediens neig.

Vir hierdie dissipels bet Christus se sending uiteindelik sy doel verwesenlik. Langsamerhand het Sy voorbeeld en Sy lesse van selfverloëning hul karakters gevorm. Sy dood het

- 94 -

hulle hoop op aardse grootheid verbrysel. Die val van Petrus, Judas se geloofsversaking, hul eie mislukking toe hul Christus in Sy angs en lewensgevaar in die steek gelaat het, het hulle selfvoldaanheid van hul afgestroop. Hulle het hul eie swakheid ingesien; hulle het iets gesien van die grootheid van die werk wat aan hulle opgedra is; hulle het hul behoefte aan hul Meester se leiding met elke skrede gevoel.

Hulle het geweet dat Sy persoonlike teenwoordigheid hulle nie langer sou bybly nie en hulle het, soos nooit tevore nie, die waarde erken van die geleenthede wat hulle s'n was om te wandel en te spreek met die Een wat deur God gestuur is. Hulle het baie van Sy lesse, toe Hy dit geuiter het, nie waardeer of begryp nie; nou het hulle verlang om dié lesse te onthou, om weer Sy woorde te hoor. Met watter blydskap het Sy versekering weer in hul gedagtes opgekom: "Dit is vir julle voordelig dat Ek weggaan; want as Ek nie weggaan nie, sal die Trooster nie na julle kom nie; maar as Ek weggaan, sal Ek Hom na julle stuur." "Omdat Ek alles wat Ek van my Vader gehoor het, aan julle bekend gemaak het." En "die Trooster, ... wat die Vader in my Naam sal stuur, Hy sal julle alles leer en sal julle herinner aan alles wat Ek vir julle gesê het." Johannes 16:7; 15:15; 14:26.

"Alles wat die Vader het, is myne." "Wanneer Hy gekom het, die Gees van die waarheid, sal Hy julle in die hele waarheid lei. ... Omdat Hy dit sal neem uit wat aan My behoort en aan julle verkondig." Johannes 16:15, 13, 14.

Die dissipels het gesien hoe Christus op die Olyfberg van hulle opgevaar het. En soos die hemele Hom ontvang het, het Sy afskeidsbelofte weer na hulle teruggekom: "Kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld." Matthéüs 28:20.

- 95 -

Hulle het geweet dat Sy meegevoel hulle nog steeds bybly. Hulle het geweet dat hulle 'n verteenwoordiger, 'n voorspraak, by die troon van God het. In die Naam van Jesus het hulle hul versoeke gerig en Sy belofte herhaal: "Alles wat julle die Vader sal vra in my Naam, sal Hy julle gee." Johannes 16:23.

Hoër en hoër het hulle die hand van die geloof uitgestrek, met die magtige



argument: "Christus is dit wat gesterf het, ja, meer nog, wat ook opgewek is, wat ook aan die regterhand van God is, wat ook vir ons intree." Romeine 8:34.

Getrou aan Sy belofte het die Goddelike, in die hemelse howe verhoog, van Sy volheid aan Sy volgelinge op aarde meegedeel. Die teken van Sy troonsbestyging aan Gods regterhand, was die uitstorting van die Gees op Sy dissipels.

Deur die werk van Christus is hierdie dissipels daartoe gelei om hul behoefte aan die Gees te voel; deur die Gees onderrig, het hulle hul finale voorbereiding ontvang en tot hul lewenstaak toegetree.

Hulle was nie meer onkundig of kultuurloos nie. Hulle was nie meer 'n versameling van onafhanklike eenhede of omharmoniese en strydende elemente nie. Hulle hoop was nie meer op wêreldse grootheid gevestig nie. Hulle was "almal eendragtig bymekaar," een in hart en siel. Christus het hulle gedagtes gevul. Die bevordering van Sy koninkryk was hulle doel. In gesindheid en karakter het hulle soos hul Meester geword; en mense "het hulle as metgeselle van Jesus herken." Handelinge 4:13

Toe was daar so 'n openbaring van die heerlikheid van Christus soos nog nooit tevore deur sterflinge aanskou is nie. Menigtes wat Sy Naam verguis en Sy mag versmaai het, het bely dat hulle dissipels van die Gekruisigde is. Deur die samewerking van die Goddelike Gees het die werk van die nederige manne vir wie Christus gekies het, die

- 96 -

wêreld in beroering gebring. Na elke nasie onder die hemel is die evangelie binne een geslag uitgedra.

Aan dieselfde Gees wat in Sy plek gestuur is om die Leermeester van Sy eerste medewerkers te wees, het Christus opdrag gegee om die Leermeester van Sy medewerkers vandag te wees. "Kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld" (Matthéüs 28:20), is Sy belofte.

Die teenwoordigheid van dieselfde Gids in opvoedkundige werk vandag sal, soos van ouds, dieselfde gevolge meebring. Dit is die doel waarheen ware opvoeding neig; dit is die werk wat God dit bestem om te volbring.

---

# NATUURONDERWYS

*"Gee ag op die wonders ...*
*van die Volmaakte in kennis."*

# God in die Natuur

***"SY MAJESTEIT BEDEK DIE HEMEL en DIE AARDE IS VOL VAN SY LOF."***

- 99 -

Op alle geskape dinge word die stempel van die Goddelike gesien. Die natuur getuig van God. Die ontvanklike verstand, wat met die wonder en verborgenheid van die heelal in aanraking gebring word, kan nie anders as om die werking van 'n oneindige mag te erken nie. Nie deur sy eie inherente energie bring die aarde sy oorvloed voort en hou dit sy beweging om die son jaar na jaar vol nie. 'n Onsigbare hand rig die planete in hul kringloop deur die hemele. 'n Geheimsinnige lewe deurtrek die ganse natuur - 'n lewe wat die tallose wêrelde dwarsdeur die onmeetlikheid in stand hou, wat in die insekkrieseltjie lewe soos dit in die somerbriesie dryf, wat die wiekslag aan die swael in sy vlug verleen en die jong rawe voed as hul roep, wat die botsel laat bloei en die bloeisel tot vrug laat kom.

Dieselfde mag wat die natuur in stand hou, werk ook in die mens. Dieselfde groot wette wat ster en atoom bestuur, heers oor die menslike lewe. Die wette wat die hartklop rig om die vloei van die lewenstroom na die liggaam te reguleer, is die wette van die magtige Intelligensie wat regsbevoegdheid oor die siel besit. Uit Hom vloei alle lewe voort. Net in harmonie met Hom kan die ware arbeidsveld daarvan gevind word. Vir al die dinge van Sy skepping is die voorwaarde dieselfde - 'n lewe wat onderhou word deur die lewe van God te ontvang, 'n lewe wát in harmonie met die Skepper se wil gevoer word. Om

- 100 -

Sy wet fisiek, verstandelik of moreel te oortree, beteken om jouself buite harmonie met die heelal te stel, om onenigheid, anargie en ondergang in te bring.

Vir hom wat leer om so sy onderwysing te vertolk, word die ganse natuur opgehelder; die wêreld is 'n lesboek, die lewe 'n skool. Die eenheid van die mens met die natuur en met God, die universele heerskappy van wetmatigheid, die gevolge van oortreding, kan nie anders as om die verstand te beïndruk en die karakter te vorm nie.

Hierdie is lesse wat ons kinders nodig het om te leer. Vir die klein kindjie, wat nog nie in staat is om van die gedrukte blad te leer of by die roetine van die klaskamer ingeskakel te word nie, bied die natuur'n onuitputlike bron

van lering en lus. Die hart wat nog nie deur aanraking met boosheid verhard is nie, herken gou die Teenwoordigheid wat alle geskape dinge deurtrek. Die oor wat tot nóg toe nie deur die wêreld se tuinoer verdoof is nie, luister aandagtig na die Stem wat deur die mededelinge van die natuur spreek. En vir die wat al ouer geword het en voortdurend sy stille herinneringe aan die geestelike en die ewige benodig, sal die natuur se lesse geensins minder 'n bron van lus en lering wees nie. Soos die Edenbewoners uit die bladsye van die natuur geleer het, soos Moses Gods handskrif op die Arabiese vlaktes en berge gewaar het en soos die kind jesus op die rantjies van Nasaret, so kan vandag se kinders van Hom leer. Die onsienlike word deur die sienlike toegelig. Op alles op aarde, vanaf die hoogste boom in die bos tot die korsmos wat aan die rots kleef, vanaf die grenslose oseaan tot die nietigste skulpie op die seëstrand, kan hulle die beeld en opskrif van God aanskou.

Laat die kindjie, sover moontlik, vanaf sy jongste jare geplaas word waar hierdie wonderlike lesboek voor hom sal ooplê. Laat hom die heerlike tonele aanskou wat deur die

- 101 -

Groot Kunsmeester op die beweeglike hemeldoek geskilder is, laat hom vertroud raak met die wonders van aarde en see, laat hom die ontluikende geheimenisse van die seisoensveranderinge betrag en, uit al Sy werke, van die Skepper leer.

Op geen ander manier kan die fondament van 'n waaragtige opvoeding so vas en seker gelê word nie. En tog sal selfs die kind, soos hy met die natuur in aanraking kom, rede vir verwarring vind, Hy kan nie anders as om die werking van teenmagte te bespeur nie. Dit is hier waar die natuur 'n vertolker nodig het. Wanneer hulle die kwaad aanskou wat selfs in die natuurlike wêreld geopenbaar word, moet almal dieselfde droewige les leer "'n Vyandige mens het dit gedoen." Matthéüs 13:28.

Net in die lig wat van Golgota af straal, kan die natuur se onderwysing reg gelees word. Laat daar, deur die verhaal van Betlehem en die kruis, getoon word hoe die goeie die kwade moet oorwin en hoe elke seën wat ons te beurt val, 'n verlossingsgawe is.

In wilde roos en doringstruik, in distel en onkruid, word die boosheid voorgestel: wat skend en skaad. In sangvoël en ontluikende bloeisel, in reën en sonskyn, in somerbries en sagte dou, in tienduisend natuurdinge vanaf die eikeboom in die woud tot die viooltjie wat aan sy wortel uitbot, word die liefde wat herstel, gesien. En die natuur spreek nogsteeds tot ons van Gods goedheid.



Ek weet watter gedagtes Ek aangaande julle. koester, spreek die Here, gedagtes van vrede en nie van onheil nie." Jeremia 29:11. Dit is die boodskap wat, in die lig van die kruis, op die hele gelaat van die natuur gelees kan word. Die hemele vertel Sy eer en die aarde is vol van Sy rykdom.

# Lewenslesse

***"SPREEK DIE AARDE AAN, DAT DIT JOU LEER."***

- 102 -

DIE groot Leermeester het Sy toehoorders met die natuur in aanraking gebring, sodat hulle kon luister na die stem wat in alle geskape dinge spreek; en soos hul harte sag en hul verstande ontvanklik geword het, het Hy hulle gehelp om die geestelike lesse te vertolk van die tonele waarop hul oë gerus het. Die gelykenisse waardeur Hy graag lesse van waarheid geleer het, toon hoe toeganklik Sy gees vir die natuurinvloede was en watter behae Hy daarin geskep het om die geestelike lesse uit die omgewing van die daaglikse lewe te versamel.

Die voëls van die hemel, die lelies van die veld, die saaier en die saad, die herder en die skape - met hierdie dinge het Christus onsterflike waarheid toegelig. Hy het ook uit die gebeurtenisse van die lewe illustrasies geneem, ervaringsfeite wat aan die toehoorders bekend was - die suurdeeg, die verborge skat, die pêrel, die visnet, die verlore muntstuk, die verlore seun, die huise op die rots en die sand. In Sy lesse was daar iets om elke verstand te interesseer, iets om tot elke hart te spreek. So is die daaglikse taak, in plaas van blote roetinearbeid te wees, wat van hoër dinge ontbloot is, opgeluister en verhef deur voortdurende aandenkings aan die geestelike en die onsigbare.

So behoort ons te onderrig. Laat die kinders leer om in die natuur 'n uitdrukking van die liefde en die wysheid van

- 103 -

God te sien; laat die gedagtes aan Hom met voël en blom en boom vervleg wees; laat alles wat sigbaar is, vir hulle vertolkers van die onsienlike word en alle lewensgebeurtenisse 'n middel tot Goddelike onderrig.

Namate hulle leer om so in alle geskape dinge en in alle lewensondervindings, die lesse te bestudeer, sien hulle dat dieselfde wette wat die dinge van die natuur en die gebeurtenisse van die lewe regeer, oor ons moet heers; dat dit vir ons welsyn gegee is en dat ons net in gehoorsaamheid daaraan ware geluk en sukses kan vind.

### *Die Wet van Diens*

Alle dinge in die hemel en op aarde verklaar dat die groot lewenswet 'n wet van diens is. Die ewige Vader dien die lewe van elke lewende wese. Christus het na die aarde toe gekom "soos een wat dien." Lukas 22:27. Die engele is "dienende geeste wat vir diens uitgestuur word ter wille van die wat die

saligheid sal beërwe." Hebreërs 1:14. Dieselfde wet van diens is op alle dinge in die natuur geskrywe. Die voëls van die hemel, die diere van die veld, die bome van die woud, die blare, die gras en die blomme, die son in die hemel en die vonkelende sterre - alles dien. Meer en oseaan, rivier en waterfontein - elkeen ontvang om te gee.

Soos elke ding in die natuur die lewe van die wêreld dien, verseker dit sy eie. "Gee en aan julle sal gegee word" (Lukas 6:38), is die les wat nie met minder sekerheid in die natuur as op die bladsye van die Heilige Skrif geskrywe is nie.

Soos die heuwelhange en die vlaktes 'n kanaal vir die bergstroom oopstel om die see te bereik, word wat hulle gee, honderdvoudig terugbetaal. Die stroom wat 'n lied sing op sy weg, laat sy gawe van prag en vrugbaarheid agter. Deur die veld, dor en bruin weens die somerhitte,

- 104 -

streep 'n lyn van groenigheid die rivierloop aan; elke statige boom, elke botsel, elke bloeisel, 'n getuie van die beloning wat Gods genade bepaal vir almal wat sy kanale tot die wêreld word.

### *Saai in Geloof*

Van die byna ontelbare lesse wat deur die verskillende prosesse van wasdom geleer word, word sommige van die kosbaarste in die Heiland se gelykenis van die groeiende saad uitgedruk. Dit hou lesse in vir oud en jonk

"So is die koninkryk van God, soos wanneer 'n mens die saad in die grond gooi; en hy gaan slaap en staan op, nag en dag en die saad spruit uit en word groot - hoe, weet hy self nie. Want vanself bring die aarde vrug voort, eers 'n halm, dan 'n aar, dan die volle koring in die aar." Markus 4:26-28.

Die saad het in homself 'n ontkiemingsbeginsel, 'n beginsel wat God self ingeplant het; tog sou die saad, as dit aan homself oorgelaat word, geen mag hê om uit te spruit nie. Die mens het sy rol om te speel om die groei van die graan te bevorder: maar by 'n sekere Dunt verby kan hy niks verrig nie. Hy moet op die Een vertrou wat die saai- en maaiwerk met wonderlike skakels van Sy eie almag verbind het.

Daar is lewe in die saad, daar is krag in die grond; maar tensy 'n oneindige vermoë dagen nag beoefen word, sal die saad geen opbrengs lewer nie. Die reën buie moet die dorstige lande verkwik; die son moet hitte verleen; elektrisiteit moet na die begrawe saad gelei word. Die lewe wat die Skepper toebedeel het, kan Hy alleen te voorskyn roep. Elke saad groei, elke plant ontwikkel, deur die mag van God.



"Die saad is die woord van God." "Soos die aarde sy plante voortbring en soos 'n tuin sy gewasse laat uitspruit,

- 105 -

so sal die Here Here geregtigheid en lof laat uitspruit." Lukas 8:11; Jesaja 61:11. Soos met die natuurlike, so is dit met die geestelike aansaaiing; die enigste mag wat lewe kan voortbring, is uit God.

Die werk van die saaier is 'n geloofsdaad. Die verborgenheid van die saad se ontkieming en groei kan hy nie begryp nie; maar hy het vertroue in die werksaamhede waardeur God die plantegroei laat floreer. Hy gooi die saad weg met die verwagting om dit menigvuldig in 'n oorvloedige oes bymekaar te maak. So moet ouers en onderwysers arbei en 'n oes verwag uit die saad wat hulle gesaai het.

'n Tyd lank kan die saad onopgemerk in die hart lê en geen bewys lewer dat dit wortelgeskiet het nie; maar later, soos die Gees van God Sy asem op die siel laat kom, spruit die verborge saad uit en uiteindelik lewer dit vrugte op. In ons lewenstaak weet ons nooit watter een sal geluk, hierdie of daardie nie. Dié vraag is nie aan ons oorgelaat om te beantwoord nie. "Saai jou saad in die môre en laat teen die aand jou hand nie rus nie." Prediker 11:6. Gods groot verbond verklaar: "Van nou af sal al die dae van die aarde, saaityd en oestyd ... nie ophou nie." Genesis 8:22. Met vertroue op hierdie belofte, bewerk die landbouer die grond en saai. Nie met minder vertroue moet ons, in die geestelike saaiwerk, arbei nie en op Sy versekering staatmaak: "So sal my woord wees wat uit my mond uitgaan: dit sal nie leeg na My terugkeer nie, maar doen wat My behaag en voorspoedig wees in alles waartoe Ek dit stuur." "Hy loop aldeur en ween en dra die saadkoring; hy sal sekerlik kom met gejubel en sy gerwe dra." Jesaja 55:11; Psalm 126:6.

Die ontkieming van die saad stel die begin van die geestelike lewe voor en die ontwikkeling van die plant is 'n sinnebeeld van karakterontwikkeling. Daar kan geen

- 106 -

lewe sonder groei wees nie. Die plant moet of groei of doodgaan. Net soos sy wasdom stil en onwaarneembaar maar aanhoudend is, so is dit met karaktergroei. In elke stadium van ons ontwikkeling kan ons lewe volmaak wees; en tog, as Gods doel vir ons verwesenlik word sal daar voortdurende vordering wees.

Die plant groei deur te ontvang wat God voorsien het om sy lewe te onderhou. So word geestelike groei deur samewerking met Goddelike bemiddelinge teweeggebring. Soos die plant in die grond wortelskiet, so moet ons

in Christus gewortel wees. Soos die plant die sonskyn, die dou en die reën opneem, so moet ons die Heilige Gees ontvang. As ons harte op Christus gevestig bly, sal Hy tot ons kom "soos die reën, soos die laat reëns wat die aarde besproei." As die Son van Geregtigheid sal Hy oor ons opgaan, "en daar sal genesing onder sy vleuels wees." Ons sal "bloei soos 'n lelie." Ons "sal weer koring laat groei; en ... bloei soos die wingerdstok." Hosea 6:3; Maleagi 4:2; Hosea 14:6, 8.

Die koring ontwikkel, "eers 'n halm, dan 'n aar, dan die volle koring in die aar." Markus 4:28. Die doel van die landbouer met die saai van die saad en kweek van die plant, is om graan voort te bring - brood vir die hongerige en saad vir toekomstige oeste. So sien die Goddelike Landbouer uit na 'n oes. Hy strewe om Homself in die harte en lewens van Sy volgelinge voort te plant, sodat Hy deur hulle in ander harte en lewens voortgeplant kan word.

Die geleidelike ontwikkeling van die plant uit die saad is 'n aanskouingsles in kinderopvoeding. Daar is "eers 'n halm, dan 'n aar, dan die volle koring in die aar." Markus 4:28. Hy wat hierdie gelykenis geleer het, het die piepklein saadjie geskep, die lewenseienskappe daaraan gegee en die wette verorden wat sy groei beheer.

- 107 -

En die waarhede wat deur die gelykenis geleer word. het in Sy eie lewe tot werklikheid gekom. Hy, die Majesteit van die hemel, die Koning van heerlikheid. het in Betlehem 'n baba geword en 'n tyd lank die hulpelose kindjie onder sy moeder se sorg voorgestel. In Sy kinderdae het Hy soos 'n kind gepraat en gehandel en Sy ouers geëer deur op nuttige maniere aan hul wense te voldoen. Maar vanaf die eerste daeraad van verstandsontluiking het Hy voortdurend in genade en in 'n kennis van die waarheid toegeneem.

Ouers en onderwysers moet hulle daarop toelê om die neigings van die jeug so te ontwikkel dat hulle in elke stadium van hul lewens die skoonheid sal openbaar wat vir daardie tydperk paslik is, deur natuurlik te ontvou soos die plante in die tuin.

Die kleintjies moet in kinderlike eenvoud opgevoed word. Hulle moet geleer word om tevrede te wees met die klein, behulpsame pliggies en die genietinge en ondervindings wat vir hulle jare natuurlik is. Die kinderjare word in die gelykenis deur die halm voorgestel en die halm het 'n skoonheid wat kenmerkend eie aan hom is. Kinders moet nie in 'n vroegrype volwassenheid ingedwing word nie, maar behoort so lank moontlik die varsheid en bekoorlikheid van hul vroeë jare te behou. Hoe kalmer en eenvoudiger die lewe van die kind - hoe vryer van kunsmatige opwinding en hoe meer in harmonie



met die natuur - hoe gunstiger is dit vir liggaamlike en verstandelike sterkte en vir geestelike krag.

Deur die Heiland se wonderwerk om die vyfduisend te voed, word die werking van Gods mag in die opbrengs van die oes geïllustreer. Jesus trek die sluier van die natuurlike wêreld opsy en openbaar die skeppende energie wat gedurig vir ons welsyn beoefen word. Met die vermeerdering van die saad wat in die grond gewerp word, verrig Hy

- 108 -

wat die brode vermeerder het, elke dag 'n wonderwerk. Dit is deur 'n wonderwerk dat Hy onophoudelik uit die oeslande van die aarde miljoene voed. Op die mense word daar 'nberoep gedoen om in die versorging van die graan en die voorbereiding van die brood met Hom saam te werk en hieroor verloor hulle die Goddelike bemiddeling uit die oog. Die werking van Sy krag word aan natuurlike oorsake of aan die tussenkoms van die mens toegeskryf en te dikwels word Sy gawes vir selfsugtige doeleindes misbruik en in 'n vloek in plaas van 'n seën omgeskep. God trag om al dié dinge te verander. Hy wil graag hê dat ons afgestompte sintuie lewendig gemaak sal word, om Sy genadige goedgunstigheid te sien, sodat Sy gawes vir ons die seën sal inhou wat Hy beoog het.

Dit is die woord van God, die meedeling van Sy lewe, wat aan die saad lewe skenk; en aan daardie lewe word ons, wanneer ons die graan eet, deelgenote. Dit is wat God verlang ons moet opmerk; Hy verlang dat ons selfs in die ontvangs van ons daaglikse brood Sy bemiddeling moet erken en in nouer gemeenskap met Hom gebring moet word.

Volgens die wette van God in die natuur, kom gevolg na oorsaak met onafwisselende sekerheid. Die oes getuig van die saaiwerk. Hier word geen skyn geduld nie. Mense kan miskien hul medemens bedrieg en lof en beloning ontvang vir diens wat hulle nie gelewer het nie. Maar in die natuur kan daar geen bedrog wees nie. Oor die ontroue landbouer spreek die oes 'n vonnis van veroordeling uit. En in die hoogste sin is dit ook in die geestelike koninkryk waar. Dit is in die skyn, nie in die werklikheid nie, dat die kwaad welslae behaal. Die kind wat stokkiesdraai, die jongmens wat in sy studie traag is, die klerk of vakleerling wat nalaat om die belange van sy werkgewer te behartig, die man wat in enige saak of professie aan sy hoogste

- 109 -

verantwoordelikhede ontrou is, kan homself miskien wysmaak dat so lank as wat die onreg bedek bly, hy daarby baat Maar dit is nie die geval nie; hy kul homself. Die oes van die lewe is karakter en dit is wat in hierdie lewe sowel as

in die toekomstige die lotsbestemming bepaal.

Die oes is 'n voortbrengsel van die saad wat gesaai is. Elke saad lewer vrugte op volgens sy soort. So is dit ook met die karaktertrekke wat ons koester. Selfsug, eieliefde, selfingenomenheid, selfverwenning, plant hulself voort en die einde daarvan is ellende en ondergang. "Hy wat in sy vlees saai, sal uit die vlees verderf maai; maar hy wat in die Gees saai, sal uit die Gees die ewige lewe maai." Galasiërs 6:8. Liefde, meegevoel en vriendelikheid bring geseënde vrugte voort, 'n oes wat onverganklik is.

In die oes word die saad vermenigvuldig. 'n Enkele koringkorrel, deur herhaalde saaisels vermeerder, sou 'n hele land met goue gerwe oordek. So wydverspreid kan die invloed van 'n enkele lewe, of selfs 'n enkele handeling wees.

Tot watter liefdesdade het die herinnering aan daardie albaste fles wat vir Christus se salwing gebreek is, nie deut die lange eeue aanleiding.gegee nie! Watter ontelbare gawes het daardie bydrae van "twee geldstukkies ... dit is 'n oortjie" (Markus 12:42), deur'n onbekende weduwee, nie vir die Heiland se saak ingebring nie!

### *Lewe Deur die Dood*

Die les van saadsaai leer vrygewigheid. "Wie spaarsaamlik saai, sal ook spaarsaamlik maai; en wie volop saai, sal ook volop maai," 2 Korinthiërs 9:6.

Die Here sê: "Welgeluksalig is julle wat by alle waters saai." jesaja 32:20. Om by alle waters te saai, beteken om te gee waar ons hulp ook al nodig is. Dit sal nie armoede bevorder nie. "Hy wat volop saai, sal ook volop maai."

- 110 -

Deur die saad weg te gooi, vermenigvuldig die saaier dit. So vermeerder ons ons seëninge deur te gee. Gods belofte verseker 'n voldoende hoeveelheid, sodat ons kan voortgaan om te gee.

En wat nog meer is: namate ons met die seëninge van hierdie lewe mededeelsaam is, sal dankbaarheid in die ontvanger die hart berei om geestelike waarheid te ontvang en 'n oes tot die ewige lewe word voortgebring.

Deur die werk van die saad in die grond, stel die Heiland Sy offerande vir ons voor: "As die koringkorrel nie in die grond val en sterf nie," sê Hy, "bly dit alleen; maar as dit sterf, dra dit veel vrug." Johannes 12:24. Net deur die offerande van Christus, die Saad, kon vrugte vir die koninkryk van God voortgebring word. Ooreenkomstig die wet van die planteryk, is lewe die gevolg van Sy dood.

So is dit gesteld met almal wat as werkers saam met Christus vrugte dra: eieliefde, eiebelang moet sterf; die lewe moet in die voor van die wêreld se



behoefte gewerp word. Maar die wet van selfopoffering is die wet van selfbehoud. Die landbouer bewaar sy graan deur dit weg te gooi. So is die lewe wat behoue sal bly, die lewe wat vrylik deur diens aan God en die mens gegee word.

Die saad sterf, om in nuwe lewe uit te spruit. Hierin word ons die les van die opstanding geleer. Van die menslike liggaam wat in die graf neergelê word om te vergaan, het God gesê: "Daar word gesaai in verganklikheid, daar word opgewek in onverganklikheid; daar word gesaai in oneer, daar word opgewek in heerlikheid; daar word gesaai in swakheid, daar word opgewek in krag." 1 Korinthiërs 15:42,43.

wanneer ons die eenvoud en sagtheid en tere liefde van die Heiland aanleer, salons dit nie moeilik vind om die harte van die kleintjies aan te raak en hulle die liefde se diens van genesing te leer nie.

Volmaaktheid bestaan in die geringste sowel as in die grootste van die werke van God. Die hand wat die wêrelde in die ruimte gehang het, is die hand wat die veldblomme fatsoeneer. Ondersoek onder die mikroskoop die kleinste en mees alledaagse bloeisel langs die pad en let op hoe wonderskoon en volkome dit in al sy deeltjies is. So kan ware voortreflikheid in die nederigste lewenslot gevind word; die mees alledaagse take, met liefdevolle getrouheid volbring, is lieflik in Gods oë. Pligsgetroue aandag aan die klein dingetjies salons Sy medewerkers maak en sal vir ons die lofspraak verkry van Hom wat alles sien en weet.

- 111 -

Wanneer ouers en onderwysers probeer om hierdie lesse te leer, moet die werk prakties gemaak word. Laat die kinders self die grond berei en die saad saai. Soos hulle werk, kan die ouer of onderwyser die tuin van die hart verduidelik, met die goeie of slegte saad wat daar gesaai word en dat soos die tuin vir die natuurlike saad berei moet word, ook die hart vir die saad van die waarheid berei moet word. Wanneer die saad in die grond gesaai word, kan hulle die les van Christus se dood leer; en as die halm opspruit, die waarheid aangaande die opstanding. Namate die plant groei, kan die ooreenkoms tussen die natuurlike en die geestelike saaiery voortgeset word.

Die jeug moet op 'n soortgelyke wyse onderrig word. Uit die bewerking van die grond kan lesse voortdurend geleer word. Niemand besluit oor 'n stuk braakland met die verwagting dat dit onmiddellik 'n oes gaan oplewer nie. Ywerige, volhardende arbeid moet met die voorbereiding van die grond, die saadsaai en die verbouing van die oes aan die dag gelê word. So moet dit ook met die geestelike saaiing wees. Die tuin van die hart moet bewerk

word. Die grond moet deur bekering opgebreek word. Die bose onkruid wat die goeie graan verstik, moet ontwortel word. Soos grond wat eenmaal deur dorings oortrek is, net deur vlytige arbeid herwin kan word, so kan die bose neigings van die hart net deur ernstige inspanning in die Naam en krag van Christus te bowe gekom word.

Met die bewerking van die grond sal die nadenkende arbeider vind dat skatte waarvan hy min gedroom het, hulle voor hom ontbloot. Niemand kan met landbou of tuinbou slaag sonder om op die betrokke wette ag te slaan nie. Die spesiale behoeftes van elke soort plant moet bestudeer word. Verskillende variëteite het verskillende grond en bewerking nodig en gehoorsaamheid aan die

- 112 -

wette wat elkeen beheer, is die voorwaarde vir sukses. Die oplettendheid wat met die oorplanting vereis word, sodat selfs nie 'n wortelhaar gedruk of misplaas word nie, die versorging van die jong plantjies, die snoei en natmaak, beskerming teen nagtelike ryp en die son bedags, die uithou van onkruid, siekte en insekteplae, die oplei en rangskikking, leer nie net belangrike lesse oor karakterontwikkeling nie, maar die werk self is 'n middel tot ontwikkeling. Deur sorgvuldigheid, geduld, aandag aan besonderhede, wetsgehoorsaamheid aan te kweek, verleen dit 'n uiters noodsaaklike opleiding. Die voortdurende aanraking met die geheimenis van die lewe en die prag van die natuur, asook die teerheid wat uitgelok word deur vir hierdie mooi voorwerpe van Gods skepping te. sorg, neig daartoe om die verstand wakker te maak en die karakter te verfyn en te verhef; en die lesse wat geleer word, berei die werker voor om suksesvoller met ander verstande te werk.



# Ander Aanskouingslesse

***"WIE WYS IS, LAAT HY OP HIERDIE DINGE AG GEE en LAAT HULLE LET OP DIE GOEDERTIERENHEDE VAN DIE HERE."***

- 113 -

GODS genesende krag vloei dwarsdeur die ganse natuur. As 'n boom 'n kaphou kry, as 'n mens gewond word of 'n been breek, begin die natuur dadelik om die besering te herstel. Selfs voordat die behoefte bestaan; is die werksaamhede gereed; en sodra 'n deel 'n wond opdoen, word alle kragte vir die herstelwerk ingespan. So is dit ook in die geestelike wêreld. Voordat sonde die behoefte geskep het, het God die geneesmiddel voorsien. Elke siel wat aan versoeking toegee, word deur die teenstander gewond en seergemaak; maar waar die sonde ook al is, daar is die Heiland. Dit is Christus se taak "om die wat verbryseld van hart is, te genees; om aan gevangenes vrylating te verkondig ... om die wat gebroke is, in vryheid weg te - stuur." Lukas 4:18, 19.

In hierdie werk moet ons saamwerk. As iemand ewenwel deur een of ander misdaad oorval word, moet julle ... so een reghelp." Galasiërs 6:1. Die woord wat hier met "reghelp" vertaal is, beteken om weer in lit te plaas, soos 'n ontwrigte been. Hoeveel suggereer die beeld nie! Hy wat 'n fout begaan of in sonde beland, word met alles om hom heen uit lit gestel. Hy besef miskien sy fout en is dalk vol berou; maar hy kan homself nie herwin nie. Hy is verward en verbysterd, is verslaan en hulpeloos. Hy moet herwin, genees, hervestig word. "Julle wat geestelik is,

- 114 -

[moet] so een reghelp." Net die liefde wat uit die hart van Christus vloei, kan genees. Net hy in wie daardie liefde vloei, soos die sap in die boom of die bloed in die liggaam, kan die verwonde siel herstel.

Die liefde se werking het wonderbare krag, want dit is Goddelik. Die "sagte antwoord" wat die "grimmigheid" afkeer, die liefde wat "lankmoedig en vriendelik" is, die liefde wat" 'n menigte sondes bedek" (Spreuke 15:1; 1 Korinthiërs 13:4; 1 Petrus 4:8) - met watter krag vir genesing sou ons lewens nie toebedeel wees as ons die les sou leer nie! Hoe sou die lewe nie herskep en die aarde die ewebeeld en 'n voorsmaak van die hemel word nie!

Hierdie kosbare lesse kan so eenvoudig geleer word dat dit, selfs deur klein kindertjies, verstaan kan word. Die hart van die kind is teer en baie ontvanklik en wanneer ons, die oueres, "soos die kindertjies" word (Matthéüs 18:3),

wanneer ons die eenvoud en sagtheid en tere liefde van die Heiland aanleer, sal ons dit nie moeilik vind om die harte van die kleintjies aan te raak en hulle die liefde se diens van genesing te leer nie.

Volmaaktheid bestaan in die geringste sowel as in die grootste van die werke van God. Die hand wat die wêrelde in die ruimte gehang het, is die hand wat die veldblomme fatsoeneer. Ondersoek onder die mikroskoop die kleinste en mees alledaagse bloeisel langs die pad en let op hoe wonderskoon en volkome dit in al sy deeltjies is. So kan ware voortreflikheid in die nederigste lewenslot gevind word; die mees alledaagse take, met liefdevolle getrouheid volbring, is lieflik in Gods oë. Pligsgetroue aandag aan die klein dingetjies sal ons Sy medewerkers maak en sal vir ons die lofspraak verkry van Hom wat alles sien en weet.

- 115 -

Die reënboog wat met sy brug van lig deur die hemel welf, is 'n teken van "die ewige verbond tussen God en al die lewende wesens." Genesis 9:16. En die reënboog wat die troon in die hemel omhul, is ook 'n teken aan Gods kinders van Sy vredeverbond.

Soos die boog in die wolk uit die samesmelting van sonskyn en stortbui ontstaan, so verteenwoordig die boog oor Gods troon die samesmelting van Sy genade en Sy geregtigheid. Aan die sondige, maar boetvaardige siel sê God: Lewe; "Ek het 'n losprys gevind." Job 33:24.

"Soos Ek gesweer het dat die waters van Noag nie meer oor die aarde sou gaan nie, so het Ek gesweer dat Ek nie op jou toornig sal wees of jou sal dreig nie. Want berge mag wyk en heuwels wankel, maar my goedertierenheid sal van jou nie wyk en my vredeverbond nie wankel nie, sê die Here, jou Ontfermer." Jesaja 54:9, 10.

### *Die Boodskap van die Sterre*

Ook die sterre het 'n boodskap van bemoediging vir elke mens. In daardie ure wat maar almal se lot is, wanneer die hart flou en versoeking hewig word; wanneer struikelblokke onoorkoomlik lyk, die oogmerke van die lewe onbereikbaar, sy skone beloftes soos die appels van Sodom; waar kan sulke moed en standvastigheid dan gevind word soos in daardie les wat God ons beveel het om te leer van die sterre op hul onverstoorde baan?

"Slaan julle oë op in die hoogte en kyk! Wie het hierdie dinge geskape? Hy laat hulle leërskare uittrek volgens getal, Hy roep hulle almal by die naam, vanweë die grootheid van kragte en omdat Hy sterk van vermoë is; daar word nie een gemis nie. Waarom sê jy dan, o Jakob en spreek jy, o Israel: My weg is vir die Here verborge en



- 116 -

my reg gaan by my God verby? Weet jy dit nie? Of het jy dit uitgehoor nie? 'n Ewige God is die Here, Skepper van die eindes van die aarde; Hy word nie moeg of mat nie; daar is geen deurgronding van sy verstand nie. Hy gee die vermoeide krag en vermenigvuldig sterkte vir die wat geen kragte het nie." "Wees nie bevrees nie, want Ek is met jou; kyk nie angstig rond nie, want Ek is jou God; Ek versterk jou, ook help Ek jou, ook ondersteun Ek jou met my reddende regterhand." "Want Ek, die Here jou God, gryp jou regterhand aan, Ek wat vir jou sê: Wees nie bevrees nie, Ek help jou." Jesaja 40:26-29; 41:10, 13.

Die palmboom, wat deur die skroeiende son en die felle sandstorm gestriem word, staan groen en welig en vrugbelaai midde-in die woestyn. Sy wortels word deur lewende fonteine gevoed. Sy lowerkroon is van ver af sigbaar oor die uitgedroogde, verlate vlakte; en die reisiger, op die punt om te beswyk, spoor sy wankele skrede aan na die koel skadu en die lewegewende water.

Die boom in die woestyn is 'n simbool van wat God wil hê die lewe van Sy kinders in hierdie wêreld moet wees. Hulle moet vermoeide siele, vol onrus en op die punt om in die woestyn van sonde te vergaan, na die lewende water lei. Hulle moet hul medemens wys op Hom wat die uitnodiging rig: "As iemand dors het, laat hom na My toe kom en drink!. Johannes 7:37.

Die wye, diep rivier wat 'n waterweg vir die verkeer en reise van die volke bied, word as 'n wêreldwye voordeel op prys gestel; maar wat van die klein spruitjies wat hierdie edele stroom help vorm? As dit nie vir hulle was nie, sou die rivier verdwyn. Van hulle is sy bestaan afhanklik. So word mense wat geroep word om in die een of ander groot werk leiding te gee, vereer asof sukses net aan hulle te

- 117 -

danke is; maar daardie sukses het die getroue samewerking van byna tallose nederige werkers vereis - werkers van wie die wêreld niks weet nie. Take sonder lofspraak, arbeid sonder erkenning, is die lot van die meeste van die wêreld se arbeiders. En met so 'n lot is baie uiters ontevrede. Hulle voel dat die lewe 'n verkwisting is. Maar die klein waterlopie wat geruisloos sy weg deur bos en weiveld vind en welstand, vrugbaarheid en skoonheid meebring, is op sy eie manier net so nuttig soos die breë rivier. En deur tot die rivier se lewe by te dra, help dit om iets te verwesenlik wat dit alleen nooit sou kon regkry nie.

Dié les word deur baie benodig. Talent word te veel verafgod en stand te veel begeer. Daar is te veel wat niks sal doen tensy hulle as leiers erken word

nie; te veel wat lof moet ontvang, of hulle stel nie daarin belang om te werk nie. Wat ons nodig het om te leer, is getrouheid om die uiterste gebruik te maak van die vermoëns en geleenthede wat ons het en tevredenheid met die lot wat die Hemel aan ons toegesê het.

### *'n Les van Vertrone*

"Maar vra tog vir die diere, dat hulle jou leer; en die voëls van die hemel, dat hulle jou te kenne gee ... en laat die visse van die see jou vertel." "Gaan na die mier, luiaard, kyk na sy weë." "Kyk na die voëls." " Kyk na die kraaie." Job 12:7, 8; Spreuke 6:6; Matthéüs 6:26; Lukas 12:24.

Ons moet nie aan die kind net van hierdie geskape wesens van God vertel nie. Die diere self moet sy onderwysers wees. Die miere leer lesse van geduldige vlyt, van deursettingsvermoë om struikelblokke te oorkom, van voorsorg vir die toekoms. En die voëls is leermeesters van die soete les van vertroue. Ons hemelse Vader sorg vir hulle;

- 118 -

maar hulle moet die kos insamel, hulle moet hul neste bou en hul kleintjies grootmaak. Elke oomblik is hulle blootgestel aan vyande wat probeer om hulle te vernietig. En tog hoe blymoedig doen hulle hul werk! hoe vreugdevol is hulle liedjies nie!

Hoe pragtig is die psalmdigter se beskrywing van Gods sorg vir die voëls en diere van die woud -

*"Die hoë berge is vir die steenbokke,*
*die rotse is 'n skuilplek vir die dasse," Psalm 104: 18,*

Hy stuur die fonteine om tussen die rantjes deur te loop, waar die voëls hul woonplek het en "tussen die takke uit" hul stem laat hoor. Psalm 104:12. Al die diere van die bosse en heuwels is 'n deel van Sy groot gesin. Hy maak Sy "hand oop en versadig alles wat lewe met welbehae," Psalm 145:16.

Die arend van die Alpe word somtyds deur die storm wind in die smal bergengtes ingedryf. Stormwolke sluit hierdie magtige bosvoël in en hul donker massa skei haar van die songedrenkte hoogtes waar sy haar tuiste gemaak het Haar pogings om te ontsnap, lyk vrugteloos. Sy skiet heen en weer, klap in die lug met haar kragtige vlerke en wek die weerklank van die berge met haar geroep. Uiteindelik, met 'n triomfkreet, skiet sy opwaarts, dring deur die wolke en daar is sy weer in die helder sonlig met die duisternis en storm ver benede. So is ons miskien deur moeilikhede, ontmoediging en duisternis omring. Valsheid, rampspoed, onreg sluit ons in. Daar is wolke wat ons nie kan verdryf nie. Ons stry tevergeefs teen omstandighede. Daar is een en net



een, uitvlug. Die miswolke en newels kleef aandie aarde; bokant die wolke skyn Gods lig. Tot in die sonlig

- 119 -

van Sy teenwoordigheid kan ons styg, op die wieke van geloof.

Menigvuldig is die lesse wat so geleer kan word. Selfstandigheid, van die boom wat alleen op die vlakte of die berghang groei en sy wortels diep in die aarde laat indring en met sy stoere krag die storm trotseer. Die mag van vroeë invloed, van die knoetserige, vormlose stam, wat as jong boompie gebuig is en waaraan geen aardse mag later sy verlore simmetrie kan herstel nie. Die geheim van 'n heilige lewe, van die waterlelie, wat op die boesem van die een of ander slymerige poel, deur onkruid en vullis omring, sy buisvormige stam laat afskiet na die suiwer sand benede en, deur daaruit sy lewe te put, sy geurige bloeisels in vlekkelose skoonheid na die lig verhef.

Terwyl die kinders en jongmense 'n feitekennis van onderwysers en uit handboeke verkry, laat hulle so leer om self lesse af te lei en waarheid te bespeur. Ondervra hulle, tydens hul tuinbou, oor wat hulle uit die versorging van hul plante leer. Terwyl hulle 'n lieflike landskap aanskou, vra hulle waarom God die veld en woude met sulke pragtige en afwisselende tinte geklee het. Waarom is dit nie alles 'n somber bruin gekleur nie? Wanneer hulle die blomme pluk, lei hul om te dink waarom Hy vir ons hierdie swerwelinge uit Eden gespaar het. Leer hulle om die bewyse, orals duidelik in die natuur, op te merk van Gods bedagsaamheid jeens ons, die wonderlike aanpassing van alle dinge by ons behoefte en geluk.

Dit is net hy wat in die natuur sy Vader se handewerk erken, wat in die rykdom en skoonheid van die aarde die Vader se handskrif lees - net hy leer uit die natuurdinge

- 120 -

hul diepste lesse en ontvang hul hoogste diens. Net hy wat dit as 'n uitdrukking van Gods gedagte aanskou, 'n openbaring van die Skepper, kan ten volle die betekenis van berg en dal, rivier en see, begryp.

Baie illustrasies uit die natuur word deur die Bybelskrywers gebruik en namate ons die verskynsels van die natuurlike wêreld opmerk, sal ons, onder die leiding van die Heilige Gees, daartoe in staat wees om meer volkome die lesse van Gods Woord te begryp. Dit is op dié wyse dat die natuur 'n sleutel word tot die skathuis van die Woord.

Kinders moet aangemoedig word om in die natuur die dinge na te speur wat Bybelleerstellings illustreer en om in die Bybel die vergelykings na te gaan wat uit die natuur geput is. Hulle moet, in die natuur sowel as in die

Heilige Skrif, elke ding opspoor wat Christus voorstel en ook die wat Hy aangewend het om waarheid toe te lig. Sodoende kan hulle leer om Hom in boom en druiwestok, in lelie en roos, in son en ster, te sien. Hulle kan leer om Sy stem indie voëlsang, in boomgeruis, in die bulderende donder en seemusiek te hoor. En elke voorwerp in die natuur sal aan hulle Sy kosbare lesse oorvertel.

Vir diegene wat Christus so leer ken, sal die aarde nooit meer 'n eensame en verlate plek wees nie. Dit sal hul Vader se huis wees, gevul met die teenwoordigheid van Hom wat eenmaal onder die mense gewoon het.



# DIE BYBEL AS OPVOEDER

*"Mag dit jou lei as jy wandel,oot' jou wag hou as jy slaap en jou toespreek as jy wakker word."*

# Verstandelike en Geestelike Kultuur

***"EN DEUR KENNIS WORD DIE KAMERS GEVUL MET ALLERHANDE KOSBARE EN LIEFLIKE GOED."***

- 123 -

VIR die verstand en die siel, sowel as vir die liggaam, is dit Gods wet dat krag deur inspanning verkry word. Dit is oefening wat ontwikkel. In ooreenstemming met hierdie wet het God in Sy Woord die middele vir verstandelike en geestelike ontwikkeling voorsien.

Die Bybel bevat al die beginsels wat mense hoef te verstaan om vir of hierdie lewe of die komende lewe toegerus te word. En hierdie beginsels kan deur almal verstaan word. Geeneen met 'n gesindheid om die Bybel se leer te waardeer, kan 'n enkele skrifgedeelte lees sonder om die een of ander kosbare gedagte daaruit te put nie. Maar die kosbaarste lesse van die Bybel word nie deur 'n toevallige of onsamehangende studie verkry nie. Die groot waarheidstelsel daarvan word nie so uiteengesit dat dit deur die haastige of onverskillige leser uitgemaak kan word nie. Baie van sy skatte lê diep onder die oppervlakte en kan net deur ywerige navorsing en volgehoue inspanning verkry word. Die waarhede wat tesame die groot geheel vorm, moet opgespoor en bymekaargemaak word, "hier 'n bietjie, daar 'n bietjie." Jesaja 28:10.

Wanneer dit so nagespeur en saamgevoeg word, sal daar bevind word dat dit volmaak inmekaar pas. Elke Evangelie is 'n aanvulling van die ander, elke profesie 'n verduideliking van 'n ander een, elke waarheid 'n ontwik-

- 124 -

keling van 'n ander waarheid. Die sinnebeelde van die Joodse stelsel word deur die evangelie duidelik gemaak. Elke beginsel in die Woord van God het sy plek, elke feit sy strekking. En die volledige struktuur getuig, deur sy ontwerp en uitvoering, van sy Outeur. So 'n struktuur kon geen verstand behalwe die van die Oneindige bedink of gevorm het nie.

Deur die verskillende dele na te speur en hul verband te bestudeer, word die hoogste gawes van die menslike verstand tot intense aktiwiteit aangespoor. Geeneen kan so 'n studie onderneem sonder om verstandelike krag te ontwikkel nie.

En die verstandelike waarde van Bybelstudie bestaan nie net daarin om waarheid na te speur en saam te stel nie. Dit bestaan ook in die inspanning wat vereis word om die voorgestelde onderwerpe te snap. Die verstand wat

net met alledaagse sake besig is, word verdwerg en verswak. As dit nooit ingespan word om groot en verreikende waarhede te begryp nie, raak dit na verloop van tyd sy groeikrag kwyt. As beskerming teen dié ontaarding en 'n prikker tot ontwikkeling, kan niks die studie van Gods Woord ewenaar nie. As middel tot intellektuele opleiding, is die Bybel doeltreffender as enige ander boek, of alle ander boeke saam. Die grootsheid van sy temas, die waardige eenvoud van sy uitsprake, die prag van sy beeldspraak verlewendig en verhef die gedagtes soos niks anders dit kan doen nie. Geen ander studie kan so 'n verstandelike krag toebedeel as die inspanning om die ontsaglike waarhede van die openbaring aan te gryp nie. Die verstand wat sodoende met die gedagtes van die Ewige in aanraking gebring word, kan nie anders as om te gedy en sterk te word nie.

En selfs groter is die mag van die Bybel, in die, ontwikkeling van die geestelike natuur. Die mens, vir gemeenskap met God geskape, kan net in sodanige gemeenskap sy ware

- 125 -

lewe en ontwikkeling aantref. Omdat hy geskape isom in God sy mees verhewe vreugde te vind, kan hy in niks anders dit vind wat die verlangens van die hart kan stil, wat die honger en dors van die siel kan bevredig nie. Hy wat met 'n opregte en geseglike gees Gods Woord bestudeer en trag om die waarhede daarvan te begryp, sal met die Outeur in aanraking gebring word; en daar is, behalwe deur sy eie keuse, geen perke aan sy ontwikkelingsmoontlikhede nie.

Binne sy breë bestek van styl en onderwerpe, het die Bybel iets om elke verstand te interesseer en tot elke hart te spreek. Op sy bladsye word die heel oudste geskiedenis aangetref; die lewensgetrouste biografie; regeringsbeginsels vir die beheer van die staat; vir die regulering van die huisgesin - beginsels wat die menslike wysheid nog nooit geëwenaar het nie. Dit bevat die diepsinnigste wysbegeerte, die soetste en verhewenste, die vurigste en hartroerendste poësie. Onvergelyklik meerderwaardig teenoor die voortbrengsels van enige menslike outeur is die Bybelse geskrifte, selfs uit hierdie oogpunt gesien; maar van 'n oneindig omvattender draagwydte, van oneindig meer waarde is hulle wanneer hul in verhouding tot die grootse sentrale gedagte gesien word. In die lig van dié gedagte beskou, het elke onderwerp 'n nuwe betekenis. Betrokke by die waarhede wat op die eenvoudigste wyse gestel word, is beginsels wat so hoog soos die hemel is en die ewigheid omvat.

Die sentrale tema van die Bybel, die tema waarom elke ander een in die hele boek saam tros, is die verlossingsplan, die herstel in die menslike siel van die beeld van God. Vanaf die eerste aanduiding van hoop in die vonnis wat te Eden uitgespreek is, tot daardie laaste heerlike belofte van Openbaring: "En hulle sal sy aangesig sien, en sy Naam sal op hulle voorhoofde wees" (Openbaring 22:4), is die strekking van elke boek en elke skrifgedeelte die ontplooiing van hierdie wonderbare tema - die mens se opheffing -



- 126 -

die mag van God, "wat ons die oorwinning gee deur onse Here Jesus Christus." 1 Korinthiërs 15:57.

Hy wat hierdie gedagte begryp, het 'n oneindige studieveld voor hom. Hy het die sleutel wat vir hom die hele skatkamer van Gods Woord sal oopsluit.

Die wetenskap van verlossing is die wetenskap van alle wetenskappe; die wetenskap wat die studie van die engele en al die wesens van die ongevalle wêrelde is; die wetenskap wat die aandag van onse Here en Heiland in beslag neem; die wetenskap wat ingaan op die voorneme wat in die verstand van die Oneindige bepeins is - "die verborgenheid wat eeue lank verswyg is" (Romeine 16:25); die wetenskap wat deur eindelose eeue die studie van Gods verlostes sal wees. Dit is die mees verhewe studie waarmee die mens hom moontlik kan besig hou. Soos geen ander studie dit kan doen nie, verlewendig dit die verstand en verhef die siel.

"Maar die voordeel van kennis is: die wysheid hou die besitter daarvan in die lewe." "Die woorde wat Ek tot julle spreek," het Jesus gesê, "is gees en is lewe." "Dit is die ewige lewe, dat hulle U ken, die enige waaragtige God en Jesus Christus wat U gestuur het." Prediker 7:12; Johannes 6:63; 17:3.

Die skeppende energie wat die wêrelde tot stand gebring het, is in die woord van God. Hierdie woord verleen krag; dit verwek lewe. Elke bevel is 'n belofte; as dit deur die wil aangeneem, in die siel ontvang word, bring dit die lewe van die Oneindige daarmee saam. Dit transformeer die natuur en herskep die siel na die beeld van God.

Die lewe wat so toebedeel word, word op dergelike wyse in stand gehou. "Van elke woord wat deur die mond van God uitgaan" (Matthéüs 4:4) sal die mens lewe.

Die verstand, die siel, word opgebou deur die dinge waarop dit teer; en dit berus by ons om te beslis waarmee

- 127 -

dit gevoed sal word. Dit lê in die mag van elkeen om die onderwerpe te kies wat die denke in beslag sal neem en die karakter sal vorm. Van elke mens wat met toegang tot die Skrifte bevoorreg is, sê God: "Ek het hom tienduisende

leringe van my wet voorgeskrywe." "Roep My aan en Ek sal jou antwoord en jou bekend maak groot en ondeurgrondelike dinge wat jy nie weet nie." Hosea 8:12; Jeremia 33:3.

Met die Woord van God in sy hande, kan elke mens, waar sy lewenslot hom ook al mag bring, die soort geselskap hê wat hy sal kies. Op sy bladsye kan hy in die geselskap van die edelste en beste uit die menslike geslag verkeer en na die stem van die Ewige luister soos Hy met die mense praat. Soos hy die onderwerpe "waarin die engele begerig is om in te sien" (1 Petrus 1:12), bestudeer en oorpeins, kan hy hulle geselskap geniet. Hy kan die voetstappe van die hemelse Leermeester volg en na Sy woorde luister soos toe Hy op berg en vlakte en by die see geleer het. Hy kan op hierdie aarde in die atmosfeer van die hemel leef en aan die wêreld se treurendes en beproefdes gedagtes van hoop en verlangens na heiligheid meedeel; terwyl hy self tot 'n steeds inniger gemeenskap met die Onsienlike kom; soos hy wat van ouds met God gewandel en al hoe nader aan die drumpel van die ewige wêreld gekom het, totdat die poorte oopswaai en hy daar sal binnegaan. Hy sal vind dat hy geen vreemdeling is nie. Die stemme wat hom sal begroet, is die stemme van die heiliges, wat, ongesien, op aarde sy metgeselle was - stemme wat hy hier leer onderskei en bemin het. Hy wat deur die Woord van God met die hemel in gemeenskap gelewe het, sal vind dat hy in die hemelse geselskap tuis voel.



# Die Wetenskap en die Bybel

***"WIE WEET NIE DEUR AL HIERDIE DINGE DAT DIE HAND VAN DIE HERE DIT GEMAAK HET NIE?"***

- 128 -

AANGESIEN die boek van die natuur en die openbaringsboek die stempel van dieselfde meesterbrein dra, kan dit nie anders as om in harmonie met mekaar te spreek nie. Deur verskillende metodes en in verskillende tale, getuig dit van dieselfde groot waarhede. Die wetenskap ontdek voortdurend nuwe wondere; maar uit sy navorsing lewer dit niks op wat, reg verstaan, met die Goddelike openbaring in stryd is nie. Die boek van die natuur en die geskrewe Woord werp lig op mekaar. Hulle maak ons met God bekend deur ons iets te leer van die wette waardeur Hy werk.

Gevolgtrekkinge wat verkeerdelik gemaak word uit feite wat indie natuur waargeneem is, het nietemin tot 'n sogenaamde konflik tussen die wetenskap en die openbaring aanleiding gegee; en in die poging om harmonie te herstel, is Skrifvertolkingsaangeneem wat Gods Woord ondermyn en die krag daarvan vernietig. Daar is gemeen dat die geologie die letterlike uitleg van die Mosaïese skeppingsverslag weerspreek. Miljoene jare; so word daar beweer, was nodig vir die ewolusie van die aarde uit die baaierd; en om die Bybel by hierdie sogenaamde openbaring van die we" tenskap aan te pas, word daar veronderstel dat die skeppingsdae ontsaglike lang, onbepaalde tydperke was, wat duisende of selfs miljoene jare beslaan het.

- 129 -

So 'n gevolgtrekking is heeltemal onvanpas. Die Bybelse rekord is in harmonie met homself en met die onderwysing van die natuur. Van die eerste dag wat vir die skeppingswerk aangewend is, staan die verslag opgeteken: "En dit was aand en dit was môre, die eerste dag." Genesis 1:5. En dieselfde word wesentlik van elk van die eerste ses dae in die skeppingsweek gesê. Elkeen van hierdie periodes, verklaar die Ingewing, was 'n dag wat uit 'n aand en 'n môre bestaan het, net soos elke ander dag sedert daardie tyd. Insake die skeppingswerk self, lui die Goddelike getuienis: "Hy het gespreek en dit was; Hy het gebied en dit staan," Psalm 33:9. Hoe lank sou die tyd wees wat vir die ewolusie van die aarde uit die baaierd vereis word, by Hom wat op dié wyse ontelbare wêrelde tot stand kon roep? Moet ons, om van Sy werke verslag te gee, Sy Woord geweld aandoen?

Dit is waar dat oorblyfsels wat in die aarde gevind is, getuig van die bestaan van veel groter mense, diere en plante as enige wat tans bekend is. Hierdie dinge word beskou as 'n bewys vir die bestaan van plant - en dierelewe voor die tyd van die Mosaïese verslag. Maar van hierdie dinge voorsien die Bybelse geskiedenis 'n genoegsame verduideliking. Voor die sondvloed was die ontwikkeling van plante - en dierelewe oneindig voortrefliker as wat sedertdien bekend is. Tydens die sondvloed is die oppervlakte van die aarde opgebreek, aansienlike veranderings het plaasgevind en toe die aardkors weer gevorm het, is baie bewyse bewaar van die lewe wat voorheen bestaan het. Die ontsaglike woude, wat tydens die sondvloed onder die aarde begrawe is en sedertdien in steenkool verander het, vorm die omvangryke steenkoolvelde en lewer die voorrade olie wat vandag bydra tot ons gemak en gerief. Hierdie dinge is, namate hulle aan die lig gebring word, soveel getuies wat stom van die waarheid van Gods Woord getuig.

- 130 -

Verwant aan die teorie oor die ewolusie van die aarde is dié wat die ewolusie van die mens, die kroon van die skepping, aan 'n stygende lyn van kieme, molluske en viervoetige diere toeskryf.

As die mens se geleenthede vir navorsing in ag geneem word; hoe kortstondig sy lewe is; hoe begrens sy arbeidsveld; hoe ingeperk sy uitsig; hoe dikwels en hoe groot die foute in sy afleidings, veral met betrekking tot die gebeure wat glo die Bybelse geskiedenis sou voorafgegaan het; hoe dikwels die gewaande gevolgtrekkings van die wetenskap hersien of opsy gegooi word; hoe geredelik die veronderstelde tydperk van die aarde se ontwikkeling van tyd tot tyd met miljoene jare verleng of verkort word; en hoe die teorieë wat deur verskillende wetenskaplikes geopper word, teen mekaar indruis - sal ons, met die oog op al hierdie dinge, ter wille van die voorreg om ons herkoms uit kieme, molluske en ape af te lei, toestem om daardie verklaring van die Heilige Skrif, so groots in sy eenvoud, opsy te skuif: "God het die mens geskape na sy beeld; na die beeld van God het Hy hom geskape"? Genesis 1:27. Sal ons daardie stamregister verwerp - trotser as enige wat in die howe van konings soos 'n skat bewaar word - "die Seun van Adam, die seun van God"? Lukas 3:38.

Reg verstaan, is sowel die openbaringe van die wetenskap as die ondervinding van die lewe in harmonie met die getuienis van die Skrif oor die onophoudelike werking van God in die natuur.

In die lied wat deur Nehemia opgeteken is, het die Leviete gesing: "U is alleen die Here, U het die hemel, die hoogste hemel en al sy leërskare, gemaak,



die aarde en alles wat daarop is, die seë en alles wat daarin is en U hou dit alles in die lewe." Nehemia 9:6.

Wat hierdie aarde betref, verklaar die Skrif dat die skeppingswerk voltooi is. "Sy werke [is] van die grondlegging van die wêreld af volbring." Hebreërs 4:3. Maar

- 131 -

die mag van God word nog beoefen om die voorwerpe van Sy skepping in stand te hou. Dit is nie omdat die meganisme wat eenmaal aan die gang gesit is, deur sy eie inherente energie voortstu dat die pols klop en asemteug op asemteug volg nie. Elke asemhaling, elke polsslag van die hart, is 'n bewys van die sorg van Hom in wie ons lewe en beweeg en is. Vanaf die kleinste insek tot die mens, is elke lewende wese daagliks van Sy voorsienigheid afhanklik,

*"Hulle almal wag op U. ...*
*U gee dit aan hulle, hulle tel dit op;*
*U maak u hand oop, hulle word versadig met die goeie.*
*U verberg u aangesig, hulle word verskrik;*
*U neem hulle asem weg, hulle sterwe*
*en keer terug tot hul stof.*
*U stuur U Gees uit, hulle word geskape;*
*en U maak die gelaat van die aarde nuut."* *Psalm 104:27-30.*

*"Voor Hom wat die noorde uitspan oor die chaos,*
*wat die aarde ophang oor 'n niks;*
*wat die waters saambind in sy wolke*
*sonder dat die wolkgevaarte daaronder skeur. ...*
*Hy het 'n kring afgetrek oor die watervlakte*
*tot waar lig in duisternis eindig.*

*"Die pilare van die hemel wankel*
*en staan verstom weens sy dreiging.*
*Deur sy krag bring Hy die see in beroering. ...*
*Deur sy asem word die hemel helder;*
*sy hand het die vinnige slang deurboor.*
*Kyk, dit is maar die uitlopers van sy weë,*
*en wat 'n fluisterwoord hoor ons maar van Hom!*
*Wie sou dan die donder van sy magtige dade verstaan?"*
*Job 26:7-10; 26:11-14.*

*"Sy weg is in warrelwind en in storm,*
*en wolke is die stof van sy voete." Nahum 1:3.*

Die geweldige mag wat deur die ganse natuur werk en alle dinge in stand

hou, is nie, soos sommige wetenskaplikes beweer, bloot ’n allesdeurdringende beginsel, ’n aandry -

- 132 -

wende energie nie. God is Gees; tog is Hy ’n persoonlike wese, want die mens is na Sy beeld geskape. As persoonlike wese het God Hom in Sy Seun geopenbaar. Jesus, die afskynsel van die Vader se heerlikheid, “en die afdruksel van sy wese” (Hebreërs 1: 3 ), is op die aarde in gedaante gevind as ’n mens. As persoonlike Heiland het Hy na die wêreld gekom. As persoonlike Heiland het Hy in die hoogte opgevaar. As persoonlike Heiland tree Hy in die hemelse howe as Middelaar op. Namens ons, voor die troon van God, dien “Een ... soos die Seun van ’n mens.” Daniël 7:13.

Die apostel Paulus skryf deur die Heilige Gees en verklaar aangaande Christus: “Alle dinge is deur Hom en tot Hom geskape. En Hy is voor alle dinge en in Hom hou alle dinge stand.” Kolossense 1:16, 17. Die hand wat die wêrelde deur die ruimte dra, die hand wat alles dwarsdeur die heelal van God in ordelike rangskikking en onvermoeide aktiwiteit aan die gang hou, is die hand wat vir ons aan die kruis gespyker is.

Die grootheid van God is vir ons onbegryplik. “Die troon van die Here is in die hemel” (Psalm 11:4); tog is Hy deur Sy Gees orals teenwoordig. Hy het ’n intieme kennis van en ’n persoonlike belang by al die werke van Sy hand.

*“Wie is soos die Here onse God, wat hoog woon,*
*wat laag neersien, in die hemel en op die aarde?”*

*“Waar sou ek heengaan van u Gees*
*en waarheen vlug van u aangesig?*
*Klim ek op na die hemel, U is daar;*
*en maak ek die doderyk my bed, kyk, U is daar!*

*(Kyk ook Job 26:6)*

*“Neem ek die vleuels van die dageraad,*
*gaan ek by die uiteinde van die see woon,*
*ook daar sou u hand my lei*
*en u regterhand my vashou.” Psalms 113:5,6; 139:7-10.*

- 133 -

*“U ken my sit en my opstaan; U verstaan van ver my gedagte. U deurvors my gaan en my lê,*
*en U is met al my weë goed bekend. ... U sluit my in van agter en van voor,*
*en U lê u hand op my.*
*Om dit te begryp, is te wonderbaar vir my,*
*te hoog: ek kan daar nie by nie.” Psalm 139:2 - 6.*

Dit was die Maker van alle dinge wat die wonderlike aanpassing van middel by doel, van voorsiening by behoefte verordineer het. Dit was Hy wat in die stoflike wêreld bepaal het dat daar in elke ingeplante behoefte voorsien moet word. Dit is Hy wat die menslike siel geskep het, met sy vermoë om te ken en lief te hê. En Hy is nie in Sy wese sodanig dat Hy die vereistes van die siel onversadig sal laat nie. Geen ontasbare beginsel, geen onpersoonlike essensie of bloot abstrakte begrip kan die behoeftes en verlangens van mense in hierdie lewe van worsteling met die sonde en droefheid en pyn bevredig nie. Dit is nie voldoende om aan wet en mag te glo, aan dinge wat geen medelye het en nooit die hulpgeroep verhoor nie. Ons het ’n behoefte daaraan om te weet van ’n almagtige arm wat ons sal onderskraag, van ’n oneindige Vreemd wat vir ons jammer is. Ons het ’n behoefte daaraan om ’n hand te gryp wat warm is, om te vertrou op ’n hart vol teerheid. Dit is juis so dat God Hom in Sy Woord geopenbaar het.



Hy wat met sy studie die diepste in die verborgenhede van die natuur indring, sal sy eie onkunde en swakheid die deeglikste insien. Hy sal besef dat daar dieptes en hoogtes is wat hy nie kan bereik, geheime wat hy nie kan binnedring nie, uitgestrekte gebiede van waarheid wat onbetree voor hom lê. Hy sal bereid wees om saam met Newton te verklaar: “Dit kom vir my voor asof ek soos ’n kind op die seestrand was wat klippies en skulpe optel, terwyl die groot oseaan van waarheid onontdek voor my uitgestrek het.”

- 134 -

Die diepsinnigste studente van die wetenskap word genoop om die werking van ’n oneindige mag in die natuur te erken. Maar sonder hulp vir die mens se denke, kan die onderwysing van die natuur nie anders as teenstrydig en teleurstellend wees nie. Net in die lig van die openbaring kan dit reg gelees word. “Deur die geloof verstaan ons.” Hebreërs 11:3.

“In die begin ... God.” Genesis 1:1. Hier alleen kan die verstand met sy gretige vrae, wat vlug soos ’n duif na die ark, tot rus kom. Omhoog, benede, anderkant woon Oneindige Liefde, wat elke ding uitwerk om “alle welgevalle aan wat goed is,” te bereik. 2 Thessalonicense 1:11.

“Sy onsigbare dinge kan van die skepping van die wêreld af in sy werke verstaan en duidelik gesien word, naamlik sy ewige krag en goddelikheid.” Romeine 1:20. Maar die getuienis daarvan kan net met die hulp van die Goddelike Leermeester verstaan word. “Want wie van die mense weet wat in ’n mens is, behalwe die gees van die mens wat in hom is? So weet ook niemand wat in God is nie, behalwe die Gees van God.” 1 Korinthiërs 2:11.

“Wanneer Hy gekom het, die Gees van die waarheid, sal Hy julle in die hele waarheid lei.” Johannes 16:13. Net met die hulp van daardie Gees wat in die

begin "gesweef [het] op die waters," van daardie Woord deur wie "alle dinge ... ontstaan" het, van daardie "waaragtige lig wat elke mens verlig," kan die getuienis van die wetenskap reg vertolk word. Net deur hulle leiding kan sy diepste waarhede bespeur word.

Net onder die leiding van die Alwetende sal ons, in die studie van Sy werke, in staat gestel word om Sy gedagtes agter Hom aan te dink.



# Sakebeginsels en -Metodes

***"HY WAT IN OPREGTHEID WANDEL, WANDEL VEILIG."***

- 135 -

DAAR is geen vertakking van geoorloofde handelsake waarvoor die Bybel nie 'n essensiële voorbereiding bied nie. Sy beginsels van ywer, eerlikheid, spaarsin, matigheid en reinheid is die geheim van ware sukses. Hierdie beginsels, soos in die boek Spreuke uiteengesit is, vorm 'n skatkis van praktiese wysheid. Waar kan die handelaar, die ambagsman, die leier van mense in enige sakeafdeling beter stelreëls vir homself of vir sy werknemers vind as die wat in hierdie woorde van die wyse man aangetref word?:

"Sien jy 'n man wat vaardig is in sy werk - hy kan voor konings staan, hy hoef nie voor geringes te staan nie." Spreuke 22:29.

"In enige moeitevolle arbeid is voordeel, maar praatjies is net tot gebrek." Spreuke 14:23.

"Die siel van die luiaard begeer en daar is niks nie.""n Drinker en 'n vraat sal arm word en slaperigheid laat stukkende klere dra." Spreuke 13:4; 23:2l.

"Wie met kwaadsprekery omgaan, maak 'n geheim openbaar; laat jou dus nie in met een wat sy lippe laat oopstaan nie." Spreuke 20:19.

"Wie sy woorde inhou, besit kennis;" "maar elke sot breek los." Spreuke 17:27; 20:3.

- 136 -

"Kom nie op die pad van die goddelose ... nie;" "of kan iemand op gloeiende kole loop sonder dat sy voete brandwonde kry?" Spreuke 4:14; 6:28.

"Gaan met die wyse om, dan word jy wys." Spreuke 13:20.

"'n Man met baie vriende word geruïneer." Spreuke 18:24.

Die hele kringloop van ons verpligting teenoor mekaar word deur dié uitspraak van Christus omvat: "Alles wat julle dan wil hê dat die mense aan julle moet doen, net so moet julle aan hulle ook doen." Matthéüs 7:12.

Hoe menige man kon miskien geldelike mislukking en ondergang vermy het deur ag te slaan op die waarskuwings wat so dikwels in die Skrif herhaal en benadruk word:

"Hy wat haastig is om ryk te word, sal nie ongestraf bly nie." Spreuke 28:20.

"Goed wat uit niks verkry is, word minder; maar hy wat met die hand bymekaarmaak, kry altyd meer." Spreuke 13:11.

"Die verwerwing van skatte deur 'n valse tong is 'n verwaaide asem - dode-

like valstrikke." Spreuke 21:6.

"Hy wat leen, is 'n slaaf van die man wat uitleen." Spreuke 22:7.

"Baie sleg word iemand behandel as hy vir 'n ander borg gestaan het; maar hy wat haat wie die handslag gee, is veilig." Spreuke 11:15.

"Verlê die ou grenslyne nie en kom nie op die landerye van die wese nie. Want hulle Verlosser is sterk, Hy sal hulle saak teen jou verdedig." "Wie die arme verdruk, bevoordeel hom; hy wat aan die ryke gee, verarm hom net." "Wie 'n kuil grawe, sal daarin val; en hy wat 'n klip rol, dit sal na hom terugkom." Spreuke 23:10, 11; 22:16; 26:27.

- 137 -

Dit is beginsels waarmee die welsyn van die samelewing, van sowel sekulêre as godsdienstige genootskappe saamhang. Dit is dié beginsels wat aan eiendom en lewe sekuriteit verleen. Vir alles wat vertroue en samewerking moontlik maak, is die wêreld dank verskuldig aan die wet van God, soos dit in Sy Woord aangegee word en soms nog in die harte van mense geskrywe staan, in reëls wat dikwels onduidelik en byna uitgewis is.

Die woorde van die psalmdigter: "Die wet van u mond is vir my beter as duisende stukke goud en silwer" (Psalm 119:72), beweer wat waar is uit 'n oogpunt anders as die godsdienstige. Dit verklaar 'n absolute waarheid, wat ook in die sakewêreld erken word. Selfs in hierdie eeu behep met geldmakery, wanneer mededinging so skerp en die metodes so gewetenloos is, word daar nog algemeen erken dat, vir 'n jongman wat aan die begin van sy lewe staan, integriteit, ywer, matigheid, reinheid en spaarsin 'n beter kapitaal uitmaak as enige blote geldbedrag.

Maar selfs onder diegene wat die waarde van hierdie eienskappe hoogag en die Bybel as hulle bron erken, is daar maar min wat die beginsel insien waarvan dit afhanklik is.

Wat aan die fondament van sake-integriteit en van ware sukses lê, is die erkenning van Gods eiendomsreg. Die Skepper van alle dinge, Hy is die oorspronklike eienaar. Ons is Sy rentmeesters. Alles wat ons het, is 'n pand van Hom, om volgens Sy opdrag aan te wend.

Dit is 'n verpligting wat op elke mens rus. Dit raak die hele gebied van menslike werksaamheid. Of ons dit erken of nie, ons is rentmeesters, wat deur God met talente en vaardighede toebedeel en in die wêreld geplaas is, om 'n werk te doen wat deur Hom beskik is.

- 138 -

Vir elkeen is "sy werk" gegee (Markus 13:34), die werk waarvoor sy vermoëns hom toerus - die werk wat die grootste nut vir homself en sy medemens en die hoogste verheerliking van God, tot gevolg sal hê.



So is ons handelsaak of roeping 'n deel van Gods groot plan en solank dit ooreenkomstig Sy wil bedryf word, is Hy self vir die gevolge verantwoordelik. "Ons is medewerkers van God" (1 Korinthiërs 3:9) en ons deel die getroue nakoming van Sy bevele. Daar is dus geen plek vir bekommernis nie. Ywer, trou, versigtigheid, spaarsin en oorleg is nodig. Elke vermoë moet tot sy uiterste kapasiteit aangewend word. Maar dit sal afhang, nie van die suksesvolle uitslag van ons pogings nie, maar van die belofte van God. Die woord wat Israel in die woestyn gevoed en Elia deur die tyd van hongersnood onderhou het, besit vandag nog dieselfde mag. "Daarom moet julle jul nie kwel en sê: Wat salons eet, of wat salons drink ... nie? Maar soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid en al hierdie dinge sal vit julle bygevoeg word." Matthéüs 6:31-33.

Hy wat aan die mens die mag gee om rykdom te verwerf, het 'n verpligting aan die gawe verbind. Van alles wat ons verkry, eis Hy 'n spesifieke deel. Die tiende behoort aan die Here. "Ook al die tiendes van die land, van die graan van die land, van die vrugte van die bome, ... al die tiendes van beeste en kleinvee ... moet aan die Here heilig wees." Levitikus 27:30, 32. Die gelofte wat deur Jakob te Bet-el gedoen is, toon die omvang van die verpligting. "Van alles wat U my gee, sal ek aan U sekerlik die tiendes afstaan." Genesis 28:22.

"Bring die hele tiende na die skathuis" (Maleagi 3:10) is Gods bevel. Daar word geen beroep op dankbaarheid

- 139 -

of vrygewigheid gedoen nie. Dié is 'n saak van doodgewone eerlikheid. Die tiende behoort aan die Here; en Hy beveel ons om aan Hom terug te besorg wat Sy eie is.

"Verder word van die bedienaars vereis dat hulle getrou bevind moet word." 1 Korinthiërs 4:2. As eerlikheid 'n essensiële beginsel van die sakelewe is, moet ons nie ons verpligting teenoor God erken nie - die verpligting wat alle ander ten grondslag lê?

Ingevolge ons rentmeesterskap is ons onder 'n verpligting geplaas, nie net teenoor God nie, maar teenoor die mens. Aan die eindelose liefde van die Heiland is elke mens die gawes van die lewe verskuldig. Voedsel en kleding en 'n dak oor die hoof, liggaam en verstand en siel - alles is deur Sy bloed gekoop. En deur die verpligting van erkentlikheid en diens wat sodoende opgelê is, het Christus ons aan ons medemens verbind. Hy beveel ons: "Dien mekaar deur die liefde." Galasiërs 5:13. "Vir sover julle dit gedoen het. aan een van die geringstes van hierdie broeders van My, het julle dit aan My gedoen."

Mattheüs 25:40.

"Teenoor Grieke sowel as nie-Grieke," verklaar Paulus, "teenoor wyse sowel as onverstandige mense is ek 'n skuldenaar." Romeine 1:14. So is ons ook. Deur alles wat ons lewens bo andere geseën het, is ons 'n verpligting opgelê teenoor elke mens vir wie ons kan bevoordeel.

Hierdie waarhede geld nie meer vir die binnekamer as die kantoor nie. Die goedere wat ons hanteer, is nie ons eie nie en nooit kan hierdie feit met veiligheid uit die oog verloor word nie. Ons is net rentmeesters en van hoe ons, ons verpligtinge teenoor God en die mens nakom, hang sowel die voorspoed van ons medemens as ons eie lotsbestemming vir hierdie lewe en vir die komende lewe af.

"Daar is een wat ruim uitdeel en nog meer kry en een wat terughou meer as wat reg is, maar tot sy gebrek."

- 140 -

"Werp jou brood uit op die water, want ná verloop van baie dae sal jy dit vind." "Die siel wat seën, word versadig; en hy wat laaf, word self ook gelaaf." Spreuke 11:24; Prediker 11:1; Spreuke 11:25.

"Vermoei jou nie om ryk te word nie. ... Sou jy jou oë daarop laat afvlieg? Maar weg is dit! want skielik maak dit vir hom vlerke en vlieg soos die arend na die hemel toe!" Spreuke 23:4, 5.

"Gee en aan julle sal gegee word. 'n Goeie maat wat ingedruk en geskud en oorlopend is, sal hulle in jul skoot gee, want met dieselfde maat waarmee julle meet, sal weer vir julle gemeet word." Lukas 6:38.

"Vereer die Here uit jou goed en uit die eerstelinge van al jou inkomste; dan sal jou skure vol word van oorvloed en jou parskuipe oorloop van mos." Spreuke 3:9, 10.

"Bring die hele tiende na die skathuis, sodat daar spys in my huis kan wees; en beproef My tog hierin, sê die Here van die leërskare of Ek vir julle nie die vensters van die hemel sal oopmaak en op julle 'n oorvloedige seën sal uitstort nie. Ek sal ook die sprinkaan vir julle afweer, sodat hy die opbrings van julle grond nie sal verwoes nie; ook die wynstok op die land sal vir julle nie onvrugbaar wees nie. ... En al die nasies sal julle gelukkig prys, omdat julle die land van welbehae sal wees." Maleagi 3:10-12.

"As julle in my insettinge wandel en my gebooie hou en dit doen, sal Ek julle reëns gee op die regte tyd en die land sal sy opbrings gee en die bome van die veld sal hulle vrugte gee. En die dorstyd sal vir julle aanhou tot die druiwe-oes en die druiwe-oes sal aanhou tot die saaityd,

- 141 -



en julle sal jul brood volop eet en veilig in julle land woon ... sonder dat iemand julle skrikrnaak." Levitikus 26:3-6.

"Soek die reg, beteuel die verdrukker, doen reg aan die wees, verdedig die saak van die weduwee." "Welgeluksalig is hy wat ag gee op die arme; die Here sal hom red in die dag van onheil. Die Here sal hom bewaar en hom in die lewe hou; hy sal gelukkig gemaak word op die aarde, Ja, U kan hom nie oorgee aan die begeerte van sy vyande nie." "Wie hom ontferm oor die arme, leen aan die Here; en Hy sal hom sy weldaad vergelde." Jesaja 1:17; Psalm 41:2,3; Spreuke 19:17. .

Hy wat hierdie belegging maak, hoop 'n dubbele skat op. Behalwe wat hy, hoe verstandig hy dit ook al vermeerder het, uiteindelik sal moet agterlaat, gaar hy rykdom vir die ewigheid op - daardie karakterskat wat die kosbaarste besitting op aarde of in die hemel is.

### *Eerlike Handelsake*

"Die Here ken die dae van die opregtes en hulle erfdeel sal tot in ewigheid bly. Hulle sal nie beskaamd staan in die slegte tyd nie en in dae van hongersnood sal hulle versadig word." Psal11137:18, 19.

"Hy wat opreg wandel en geregtigheid doen en wat met sy hart die waarheid spreek ... al het hy gesweer tot sy skade, hy verander nie;" "hy wat ... gewin deur afpersinge versmaad, wat sy hande uitskud om geen omkoopgeskenkaan te gryp nie, ... en sy oë sluit om wat sleg is, nie te sien nie - hy sal op hoogtes woon, ... sy brood word hom gegee, sy water is gewis. Jou oë sal die Koning in sy skoonheid aanskou, dit sal 'n wyd uitgestrekte land sien," Psalm 15:2-4; Jesaja 33:15-17.

- 142 -

God skilder in Sy Woord 'n prentjie van 'n vooruitstrewende man - iemand wie se lewe in der waarheid 'n sukses was, 'n man wat sowel hemel as aarde met graagte vereer het. Van sy ondervindinge sê Job self:

*"Soos ek was in my herfsdae*
*toe die verborgenheid van God oor my tent was;*
*toe die Almagtige nog by my was,*
*my kinders rondom my. ...*
*Toe ek uitgegaan het na die poort, op na die stad toe,*
*op die markplein my sitplek reggemaak het,*
*het die seuns weggekruip as hulle my sien,*
*en grysaards het hulle opgerig en bly staan.*
*Vorste het hulle woorde ingehou*
*en die hand op hulle mond gelê.*

*Die stem van edeles is teruggehou. ...*

*"Want het 'n oor net gehoor, dan prys dit my gelukkig;*
*en het 'n oog net gesien, dan gee dit vir my getuienis,*
*Want ek hetdie ellendige gered wat om hulp geroep het,*
*en die wees en hom wat geen helper het nie.*

*"Die seën van hom wat klaar was om onder te gaan, het op my gekom;*
*en die hart van die weduwee het ek laat jubel.*
*Die geregtigheid was my kleed en ek sy kleed;*
*my reg was soos 'n mantel en 'n tulband.*
*Oë was ek vir die blinde,*
*en voete vir die lamme was ek.*
*'n Vader was ek vir die behoeftiges;*
*en dit; regsaak van hom wat ek nie geken het nie, het ek ondersoek. "*
*"Die vreemdeling het nie buitekant vernag nie;*
*my deure het ek oopgemaak na die pad toe!"*

*"Na my het hulle geluister vol verwagting ...*
*en hulle kon die lig van my gesig nie verdonker nie.*
*Het ek die weg na hulle toe gekies, dan sit ek as voorman*
*en woon soos 'n koning onder die skare,*
*soos een wat treuriges vertroos." .*

*Job 29:4-16; 31;32; 29:21-25.*

"Die seën van die Here - dit maak ryk en moeitevolle arbeid voeg daar niks by nie." Spreuke 10:22.

- 143 -

"Rykdom en eer is by my," verklaar die Wysheid, "duursame goed en geregtigheid." Spreuke 8:18.

Die Bybel toon ook die gevolg van 'n afwyking van gesonde beginsels. in ons handelwyse teenoor God sowel as teenoor mekaar. Aan diegene wat met Sy gawes toevertrou is, maar teenoor Sy aansprake onverskillig staan, sê God:

"Gee ag op wat julle wedervaar het: julle het baie gesaai, maar min ingebring; julle het geëet, maar nie tot versadiging nie; julle het gedrink, maar nie genoeg gekry nie; julle het jul geklee, maar nie warm geword nie; en wie hom vir loon verhuur, verhuur hom om dit in 'n stukkende beurs te steek. ... Julle het uitgesien na baie en kyk, dit het min geword; en julle het dit in die huis gebring, maar Ek het dit weggeblaas." "In dié tyd het iemand gekom by 'n koringmied van twintig maat en daar was maar tien; hy het gekom by



die parskuip om vyftig emmers te skep en daar was maar twintig." "Waarom? spreek die Here van die leërskare. Ter wille van my huis wat in puin lê." "Mag 'n mens God beroof? Want julle beroof My en julle sê: Waarin het ons U beroof? In die tiendes en die offergawe." "Daarom het die hemel bo julle dié dou ingehou en die aarde het sy opbrings teruggehou. Haggai 1:5-9;2:16; Maleagi 3:8; Haggai 1:10.

"Daarom, omdat julle die alm man vertrap, ... het julle huise van gekapte klippe gebou, maar julle sal nie daarin woon nie; julle het pragtige wingerde geplant, maar julle sal die wyn daarvan nie drink nie." "Die Here sal teen jou stuur die vervloeking, die verwarringen die bedreiging in alles waar jy jou hand aan slaan." "Jou seuns en jou dogters word aan 'n ander ... gegee, terwyl jou oë dit sien en die hele dag na hulle smag sonder dat jy daar iets aan kan doen." Amos 5:11; Deuteronomium 28:20,32.

"'n Voël wat eiers uitbroei sonder dat hy dit gelê het, is hy wat rykdom verwerf maar nie eerlik nie; in die helfte van sy dae moet hy dit laat agterbly en in sy einde sal hy 'n dwaas wees." Jeremia 17:11.

- 144 -

Die rekenings van elke sakeonderneming, die besonderhede van elke transaksie word noukeurig nagegaan deur ongesiene ouditeurs, verteenwoordigers van Hom wat nooit met onbillikheid 'n kompromis aangaan, nooit die euwel oor die hoof sien, nooit die kwaad verontskuldig nie.

"As jy verdrukking van die arme en berowing van reg en geregtigheid sien ... - verwonder jou nie oor die saak nie, want 'n hoër een loer op die hoë." "Daar is geen duisternis en daar is geen diepe donkerheid waarin die werkers van ongeregtigheid hulle kan wegsteek nie." Prediker 5:7; Job 34:22.

"Hulle stel hul mond teen die hemel en ... sê: Hoe sou God dit weet en sou daar kennis by die Allerhoogste wees?" "Hierdie dinge het jy gedoen," sê God, "en sou Ek swyg? Jy dink Ek is net soos jy! Ek gaan jou straf en jou dit ordelik voor oë stel." Psalm 73:9-11; 50:21.

"En ek het my oë weer opgeslaan en gekyk - daar was 'n vlieënde boekrol. ... Dit is die vloek wat uitgaan oor die ganse land; want ooreenkomstig daarmee sal al die diewe hiervandaan weggeruim word en ooreenkomstig daarmee sal al die meinediges hiervandaan weggeruim word. En laat dit uitgaan, spreek die Here van die leëskare en dit sal kom in die huis van die dief en in die huis van hom wat vals sweer by my Naam en dit sal binne - in sy huis vernag en dit verteer saam met sy balke en sy klippe." Sagaria 5:1-4.

Teen elke boosdoener spreek Gods wet 'n vervloeking uit. Hy kan miskien daardie stem verontagsaam, hy kan sy waarskuwing probeer smoor, maar te-

vergeefs. Dit agtervolg hom. Dit laat van hom hoor. Dit vernietig sy gemoedsrus. As daar nie ag op geslaan word nie, agtervolg dit hom tot by die graf. Dit getuig teen hom in die oordeel. Dit is 'n onuitbluslike vuur wat uiteindelik siel en liggaam verteer.

- 145 -

"Want wat sal dit 'n mens baat as hy die hele wêreld win en aan sy siel skade ly? Of wat sal 'n mens gee as losprys vir sy siel?" Markus 8:36, 37.

Dit is 'n vraag wat deur elke ouer, elke onderwyser en elke student - deur elke mens, jonk of oud - oorweeg moet word. Geen sakeonderneming of lewensplan kan gesond of volledig wees wat net die korte jare van hierdie teenswoordige lewe behels en vir die eindelose toekoms geen voorsiening maak nie. Laat die jeug geleer word om met die ewigheid rekening te hou. Laat hulle geleer word om die beginsels te kies en die besittings te soek wat blywend is - om vir hulle 'n skat bymekaar te maak "in die hemel wat onuitputlik is, waar geen dief by kom of mot verteer nie," om vir hulle vriende te maak "deur die onregverdige Mammon," sodat wanneer hulle die lewe verlaat, hulle hul "in die ewige tente" kan ontvang. Lukas 12:33; 16:9.

Almal wat dit doen, tref die beste moontlike voorbereiding vir die lewe in hierdie wêreld. Geen mens kan 'n skat in die hemel bymekaarmaak sonder om te bevind dat sy lewe op aarde daardeur verryk en veredel word nie.

"Die godsaligheid is nuttig vir alles, omdat dit die belofte van die teenwoordige en die toekomende lewe het." 1 Timótheüs 4:8.



# Bybelbiografieë

***"WAT DEUR DIE GELOOF KONINKRYKE OORWELDIG HET, GEREGTIGHEID UITGEOEFEN, BELOFTES VERKRY ... KRAG UIT SWAKHEID ONTVANG HET,"***

- 146 -

AS 'n opvoeder is daar geen deel van die Bybel wat van groter waarde as sy biografieë is nie. Hierdie lewensbeskrywings verskil van alle ander in dié opsig dat hulle absoluut lewensgetrou is; dit is onmoontlik vir enige beperkte verstand om, in alle dinge, die werking van 'n ander een reg te vertolk. Niemand behalwe Hy wat die hart lees, wat die geheime bronne van motief en handeling bespeur, kan met absolute waarheid die karakter skets of 'n getroue beeld van 'n menslike lewe gee nie. Net in Gods Woord word sodanige weergawe gevind.

Die Bybel leer geen waarheid duideliker as dat wat ons doen, die gevolg is van wat ons is nie. In 'n groot mate is die ondervindings van die lewe die vrug van ons eie denke en dade.

" 'n Vervloeking sonder oorsaak: dit kom nie uit nie." Spreuke 26:2.

"Sê van die regverdige dat dit met hom goed sal gaan. ... Wee die goddelose! Met hom gaan dit sleg; want wat sy hande gewerk het, sal hom aangedoen word." Jesaja 3:10, 11.

"Hoor, aarde! Kyk, Ek bring onheil oor hierdie volk, die vrug van hulle planne." Jeremia 6:19.

Verskriklik is hierdie waarheid en dit behoort deeglik ingeprent te word. Elke daad reageer op die dader. Daar bestaan geen mens wat nie in die euwels wat in sy lewe 'n vloek is, die vrug van sy eie aansaaiing kan herken nie. Maar selfs dan is ons nie sonder hoop nie.

- 147 -

Om die eersgeboortereg, wat reeds deur Gods belofte syne was, in die hande te kry, het Jakob hom aan bedrog skuldig gemaak en hy het die oes van sy broer se haat gemaai. Gedurende twintig jaar van ballingskap is hy self veronreg en beroof en is uiteindelik gedwing om na veiligheid te vlug; en hy het 'n tweede oes gemaai, toe die sondes van sy eie karakter in sy seuns sigbaar uitgespruit het - 'n alte ware prentjie van die vergeldings in die menslike lewe.

Maar God sê: "Want Ek sal nie vir ewig twis en nie vir altyd toornig wees nie, want die gees sou voor my aangesig versmag en die siele wat Ek self

gemaak het. Ek was toornig vanweë die ongeregtigheid van hulle hebsug en het hulle geslaan terwyl Ek My toornig verberg het; ewenwel het hulle afkerig voortgegaan op hulk eie weg. Ek het hulle weë gesien en Ek sal hulle genees; en Ek sal hulle lei en aan hulle weer vertroosting skenk, naamlik aan hulle treuriges. ... Vrede,vrede vir die wat ver en die wat naby is, sê die Here; en Ek sal hulle genees." Jesaja 57:16-19.

Jakob is nie in sy nood oorweldig nie. Hy het berou gehad en het probeer om die kwaad teenoor sy broer goed te maak. En toe hy vanweë die woede van Esau met die dood bedreig is, het hy hulp by God gesoek. "Ja, hy het met die Engel geworstel en die oorhand gekry, hy het geween en Hom gesmeek." "En hy het hom daar geseën." Hosea 12:5; Genesis 32:29. In die mag van Sy sterkte het hy wat vergewe is, opgestaan, nie meer die onderkruiper nie, maar 'n prins met God. Hy is nie net van sy veronregte broer verlos nie, maar ook van homself. Die bose mag in sy eie natuur is verbreek, sy karakter herskape.

By aandskemering was daar lig. Toe Jakob sy lewensgeskiedenis in oënskou neem, het hy die ouderskragende mag van God erken - "die God wat my as Herder my lewe lank gelei het tot vandag toe, die Engel wat my uit elke teëspoed verlos het." Genesis 48:15, 16.

- 148 -

Dieselfde ondervinding is indie geskiedenis van Jakob se seuns herhaal - sonde wat vergelding tot gevolg gehad het en berou wat die vrug van die geregtigheid tot die lewe dra.

God skaf nie Sy wette af nie. Hy werk nie in stryd daarmee nie. Hy kanselleer nie die werk van die sonde nie. Maar Hy herskep. Deur Sy genade bewerk die vloek 'n seën.

Onder die seuns van Jakob was Levi een van die wreedaardigstes en wraaksugtigstes, een van die twee met die grootste skuld aan die verraderlike moord van die Sigemiete. Levi se karaktertrekke, wat in sy afstammelinge weerspieël is, het vir hulle Gods dekreet op die hals gehaal: "Ek sal hulle verdeel in Jakob en hulle verstrooi in Israel." Genesis 49:7. Maar berou het hervorming bewerkstellig; en deur hul getrouheid aan God, te midde van die ander stamme se afvalligheid, is die vloek in die hoogste eerbewys omskep.

"Die Here [het] die stam van Levi afgesonder om die verbondsark van die Here te dra, om voor die aangesig van die Here in sy diens te staan en in sy Naam te seën." "My verbond met hom was die lewe en die vrede; en Ek het dié aan hom gegee tot vrees; en hy het My gevrees en vir my Naam gebewe. ... In vrede en opregtheid het hy met My gewandel en baie mense het hy van



ongeregtigheid teruggebring," Deuteronomium 10:8; Maleagi 2:5, 6.

As die aangewese bedienaars van die heiligdom het die Leviete geen grond as erfdeel ontvang nie; hulle het saam in stede gewoon wat vir hulle gebruik afgesonder is en hul onderhoud ontvang uit die tiendes en offergawes wat aan die diens van God toegewy is. Hulle was die leermeesters van die volk, gaste by al hul feeste en orals vereer as diensknegte en verteenwoordigers van God. Aan die hele nasie is die bevel gegee: "Neem jou in ag dat jy die Leviet

- 149 -

nie aan sy lot oorlaat so lank as jy in jou land lewe nie." "Daarom het Levi geen deel of erfenis saam met sy broers file; die Here is sy erfdeel." Deuteronomium 12:19; 10:9.

## *Deur Geloof tot Oorwinning*

Die waarheid: soos 'n mens "in sy siel bereken, so is hy" (Spreuke 23:7), vind 'n ander illustrasie in Israel se ondervinding. Op die grens van Kanaän het die spioene, terug van hul soektog deur die land, hul verslag gelewer. Die prag en vrugbaarheid van die land is uit die oog verloor vanweë die moeilikhede wat in die pad van sy oorname gestaan het. Die stede hemelhoog ommuur, die reusekrygers, die ysterstrydwaens, het hulle geloof afgeskrik. Die menigte het God buite rekening gelaat en hulle met die ongelowige spioene vereenselwig. "Ons kan nie teen die volk optrek nie, want hulle is sterker as ons." Numeri 13:31. Hulle woorde is bewaarheid. Hulle was nie in staat om op te trek nie en hulle het hul lewens in die woestyn verslyt.

Twee van die twaalf wat die land besigtig het, het egter anders geredeneer. "Ons kan dit sekerlik oorweldig" (Numeri 13:30), het hulle aangedring, omdat hulle Gods belofte hoër as die reuse, die ommuurde stede of strydwaens van yster geag het. Vir hulle is hul woord bewaarheid. Hoewel hulle saam met hul broeders die veertigjarige omswerwing meegemaak het, het Kaleb en Josua die beloofde land binnegegaan. Net so manmoedig as toe hy saam met die menigtes van die Here hul reis uit Egipte begin het, het Kaleb as sy erfdeel die vesting van die reuse aangevra en verkry. In die sterkte van God het hy die Kariaäniete verdryf. Die wingerde en olyfboorde wat sy voete bewandel het, het sy eiendom geword. Hoewel die lafaards en rebelle in die woestyn omgekom het, het die manne van geloof die druiwe van Eskol geëet.

- 150 -

Geen waarheid word deur die Bybel in 'n duideliker lig gestel as die gevaar van selfs een afwyking van die lig nie - gevaar vir sowel die oortreder as almal

vir wie sy invloed sal bereik. Voorbeeld het 'n wonderlike mag; en wanneer dit saam met die bose neigings van ons natuur trek, word dit byna onweerstaanbaar.

Die sterkste vesting van ondeug in ons wêreld is nie die verderflike lewe van die losbandige sondaar, of die ontaarde uitgeworpene nie; dit is daardie lewe wat andersins deugsaam, eerbaar en edel voorkom, maar waarin een sonde gekoester, aan een euwel toegegee word. Vir die siel wat heimlik met die een of ander reuseversoeking worstel, wat op die uiterste randjie van die afgrond weifel, is so 'n voorbeeld een van die kragtigste verleidings tot sonde. Hy wat verhewe opvattinge van die lewe en waarheid en eer het, maar nietemin moedswillig een voorskrif van Gods heilige wet oortree, het sy edele gawes verdraai om 'n lokmiddel tot sonde te word. Genie, talent, simpatie, selfs vrygewige en vriendelike dade, kan so die aas van Satan word om siele oor die afgrond van ondergang te lok.

Dit is waarom God so baie voorbeelde gegee het om die gevolge van selfs een verkeerde daad te toon. Vanaf die droewige verhaal van daardie een sonde wat "die dood indie wêreld ingebring het en al ons wee, met die verlies van Eden," tot by die verslag van hom wat die Here van die heerlikheid vir dertig silwerstukke verkoop het, wemel die Bybelse biografie van hierdie voorbeelde, wat as waarskuwende bakens opgerig is langs die afdraai paaie wat uit die pad van die lewe lei.

Dit hou ook 'n waarskuwing in om te let op die resultate wat gevolg het toe daar net een maal aan menslike swakheid of dwaling toegegee is, die vrugte van geloofs - verlies.

- 151 -

Deur een mislukking in sy geloof het Elia sy lewenswerk kortgeknip. Swaar was die las wat hy ten behoewe van Israel gedra het; getrou was sy waarskuwings teen die nasionale afgodery; en diep was sy besorgdheid terwyl hy gedurende drie en 'n half jaar van hongersnood vir die een of ander teken van berou op die uitkyk was en daarvoor gewag het. Alleen het hy op die berg Karmel vir God gestaan. Deur die mag van die geloof is die afgodery omvergewerp en die geseënde reën het van die stortbuie van seëninge getuig wat gewag het om op Israel uitgegiet te word, Toe, in sy vermoeienis en swakheid, het hy voor die dreigemente van Isebel op die vlug geslaan en alleen in die woestyn gebid dat hy mag sterwe. Sy geloof het te kort geskiet. Die werk waarmee hy begin het, sou hy nie voltooi nie. God het hom beveel om iemand anders in sy plek as profeet te salf.

Maar God het op Sy kneg se hartediens gelet. Elia sou nie moedeloos en eensaam in die woestyn sterf nie. Nie vir hom die afdaling na die graf nie, maar 'n hemel vaart saam met Gods engele na Sy heerlike teenwoordigheid.



Hierdie lewensverslae verklaar wat elke mens eendag sal begryp - dat sonde net skande en verlies kan bring; dat ongeloof mislukking beteken; maar dat Gods genade tot in die diepste dieptes reik; dat geloof die boetvaardige siel ophef om in die aanneming van die seuns van God te deel.

### *Die Dissipline van Lyding*

Almal wat in hierdie wêreld opregte diens vir God en mens verrig, ontvang 'n voorbereidende opleiding in die skool van leed. Hoe groter die verantwoordelikheid en hoe meer verhewe die diens, hoe feller is die beproewing en hoe strawwer die dissipline.

Bestudeer die ondervindings van Josef en van Moses,

- 152 -

van Daniël en Dawid. Vergelyk die vroeë geskiedenis van Dawid met die geskiedenis van Salomo en let op die gevolge.

In sy jongelingsjare het Dawid intiem met Saul omgegaan en sy verblyf aan die hof en sy verbintenis met die koning se huisgesin het hom insig gegee in die sorge en leed en verleenthede wat deur die glans en praal van koninklikheid verberg word, Hy het gesien hoe min menslike glorie werd is om vrede in die siel te bring. En dit was met verligting dat hy uit die koning se hof na die skaapkrale en die kuddes teruggekeer het.

Toe hy deur die jaloesie van Saul as 'n vlugteling die woestyn ingedryf is, het Dawid, van menslike hulp afgesny, swaarder op God geleun. Die onsekerheid en onrus van die woestynlewe, die onophoudelike gevaar daarvan, die noodsaak van herhaalde vlug, die karakter van die manne wat hulle daar by hom aangesluit het - "elkeen wat in benoudheid was en elkeen wat 'n skuldeiser gehad het en elkeen wat verbitterd was" (1 Samuel 22:2) - alles het 'n strenge selfdissipline des te nodiger gemaak. Hierdie ondervindings het die vermoë ontwikkel om met mense te werk, medelye met die verdruktes en haat vir onreg. Deur jare van wag en gevaar het Dawid geleer om in God sy troos, sy onderskraging, sy lewe te vind. Hy het geleer dat hy net deur Gods mag die troon sou kon bestyg; net in Sy wysheid sou hy verstandig kon regeer. Dit was deur opleiding in die skool van swaarkry en verdriet dat Dawid die lewensrekord kon agterlaat - hoewel dit later deur sy groot sonde geskend is - dat hy "aan sy hele volk reg en geregtigheid gedoen" het. 2 Samuel 8:15.

Die dissipline van Dawid se vroeë ondervinding het in Salomo s'n ontbreek.

In omstandighede, karakter en lewe was hy skynbaar bo alle andere begunstig. Edel in sy jeug,

- 153 -

edel in sy manlike jare, die beminde van sy God, het Salomo tot 'n bewind toegetree wat groot belofte van rykdom en eer ingehou het. Nasies het hulle verwonder oor die kennis en insig van die man aan wie God wysheid geskenk het. Maar die hooghartigheid van voorspoed het skeiding van God meegebring. Van die vreugde van Goddelike ge meenskap het Salomo hom afgewend om bevrediging in sinsgenot te vind. Van hierdie ervaring sê hy:

"Ek het groot werke onderneem: ek het vir my huise gebou, ek het vir my wingerde geplant. Ek het vir my tuine en parke aangelê. ... Ek het slawe en slavinne gekoop. ... Ek het vir my ook silwer en goud versamel en 'n eiendom van konings en provinsies; ek het vir my sangers en sangeresse verskaf en die genoeëns van die mensekinders: lieflinge in menigte. En ek het groot en altyd groter geword bo almal wat voor my in Jerusalem gewees het. ... En alles wat my oë begeer het, het ek hulle nie ontsê nie; my hart het ek van geen enkele vreugde teruggehou nie, want my hart het hom verheug vanweë al my moeitevolle arbeid. ... Toe het ek gekyk na al my werke wat my hande tot stand gebring het en al die moeitevolle arbeid wat ek verrig het - en kyk, dit was alles tevergeefs en 'n gejaag na wind en daar was geen voordeel onder die son nie. Daarna het ek my begewe om wysheid en onverstandigheid en dwaasheid in oënskou te neem, want wat sal die mens kan doen wat ná die koning kom? Wat lankal gedoen is!

"Daarom het ek die lewe gehaat. ... En ek het gehaat al my arbeid wat ek onder die son met moeite verrig het." Prediker 2:412, 17, 18.

Uit sy eie bittere ondervinding het Salomo geleer hoe leeg die lewe is wat sy hoogste welstand in aardse dinge soek. Hy het altare vir heidense gode opgerig, om net maar te leer hoe nutteloos hul belofte van sielerus is.

In sy latere jare, toe hy hom vermoeid en dorstig van

- 154 -

die wêreld se gebarste reënbakke afgewend het, het Salomo teruggekeer om weer by die fontein van die lewe te drink. Die geskiedenis van sy verkwiste jare, met hul waarskuwende lesse, het hy deur die Gees van inspirasie vir die nageslagte opgeteken. En so, hoewel die saad wat hy gesaai het as 'n bose oes deur sy volk gemaai is, was die lewenstaak van Salomo nie heeltemal tevergeefs nie. Uiteindelik het die dissipline van lyding vir hom die aangewese werk voltooi.

Maar, met so 'n daeraad, hoe heerlik kon sy lewensdag nie gewees het nie



as Salomo in sy jeug die les geleer het wat lyding in die lewens van andere toegebring het!

### *Die Beproewing van Job*

Vir diegene wat God liefhet, diegene wat "na Sy voorneme geroep is" (Romeine 8: 28) ,het Bybelse lewensbeskrywings nog 'n meer verhewe les om oor die bediening van smart te leer. "Julle is my getuies, spreek die Here en Ek is God" (Jesaja 43:12) - getuies dat Hy goed is en dat goedheid oppermagtig is. "Want ons het 'n skouspel gevierd vir die wêreld, vir die engele sowel as vir die mense." 1 Korinthiërs 4:9.

Onselfsugtigheid, die beginsel van Gods koninkryk, is die beginsel wat die Satan haat; hy ontken selfs die bestaan daarvan. Sedert die begin van die groot stryd trag hy om te bewys dat die spoorslag vir Gods optrede selfsugtig is en hy werk op dieselfde manier met almal wat God dien. Om die Satan se aanspraak te weerlê, is die werk van Christus en van almal wat Sy Naam dra.

Dit was om in Sy eie lewe 'n illustrasie van onselfsugtigheid te gee dat Jesus in die gedaante van 'n mens gekom het. En almal wat hierdie beginsel aanneem, moet Sy medewerkers wees om dit in die werklike lewe te demonstreer. Om wat reg is te kies omdat dit reg is; om vir die waarheid te staan al kos dit leed en opoffering - "dit is die

- 155 -

erfdeel van die knegte van die Here en hulle geregtigheid wat uit My is, spreek die Here." Jesaja 54:17.

Baie vroeg in die geskiedenis van die wêreld word die lewensverhaal al aangegee van iemand oor wie hierdie stryd van die Satan gevoer is.

Aangande Job, die patriarg van Us, was die getuienis van die Ondersoeker van harte: "Want daar is niemand op die aarde soos hy nie: 'n man vroom en opreg, Godvresend en wat afwyk van die kwaad."

Teen hierdie man het die Satan 'n smadelike beskuldiging ingebring: "Is dit verniet dat Job God vrees? Het U nie self hom en sy huis en alles wat hy het, aan alle kante rondom, beskut nie? ... Maar strek net u hand uit en tas alles aan wat hy het;" "tas sy gebeente en sy vlees aanwaarlik, hy sal U in u aangesig seën!"

Toe sê die Here aan die Satan: "Alles wat hy het, is in jou hand;" "Kyk, hy is in jou hand; spaar net sy lewe."

Met dié vergunning het die Satan al Job se besittings weggevee - kuddes en troppe, diensknegte en diensmeisies, seuns en dogters; en hy "het Job

met bose swere getref, van sy voetsool tot sy skedel." Job 1:8-12; 2:5-7.

Nog 'n verdere element van bitterheid is by sy beker gevoeg. Sy vriende, wat in teenspoed net die vergelding vir sonde kon sien, het sy gewonde en beswaarde siel met hul aanklagte van oortreding belaai.

Skynbaar deur hemel en aarde verlaat, terwyl hy tog aan sy geloof in God en sy bewustheid van integriteit vashou, het hy in angs en verwarring uitgeroep:

*"Ek walg van my lewe."*
*"Ag, as U maar in die doderyk wou wegsteek,*
*my wou verberg totdat u toorn bedaar het,*
*my 'n bepaalde tyd wou stel en dan aan my wou dink!"*

*Job 10: 1; 14: 13.*

- 156 -

*"As ek roep: Geweld! dan word ek nie verhoor nie;*
*ek roep om hulp maar daar is geen reg nie. ...*
*My eer het Hy van my afgetrek*
*en die kroon van my hoof weggeneem. ...*
*My broers het Hy ver van my verwyder,*
*en my bekendes het vir my heeltemal vreemd geword. ...*
*Die wat ek liefgehad het,*
*het hulle teen my gekeer. ...*
*Ontferm julle oor my, ontferm julle oor my, o my vriende,*
*want die hand van God het my getref!"*

*"Ag, as ek maar geweet het waar ek Hom kon vind,*
*maar kon kom tot by sy woning! ...*
*Kyk, ek gaan na die ooste en Hy is nie daar nie;*
*en na die weste, maar ek bemerk Hom nie.*
*As Hy in die noorde werk, aanskou ek Hom nie;*
*buig Hy af na die suide, dan sien ek Hom nie.*
*Want Hy weet hoe my wandel is;*
*as Hy my toets, sal ek soos goud te voorskyn kom."*
*"Kyk, al wil Hy my ombring - ek hoop op Hom."*

*"Maar ek, ek weet: My Verlosser leef;*
*en Hy sal as laaste oor die stof opstaan.*
*En nadat hulle so my vel afgeskeur het,*
*sal ek nogtans uit my vlees God aanskou;*
*Hom wat ék sal aanskou my ten goede,*
*en my oë - en geen vreemde nie - sal sien."*

*Job 19:7-21; 23:3-10; 13:15; 19:25-27.*

Ooreenkomstig sy geloof, so was dit vir Job. "As Hy my toets," het hy gesê, "sal ek soos goud te voorskyn kom." Job 23:10. So het dit dan ook gebeur. Deur sy geduldige volharding het hy sy eie karakter geregverdig en sodoende die karakter van Hom wie se verteenwoordiger hy was. "En die Here het die lot van Job verander ... en die Here het Job se besittings vermeerder tot dubbel soveel as voorheen. ... En die Here het die einde van Job meer geseën as sy begin." Job 42:10-12.



In die verslag van diegene wat deur selfverloëning tot deelgenootskap met die lyde van Christus toegetree het,

- 157 -

staan die name - een in die Ou Testament en een in die Nuwe - van Jonatan en van Johannes die Doper.

Jonatan, volgens geboorte erfgenaam van die troon, wat nogtans geweet het dat hy deur die Goddelike bevel verwerp is; vir sy mededinger die teerste en getrouste vriend, wat Dawid se lewe met groot gevaar vir sy eie beskerm het; standvastig aan sy vader se sy deur die donker dae van kwynende mag, om aan sy sy, uiteindelik te val - die naam Jonatan word in die hemel hoog geag; en op aarde is dit 'n getuienis van die bestaan en die mag van onbaatsugtige liefde.

Johannes die Doper het by sy verskyning as die Messias se voorloper, die volk in beroering gebring. Van plek tot plek is sy voetstappe deur ontsaglike mensemassas uit elke rang en stand gevolg. Maar toe die Een kom van wie hy getuig het, het alles verander. Die menigtes het Jesus gevolg en dit het geblyk dat Johannes se werk snel sy einde bereik. Tog het sy geloof nie gewankel nie. "Hy moet meer word," het hy gesê, "maar ek minder." Johannes 3:30.

Die tyd het verbygegaan en die koninkryk wat Johannes vol vertroue verwag het, is nie opgerig nie. In Herodes se kerker, van die lewegewende lug en woestynvryheid afgesny, het hy gewag en daarna uitgesien.

Daar was geen wapenvertoon; geen gevangenisdeure wat oopgeruk is nie; maar die genesing van die siekes, die verkondiging van die evangelie, die opheffing van die siele van mense, het van Christus se sending getuig.

Alleen in die kerker, toe hy sien waarheen sy pad, soos sy Meester s'n, lei, het Johannes die toevertroude pandgemeenskap met Christus in opoffering - aangeneem. Hemelse boodskappers het hom na sy graf vergesel. Die wesens van die heelal, gevallenes en ongevallenes, het sy handhawing van onselfsugtige diens aanskou.

En in al die geslagte wat sedertdien verbygegaan het,

- 158 -

is lydende siele deur die getuienis van Johannes se lewe onderskraag. In die kerker, op die skavot, in die vlamme, is manne en vroue deur eeue van duisternis versterk deur die herinnering aan hom van wie Christus verklaar het: “Onder die wat uit vroue gebore is, het daar nie een opgestaan wat groter ... is nie.” Matthéüs 11:11.

“En wat sal ek nog meer sê? Want die tyd sal my ontbreek as ek van Gideon, Barak en Simson en Jefta, Dawid en Samuel en die profete sou verhaal, wat deur die geloof koninkryke oorweldig het, geregtigheid uitgeoefen, beloftes verkry, bekke van leeus toegestop, die krag van vuur uitgeblus, die skerpte van die swaard ontvlug, krag uit swakheid ontvang het, dapper gewees het in die oorlog, leërs van vreemdes op die vlug gedryf het.

“Vroue het hulle dode deur opstanding teruggekry en ander is gefolter en wou geen bevryding aanneem nie, om ’n beter opstanding te kan verkry. Ander weer het die proef van bespottinge en géselinge deurstaan, ook van boeie en gevangenis. Hulle is gestenig, in stukke gesaag, versoek, deur die swaard vermoor. Hulle het rondgeloop in skaapvelle en in bokvelle; hulle het gebrek gely, hulle is verdruk, mishandel - die wêreld was hulle nie werd nie - hulle het in woestyne rondgedwaal en op berge en in spelonke en skeure in die grond.

“En alhoewel hulle almal deur die geloof getuienis ontvang het, het hulle die belofte nie verkry nie, omdat God iets beters oor ons beskik het, sodat hulle nie sonder ons volmaak sou word nie.” Hebreërs 11: 32-40.



# Poësie en Sang

***“U INSETTINGE WAS GESANGE VIR MY IN DIE HUIS VAN MY VREEMDELINGSKAP.”***

- 159 -

DIE vroegste sowel as die mees verhewe digwerke wat aan die mens bekend is, word in die Skrif gevind. Voordat die eerste van die wêreld se digters gesing het, het die herder. van Midian hierdie woorde van God aan Job neergeskryf - ongeëwenaar in hul majesteit, weergaloos onder die subliemste voortbrengsels van die menslike genie:

*“Waar was jy toe Ek die aarde gegrond het? ...*
*En wie het die see met deure afgesluit*
*toe dit uitgebreek ... het?*
*Toe Ek die wolk tot sy kleding gemaak het*
*en die donkerheid tot sy windsel.*
*Toe Ek my grens daarvoor uitgebreek*
*en grendel en deure gemaak het;*
*en gesê het: Tot hiertoe mag jy kom en nie verder nie;*
*en hier word ’n grens gestel vir jou trotse golwe.*

*“Het jy, so lank as jy lewe, die môre ontbied,*
*die dageraad sy plek aangewys? ...*

*“Het jy gekom tot by die bronne van die see?*
*En het jy rondgewandel in die binneste diepte van die wêreldvloed ?*
*Is die poorte van die dood vir jou ontbloot?*
*En het jy die poorte van die doodskaduwee gesien?*
*Omvat jou begrip die breedtes van die aarde?*
*Gee te kenne as jy dit alles weet.*

*“Waar is tog die weg na die woning van die lig?*
*En die duisternis - waar is tog sy plek? ...*

- 160 -

*“Het jy gekom by die skatkamers van die sneeu?*
*En het jy die skatkamers van die hael gesien? .*
*Waar is tog die weg na die plek waar die lig gedeel word,*
*die oostewind hom uitsprei oor die aarde?*
*Wie het ’n kanaal gesplyt vir die stortvloed*
*en ’n pad vir die onweerstraal,*
*om te laat reën op ’n land waar geen mens is nie,*
*op ’n woestyn waar niemand woon nie;*

*om woestheid en verwoesting te versadig*
*en op die groeiplek jong gras te laat uitspruit?*

*"Kan jy die bande van die Sewester knoop?*
*Of die toue van die Orion losmaak?*
*Kan jy die Diereriem uitbring op sy tyd?*
*En die Beer met sy kleintjies lei?" Job 38:4-27, 31, 32.*

Vir skoonheid van uitdrukking, lees ook die beskrywing van die lente, uit Hooglied:

*"Want kyk, die winter is verby,*
*die reëntyd is oor, dit het verbygegaan.*
*Die bloeisels word gesien in die land,*
*die sangtyd het aangebreek,*
*en die tortelduif laat sy stem hoor in ons land.*
*Die vyeboom laat sy voorvye uitswel,*
*en die wingerdstokke wat bloei,*
*versprei geur.*
*Staan op, my vriendin, my skone, kom dan tog!"*
*Hooglied 2:11-13.*

En geensins minderwaardig me is Bileam se onwillige profesie van seën aan Israel:

*"Uit Aram laat Balak my haal,*
*die koning van Moab - uit die berge van die Ooste:*
*Kom vervloek Jakob vir my,*
*en kom, verwens Israel.*
*Hoe sal ek vloek wie Gód nie vloek nie?*
*En hoe sal ek verwens vir wie die Here nie verwens nie?*
*Want van die top van die rotse af sien ek hom,*
*en van die heuwels af aanskou ek hom.*
*Kyk, 'n volk wat afgesonderd woon*
*en hom nie tot die nasies reken nie. ...*

**5**

- 161 -

*"Kyk, ek het ontvang om te seën;*
*en het Hy geseën, dan kan ek dit nie keer nie.*
*'n Mens aanskou geen ongeregtigheid in Jakob*
*en sien geen onheil in Israel nie.*
*Die Here sy God is met Hom,*
*en die gejubel tot eer van die Koning is by hom. ...*
*Want daar is geen towery teen Jakob*
*of waarsêery teen Israel nie.*



*Nou sal van Jakob en van Israel gesê word*
*wat God gedoen het."*

*"Die hoorder van die woorde van God spreek,*
*hy wat die gesigte van die Almagtige sien. ...*
*Hoe mooi is jou tente, o Jakob,*
*jou wonings, o Israel!*
*Soos dale met waterlope*
*wat hulle ver uitstrek, soos tuine by 'n rivier,*
*soos alewees wat die Here geplant het,*
*soos seders by die water.*

*"Die hoorder van die woorde van God spreek,*
*en hy wat die wetenskap van die Allerhoogste ken. ...*
*Ek sien hom, maar nie nou nie,*
*ek aanskou hom, maar nie naby nie:*
*'n ster kom te voorskyn uit Jakob,*
*en 'n septer kom uit Israel op. ...*
*En laat daar een uit Jakob heers."*
*Numeri 23:7-23; 24:4-6,16-19.*

Die melodie van lofuiting is die atmosfeer van die hemel; en wanneer hemel en aarde in aanraking kom, is daar musiek en sang - "danksegging en die klank van liedere." Jesaja 51:3.

Bokant die nuut geskape aarde, soos dit skoon en onbevlek onder die glimlag van God gelê het, het "die môresterre saam gejubel en al die seuns van God ,gejuig." Job 38:7. So het rnenseharte, in voeling met die hemel, met lofgesang op die goedheid van God gereageer. Baie gebeurtenisse in die menslike geskiedenis is aan sang verbonde.

**6**

- 162 -

Die oudste lied wat van menselippe in die Bybel opgeteken staan, was daardie heerlike lofuiting deur die menigtes van Israel by die Rooi See:

*"Ek wil sing tot eer van die Here, want Hy is hoog verhewe.*
*Die perd en sy ruiter het Hy in die see gewerp.*
*Die Here is my krag en my psalm,*
*en Hy het my tot heil geword.*
*Hy is my God, Hom sal ek roem;*
*die God van my vader, Hom sal ek verhef.*

*„o Here, u regterhand is verheerlik deur krag.*
*U regterhand, o Here, verpletter die vyand. ...*
*o Here, wie is soos U onder die gode?*
*Wie is soos U, verheerlik in heiligheid,*

*gedug in roemryke dade, een wat wonders doen?*

*"Die Here sal regeer vir ewig en altoos. ...*
*Sing tot eer van die Here, want Hy is hoog verhewe."*

*Exodus 15:1, 2, 6-11, 18-21.*

Groot was die seëninge wat deur mense in antwoord op hul lofliedere ontvang is. Die paar woorde wat 'n ondervinding uit Israel se woestynomswerwinge meedeel, hou 'n les in wat vir ons stof tot nadenke bied.

"En daarvandaan het hulle na Beër getrek. Dit is die put waarvan die Here aan Moses gesê het: Laat die volk bymekaarkom, dat Ek vir hulle water kan gee." Numeri 21:16. "Toe het Israel hierdie lied gesing:

*"Spring op, o put! Besing hom!*
*o Put wat die vorste gegrawe het,*
*wat die edeles van die volk gedelf het,*
*met die septer, met hulle stawe!"*

*Numeri 21:17, 18.*

Hoe dikwels word hierdie geskiedenis nie in die geestelike ondervinding herhaal nie! Hoe dikwels word die fonteine van berou en geloof, van hoop en liefde en vreugde, nie deur die woorde van gewyde sang ontsluit nie!

- 163 -

Dit was met lofliedere dat die leërmagte van Israel na die groot verlossing onder Josafat opgetrek het. Die tyding van dreigende oorlog het Josafat bereik. "Daar kom 'n groot menigte teen u," was die boodskap, "die kinders van Moab en die kinders van Amman," en saam met hulle andere. "Josafat [het] bevrees geword en sy aangesig daarop gerig om die Here te soek en hy het oor die hele Juda 'n vasdag uitgeroep. En Juda het byeengekom om van die Here hulp te soek; selfs uit al die stede van Juda het hulle gekom om die Here te soek." En waar Josafat in die tempelhof voor sy volk gestaan het, het hy sy siel in gebed uitgestort en op grond van Gods belofte gepleit, met 'n belydenis van Israel se hulpeloosheid. "Want in ons is geen krag teenoor hierdie groot menigte wat teen ons gekom het nie," het hy gesê; "en ons weet nie wat ons moet doen nie, maar ons oë is op U." 2 Kronieke 20:2, 1, 3,4, 12.

"Toe kom die Gees van die Here" op Jahasiël, 'n Leviet, "en hy het gesê: Luister, almal wat uit Juda is en inwoners van Jerusalem en u, koning Josafat! So sê die Here aan julle: Wees nie bevrees of verskrik vanweë hierdie groot menigte nie, want die stryd is nie julle saak nie, maar die saak van God. ... Julle hoef daarby nie te veg nie; staan gereed, bly staan en aanskou die redding van die Here. ... Vrees nie en wees nie verskrik nie; trek môre teen hulle uit en die Here sal met julle wees." 2 Kronieke 20:14-17.

"Daarop maak hulle die môre vroeg klaar en trek na die woestyn van Tekoa



uit." 2 Kronieke 20:20. Voor die leër uit het sangers gegaan en hul stemme in lof tot God verhef - en Hom vir die beloofde oorwinnig geprys.

Op die vierde dag daarna het die leër na Jerusalem teruggekeer, belaai met die buit van hul vyande, onderwyl hulle hul lof oor die behaalde oorwinning sing.

- 164 -

Deur sang het Dawid, te midde van die wedervaringe van sy wisselvallige lewe, met die hemel gemeenskap gehou. Hoe lieflik word sy ondervindings as herderseun in dié woorde weerspieël:

*"Die Here is my herder; niks sal my ontbreek nie.*
*Hy laat my neerlê in groen weivelde;*
*na waters waar rus is, lei Hy my heen. ...*
*Al gaan ek ook in 'n dal van doodskaduwee,*
*ek sal geen onheil vrees nie; want U is met my:*
*u stok en u staf dié vertroos my." Psalm 23:1-4.*

In sy manlike jare het hy, 'n vlugteling voor sy agtervolgers uit, sy toevlug tussen rotse en in spelonke van die woestyn gevind en geskrywe:

*„o God, U is my God, U soek ek;*
*my siel dors na U, my vlees smag na U,*
*in 'n dor en uitgedroogde land, sonder water. ...*
*Want U was 'n hulp vir my,*
*en in die skaduwee van u vleuels sal ek jubel."*

*"Wat buig jy jou neer, o my siel,*
*en wat is jy onrustig in my?*
*Hoop op God,*
*want ek sal Hom nog loof -*
*die verlossing van my aangesig*
*en my God!"*
*"Die Here is my lig en my heil:*
*vir wie sou ek vrees?*
*Die Here is die toevlug van my lewe:*
*vir wie sou ek vervaard wees?"*

*Psalms 63:2-8; 42:12; 27:1*

Dieselfde vertroue word geadem deur die woorde wat geskrywe is toe Dawid, 'n onttroonde en kroonlose koning, tydens die rebellie van Absalom uit Jerusalem gevlug het. Uitgeput deur smart en die vermoeienis van sy vlug, het hy saam met sy geselskap vir 'n paar uur van rus langs die Jordaan vertoef. Hy is gewek deur die oproep om onmiddellik te vlug. In die duisternis moes die diep en snel

- 165 -

vloeiende stroom deur daardie hele geselskap van manne, vroue en klein kindertjies oorgesteek word; want kort op hul hakke was die magte van die veraaier-seun.

In daardie uur van die donkerste beproewing het Dawid gesing:

*"Luid roep ek die Here aan,*
*en Hy verhoor my van sy heilige berg.*
*"Ek het gaan lê en aan die slaap mag raak;*
*ek het wakker geword, want die Here ondersteun my.*
*Ek sal nie vrees vir tienduisende van mense*
*wat rondom teen my gereed staan nie." Psalm 3:5-7.*

Na sy groot sonde, in die sielesmart van berou en selfveragting, het hy hom nog tot God as sy beste vriend gewend:

*"Wees my genadig, o God, na li goedertierenheid;*
*delg my oortredinge uit na die grootheid van u*
*barmhartigheid. ...*
*Ontsondig my met hisop, dat ek kan rein wees;*
*was my, dat ek witter kan wees as sneeu."*
*Psalm 51:3-9.*

In sy lang lewe het Dawid op aarde geen rusplek gevind nie. "Want ons is vreemdelinge en bywoners voor u aangesig," het hy gesê, "soos al ons vaders; ons dae op die aarde is soos 'n skaduwee en daar is geen verwagting nie." 1 Kronieke 29:15.

*"God is vir ons 'n toevlug en sterkte;"*
*as hulp in benoudhede is Hy in hoë mate beproef.*
*Daarom sal ons nie vrees nie, al waggel die aarde*
*en al wankel die berge weg in die hart van die see.*

*"Die stroompies van 'n rivier maak die Godstad bly,*
*die heiligste van die woninge van die Allerhoogste.*
*God is daar binne - in, dit sal nie wankel nie;*
*God sal dit help as die dag aanbreek. ...*
*Die Here van die leërskare is met ons; "*
*die God van Jakob is 'n rotsvesting vir ons."*

*"Hierdie God [is] onse God, vir ewig en altyd;*
*Hy salons lei tot die dood toe,"*
*Psalm 46:2,3,5-8; 48:15.*

- 166 -

Tydens Sy aardse lewe het Jesus versoeking met 'n lied tegemoetgegaan. Dikwels toe skerp, snydende woorde gespreek is, dikwels toe die atmosfeer



om Hom swaar was van droefgeestigheid, misnoeë, wantroue of benouende vrees, is Sy lied van geloof en heilige vreugde gehoor.

Op daardie laaste droewige aand van die Pasgamaal, toe Hy op die punt was om verraad en die dood tegemoet te gaan, het Hy Sy stem verhef en die psalm gesing:

*"Laat die Naam van die Here geprys word,*
*van nou af tot in ewigheid!*
*Van die opgang van die son tot by sy ondergang*
*moet die Naam van die Here geloof word!"*

*"Ek het lief, want die Here hoor my stem, my smekinge,*
*want Hy het sy oor tot my geneig;*
*daarom sal ek Hom in my dae aanroep.*

*"Bande van die dood het my omring,*
*en angste van die doderyk het my getref;*
*ek het benoudheid en kommer gevind.*
*Maar ek het die Naam van die Here aangeroep:*
*Ag, Here, red my siel.*
*Die Here is genadig en regverdig,*
*en onse God is 'n ontfermer.*

*"Die Here bewaar die eenvoudiges;*
*ek het swak geword, maar Hy het my gehelp.*
*My siel, keer terug tot jou rus;*
*want die Here het goed aan jou gedoen.*
*Want U het my siel gered van die dood,*
*my oog van trane, my voet van struikeling."*
*Psalms 113:2, 3; 116:1-8.*

Te midde van die donker wordende skaduwees van die aarde se laaste groot krisis, sal Gods lig die helderste skyn en die lied van hoop en vertroue sal op sy suiwerste en verhewenste gehoor word.

- 167 -

*"In dié dag sal hierdie lied gesing word in die land Juda:*
*'n Sterk stad het ons;*
*God stel heil tot mure en skanse.*
*Maak oop die poorte,*
*dat die regverdige nasie kan ingaan wat die trou bewaar!*
*U sal 'n standvastige gesindheid in volle vrede bewaar,*
*want hulle vertrou op U.*
*Vertrou op die Here vir ewig,*
*want in die Here Here is 'n ewige rots," Jesaja 26:1-4.*

"Die losgekoop tes van die Here sal teruggaan en na Sion kom met gejubel en ewige vreugde sal op hulle hoof wees; vreugde en blydskap sal hulle verkry, maar komme! en gesug vlug weg," Jesaja 35:10.

"En hulle sal kom en op die hoogte van Sion jubel en toestroom na die seëninge van die Here ...; en hulle siel sal wees soos 'n welbesproeide tuin en hulle sal verder nie meer kwyn nie." Jeremia 31:12.

### *Die Mag van Sang*

Die geskiedenis van die Bybel se liedere is vol aanduidings van die gebruike en voordele van musiek en sang. Musiek word dikwels verdraai om bose oogmerke te bereik en sodoende word dit een van die aanloklikste middele tot versoeking. Maar, reg aangewend, is dit 'n kosbare gawe van God, bedoel om die gedagtes op hoë en edel onderwerpe te vestig, om die siel te inspireer en te verhef.

Soos die kinders van Israel, onderwyl hulle deur die woestyn gereis het, hul pad met musiek en gewyde liedere opgevrolik het, beveel God Sy kinders vandag om hul pelgrimslewe te verbly. Daar is min doeltreffender middele om Sy woorde in die geheue vas te heg as om dit in sang te herhaal. En sulke sang het 'n wonderlike mag. Dit het

- 168 -

die mag om ruwe en onontwikkelde geaardhede tot bedaring te bring; die mag om gedagtes te wek en medelye wakker te maak, om eendragtige optrede te bevorder en die bedruktheid en voorgevoelens te verban wat die moed breek en inspanning verswak.

Dit is een van die doeltreffendste maniere om die hart met geestelike waarheid te beïndruk. Hoe dikwels roep die herinnering in die benoude en byna wanhopige siel die een of ander woord van God op - die lank vergete refrein van 'n lied uit die kinderjare - en versoekings verloor hulle krag, die lewe kry 'n nuwe betekenis en 'n nuwe doel en moed en vreugde word aan ander siele oorgedra!

Die waarde van sang as 'n middel tot opvoeding moet nooit uit die oog verloor word nie. Laat daar in die huis gesing word, liedere wat soet en rein is en daar sal minder woorde van afkeuring en meer van opgewektheid en hoop en vreugde wees. Laat daar op skool gesing word en die leerlinge sal nader aan God, aan hul onderwysers en aan mekaar getrek word.

As deel van godsdiens is sang net soveel 'n daad van aanbidding as wat gebed is. Menige lied is inderdaad 'n gebed. As die kind geleer word om dit te besef, sal hy meer nadink oor die betekenis van die woorde wat hy sing en



vir hulle mag ontvankliker wees.

Soos ons Heiland ons na die drumpel van die Oneindige lei, oorweldig deur die heerlikheid van God, kan ons begrip die onderwerpe van lof en danksegging verneem van die hemelse koor wat rondom die troon is; en soos die eggo van die engele se lied in ons aardse wonings wakker gemaak word, sal harte nader aan die hemelse sangers getrek word. Gemeenskap met die hemel besin op aarde. Ons leer reeds hier die grondtoon van sy lof.

# Verborgenhede van die Bybel

***"KAN JY DIE DIEPTES VAN GOD PEIL?***

- 169 -

GEEN beperkte verstand kan ten volle die karakter of die werke van die Oneindige begryp nie. Ons kan nie die dieptes van God peil nie. Vir die sterkste en mees ontwikkelde verstande, sowel as vir die swakste en onkundigste, moet daardie heilige Wese in verborgenheid gehul bly. Maar al is "wolke en donkerheid ... rondom Hom; geregtigheid en reg is die grondslag van sy troon." Psalm 97:2. Ons kan Sy handelwyse teenoor ons in die mate begryp dat ons grenslose genade met oneindige krag verenig sien. Ons kan soveel van Sy voorneme vir ons begryp as wat ons in staat is om te verstaan; verder as dit kan ons nog die almagtige hand, die hart vol liefde vertrou.

Die Woord van God, soos die karakter van sy Outeur, hou verborgenhede in wat nooit ten volle deur beperkte wesens begryp kan word nie. Maar God het indie Skrif afdoende bewys van hul Goddelike gesag gegee. Sy eie bestaan, Sy karakter, die geloofwaardigheid van Sy Woord, word bevestig deur getuienis wat tot ons rede spreek; dié getuienis is oorvloedig. Dit is waar dat Hy nie die moontlikheid van twyfel uit die weg geruim het nie; geloof moet op bewyse, nie op demonstrasie berus nie; diegene wat wil twyfel, het die geleentheid daarvoor; maar die wat graag die waarheid wil ken, vind 'n voldoende grondslag vir geloof.

- 170 -

Ons het geen rede om Gods Woord te betwyfel omdat ons nie die verborgenhede van Sy voorsienigheid kan verstaan nie. In die natuurlike wêreld is ons voortdurend omring deur wonders wat ons begrip te bowe gaan. Moet ons dan verbaas wees om ook in die geestelike wêreld geheimenisse aan te tref wat ons nie kan peil nie? Die moeilikheid lê geheel en al in die swakheid en engheid van die menslike verstand.

Verre daarvan dat die verborgenhede van die Bybel 'n argument daarteen is, is dit onder die sterkste bewyse vir die Goddelike ingewing daarvan. As dit geen verslag van God bevat het behalwe wat ons kon verstaan nie; as Sy grootheid en majesteit deur beperkte verstande begryp kon word, dan sou die Bybel nie, soos tans, die onmiskenbare waarmerke van Goddelikheid bevat het nie. Die grootsheid van sy onderwerpe behoort geloof daarin in te boesem as die Woord van God.

Die Bybel ontvou waarheid met 'n eenvoud en 'n aanpassing by die be-

hoeftes en verlangens van die menslike hart wat al die mees ontwikkelde geeste verbaas en bekoor het, terwyl dit ook vir die nederige en onopgeleide persoon die weg tot die lewe duidelik maak. “Wie die weg bewandel - selfs die dwase sal nie dwaal nie.” Jesaja 3S:8. Geen kind hoef hom oor die pad te misgis nie. Geen sidderende soeker hoef in gebreke te bly om in smettelose en heilige lig te wandel nie. Tog durf die waarhede wat die eenvoudigste gestel is, verhewe, verreikende temas aan wat die mag van die menslike begrip oneindig ver te bowe gaanverborgenhede wat Sy heerlikheid verskuil, geheimenisse wat die verstand en navorsing oorweldig - terwyl dit die opregte waarheidsoeker met eerbied en geloof besiel. Hoe meer ons die Bybelondersoek, hoe dieper is ons oortuiging dat dit die Woord van die lewende God is en die menslike rede buig voor die majesteit van Goddelike openbaring.

God bedoel dat die waarhede van Sy Woord gedurig vir

- 171 -

die ernstige soeker sal ontplooi. Hoewel “die verborge dinge ... vir die Here onse God” is, is “die geopenbaarde dinge ... vir ons en ons kinders.” Deuteronomium 29:29. Die gedagte dat sekere dele van die Bybel nie begryp kan word nie, het tot ’n verwaarlosing van sommige van sy belangrikste waarhede gelei. Die feit moet benadruk en dikwels herhaal word dat die verborgenhede van die Bybel nie sodanig is omdat God Hom daarop toegelê het om waarheid te verberg nie, maar omdat ons eie swakheid of onkunde ons onbevoeg maak om waarheid te begryp of ons eie te maak. Die beperking lê nie in Sy doel nie, maar in ons kapasiteit. Juis van daardie Skrifgedeeltes wat dikwels as iets onbegrypliks oorgeslaan word, wil God graag hê ons moet soveel snap as wat ons verstande in staat is om in te neem. “Die hele Skrif is deur God ingegee,” sodat ons “vir elke goeie werk volkome toegerus” kan wees. 2 Timótheüs 3:16, 17.

Dit is onmoontlik vir enige menslike verstand om selfs een waarheid of belofte van die Bybel uit te put. Die een sien die heerlikheid van een kant af, ’n ander weer uit ’n ander hoek; tog merk ons net glanspunte op. Die volle luister lê buite ons gesigskring.

Namate ons die groot dinge van Gods Woord betrag, kyk ons in ’n fontein wat voor ons oë wyer en dieper word. Sy breedte en diepte gaan ons kennis te bowe. Terwyl ons staar, verruim die visioen; voor ons uitgestrek, aanskou ons ’n grenslose, oewerlose see.

Dié soort studie het lewegewende vermoë. Die verstand en hart kry nuwe krag, ’n nuwe lewe.

Hierdie ondervinding is die hoogste bewys van die Bybel se Goddelike outeurskap. Ons ontvang Gods Woord as voedsel vir die siel, deur dieselfde bewyse as wat ons brood as voedsel vir die liggaam aanneem. Brood voldoen aan die

- 172 -

behoefte van ons natuur; ons weet uit die ondervinding dat dit bloed en been en brein voortbring. Pas dieselfde toets op die Bybel toe; wanneer sy beginsels inderdaad karakterelemente geword het, wat is die gevolg? watter veranderinge is in die lewe teweeggebring? “Die ou dinge het verbygegaan, kyk; dit het alles nuut geword.” 2 Korinthiërs 5:17. Deur die krag daarvan het manne en vroue die kettings van sondige gewoontes verbreek. Hulle het van selfsug afgesien. Die lasteraars het eerbiedig geword, die dronkes nugter, die losbandiges rein. Siele wat die gelykenis van die Satan gedra het, is tot die beeld van God herskep. Dié verandering is self die allergrootste van wonderwerke. ’n Verandering wat deur die Woord teweeggebring word, is dit een van die Woord se diepste verborgenhede. Ons kan dit nie begryp nie; ons kan net glo, soos die Skrif verklaar: “Dit is Christus onder julle, die hoop van die heerlikheid.” Kolossense 1:27.

’n Kennis van hierdie verborgenheid voorsien ’n sleutel tot elke ander een. Dit stel vir die siel die skatte van die heelal oop, die moontlikhede van oneindige ontwikkeling.

En dié ontwikkeling word verwerf deur die voortdurende ontplooiing aan ons van die karakter van Goddie heerlikheid en die geheimenis van die geskrewe woord. As dit vir ons moontlik was om ’n volle begrip van God en Sy Woord te bekom, sou daar op ons geen verdere blootlegging van waarheid, geen groter kennis, geen verdere ontwikkeling gewag het nie. God sou ophou om oppermagtig te wees en die mens sou sy vooruitgang staak. Goddank dat dit nie so is nie! Aangesien God oneindig is en al die skatte van wysheid in Hom is, kan ons tot in alle ewigheid voortdurend soek, aanhoudend leer en tog nooit die rykdom van Sy wysheid, Sy goedheid of Sy mag uitput nie.

# Die Geskiedenis en die Profesie

***"WIE HET DIT VAN OUDS AF LAAT HOOR? .. IS DIT NIE EK:, DIE HERE, NIE? EN BUITEN MY IS DAAR GEEN ANDER GOD NIE."***

- 173 -

DIE Bybel is die oudste en die omvattendste geskiedenis wat die mens besit. Dit het vars uit die fontein van ewige waarheid voortgeborrel, en deur die eeue heen het 'n Goddelike hand sy reinheid bewaar. Dit verlig die verre verlede, waar menslike navorsing vergeefs probeer om in te dring. In Gods Woord alleen aanskou ons die mag wat die fondamente van die aarde gelê en die hemele uitgestrek het. Net hier vind ons 'n gesaghebbende verslag van die oorsprong van volke. Net hier word 'n geskiedenis van ons geslag aangegee, onbevlek deur menslike trots of vooroordeel.

In die annale van die menslike geskiedenis verskyn die groei van volke, die opkoms en ondergang van ryke asof dit van die wil en vaardigheid van die mens afhanklik is. Die vorming van gebeurtenisse lyk of dit, in 'n groot mate, deur sy mag, ambisie of grille bepaal word. Maar in die Woord van God word die gordyn opsy getrek en ons aanskou, agter, bo en deur die ganse spel en teenspel van menslike belange en magen drifte die bemiddelinge van die Algenadige, wat stilweg, geduldig, die raadsbesluite van Sy eie wil uitwerk.

Die Bybel openbaar die ware filosofie van die geskiedenis. In daardie woorde van ongeëwenaarde skoonheid en teerheid wat deur die apostelPáulus tot die wysgere van

- 174 -

Athene gespreek is, word Gods doel met die skepping en die verspreiding van rasse en nasies uiteengesit. "Hy het uit een bloed al die nasies van die mensdom gemaak om oor die hele aarde te woon, terwyl Hy vooraf bepaalde tye en die grense van hulle woonplek vasgestel het, sodat hulle die Here kon soek, of hulle Hom miskien kon aanraak en vind." Handelinge 1 7:26, 27. God verklaar dat wie ook al wil, tot "die band van die verbond" kan toetree. Esegiël 20:37. Met die skepping was dit Sy doel dat die aarde bewoon moet word deur wesens wie se bestaan hulself en andere tot seën en hulle Skepper tot eer, sou strek. Almal wat wil, kan hulle met hierdie doel vereenselwig. Van hulle word daar gesê: "Die volk wat Ek vir My geformeer het, hulle sal my lof verkondig." Jesaja 43:21.

God het in Sy wet die beginsels geopenbaar wat alle ware voorspoed van

nasies en indiwidue te grondslag lê. "Dit is julle wysheid en julle verstand," het Moses aan die Israeliete aangaande die wet van God verklaar. "Want dit is geen vergeefse woord vir julle nie, maar dit is julle lewe." Deuteronomium 4:6; 32:47. Die seëninge wat so aan Israel verseker is, is op dieselfde voorwaardes en in dieselfde mate vir elke nasie en elke persoon onder die ganse hemel verseker.

Die mag wat deur elke regeerder op aarde beoefen word, is deur die hemel toebedeel; en van sy gebruik van hierdie mag wat so aan hom verleen is, hang sy sukses af. Aan elkeen is die woord van die Goddelike Bode: "Ek omgord jou, hoewel jy My nie geken het nie." Jesaja 45:5. En vir elkeen is die woorde wat tot Nebukadnesar van ouds gespreek is, 'n lewensles: "Breek met u sondes deur geregtigheid en met u ongeregtighede deur genade te bewys aan die ellendiges as daar verlenging van u rus moet wees." Daniël 4:27.

- 175 -

Om hierdie dinge te begryp - om die woorde te verstaan: "Geregtigheid verhoog 'n volk," dat "deur geregtigheid ... die troon bevestig" word en die koning "deur liefde ... sy troon" stut (Spreuke 14:34; 16:12; 20:28); om hierdie beginsels se werking te bespeur in die magsopenbaring van Hom van wie daar gesê word: "Hy sit konings af en stel konings aan" (Daniël 2:21) - dit is om die filosofie van die geskiedenis te begryp.

Net in die Woord van God word dit duidelik uiteengesit. Hier word daar getoon dat die krag van nasies, soos van indiwidue, nie te vinde is in die geleenthede of fasiliteite wat hulle skynbaar onoorwinlik maak nie; dit word nie aangetref in die grootheid waarop hulle hul beroem nie. Dit word gemeet aan die getrouheid waarmee hulle Gods doei verwesenlik.

'n Illustrasie van hierdie waarheid word in die geskiedenis van antieke Babilon gevind. Aan Nebukadnesar, die koning, is die ware doel van nasionale regering voorgestel in die sinnebeeld van 'n groot boom, waarvan die "hoogte ... tot aan die hemel gereik [het], sodat hy tot aan die einde van die hele aarde sigbaar was. Sy blare was mooi en sy vrugte baie en aan hom was vir alles voedsel; onder hom het die diere van die veld skaduwee gesoek en in sy takke het die voëls van die hemel gewoon." Daniël 4:11, 12. Hierdie voorstelling toon die aard van 'n regering wat Gods doel volbring - 'n regering wat die volk beskerm en ophou.

God het Babilon verhef, sodat dit hierdie doel kan verwesenlik. Voorspoed het die volk te beurt geval, totdat dit 'n hoogtepunt van rykdom en mag bereik het wat nooit sedertdien geëwenaar is nie - paslik in die Skrif voorgestel deur die geïnspireerde simbool, 'n "hoof van goud." Daniël 2:38.



Maar die koning het nagelaat om die mag te erken wat hom verhef het. Nebukadnesar het in die hoogmoed van sy hart gesêr: "Is dit nie die groot Babel wat ek opgebou het

- 176 -

tot 'n koninklike verblyf, deur die sterkte van my vermoë en tot verheerliking van my majesteit nie?" Daniël 4:30.

In plaas van 'n beskerrner van mense te wees, het Babilon 'n verwaande en wrede onderdrukker geword. Die woorde van Inspirasie wat die wreedheid en hebsug van heersers in Israel uitbeeld, openbaar die geheim van Babilon Se val en van die val van menige ander koninkryk sedert die wêreld begin het: "Julle eet die vet en beklee julle met die wol; julle slag die vettes, maar die skape laat julle nie wei nie; julle versterk die swakkes nie en maak die siekes nie gesond nie en die wat gewond is, verbind julle nie en wat weggedryf is, bring julle nie terug nie en wat verlore is, soek julle nie; maar met strengheid heers julle oor hulle en met hardheid." Esegiël 34:3, 4.

Tot die heerser van Babilon het die vonnis van die Goddelike Bode gekom: O Koning, "jou word aangesêdie koningskap word jou ontneem." Daniël 4:31.

*"Kom af en sit in die stof, jonkvrou, dogter van Babel!*
*Sit op die grond sonder troon. ...*
*Sit doodstil,*
*en gaan in die duisternis, dogter van die Chaldeërs!*
*want jy sal nie langer genoem word gebiedster van die koninkryke nie."*
*Jesaja 47:1-5.*

*"Jy wat by die groot waters woon, wat skatryk is,*
*jou einde het gekom, die maat waarop jy afgesny word."*

*"So sal dan Babel, die sieraad van die koninkryke,*
*die trotse pronkstuk van die Chaldeërs,*
*wees soos toe God Sodom en Gomorra omgekeer het."*

"En Ek sal dit 'n besitting maak van krimpvarkies en tot waterplasse; en Ek sal dit wegvee met die besem van verdelging, spreek die Here van die leërskare." Jeremia 51:13; Jesaja 13:19; 14:23. .

Elke volk wat op die toneel van aksie gekom het, is toegelaat om sy plek op die aarde in teneem, sodat gesien

- 177 -

kon word of dit die doel van die "bode, naamlik 'n heilige" sou vervul. Die profesie het die opkoms en ondergang van die wêreld se groot ryke geskets - Babilonië, Mede - Persië, Griekeland en Rome. Met elkeen van hulle, soos

met die nasies van minder mag, het die geskiedenis hom herhaal. Elkeen het sy proeftyd gehad, elkeen het misluk, sy heerlikheid het verdof, sy mag het gewyk en sy plek is deur 'n ander ingeneem.

Hoewel die nasies Gods beginsels verwerp en deur dié verwerping hul eie ondergang teweeggebring het, was dit nogtans duidelik dat die Goddelike, oppermagtige voorneme deur al hul bewegings werk.

Hierdie les word geleer in 'n wonderbare simboliese voorstelling wat tydens sy ballingskap in die land van die Chaldeërs aan die profeet Esegiël gegee is. Die gesig is gegee in 'ntyd toe Esegiël swaar belas was met bedroewende herinneringe en kwellende voorgevoelens. Die land van sy vaders was woes. Jerusalem was ontvolk. Die profeet self was 'n vreemdeling in 'n land waar ambisie en wreedheid hoogty gevier het. Soos hy van alle kante tirannie en onreg aanskou het, was sy siel ontsteld en hy het dag en nag getreur. Maar die simbole wat aan hom voorgestel is, het aan hom 'n mag hoër as die van aardse heersers geopenbaar.

Aan die oewers van die Kebarrivier het Esegiël 'n stormwind gesien wat skynbaar uit die noorde kom, "'n groot wolk met onophoudelike vuur; en 'n glans was rondom die wolk en daaruit, uit die vuur, het iets soos blinkende metaal geskitter." 'n Aantal wiele, wat mekaar deurkruis het, is deur vier lewende wesens beweeg. Hoog bokant dit alles was "iets wat soos saffiersteen gelyk het; in die gestalte van 'n troon; en op die troongestalte 'n gestalte wat soos 'n mens gelyk het." "En daar is aan die gerubs gesien die vorm van 'n mens se hand onder hulle



vlerke." Esegiël 1:4, 26; 10:8. Die wiele het so 'n ingewikkelde rangskikking gehad dat dit by die eerste oogopslag gelyk het asof hulle verward is; maar hulle het in volmaakte harmonie beweeg. Hemelse wesens, onderskraag en gerig deur die hand onder die gerubs se vlerke, het hierdie wiele aangedryf; bokant hulle, op die troon van saffier, was die Ewige; en rondom die troon 'n reënboog, die sinnebeeld van Goddelike genade.

Soos die wielagtige ingewikkeldhede onder beheer van die hand benede die gerubs se vlerke was, so is die ingewikkelde spel van menslike gebeurtenisse onder Goddelike beheer. Te midde van die stryd en oproer van volkere, rig Hy wat bokant die gerubs sit, nog steeds die sake van die wêreld.

Die geskiedenis van nasies wat een na die ander hul aangewese tyd en plek in beslag geneem en onbewus getuig het van die waarheid waarvan hulle self nie die betekenis geken het nie, spreek tot ons. Aan elke nasie en aan elke enkeling het God vandag 'n plek in Sy groot plan toegewys. Vandag



word mense en nasies gemeet met die skietlood in die hand van Hom wat geen fout begaan nie. Almal beslis hul lotsbestemming deur hul eie keuse en God laat alles so geskied dat Sy doelstellinge verwesenlik word.

Die geskiedenis wat die groot EK IS in Sy Woord uiteengesit het, deur skakel na skakel in die profetiese ketting aanmekaar te smee, van die ewige verlede tot die ewige toekoms, vertel ons waar ons vandag in die optog van die eeue is en wat in die komende tyd verwag kan word. Alles wat die profesie voorspel het tot op hede sou gebeur, is in die oorkondes van die geskiedenis neergeskryf en ons kan daarvan seker wees dat alles wat nog moet kom, op sy tyd vervul sal word.



Die finale omverwerping van alle aardse heerskappye word duidelik in die Woord van waarheid voorspel. In die profesie wat uitgespreek is toe die vonnis van God oor die laaste koning van Israel gevel is, word die boodskap oorgedra:

"So sê die Here Here: Die tulband moet weg en die kroon moet af! ... Na bo met wat nederig is! Na onder met wat hoog is! Puinhoop, puinhoop, puinhoop sal Ek dit maak. Ook dit sal nie bly nie - totdat Hy kom wat daarop reg het en aan Hom sal Ek dit gee." Esegiël 21:26, 27.

Die kroon wat van Israel verwyder is, het agtereenvolgens op die koninkryke van Babilonië, Medo-Persië, Griekeland en Rome oorgegaan. God sê: "Ook dit sal nie bly nie - totdat Hy kom wat daarop reg het en aan Hom sal Ek dit gee."

Daardie tyd is op hande. Vandag verklaar die tekens van die tye dat ons op die drumpel van groot en plegtige ge beure staan. Alles in ons wêreld is in beroering. Voor ons oë word die Heiland se profesie vervul oor die gebeurtenisse wat Sy koms sal voorafgaan: "En julle sal hoor van oorloë en gerugte van oorloë. ... Die een nasie sal teen die ander opstaan en die een koninkryk teen die ander; en daar sal hongersnode wees en pessiektes en aardbewings op verskillende plekke." Matthéüs 24:6, 7.

Die huidige is 'n tyd van geweldige belang vir almal wat lewe. Heersers en staatsmanne, mense wat posisies van verantwoordelikheid en gesag beklee, denkende manne en vroue uit alle klasse, vestig hul aandag op die gebeurtenisse wat om ons plaasvind. Hulle hou die gespanne, rustelose verhoudinge dop wat onder die nasies bestaan. Hulle let op die intensiteit wat van elke aardse element besit neem en hulle erken dat iets groots en beslissends op die punt staan om plaas te vind - dat die wêreld op die randjie van 'n ontsettende krisis verkeer.

Engele hou tans die winde van stryd in toom, sodat dit nie sal waai alvorens die aarde aangaande sy komende oordeel gewaarsku is nie; maar 'n storm steek op, gereed om oor die aarde te breek; en sodra God Sy engele sal beveel om die winde los te laat, sal daar so 'n toneel van stryd wees soos geen pen kan uitbeeld nie.

Die Bybel en die Bybel alleen, gee 'n korrekte beeld van hierdie dinge. Hier word die groot laaste tonele in die geskiedenis van ons wêreld geopenbaar, gebeurtenisse wat reeds vooruit hul skaduwees werp en die klank van hul nadering laat die aarde beef en mense se harte beswyk van vrees.

"Kyk, die Here maak die aarde leeg en verwoes dit en Hy keer sy oppervlakte om en verstrooi sy bewoners. ... Want die aarde is ontheilig onder sy bewoners; want hulle het die wette oortree, die insetting geskend, die ewige verbond verbreek. Daarom verteer die vloek die aarde en moet sy bewoners boet. ... Weg is die vreugde van die tamboeryne, die gedruis van die uitgelate mense hou op, weg is die vreugde van die siter!" Jesaja 24:1-8.

"Ag, die dag! Want naby is die dag van die Here en hy kom soos 'n verwoesting van die Almagtige. ... Die graankorrels het weggekrimp onder hulle kluite, die voorraadkamers is verwoes, die graanbakke afgebreek, want die koring het verdor. Hoe sug die vee! Die troppe beeste is onrustig, want daar is geen weiveld vir hulle nie; ook die troppe kleinvee moet boet." "Die wingerdstok het verdor en die vyeboom het verwelk; die granaat, ook die palm en die appelboom, al die bome van die land het verdor; want beskaamd is die vreugde, weg Van die mensekinders af." Joël 1:15-18, 12.

"Ek moet bewe van angs! o Mure van my hart! ...

Ek kan nie swyg nie; want jy, my siel, het basuingeluid

- 181 -

gehoor, oorlogsgeskreeu! Verwoesting op verwoesting word uitgeroep, want die hele land is verwoes."

"Ek het na die aarde gekyk en dit was woes en leeg; ook na die hemel en sy lig was daar nie. Ek het na die berge gekyk en hulle het gebewe en al die heuwels het geskud. Ek het gekyk en daar was geen mens nie en al die voëls van die hemel het weggevlieg. Ek het gekyk en die land van tuine was 'n woestyn en al systede was afgebreek." Jeremia 4:19, 20, 23-26.

"Wee, want die dag is groot, sonder weerga! En dit is 'n tyd van benoudheid vir Jakob; maar hy sal daaruit verlos word." Jeremia 30:7.

"Kom, my volk, gaan in jou binnekamers en sluit jou deur agter jou toe, verberg jou vir 'n klein oomblik, totdat die grimmigheid verbygaan." Jesaja 26:20.



*"Want U, Here, is my toevlug.*
*Die Allerhoogste het jy jou beskutting gemaak.*
*Geen onheil sal jou tref*
*en geen plaag naby jou tent kom nie." Psalm 91:9, 10.*

*"Die God van die gode, die Here, spreek*
*en roep die aarde, van die opgang van die son af tot sy ondergang toe.*
*Uit Sion, die volkomenheid van skoonheid, verskyn God in ligglans.*
*Onse God kom en kan nie swyg nie.*
*"Hy roep na die hemel daarbo,*
*en na die aarde, om sy volk te oordeel. ...*
*En - die hemele verkondig sy geregtigheid,*
*want God staan gereed om te oordeel!" Psalm 50:1-6.*

"o Dogter van Sion, ... daar sal die Here jou verlos uit die hand van jou vyande. En nou is daar baie nasies teen jou versamel wat sê: Laat haar ontheilig word en laat ons oë met welgevalle neersien op Sion. Maar hulle ken nie die gedagtes van die Here nie en verstaan nie

- 182 -

sy besluit nie." "Omdat hulle jou noem: Die verjaagde. Dit is Sion, sê hulle, niemand vra na haar nie." "Want Ek sal genesing vir jou tot stand laat kom en jou van jou wonde gesond maak, spreek die Here." "Ek verander die lot van die tente van Jakob en sal My oor sy wonings ontferm." Miga 4:10-12; Jeremia 30:17, 18.

*"En hulle sal in dié dag sê: Kyk, dit is onse God*
*op wie ons gewag het, dat Hy ons kan verlos;*
*dit is die Here op wie ons gewag het:*
*laat ons juig en bly wees oor sy hulp."*

"Hy sal die dood vir ewig vernietig, ... en Hy sal die smaad van sy volk van die hele aarde af wegneem; want die Here het dit gespreek." Jesaja 25:9, 8.

"Aanskou Sion, die stad van ons feestelike samekoms! Jou oë sal Jerusalem sien as veilige woonplek, as tent wat nie wegtrek nie. ... Want die Here is ons Regter, die Here is ons Aanvoerder, die Here is ons koning." Jesaja 33:20-22.

"Aan die armes sal Hy in geregtigheid reg doen en die sagmoediges van die land met billikheid oordeel."Jesaja 11:4.

Dan sal die doel van God vervul word; die beginsels van Sy koninkryk sal deur almal onder die son gehuldig word.

*"Van geweld sal in jou land nie meer gehoor word nie -*
*van geen verwoesting of verbreking in jou grondgebied nie;*
*maar jy sal jou mure Heil noem*
*en jou poorte Lof,"*

*"Deur geregtigheid sal jy bevestig word;*
*wees ver van verdrukking, want jy hoef nie bevrees te wees nie;"*
*en ver van verskrikking, want dit sal nie by jou kom nie,"*
*Jesaja 60: 18; 54:14.*

- 183 -

Die profete aan wie hierdie groot tonele geopenbaar is, wou graag hul betekenis snap. Hulle het "ondersoek en nagevors en hulle het nagespeur op watter of hoedanige tyd die Gees van Christus wat in hulle was, gewys het. ... Aan hulle is geopenbaar dat hulle nie vir hulleself nie, maar vir ons dié dinge bedien het wat julle nou aangekondig is ... -dinge waarin die engele begerig is om in te sien." 1 Petrus 1:10-12.

Vir ons wat op die uiterste randjie van hul vervulling staan, hoe gewigtig, van watter lewende belang is hierdie af tekeninge van die komende dinge nie - gebeurtenisse waarvoor, sedert ons oerouers hulle voetstappe uit Eden gewend het, Gods kinders gewaak en gewag, verlangen gebid het!

In hierdie tyd, voor die laaste groot krisis, soos net voor die wêreld se eerste verwoesting, is mense behep met sinlike sake en genot. Verdiep in die sigbare en die tydelike, het hulle die onsienlike en die ewige uit die oog verloor. Vir die dinge wat saam met die gebruik vergaan, offer hulle onverganklike rykdom op. Dit is nodig dat hul gedagtes verhef, hul siening van die lewe verbreed word. Hulle moet uit die traagheid van die wêreldse droomlewe gewek word.

Uit die opkoms en ondergang van nasies soos dit op die bladsye van die Heilige Skrif duidelik gemaak word, moet hulle leer hoe waardeloos bloot uiterlike en wêreldse eer is. Babilon, met al sy magen heerlikheid, waarvan ons wêreld die gelyke sedertdien nooit aanskou het nie - mag en luister wat vir die mense van daardie tyd so stabiel en blywend gelyk het - hoe volkome het dit nie verdwyn nie! "Soos 'n blom van die gras" het dit tot niet gegaan. So vergaan alles wat nie God as sy fondament het nie. Net wat met Sy voorneme saamhang en Sy karakter uitdruk, kan bly bestaan. Sy beginsels is die enigste standhoudende dinge wat ons wêreld ken.

- 184 -

Dit is hierdie groot waarhede wat oud en jonk nodig het om te leer. Ons het 'n behoefte daaraan om die uitwerking van Gods voorneme in die geskiedenis van volke en in die openbaring van komende dinge te bestudeer, dat ons sienlike en onsienlike dinge na hul werklike waarde kan skat; dat ons kan leer wat die ware doel van die lewe is; dat ons, omdat ons die tydelike in die lig van die ewige beskou, dit vir sy egste en edelste gebruik kan aanwend.



Sodoende kan ons, deur hier die beginsels van Sy koninkryk te leer en onderdane en burgers daarvan te word, by Sy koms gereed wees om dit saam met Hom in besit te neem.

Die dag is op hande. Vir die lesse wat geleer, die werk wat gedoen, die karakterherskepping wat bewerk moet word, is die oorblywende tyd maar alte kort.

"Kyk, die huis van Israel sê: Die gesig wat hy sien, is vir baie dae en hy profeteer van tye wat ver is. Daarom, sê vir hulle: So spreek die Here Here: Geeneen van my woorde sal meer uitgestel word nie; wat Ek as woord spreek, dit sal gebeur, spreek die Here Here." Esegiël 12:27, 28.

# Bybelonderrig en -Studie

***"SODATJY JOU OOR LAAT LUISTER NA WYSHEID.. JY DAARNA SOEK SOOS NA . VERBORGE SKATTE."***

- 185 -

IN SY KINDERTYD, jeug en manlike jare het Jesus die Skrif bestudeer. As klein kindjie is Hy daagliks aan Sy moeder se knie uit die boekrolle van die profete geleer. In sy jeug het die vroeë oggend en die aandskemering Hom dikwels alleen aan die berghang of tussen die bome van die bos aangetref, waar Hy 'n stille uur in gebed en die studie van Gods Woord deurgebring het. Tydens Sy bediening het Sy intieme vertroudheid met die Skrif van Sy ywer in die studie daarvan getuig. En aangesien Hy kennis verwerf het net soos ons dit kan opdoen, is Sy wonderbare mag, verstandelik sowel as geestelik, 'n getuienis van die waarde van die Bybel as 'n middel tot opvoeding.

Ons hemelse Vader het, toe Hy Sy Woord gegee het, die kinders nie oor die hoof gesien nie. Waar, in alles wat mense geskryf het, kan enigiets gevind word wat so 'n houvas op die hart het enigiets wat so geskik is om die belangstelling van die kleintjies gaande te maak, as die verhale van die Bybel?

In hierdie eenvoudige verhale kan die groot beginsels van Gods wet duidelik gemaak word. So, deur illustrasies wat die beste by die kind se begrip aangepas is, kan ouers en onderwysers al baie vroeg begin om die Here se opdrag oor Sy voorskrifte na te kom: "Jy moet dit jou kinders

- 186 -

inskerp en daaroor spreek as jy in jou huis sit en as jy op pad is en as jy gaan lê en as jy opstaan." Deuteronomium 6:7.

Die gebruik van aanskouingslesse, skryfborde, landkaarte en prente sal help om hierdie lesse te verduidelik en dit in die geheue te prent. Ouers en onderwysers behoort voortdurend na beter metodes te soek. Bybelonderrig behoort ons keurigste oorweging, ons beste metodes en ons ernstigste pogings te geniet.

Baie hang van die uur van aanbidding af om 'n liefde vir Bybelstudie aan te wakker en te versterk. Die tyd van oggend- en aandgodsdiens behoort die soetste en nuttigste van die dag te wees. laat daar goed verstaan word dat geen bekommerde, onvriendelike gedagtes tydens hierdie ure tussenbei mag kom nie; dat ouers en kinders vergader om Jesus te ontmoet en die teenwoordigheid van heilige engele in die huis in te nooi. Laat die dienste kort en vol lewe wees, by die geleentheid aangepas en afgewissel van tyd

tot tyd. Laat almal aan die lees van die Bybel deelneem en Gods wet leer en dikwels herhaal. Dit sal die kinders meer laat belangstel as hulle partykeer toegelaat word om die skriflesing te kies. Ondervra hulle en laat hulle vrae stel. Noem enigiets wat daartoe sal bydra om die betekenis te illustreer. As die diens nie daardeur te lank uitgerek word nie, laat die kleintjies aan die gebed deelneem en laat hulle saamsing, al is dit net 'n enkele strofe.

Om so 'n diens te maak wat dit behoort te wees, moet daar weldeurdagte voorbereiding wees. En ouers moet daagliks tyd aan Bybelstudie saam met hulle kinders wy. Ongetwyfeld sal dit moeite en beplanning en 'n mate van opoffering vereis om dit te doen; maar die moeite sal ryklik beloon word.

- 187 -

As voorbereiding om Sy bevele aan andere te leer, gebied God dat dit in die ouers se harte bewaar moet word. "En hierdie woorde wat ek jou vandag beveel, moet in jou hart wees," sê Hy, "en jy moet dit jou kinders inskerp." Deuteronomium 6:6, 7. Om ons kinders in die Bybel te laat belangstel, moet ons self daarin geïnteresseerd wees. Om by hulle 'n liefde vir die studie daarvan te wek, moet ons dit self liefhê. Die invloed van ons onderrig aan hulle sal net die gewig dra wat deur ons eie voorbeeld en gesindheid daaraan verleen word.

God het Abraham geroep om 'n leermeester van Sy woord te wees. Hy het hom gekies om die vader van 'n groot volk te wees, omdat Hy gesien het dat Abraham sy kinders en sy huishouding in die beginsels van Gods wet sou onderrig. En wat aan Abraham se onderwysing krag verleen het, was die invloed van sy eie lewe. Sy groot huishouding het uit meer as 'n duisend siele bestaan, baie van hulle gesinshoofde en nie 'n geringe aantal nie maar onlangs uit die heidendom bekeer. So 'n huishouding het 'n sterk hand aan die stuur benodig. Geen swak, wisselvallige metodes sou deug nie. Van Abraham het God gesê: "Want Ek het hom verkies, dat hy aan sy kinders en sy huis ná hom bevel sou gee. ... "Genesis 18:19. Tog is sy gesag met soveel wysheid en teerheid beoefen dat harte gewen is. Die getuienis van die Goddelike Bode is:" ... dat hulle die weg van die Here moet hou om geregtigheid en reg te doen." Genesis 18:19. En Abraham se invloed het tot buitekant sy huiskring gestrek. Waar hy ook al sy tent opgeslaan het, het hy langsaan die altaar vir offerandes en aanbidding opgerig. Wanneer die tent verwyder is, het die altaar bly staan; en menige swerwende Kanaäniet wie se kennis van God uit die lewe van Abraham, Sy dienskneg, verkry is, het by daardie altaar vertoef om 'n offerande aan Jehova te bring.

- 188 -



Die onderrig van Gods Woord sal vandag geensins minder trefkrag hê wanneer dit net so getrou in die onderwyser se lewe weerspieël word nie.

Dit is nie voldoende om te weet wat andere oor die Bybel gedink of geleer het nie. Elkeen moet in die oordeel self aan God rekenskap gee en elkeen moet nou leer wat waarheid is. Maar om doeltreffend te kan studeer, moet die belangstelling van die leerling betrek word. Veral deur die persoon wat te doene het met kinders en jongmense wat in geaardheid, opvoeding en dinkgewoontes hemelsbreed van mekaar verskil, is dit 'n saak wat nie uit die oog verloor mag word nie. In Bybelonderrig aan kinders kan ons baie daarby baat om die neiging van hul verstande, die dinge waarin hulle belangstel, dop te hou en deur hul belangstelling gaande te maak om te sien wat die Bybel oor hierdie dinge sê. Hy wat ons met ons verskillende vermoëns geskape het, het in Sy Woord iets vir elkeen gegee. Namate die leerlinge insien dat die lesse van die Bybel op hul eie lewens van toepassing is, leer hulle om daarop as raadgewer staat te maak.

Help hulle ook om die wonderbare skoonheid daarvan op prys te stel. Baie boeke van geen werklike waarde nie, boeke wat opwindend en ongesond is, word aanbeveel, of ten minste toegelaat, om vanweë hul sogenaamde literêre waarde gebruik te word. Waarom moet ons ons kinders lei om uit dié besoedelde strome te drink wanneer hulle vrye toegang tot die suiwer fonteine van Gods Woord kan hê? Die Bybel het 'n volheid, 'n krag, 'n diepte van betekenis, wat onuitputlik is. Spoor die kinders aan om sy skatte van sowel gedagtes as uitdrukking na te speur.

Soos die skoonheid van hierdie kosbare dinge hul verstande lok, sal 'n versagtende, temmende mag hul harte aanraak. Hulle sal tot Hom aangetrek word wat Hom so aan hulle geopenbaar het. En daar is min wat nie sal verlang om meer omtrent Sy werke en weë te weet nie.

- 189 -

Die student van die Bybel moet geleer word om dit met die gesindheid van 'n leerling te benader. Ons moet sy bladsye deursoek, nie vir bewyse om ons teorieë te steun nie, maar om te weet wat God sê.

'n Ware kennis van die Bybel kan net verkry word met die hulp van daardie Gees deur wie die Woord ingegee is. En om hierdie kennis te verkry, moet ons daarvolgens lewe. Aan alles wat Gods Woord beveel, moet ons gehoorsaam wees. Op alles wat dit belowe, kan ons aanspraak maak. Die lewe wat dit voorskryf, is die lewe wat ons, deur die krag daarvan, moet uitlewe. Dit is net namate die Bybel op dié wyse bejeën word dat dit met vrug bestudeer kan word.

Die studie van die Bybel vereis ons ywerigste inspanning en volhardendste nadenke. Soos die mynwerker vir die goudskat in die aarde delf, so ernstig, aanhoudend, moet ons soek na die skat van Gods Woord.

In die daaglikse studie is die vers-vir-vers-metode dikwels die nuttigste. Laat die student een vers neem en die aandag daarop toespits om die gedagte vas te stel wat God vir hom in daardie vers geplaas het en laat hom dan die gedagte oorpeins totdat dit sy eie word. Een skrifgedeelte wat so bestudeer word, totdat die betekenis daarvan duidelik is, is van groter waarde as die deurlees van baie hoofstukke met geen besliste doel voor oë en geen werklike onderrig wat ontvang word nie.

Een van die hoofoorsake van verstandelike ondoeltreffendheid en sedelike swakheid is die gebrek aan konsentrasie ter wille van waardige doelstellinge. Ons beroem ons op die wye verspreiding van leesstof; maar die vermeerdering van boeke, selfs boeke wat op sigself nie skadelik is nie, kan 'n besliste euwel wees. Met die ontsaglike vloedgolf van drukwerk wat voortdurend uit die pers stroom, vorm oud en jonk die gewoonte om haastig en oppervlakkig te lees en die verstand raak die mag kwyt om samehangend

- 190 -

en energiek te dink. Bowendien is 'n groot deel van die tydskrifte en boeke wat, soos die paddas van Egipte, die land oordek, nie net afgesaag, nutteloos en verswakkend nie, maar onrein en verlagend. Hulle uitwerking is nie net om die verstand te bedwelm en te verinneweer nie, maar om die siel te be-derf en te vernietig. Die verstand, die hart, wat ledig, doelloos is, val maklik die boosheid ten prooi. Dit is op sieklike, lewenslose organismes dat swamme wortelskiet. Dit is die ledige verstami wat die Satan se werkswinkel is. Laat die verstand op hoë en heilige ideale gevestig word, laat die lewe 'n edel doel, 'n boeiende voorneme, hê en die kwaad kan weinig houvas kry.

Laat die jongmense dan geleer word om Gods Woord intensief te bestudeer. As dit in die siel opgeneem word, sal dit 'n magtige skanswerk teen versoeking blyk te wees. "Ek het u woord in my hart gebêre," verklaar die psalm digter, "dat ek teen U nie sal sondig nie." "Ek het deur die woord van u lippe die paaie van die geweldenaar vermy." Psalm 119:11; 17:4.

Die Bybel is sy eie uitlêer. Skrifdeel moet met skrifdeel vergelyk word. Die student moet leer om die Woord as 'n geheel te beskou en om die verhouding van sy dele raak te sien. Hy moet 'n kennis van sy grootse sentrale tema opdoen, van Gods oorspronklike doel vir die wêreld, van die ontstaan van die groot stryd en die verlossingswerk. Hy moet die aard begryp van die twee beginsels wat vir die oorhand stry en leer om hul werking deur die oorkondes



van die geskiedenis en die profesie tot by die groot voleinding na te speur. Hy moet insien hoe hierdie stryd by elke fase van die menslike ondervinding betrokke is; hoe die een of die ander van die twee teenstrydige motiewe hom in elke lewens daad openbaar; en hoe, of hy wil of nie, hy nou al besluit aan watter kant van die stryd hy bevind sal word.

- 191 -

Elke deel van die Bybel is deur God ingegee en is nuttig. Die Ou Testament, nie minder as die Nuwe nie, moet aandag geniet. Soos ons die Ou Testament bestudeer, sal ons lewende, opborrelende fonteine vind waar die onoplettende leser net 'n woestyn bemerk.

Veral die boek Openbaring, gelees in verband met die boek Daniël, verg ons studie. Laat elke godvresende onderwyser nadink hoe hy die duidelikste die evangelie wat ons Heiland persoonlik aan Sy dienskneg Johannes kom bekend maak het, kan begryp en oordra - "Die openbaring van Jesus Christus wat God Hom gegee het om aan sy diensknegte te toon wat gou moet gebeur." Openbaring 1:1. Geeneen behoort in die studie van Openbaring weens sy skynbaar mistieke simbole mismoedig te word nie. "En as iemand van julle wysheid kortkom, laat hom dit van God bid, wat aan almal eenvoudig gee sonder om te verwyt." Jakobus 1:5.

"Salig is hy wat die woorde van die profesie lees en die wat dit hoor en bewaar wat daarin geskrywe is, want die tyd is naby." Openbaring 1:3.

Wanneer 'n ware liefde vir die Bybel aangewakker is en die student begin besef hoe uitgestrek die veld en hoe kosbaar die skat is, sal hy graag elke geleentheid wil aangryp om hom met Gods Woord vertroud te maak. Die studie hiervan sal nie tot enige spesiale tyd of plek beperk word nie. En hierdie voortdurende studie is een van die beste maniere om 'n liefde vir die Skrif aan te kweek. Laat die student sy Bybel altyd by hom hou. Soos u die geleentheid vind, lees 'n teks en bepeins dit. Terwyl u op die strate loop, by die spoorwegstasie wag, wag om 'n afspraak na te kom, neem die geleentheid te baat om die een of ander kosbare gedagte uit die skathuis van waarheid te verkry.

- 192 -

Die groot dryfkragte van die siel is geloof, hoop en liefde; en dit is op hierdie dinge dat Bybelstudie, as dit reg beoefen word, 'n oproep doen. Die uiterlike skoonheid van die Bybel, die lieflikheid van beeldspraak en seggingskrag, is, as 't ware, net die omlysting van die eintlike skat - die heilige sieraad. In sy verslag van die mense wat met God gewandel het, kan ons afskynsels van Sy heerlikheid waarneem. In die Een wat "geheel en al die lieflikheid self"

is, aanskou ons Hom van wie alle skoonheid of op aarde of indie hemel net 'n dowwe weerkaatsing is. "En Ek, as Ek van die aarde verhoog word, sal almal na My toe trek." Johannes 12:32. Namate die Bybelstudent die Heiland aanskou, word die. geheimsinnige mag van geloof, aanbidding en liefde in die siel gewek. die oog word op die visioen van Christus gevestig en die aanskouer groei tot gelykvormigheid met wat hy bewonder. Die woorde van die apostel Paulus word die taal van die siel: "Ek ag ook alles skade om die uitnemendheid van die kennis van Christus Jesus, my Here,... sodat ek Hom kan ken en die krag van sy opstanding en die gemeenskap aan sy lyde." Filippense 3:8-10.

Die fonteine van hemelse vrede en vreugde wat deur die woorde van Ingewing in die siel ontsluit word, sal 'n magtigé rivier van invloed word om almal wat binne sy bereik kom, te seën. Laat die jongmense van vandag, die jongmense wat met die Bybel in hul hande grootword, die ontvangers en kanale van sy lewegewende energie word en watter strome van seën sal nie na die wêreld uitvloei nie! - invloede van die krag waarvan om te genees en te vertroos ons skaars 'n denkbeeld kan vorm - riviere van lewende water, fonteine "wat opspring tot in die ewige lewe."

---



# LIGGAAMLIKE OPVOEDING

*"Geliefde, ek wens dat dit met jou in alles goed mag gaan en dat jy gesond is, soos dit met jou siel goed gaan."*

# Die Studie van die Fisiologie

***"OMDAT EK SO VREESLIK WONDERBAAR IS."***

- 195 -

OMDAT die verstand en die siel deur die liggaam uiting vind, hang sowel verstandelike as geestelike forsheid in 'n groot mate van liggaamlike krag en werksaamheid af; alles wat liggaamlike gesondheid bevorder, bevorder die ontwikkeling van 'n sterk verstand en 'n ewewigtige karakter. Sonder gesondheid kan niemand sy verpligtinge teenoor homself, teenoor sy medemens of teenoor sy Skepper so duidelik verstaan of so volledig nakom nie. Daarom moet die gesondheid net so getrou as die karakter bewaak word. 'n Kennis van die fisiologie en gesondheidsleer moet die grondslag van alle opvoedkundige pogings wees.

Hoewel die feite aangaande die fisiologie tans so algemeen begryp word, bestaan daar 'n verontrustende onverskilligheid omtrent gesondheidsbeginsels. Selfs onder diegene wat van hierdie beginsels kennis dra, is daar min wat dit toepas. Neiging of impuls word net so blindelings gevolg asof die lewe deur blote toeval eerder as deur bepaalde en onveranderlike wette beheer word.

Die jeug, in die varsheid en krag van die lewe, het min benul van die waarde van hul oorvloedige energie. 'n Skat kosbaarder as goud, noodsaakliker vir vooruitgang as geleerdheid of rang of rykdom - hoe lig word dit opgeneem! hoe roekeloos verkwis! Hoe menige mens wat sy gesondheid opgeoffer het om rykdom of mag te verwerf, het al byna die doel van sy begeerte bereik, om dan net hulpeloos neer

- 196 -

te stort, terwyl 'n ander, wat 'n superieure liggaamlike uithouvermoë besit, die verlangde prys weggryp! Hoeveel is, deur ongesonde toestande, die gevolg van die verwaarlosing van gesondheidswette, tot bose praktyke gelei, tot die verlies van elke hoop vir hierdie wêreld en die hiernamaalse!

In die studie van die fisiologie, moet leerlinge daartoe gelei word om die waarde van liggaamskrag in te sien en hoe dit op so 'n manier bewaar en ontwikkel kan word dat dit in die hoogste mate tot sukses. in die groot lewenstryd bydra.

Kinders moet reeds vroeg, in eenvoudige, maklike lesse, die grondbeginsels van die fisiologie en higiëne geleer word. Die werk moet deur die moeder tuis begin en getrou op skool verder gevoer word. Namate die leerlinge

ouer word, moet onderrig in dié verband voortgesit word, totdat hulle bevoeg is om te sorg vir die huis waarin hulle woon. Hulle moet verstaan hoe belangrik dit is om teen siekte te waak deur die krag van elke orgaan te bewaar en ook geleer word hoe om alledaagse siektes en ongelukke te behandel. Elke skool moet onderrig in sowel die fisiologie as die gesondheidsleer gee en, sover moontlik, behoort dit voorsien te word van fasiliteite omdie struktuur, funksie en sorg van die liggaam te illustreer.

Daar is sake wat gewoonlik nie by die studie van die fisiologie ingesluit word nie, wat in ag geneem moet word - sake van veel groter waarde vir die student as baie tegniese besonderhede wat gewoonlik onder hierdie opskrif geleer word. As die grondbeginsel van alle opvoeding in hierdie rigting, moet die jeug geleer word dat die natuurwette die wette van God is - inderdaad netso Goddelik as die voorskrifte van die Tien Gebooie. Die wette wat ons liggaamlike organisme beheer, het God op elke senuwee, spier en weefsel van die liggaam geskrywe. Elke roekelose

- 197 -

of moedswillige skending van hierdie wette is 'n sonde teen ons Skepper.

Hoe noodsaaklik is dit dan dat 'n deeglike kennis van hierdie wette meegedeel word! Die beginsels van die gesondheidsleer met betrekking tot diëet, oefening, die versorging van kinders, die behandeling van die siekes en baie soortgelyke sake, moet veel meer aandag geniet as wat gewoonlik die geval is.

Die invloed van die verstand op die liggaam, sowel as die van die liggaam op die verstand, moet benadruk word. Die elektriese krag van die brein, wat deur verstandelike aktiwiteit bevorder word, verlewendig die hele sisteem en is dus 'n hulpmiddel van onskatbare waarde om siekte te weerstaan. Dit moet duidelik gemaak word. Wilskrag en die belangrikheid van selfbeheersing, in sowel die bewaring as die terugwinning van gesondheid, die teneerdrukkende en selfs verwoestende gevolg van woede, ontevredenheid, selfsug of onreinheid en, andersyds, die wonderlike lewegewende krag wat in opgewektheid, onselfsugtigheid en dankbaarheid geleë is, moet ook aangetoon word.

Daar bestaan 'n fisiologiese waarheid - waarheid wat vir ons nodig is om in ag te neem - in die Skrifdeel: "'n Vrolike hart bevorder die genesing." Spreuke 17:22.

"Laat jou hart my gebooie bewaar," sê God, "want dit sal lengte van dae en jare van lewe en vrede vir jou vermeerder." "Want hulle is die lewe vir die wat hulle vind en 'n genesing vir hulle hele liggaam." "Vriendelike woorde"



verklaar. die Skrif, is nie net "soet vir die siel" nie, maar „'n genesing vir die gebeente." Spreuke 3:1, 2; 4:22; 16:24.

Dit is vir jongmense nodig omdie diep waarheid te verstaan wat die Bybelse verklaring ten grondslag lê, dat by God "die fontein van die lewe" is. Psalm 36:10. Hy is nie net die grondlegger van alles nie, maar Hy is die lewe van elke ding. wat leef. Dit is Sy lewe wat ons ontvang, in die

- 198 -

sonlig, in die suiwer, vars lug, in die voedsel wat ons liggame opbou en ons krag in stand hou. Dit is deur Sy lewe dat ons uur na uur, oomblik na oomblik, bestaan. Behalwe waar dit deur sonde verdraai is, neig al Sy gawes tot die lewe, tot gesondheid en vreugde.

"Alles het Hy mooi gemaak opsy tyd" (Prediker 3:11) en ware skoonheid sal verkry word, nie deur Gods werk te skend nie, maar deur tot harmonie te kom met die wette van Hom wat alle dinge geskape en in hul skoonheid en volmaaktheid behae het.

Soos die meganisme van die liggaam bestudeer word, moet die aandag gevestig word op sy wonderlike aanpassing van middele by doelstellinge, die harmonieuse werking en afhanklikheid van die verskillende organe. Namate die belangstelling van die student so aangewakker word en hy daartoe gelei word om die belangrikheid van liggaamlike opvoeding in te sien, kan baie deur die onderwyser gedoen word om behoorlike ontwikkeling en goeie gewoontes te verseker.

Onder die eerste dinge om na te streef, is 'n korrekte liggaamshouding, vir sowel sit as staan. God het die mens reg gemaak en Hy verlang dat hy nie net die liggaamlike voordeel sal besit nie, maar ook die verstandelike en morele, die grasie en waardigheid en bedaardheid, die moed en selfvertroue, wat 'n regop houding grootliks geneig is om te bevorder. Laat die onderwyser deur voorbeeld en voorskrif oor die saak onderrig gee. Toon wat 'n korrekte houding is en dring daarop aan dat dit gehandhaaf word.

Die volgende in belangrikheid na die korrekte liggaamshouding is asemhaling en spraakopleiding. Iemand wat regop sit en staan, is meer geneig om reg asem te haal. Maar die onderwyser moet die leerlinge die belangrikheid van korrekte asemhaling inskerp. Wys daarop hoe die gesonde werking van die asemhalingsorgane, wat die bloedsomloop aanhelp, die hele gestel verlewendig, die eetlus

- 199 -

aanwakker, spysvertering bevorder en vaste, soete slaap in die hand werk, om sodoende nie net die liggaam te verfris nie, maar om die verstand te

streel en te kalmeer. En terwyl daar na die belangrikheid van diep asemhaling verwys word, moet daar op die praktyk aangedring word. Laat oefeninge gegee word wat dit bevorder en sien toe dat dié gewoonte posvat.

Spraakonderrig speel 'n belangrike rol in liggaamlike opvoeding, omdat dit daartoe neig om die longe te vergroot en sterk te maak en soedoende siekte af te weer. Om korrekte lees- en spraakvoordrag te verseker, sorg dat die buikspiere tydens asemhaling volle beweegruimte geniet en dat die asemhalingsorgane onbelemmerd is. Laat die inspanning op die buik- eerder as op die keelspiere kom. Groot vermoeienis en ernstige siektes van die keel en longe kan sodoende voorkom word. Noukeurige aandag moet daaraan geskenk word om duidelike artikulasie, soetvloeiende, goed gemoduleerde stembuigings te verseker, met 'n nie oorhaastige voordrag nie. Dit sal nie net die gesondheid bevorder nie, maar ook grootliks tot die bekoring en doeltreffendheid van die student se werk bydra.

Wanneer hierdie dinge onderrig word, bied dit 'n gulde geleentheid om te verwys na die dwaasheid en euwel van stywe toeryging en elke ander praktyk wat die lewensbewegings belemmer. 'n Byna eindelose nasleep van siektes is die gevolg van ongesonde vorme van kleredrag en versigtige onderrig moet oor hierdie aangeleentheid gegee word. Skerp die leerlinge die gevaar daarvan in om toe te laat dat klere swaar van die heupe afhang of enige orgaan van die liggaam saampers. Die drag moet so gerangskik word dat 'n volle asemhaling kan plaasvind en die arms sonder moeite bo die kop gelig kan word. Die inperking van die longe verhinder nie net hul ontwikkeling nie, maar belemmer ook die prosesse van spysvertering en die bloedsomloop en verswak sodoende die hele liggaam. Alle so-

- 200 -

danige gewoontes verminder sowel liggaamlike as verstandelike krag en strem die student se vooruitgang en verhoed dikwels sy sukses.

Met die studie van die gesondheidsleer sal die ywerige onderwyser van elke geleeritheid gebruik maak om te toon hoe noodsaaklik sindelikheid in sowel persoonlike gewoon tes as in 'n mens se hele omgewing is. Die waarde van 'n daaglikse bad om die gesondheid te bevorder en die werking van die verstand te stimuleer, moet benadruk word. Aandag moet ook aan sonlig en ventilasie, die higiëne van die slaapkamer en die kombuis gegee word. Leer die leerlinge dat 'n gesonde slaapkamer, 'n deeglike skoon kombuis en 'n smaakvol gerangskikte tafel, van gesonde voedsel voorsien, meer sal doen omdie gesinsgeluk en die agting van elke verstandige besoeker te bevorder as enige hoeveelheid duur meubels in die sitkamer. "Die lewe is meer as die



voedsel en die liggaam as die klere" (Lukas 12:23), is 'n les wat vandag geensins minder nodig is as toe dit agtien. honderd jaar gelede deur die Goddelike Leermeester gegee is nie.

Die student van die fisiologie moet geleer word dat die doel van sy studie nie net is om 'n kennis van feite en beginsels op te doen nie. Dit alleen sal min voordeel inhou. Hy kan die belangrikheid van ventilasie verstaan, sy kamer kan van suiwer lug voorsien word; maar tensy hy sy longe behoorlik vul, sal hy onder die gevolge van verkeerde asemhaling ly. So kan die behoefte aan sindelikheid verstaan en die nodige geriewe voorsien word; maar alles sal tevergeefs wees tensy dit nuttig aangewend word. Die groot vereiste in die onderrig van hierdie beginsels is om die leerling hul belangrikheid op die hart te druk, sodat hy dit pligsgetrou sal toepas.

Deur 'n pragtige en indrukwekkende simbool, toon Gods Woord die waarde wat Hy aan ons fisieke organisme

- 201 -

heg en die verantwoordelikheid wat op ons rus om dit in die beste toestand te bewaar: "Of weet julle nie dat julle liggaam 'n tempel is van die Heilige Gees wat in julle is, wat julle van God het en dat julle nie aan julself behoort nie?" "As iemand die tempel van God skend, sal God hom skend; want die tempel van God is heilig en dit is julle." 1 Korinthiërs 6:19; 3:17.

Laat die leerlinge die gedagte ingeskerp word dat die liggaam 'n tempel is waarin God graag wil woon, dat dit rein gehou moet word, die verblyfplek van verhewe en edel gedagtes. Namate hulle in die studie van die fisiologie sien dat hulle inderdaad "vreeslik wonderbaar is" (Psalm 139:14), sal hulle met ontsag besiel word. In plaas van Gods handewerk te skend, sal hulle 'n ambisie koester om alles moontlik van hulself te maak, om daardeur die Skepper se heerlike plan te vervul. So sal hulle naderhand gehoorsaamheid aan die gesondheidswette nie as 'n saak van opoffering of selfverloëning beskou nie, maar as 'n onberekenbare voorreg en seën, wat dit inderdaad ook is.

# Matigheid en Diëetkunde

***"ELKEEN WAT AAN 'N WEDSTRYD DEELNEEM, ONTHOU HOM IN ALLES,"***

- 202 -

ELKE student moet die verhouding tussen 'n eenvoudige leefwyse en verhewe denke begryp. Dit berus by ons as indiwidue om te besluit of ons lewens deur die verstand of deur die liggaam beheer sal word. Elke jongmens moet die keuse doen wat sy lewe fatsoeneer; en geen moeite moet ontsien word om te verstaan wat die magte is waarmee hy te doene het en die invloede wat die karakter en lotsbestemming vorm nie.

Onmatigheid is 'n vyand waarteen almal beskerm sal moet word. Die snelle toename van hierdie verskriklike euwel behoort elkeen wat die menslike geslag liefhet, te wek om daarteen oorlog te voer. Die gebruik om in die skole oor matigheidsake onderrig te gee, is 'n stap in die regte rigting. Onderrig in hierdie verband moet in elke skool en elke huisgesin gegee word. Jongmense en kinders behoort die uitwerking van alkohol, tabak en ander soort - gelyke gifstowwe te verstaan, met betrekking tot hoe dit die liggaam aftakel, die verstand benewel en die siel versinlik. Daar moet duidelik gemaak word dat geen mens wat hierdie dinge gebruik, lank die volle krag van sy liggaamlike, verstandelike of morele vermoëns kan besit nie.

Maar om tot die wortel van onmatigheid deur te dring, moet ons dieper gaan as die gebruik van alkohol en tabak. Ledigheid, gebrek aan doelgerigtheid, of slegte maats kan

- 203 -

die aanleidende oorsaak wees. Dikwels word dit tuis by die tafel aangetref, in gesinne wat hulleself as streng matig beskou. Enigiets wat die spysvertering ontwrig, wat buitensporige verstandelike opwinding uitlok, of op enige manier die gestel swak maak en die ewewig van die verstandelike en liggaamlike kragte versteur, laat die beheer van die verstand oor die liggaam verslap en werk sodoende die neiging tot onmatigheid in die hand. Die ondergang van menige belowende jongmens sou teruggevoer kon word tot onnatuurlike begeertes wat deur 'n ongesonde diëet geskep is.

Tee en koffie, speserye, soetgoed en pasteie is almal aktiewe oorsake van slegte spysvertering. Vleiskos is ook skadelik. Sy natuurlik stimulerende uitwerking behoort 'n voldoende argument teen die gebruik daarvan te wees; en die byna algemene sieklike toestand van diere maak dit dubbel afkeuren-

swaardig. Dit het die neiging om die senuwees te irriteer en die hartstogte aan te wakker, sodat die magsewewig aan die laer drifte gegee word.

Diegene wat hulle aan 'n ryk, stimulerende diëet gewoond maak, vind na verloop van tyd dat die maag nie met eenvoudige kos tevrede is nie. Dit eis iets wat al hoe meer gekrui, prikkelend en stimulerend is. Namate die senuwees van stryk gebring en die gestel verswak word, skyn dit asof die wil magteloos is om die onnatuurlike lus te weerstaan. Die delikate maagvoering word geïrriteer en inflammasieagtig, totdat die stimulerends te voedsel nie meer verligting gee nie. 'n Dors word gewek wat niks behalwe sterk drank kan les nie.

Dit is die begin van die euwel waarteen gewaak moet word. In die onderrig van jongmense moet die uitwerking van skybaar klein afwykinkies van wat reg is, baie duidelik gemaak word. Laat die student die waarde geleer word van 'n eenvoudige, gesonde diëet om die drang na onnatuurlike stimuleermiddels te voorkom. Laat die gewoonte van self-

- 204 -

beheersing vroeg gevestig word. Laat die gedagte by jongmense ingeprent word dat hulle meesters moet wees en nie slawe nie. Van die koninkryk wat in hulle is, het God hulle heersers gemaak en. hulle moet hul koningskap, wat deur die Hemel toebedeel is, handhaaf. Wanneer sulke onderrig getrou gegee word, sal die gevolge veel verder strek as net die jongmense self. Invloede sal uitreik wat duisende manne en vroue sal red wat op die randjie van die ondergang verkeer.

### *Diëet en Verstandelike Ontwikkeling*

Aan die verhouding van diëet tot intellektuele ontwikkeling moet veel meer aandag gegee word as wat dit sover geniet het. Verstandelike verwarring en stompheid is dikwels die gevolg van foutiewe diëet.

Daar word dikwels aangevoer dat, in die keuse van voedsel, eetlus 'n veilige gids is. As die gesondheidswette altyd gehoorsaam gewees het, sou dit waar wees. Maar deur verkeerde gewoontes, van geslag tot geslag volgehou, het die eetlus so verdraaid geraak dat dit voortdurend om die een of ander skadelike bevrediging uitroep. As gids kan dit tans nie vertrou word nie.

In die studie van die higiëne moet studente die voedingswaarde van verskillende kossoorte geleer word. Die uitwerking van 'n gekonsentreerde en stimulerende diëet, ook van kossorte wat 'n tekort aan voedingsbestanddele het, moet duidelik gemaak word. Tee en koffie, witbrood, suurtjies, growwe groente, lekkergoed,speseryê en pasteie kan nie die regte voedingstowwe



voorsien nie. Menige student het al weens die gebruik van sulke kossoorte sy gesondheid kwytgeraak ... Menige verpotte kind, ongeskik vir kragtige inspanning van verstand en liggaam, is die slagoffer van 'n verarmde diëet. Grane, vrugte, neute en groente, in behoorlike verbindings, bevat al die voedingsbestanddele; en wanneer dit behoorlik voorberei word,

- 205 -

is dit die diëet wat sowel die fisieke as die verstandelike kragte die beste bevorder.

Nie net die eienskappe van die voedsel behoort in ag geneem te word nie, maar ook die aanpassing' daarvan by die eter. Voedsel wat vrylik geëet kan word deur persone wat liggaamlike werk doen, moet dikwels vermy word deur diegene wie se arbeid hoofsaaklik van 'n verstandelike aard is. Aandag moet ook aan die behoorlike kombinasie van voedselsoorte gegee word. Deur breinwerkers en andere wat sittende beroepe volg, moet maar min soorte by 'n maaltyd geëet word.

En teen ooreet, selfs van die heilsaamste kosse, moet daar gewaak word. Die natuur kan niks meer gebruik as wat benodig word om die verskillende soorte organe van die liggaam op te bou nie. en oormaat verstop die gestel. Menige student se gesondheid, so word daar veronderstel, het vanweë te veel studie ingegee, wanneer die eintlike oorsaak ooreet was. Terwyl behoorlike aandag aan die gesondheidswette gegee word, bestaan daar min, gevaar van verstandelike ooreising; maar in baie gevalle van sogenaamde verstandelike ineenstorting is dit die oorlaaiing van die maag wat die liggaam vermoei en die verstand ontkrag.

In die meeste gevalle is twee maaltye te verkies bo drie. Die aandete, as dit vroeg genuttig word, belemmer die spysvertering van die vorige maaltyd. Wanneer dit later geëet word, word dit self nie voor slapenstyd verteer nie. Sodoende slaag die maag nie daarin om die nodige rus te kry nie. Die slaap word versteur, die brein en senuwees is vermoeid, die eetlus vir ontbyt word in die wiele gery, die hele liggaam is onverkwik en ongereed vir die pligte van die dag.

Die belangrikheid van reëlmaat in die etens- en slapenstyd moet nie oor die hoof gesien word nie. Aangesien die werk om die liggaam op te bou gedurende die rusure plaasvind, is dit noodsaaklik, veral vir die jeug, dat slaap gereeld en oorvloedig moet wees.

- 206 -

Sover moontlik moet ons dit vermy om haastig te eet. Hoe korter die tyd vir 'n maal, hoe minder moet daar geëet word. Dit is beter om 'n maaltyd oor

te slaan as om te eet sonder om behoorlik te kou.

'n Maaltyd behoort 'n tyd vir onderlinge verkeer en verkwikking te wees. Alles wat kan bedruk of irriteer, moet verban word. Laat vertroue, vriendelikheid en dankbaarheid teenoor die Gewer van alle goeie gawes gekoester word en die gesprek sal opgewek wees, 'n aangename gedagtevloei wat sal ophef sonder om moeg te maak.

Die nakoming van matigheid en reëlmaat in alle dinge het 'n wonderlike mag. Dit sal meer doen as omstandighede of natuurlike gawes om daardie minsaamheid en kalmte van geaardheid te bevorder wat soveel werd is om die lewensweg gelyk te maak. Terselfdertyd sal daar bevind word dat die mag van selfbeheersing wat so verkry word, een van die waardevolste stukkies toerusting is om suksesvol die strawwe pligte en werklikhede wat op elke mens wag, die hoof te bied.

Die wysheid se "weë is lieflike weë en al sy paaie is vrede." Spreuke 3:17. Laat elke jongmens in ons land, met die moontlikhede voor hom van 'n hoër lotsbestemming as die van gekroonde konings, die les oordink wat in die woorde van die wyse man aan ons oorgedra word: "Gelukkig is jy, o land, as jou koning 'n edele is en as jou vorste op die regte tyd maaltyd hou soos manne en nie soos drinkers nie." Prediker 10:17.



# Ontspanning

***"ALLES HET SY BEPAALDE UUR,"***

- 207 -

DAAR is 'n verskil tussen ontspanning en vermaaklikheid. Ontspanning beteken eintlik herskepping en neig daartoe om te versterk en op te bou. Deur ons uit ons gewone sorge en werksaamhede weg te roep, voorsien dit 'n verkwikking vir verstand en liggaam en stel ons dus in staat om met nuwe krag na die ernstige take van die lewe terug te keer. Vermaaklikheid, daarenteen, word net ter wille van plesier begeer en word dikwels oordryf; dit neem die kragte in beslag wat vir nuttige werk nodig is en is sodoende 'n hinderpaal vir ware lewensukses.

Die hele liggaam is vir werksaamheid ontwerp; en tensy die liggaamlike vermoëns deur aktiewe oefening gesond gehou word, kan die verstandelike kragte nie lank tot hul volle kapasiteit aangewend word nie. Die liggaamlike inaktiwiteit wat in die klaskamer skynbaar so te sê onvermydelik is - tesame met ander ongesonde toestandemaak dit vir kinders 'n lastige plek, veral vir die wat swak gestelle het. Dikwels is die ventilasie onvoldoende. Sleg geboude banke bevorder onnatuurlike posisies, wat op dié manier die werking van die longe en die hart inperk Hier moet klein kindertjies van drie tot vyf uur per dag deurbring, terwyl hulle lug inasem wat met onsuiwerheid belaai en miskien met siektekieme besmet is. Geen wonder dat die grondslag vir lewenslange siekte so dikwels in die klaskamer gelê word nie. Die brein, die delikaatste van al die fisieke

- 208 -

organe en dié een waarvan die senuenergie van die hele gestel afkomstig is, ly die grootste skade. Deur dit in voortydige of oormatige aktiwiteit. in te dwing en dit in ongesonde toestande, word dit verswak en dikwels is die bose gevolge permanent.

Kinders moet nie lank binnenshuis opgesluit word nie, ook moet daar nie van hulle verwag word om hulle intensief op studie toe te lê alvorens 'n goeie fondament vir liggaamlike ontwikkeling gelê is nie. Gedurende die eerste agt of tien jaar van 'n kind se lewe is die veld of tuin die beste klaskamer, die moeder die beste onderwyseres, die natuur die beste lesboek. Selfs wanneer die kind oud genoeg is om skool te gaan, moet sy gesondheid as van groter belang geag word as boekgeleerdheid. Hy moet omring word deur die toestande wat vir sowel fisieke as verstandelike groei die gunstigste is.

Nie net die kind verkeer weens gebrek aan lug en oefening in gevaar nie.

In die hoër sowel as in die laer skole word hierdie noodsaaklike vereistes vir die gesondheid nog te dikwels afgeskeep. Menige student sit dag na dag in 'n bedompige kamer oor sy boeke gebuig, sy bors so inmekaargedruk dat hy nie 'n volle, diep asemteug kan intrek nie en sy bloedsomloop is traag, sy voete koud, sy kop warm. Omdat die liggaam nie voldoende gevoed word nie, word die spiere verswak en die hele gestel ontsenu en sieklik. Dikwels word sulke studente lewenslange invalides. Hulle kon met 'n toename van fisieke sowel as verstandelike krag uit die skool gekom het, as hulle hul studie in behoorlike omstandighede voortgesit het, met gereelde oefening in die sonskyn en buitelug.

Die student wat met 'n beperkte hoeveelheid tyd en middele spartel om 'n opvoeding te verkry, moet besef dat dit wat aan liggaamlike oefening bestee word, nie verkwis

- 209 -

word nie. Wie voortdurend in sy boeke verdiep is, sal met verloop van tyd vind dat die verstand sy varsheid verloor het. Diegene wat behoorlike aandag aan liggaamlike ontwikkeling skenk, sal met die geleerdheid groter vooruitgang maak as wat hulle sou indien al hulle tyd aan studie gewy word.

Deur uitsluitlik een denkrigting te volg, raak die verstand dikwels in die war. Maar elke vermoë kan met veiligheid aangewend word as die verstandelike en liggaamlike kragte ewe veel ingespan en die gedagteonderwerpe afgewissel word.

Fisieke onaktiwiteit verminder nie net verstandelike krag nie, maar ook die sedelike. Die breinsenuwees wat met die hele gestel verbind is, is die medium waardeur die hemel met die mens kommunikeer en die innerlike lewe beïnvloed. Wat ook al die sirkulasie van die elektriese stroom in die senuweestelsel verhinder en sodoende die lewenskrag verswak en verstandelike ontvanklikheid laat afneem, maak dit moeiliker om die sedelike natuur te wek.

Verder skep oormatige studie, omdat dit die bloedtoevoer na die brein vermeerder, 'n ongesonde prikkelbaarheid wat daartoe neig om die mag van selfbeheersing in te kort en te dikwels laat dit impuls of wispelturigheid die oorhand kry. Sodoende word die deur vir onreinheid oopgestel. Die misbruik of onbruik van die liggaamskragte is grotendeels verantwoordelik vir die vloedgolf van korrupsie wat oor die wêreld spoel. "Trotsheid, oorvloed van brood en sorgelose rus," is in hierdie geslag net sulke dodelike vyande van die menslike vooruitgang as toe dit tot die verwoesting van Sodom gelei het.



Onderwysers moet hierdie dinge verstaan en behoort hulle leerlinge in dié sake te onderrig. Leer die studente dat 'n gesonde leefwyse van die regte denkbeelde afhang en dat fisieke aktiwiteit vir rein gedagtes noodsaaklik is.

- 210 -

Die vraagstuk van geskikte ontspanning vir hulle leerlinge is iets wat die onderwysers dikwels onthuts. Gimnastiese oefeninge neem 'n nuttige plek in baie skole in; maar sonder sorgvuldige toesig word dit dikwels oordryf. In die gimnasium het menige jongmense hulleself al, deur hul gepoogde kragtoere, lewenslange beserings toegedien.

Oefening in die gimnasium, hoe goed dit ook al gedoen word, kan nie die plek van ontspanning in die buitelug inneem nie en hiervoor moet ons skole beter geleenthede skep. Inspannende oefening moet die leerlinge hê. Min euwels moet meer as leeglêery en doelloosheid gevrees word. Nogtans is die neiging van die meeste atletiese sportsoorte 'n onderwerp van bekommernis vir diegene wat die welsyn van die jeug op die hart dra. Onderwysers is besorg wanneer hulle die invloed van hierdie sportsoorte op sowel die student se vooruitgang op skool as op sy sukses in die latere lewe in ag neem. Die spele wat soveel van sy tyd in beslag neem, lei die gedagtes van studie af weg. Dit help nie om die jeug vir praktiese, ernstige werk in die lewe voor te berei nie. Hul invloed neig nie tot verfyning, edelmoedigheid of ware manlikheid nie.

Sommige van die gewildste vermaaklikhede, soos voetbal en boks, het leerskole vir brutaliteit geword. Dit ontwikkel dieselfde eienskappe as die spele van antieke Ronie. Die liefde vir oorheersing, die trots op blote brute krag, die roekelose verontagsaming van die lewe, oefen op die jeug 'n demoraliserende mag uit wat verskriklik is.

Ander atletiese spele is, hoewel nie so verdierlikend nie, skaars minder afkeurenswaardig, weens die oordaad waartoe dit gevoer word. Dit stimuleer die liefde vir genot en opwinding en kweek dus 'n teensin in nuttige arbeid, 'n neiging om die praktiese pligte en verantwoordelikhede te ontwyk. Dit neig om die lus vir die lewe se alledaagse

- 211 -

werklikhede en sy rustige genietinge te vernietig. So word die deur tot losbandigheid en wetteloosheid oopgestel, met hul vreeslike gevolge.

Soos gewoonlik gehou, is vermaaklikheidspartytjies ook 'n belemmering vir ware groei, van of die verstand of die karakter. Ligsinnige geselskap, gewoontes van spandabelheid, van plesiersoekery en te dikwels van losbandigheid, word gevorm, wat die hele lewe ten kwade fatsoeneer. In die plek van

sulke vermaaklikhede kan ouers en onderwysers veel doen om gesonde en lewegewende tydverdryf te voorsien.

In dié, soos in alle ander sake wat ons welsyn raak, het Ingewing die weg aangewys. In die vroeë eeue, toe die volk onder Gods leiding gestaan het, was die lewe eenvoudig. Hulle het na aan die hart van die natuur gelewe. Hulle kinders het hul ouers se arbeid gedeel en die prag en verborgenhede van die natuur se skathuis bestudeer. En in die stilte van veld en woud het hulle daardie magtige waarhede bepeins wat van geslag tot geslag as 'n heilige kleinood aan hulle oorgelewer is. So 'n opleiding het sterk manne gelewer.

In hierdie eeu het die lewe kunsmatig geword en mense het ontaard. Hoewel ons miskien nie ten volle na die eenvoudige gewoontes van daardie vroeë tye sal terugkeer nie, kan ons daaruit lesse leer wat ons tye van ontspanning tye van ware opbou vir liggaam en verstand en siel sal maak.

Met die vraagstuk van ontspanning het die omgewing van die huis en skool baie te doene. In die keuse van 'n tuiste of die plek vir 'n skool moet hierdie dinge in ag geneem word. Diegene vir wie verstandelike en fisieke welsyn gewigtiger as geld of die aansprake en gewoontes van die samelewing is, moet vir hulle kinders die voordele van die natuur se onderrig en ontspanning te midde van sy omge-

- 212 -

wing, soek. Dit sou in opvoedkundige werk 'n groot hulpmiddel wees as elke skool so geleë kon wees dat dit die leerlinge grond vir bewerking en toegang tot veld en bos kon bied.

Ten opsigte van ontspanning vir die student sal die beste resultate deur die persoonlike samewerking van die onderwyser verkry word. Die ware onderwyser kan aan sy leerlinge min geskenke gee wat so kosbaar is as die gawe van sy eie kameraadskap. Dit is waar van manne en vroue en hoeveel te meer van jongmense en kinders, dat net namate ons deur simpatie met hulle in aanraking kom, ons hulle kan verstaan en ons sal moet verstaan om op ons doeltreffendste te kan bevoordeel. Om die gevoelsband tussen onderwyser en student te versterk, is daar min maniere wat soveel waarde het as aangename samesyn met mekaar buitekant die klaskamer. In sommige skole is die onderwyser altyd saam met sy leerlinge gedurende hul ure van ontspanning. Hy voeg hom by hulle in hul ondernemings, vergesel hulle op hul uitstappies en vereenselwig hom skynbaar met hulle. Dit sou vir ons skole goed wees indien hierdie gewoonte algemener nagevolg sou word. Die opoffering wat van die onderwyser vereis word, sou groot wees, maar hy



sou 'n ryke beloning oes.

Geen ontspanning wat net ten nutte van hulself sou wees, sal die kinders en jongmense soveel tot seën strek as die wat hulle hulpvaardig teenoor andere maak nie. Van nature geesdriftig en ontvanklik, reageer die jongmense gou op voorstelle. Laat die onderwyser, wanneer hy planne beraam om plante te kweek, trag om 'n belangstelling vir die verfraaiing van die skoolgrond en die klaskamer gaande te maak. 'n Dubbele voordeel sal hieruit spruit. Wat die leerlinge probeer om te verfraai, sal hulle onwillig wees om te laat beskadig of ontsier. 'n Verfynde smaak, ordelie-

- 213 -

wendheid en die gewoonte van sorgsaamheid sal aangemoedig word; en die gees van kameraadskap en samewerking wat tot stand kom, sal vir die leerlinge 'n lewenslange seën wees.

So ook kan 'n nuwe belangstelling in tuinwerk of die uitstappie in veld of bos gewek word wanneer die leerlinge aangespoor word om te dink aan diegene wat ingeperk is, weg van hierdie aangename plekke af en om die mooi dinge van die natuur met hulle te deel.

Die waaksame onderwyser sal baie geleenthede vind om sy leerlinge tot hulpvaardige dade te besiel. Veral deur klein kindertjies word die onderwyser met byna grenslose vertroue en agting bejeën. Wat hy ook al mag voorstel oor maniere om tuis hulpvaardig te wees, getrouheid in die alledaagse take, die versorging van die siekes of die armes, kan byna nie anders as om vrugte op te lewer nie. En so kan daar weer eens 'n dubbele voordeel verkry word. Die vriendelike voorstel sal op sy bron reageer. Dankbaarheid en samewerking van die kant van die ouers sal die onderwyser se las verlig en sy pad bestraal.

Aandag aan ontspanning en liggaamlike opvoeding sal ongetwyfeld by tye die gereelde roetine van die skoolwerk onderbreek; maar die onderbreking sal nie 'n werklike hindernis wees nie. Deur die verlewendiging van verstand en liggaam, die aankweek van 'n onselfsugtige gesindheid en die samesnoering van leerling en onderwyser deur bande van gemeenskaplike belang en vriendelike omgang, sal die besteding van tyd en moeite honderdvoudig beloon word. 'n Geseënde veiligheidsklep vir daardie rustelose energie wat vir jongmense so dikwels 'n bron van gevaar is, sal voorsien word. As 'n skans teen kwaad is die vroeëre inbesitname van die verstand deur die goeie meer werd as ontelbare versperrings van wet en dissipline.

# Ambagsopleiding

***"MAAR ONS VERMAAN JULLE ... OM ... MET JULLE EIE HANDE TE WERK."***

- 214 -

BY DIE skepping is arbeid as 'n seën ingestel. Dit het ontwikkeling, krag en geluk beteken. Die veranderde toestand van die aarde het, as gevolg van die sondevloek, in die werksomstandighede 'n verandering gebring en tog, hoewel dit tans met sorge, vermoeienis en pyn gepaard gaan, bly dit steeds 'n bron van geluk en ontwikkeling. En dit is 'n skans teen versoeking. Die dissipline daarvan verskaf 'n teenwig teen selfvertroeteling. en bevorder vlyt, reinheid en standvastigheid. So word dit dan 'n deel van Gods groot plan vir ons herstel van die val.

Die jongmense moet daartoe gebring word om die ware adel van arbeid in te sien. Wys hulle daarop dat God 'n onophoudelike werker is. Alle dinge in die natuur doen hul aangewese werk. Werksaamheid deurtrek die ganse skepping en om ons sending te vervul, moet ook ons aktief wees.

In ons arbeid moet ons medewerkers van God wees. Hy gee aan ons die aarde en sy skatte; maar ons moet dit by ons gebruik en gerief aanpas. Hy laat die bome groei, maar ons berei die timmerhout voor en bou die huis. Hy het die goud en silwer, die yster en die steenkool in die aarde verberg, maar dit is net deur inspanning dat ons dit kan bekom.

Toon dat, hoewel God alle dinge geskape het en voortdurend alle dinge beheer, Hy ons met 'n krag toegedeel het wat nie heeltemal van Syne verskil nie. Aan ons is 'n

- 215 -

mate van beheer oordie natuurmagte gegee. Soos God deur Sy roepstem die aarde in sy skoonheid uit die baaierd tot stand gebring het, so kan ons orde en skoonheid uit verwarring voortbring. En hoewel alle dinge nou deur die kwaad geskend is, voel ons tog in ons voltooide werk 'n vreugde verwant aan Syne, toe Hy die skone aarde aanskou en verklaar het dat dit "baie goed" is.

Oor die algemeen sal die oefening wat vir jongmense die voordeligste is, in nuttige werk gevind word. Die klein kindjie vind sowel afleiding as ontwikkeling deur te speel; en sy sport moet van so 'n aard wees dat dit nie net liggaamlike groei bevorder nie, maar ook die verstandelike en die geestelike. Namate hy in krag en intelligensie toeneem, sal die beste ontspanning in die een of ander soort nuttige inspanning gevind word. Wat die hand tot

hulpvaardigheid oplei en jongmense leer om hulle deel van die lewe se laste te dra, is die doelmatigste om die groei van verstand en karakter te bevorder.

Jongmense moet geleer word dat die lewe ernstige werk, verantwoordelikheid en sorg beteken. Hulle het 'n opleiding nodig wat hul prakties sal maak - manne en vroue wat noodgevalle die - hoof kan bied. Hulle moet geleer word dat die dissipline van stelselmatige, goed gereguleerde arbeid noodsaaklik is, nie net as 'n skans teen die wisselvallighede van die lewe nie, maar as 'n hulpmiddel tot alsydige ontwikkeling.

Nieteenstaande alles wat reeds oor die waardigheid van arbeid gesê en geskryf is, heers die gevoel dat dit vernederend is. Jongmanne is gretig om onderwysers, klerke, handelaars, geneeshere, regsgeleerdes te word, of om die een of ander posisie te beklee wat nie liggaamlike arbeid vereis nie. Jong dames vermy huiswerk en streef na opleiding in ander rigtings. Hierdie mense sal moet leer dat geen man of vrou deur eerlike arbeid verlaag word nie. Wat wel verlaag, is leeglêery en selfsugtige afhanklikheid. Leeglêery

- 216 -

werk selfvertroeteling in die hand en die gevolg is 'n leë en onvrugbare lewe- 'n land wat elke vorm van kwaad uitnooi om te groei. "Want die grond wat die reën indrink wat dikwels daarop val en nuttige plante voortbring ter wille van hulle vir wie dit ook bewerk word, het deel aan die seën van God. Maar as dit dorings en distels oplewer, deug dit nie en is naby die vervloeking - die einde daarvan is verbranding." Hebreërs 6:7, 8.

Baie van die studierigtings wat die student se tyd in beslag neem, is nie vir nuttigheid of geluk noodsaaklik nie; maar dit is vir elke jongmens noodsaaklik om 'n deeglike kennis van die alledaagse pligte te hê. Indien nodig, kan 'n jong dame sonder 'n kennis van Frans en algebra, of selfs die klavier, klaarkom; maar dit is onontbeerlik dat sy leer om goeie brood te bak, om netjies passende kledingstukke te maak en om doeltreffend die baie pligte in verband met die huishouding na te kom.

Vir die gesondheid en geluk van die hele gesin is daar niks belangriker as die vaardigheid en intelligensie van die kok se kant nie. Deur swak voorbereide, ongesonde voedsel kan sy sowel die volwassene se bruikbaarheid as die kind se ontwikkeling verhinder en selfs ruïneer. Of deur die voedsel te voorsien wat by die behoeftes van die liggaam aangepas is en wat terselfdertyd aanloklik en smaaklik is, kan sy net soveel indie regte rigting doen as wat sy andere sins in die verkeerde bewerkstellig. So hang lewensgeluk, op baie maniere, saam met getrouheid in die alledaagse pligte.

Aangesien sowel manne as vroue in die huislike lewe 'n rol speel, moet



seuns sowel as dogters van huishoudelike pligte 'nkennis opdoen. Om'n bed op te maak en 'n kamer aan diekant te kry, om skottelgoed te was, om 'n maaltyd te berei, om sy eie klere te was en heel te maak, is 'n opleiding wat geensins aan enige seun se manlikheid afbreuk hoef re doen nie; dit sal hom gelukkiger en bruikbaarder

- 217 -

maak. En as dogters, op hulle beurt, kon leer om 'n perd op te tuig en die leisels te hou en om die saag en die hamer te hanteer, sowel as die hark en die skoffelpik, sou hulle beter toegerus wees om die gebeurlikhede van die lewe die hoof te bied.

Laat die kinders en jongmense uit die Bybel leer hoedat God vir die werk van die gewone arbeider hoogagting betoon het. Laat hulle van die "profeteseuns" (2 Konings 6:1-7), lees, studerendes op skool, wat vir hulleself 'n huis aan 't bou was en ten behoewe van wie 'n wonderwerk verrig is om die verlies van die geleende byl te voorkom. Laat hulle van Jesus, die skrynwerker en Paulus, die tentmaker, lees, wat met die arbeid van die ambagsman die mees verhewe menslike en Goddelike diens verbind het. Laat hulle lees van die seun wie se vyf brode deur die Heiland gebruik is in daardie merkwaardige wonderwerk om die menigte te voed; van Dorkas, die kleremaakster, wat uit die dode teruggeroep is, sodat sy kon voortgaan om. vir die armes klere te maak; van die verstandige vrou wat in Spreuke beskryf word, wat "sorg vir wol en vlas en ... met gewillige hande [werk];" en sy "gee voedsel aan haar huisgesin en die bestemde deel aan haar diensmeisies;" wat 'n wingerd plant en "haar arms stewig" hou - "sy brei haar handpalm uit na die ellendige en sy steek haar hande uit na die behoeftige; "opmerksaam gaan sy die werksaamhede van haar huis na en die brood van luiheid eet sy nie." Spreuke 31:13,15-17,20,27.

Van so iemand sê God: "Sy moet geprys word. Gee haar van die vrug van haar hande en laat haar werke haar prys in die poorte."Spreuke 31:30, 31.

Vir elke kind moet die eerste ambagskool dié huis wees. En fasiliteite vir ambagsopleiding moet, sover moontlik, aan eike skool verbonde wees. In 'n groot mate Sou so 'n opleiding die plek van 'die gimnasium inneem, met die bykomende voordeefdat dit waardevolle dissipline bied.

- 218 -

Onderrig in handearbeid verdien baie meer aandag as wat dit al geniet het. Skole moet gestig word wat, benewens die hoogste verstandelike en morele ontwikkeling, die beste moontlike fasiliteite vir liggaamlike ontwikkeling en ambagsopleiding sal voorsien. Onderrig moet gegee word in landbou, ver-

vaardiging - wat soveel moontlik van die nuttigsteambagte dek - asook in huishoudkunde, gesonde kookkuns, naaldwerk, higiëniese kleremakery, die behandeling van die siekes en aanverwante rigtings. Tuine, werkswinkels en behandelingskamers moet voorsien word en die werk in elke rigting moet onder leiding van bekwame instrukteurs staan.

Die werk moet 'n bepaalde doel hê en deeglik wees. Hoewel elke mens van verskillende soorte handwerk moet kennis dra, is dit onontbeerlik dat hy in ten minste een bedrewe moet wees. Elke jongmens moet, teen die tyd dat hy die skool verlaat, reeds 'n kennis opgedoen het van die een of ander ambag of werk waardeur hy, indien nodig, sy brood sou kon verdien.

Die beswaar wat die meeste teen ambagsopleiding in die skole geopper word, is die groot belegging wat daarby betrokke is. Maar die doel wat verwesenlik moet word, is die koste werd. Geen ander werk wat aan ons toevertrou is, is so belangrik soos die opleiding van die jeug nie en elke uitgawe wat vereis word om dit reg teweeg te bring, is middele wat goed bestee is.

Selfs uit die oogpunt van finansiële resultate sou die uitgawe wat vir ambagsopleiding benodig word, ware besuiniging meebring. Menigtes van ons seuns sou van die straathoeke af en uit die kroeg gehou word; die uitgawes op tuine, werkswinkels en baddens sou meer as gedek word deur die besparing op hospitale en verbeteringshuise. En die jongmense self, opgelei vir gewoontes van vlyt en bekwaam in verskillende rigtings van produktiewe arbeid - wie kan

- 219 -

hulle waarde vir die samelewing en die volk bereken?

As afleiding van studie, is werk in die buitelug, wat aan die hele liggaam oefening bied, die voordeligste. Geen ambagsopleiding is van meer waarde as landbou nie. 'n Groter poging moet aangewend word om 'n belangstelling in landbouwerksaamhede te wek en aan te spoor. Laat die onderwyser die aandag vestig op wat die Bybel oor landbou sê: dat dit Gods plan was vir die mens om die grond te bewerk; dat daar aan die eerste mens, die regeerder van die hele wêreld, 'n tuin gegee is om te bewerk; en dat baie van die wêreld se grootste manne, sy ware adel, landbouers was. Wys op die geleenthede in so 'n lewe. Die wyse man sê: "Maar 'n voordeel vir 'n land onder alles is dit: 'n koning wat aan die landbou diensbaar word." Prediker 5:8. Van hom wat die grond bewerk, verklaar die Bybel: "En sy God het hom onderrig hoe om dit te doen, Hy leer hom." En verder: "Wie 'n vyeboom oppas, sal sy vrugte eet." Jesaja 28:26; Spreuke 27:18. Hy wat sy heenkome uit landbou verdien, spring baie versoekings vry en geniet tallose voorregte en seëninge wat diegene



ontsê word wie se werk in die groot stede is. In hierdie tyd van reusekonsortiums en handeiswedywering is daar min wat so 'n ware onafhanklikheid en so 'n groot sekerheid van 'n redelike opbrengs vir hulle arbeid geniet as die landbouer.

Laat daar in die studie van landbou aan die leerlinge nie net die teorie oorgedra word nie, maar ook die praktyk. Terwyl hulle leer wat die wetenskap te kenne gee oor die natuur en die voorbereiding van die grond, die waarde van verskillende gewasse en die beste produksieinetodes, laat hulle hul kennis toepas. Laat onderwysers die werk met die studerendes deel en toon watter resultate deur vernuftige, intelligente inspanning bereik kan word. Sodoende kan 'n opregte belangstelling gewek word, 'n ambisie om die werk

- 220 -

op die beste moontlike manier te doen. So 'n ambisie sal, saam met die verkwikkende gevolge van oefening, sonskyn en suiwer lug 'n liefde vir landbouarbeid skep wat by baie jongmense die keuse van hul lewenswerk sal bepaal. So kan invloede aan die gang gesit word wat baie daartoe sou bydra om die gety te keer van die volksverhuising wat tans so sterk na die stede vloei.

So sou ons skole ook doeltreffend kon help om vir die werklose massa 'n heenkome te bied. Duisende hulpelose en verhongerde wesens, wie se getalle daagliks die misdadigersklasse laat aanswel, kon in 'n gelukkige, gesonde, onafhanklike leefwyse tot selfstandigheid geraak, as hulle deur die bewerking van die grond in bekwame, ywerige arbeid gelei word.

Die voordeel van ambagsopleiding word ook deur professionele mense benodig. 'n Mens kan miskien 'n briljante verstand hê; hy kan vlug wees om idees te snap; sy kennis en vernuf kan vir hom tot die roeping van sy keuse toegang verleen; nogtans kan hy ver van 'n bevoegdheid vir sy pligte wees. 'n Opvoeding wat hoofsaaklik uit boeke verkry is, lei tot oppervlakkige denke. Praktiese werk bevorder fyn waarneming en onafhanklike denke. As dit reg beoefen word, neig dit tot die ontwikkeling van daardie praktiese wysheid wat ons gesonde verstand noem. Dit ontwikkel die vermoë om te beplan en uit te voer, versterk moed en deursettingsvermoë en verg die beoefening van takt en vaardigheid.

Die geneesheer wat die fondament vir sy professionele kennis deur werklike diens in die siekekamer gelê het, sal 'n helderheid van insig besit, 'n algemene kennis en 'n bekwaamheid in noodgevalle om die vereiste diens te leweralmal essensiële kwalifikasies, wat net 'n praktiese opleiding so volko-

me kan verleen.

- 221 -

Die predikant, die sendeling, die onderwyser sal vind dat hulle invloed by die mense grootliks toeneem as dit duidelik word dat hulle die kennis en vaardigheid besit wat vir die praktiese pligte van die alledaagse lewe nodig is. en dikwels hang die sendeling se sukses, miskien sy lewe self, van sy kennis van praktiese dinge af. Die vermoë om voedsel te berei, om ongelukke en noodgevalle te hanteer, om siekes te behandel, om 'n huis te bou of, as dit nodig is, 'n kerk - dikwels maak hierdie dinge die hele verskil tussen sukses en mislukking in sy lewenstaak.

Met die verkryging van 'n opvoeding sou baie studente 'n uiters kosbare opleiding ontvang as hulle selfonderhoudend word. In plaas van skuld te maak of van hulle ouers se selfverloëning afhanklik te wees, laat jong manne en jong vroue selfstandig word. Hulle sal sodoende die waarde van geld leer besef, die waarde van tyd, krag en geleenthede en hulle sal baie minder in die versoeking verkeer om aan ledige en spandabele gewoontes toe te gee. Die lesse van spaarsin, vlyt, selfverloëning, die bestuur van praktiese sake en doelgerigtheid, wat op dié wyse bemeester word, sou 'n uiters, belangrike deel van hul toerusting vir die lewenstryd wees. En die les van eiehulp wat deur die student opgedoen word, sou baie daartoe bydra om opvoedkundige inrigtings te vrywaar teen die skuldelas waaronder so baie skole al gespartel het en wat soveel gedoen het om hul bruikbaarheid lam te lê.

Laat die jongmense beïndruk word met die gedagte dat opvoeding nie daar is om hulle te leer hoe om die lewe se onaangename take en swaar laste vry te spring nie; dat die doel daarvan is om die werk te verlig deur beter metodes en meer verhewe doelstellings te leer. Leer hulle dat die lewe se ware oogmerk nie is om die grootste wins vir hulself te verwerf nie, maar om hul Skepper te eer deur hulle deel

- 222 -

van die wêreld se werk te doen en 'n helpende hand uit te strek na diegene wat swakker of onkundiger is.

Een groot rede waarom daar op handearbeid neergesien word, is die slordige onnadenkende wyse waarop dit so dikwels verrig word. Dit word uit noodsaak gedoen, nie uit keuse nie. Die werker lê hom nie met hart en siel daarop toe nie en hy behou nie sy selfrespek en dwing ook nie die agting van andere af nie. Ambagsopleiding moet hierdie wanbegrip uit die weg ruim. Dit moet gewoontes van noukeurigheid en deeglikheid ontwikkel, leerlinge behoort takt en stelselmatigheid aan te leer; hulle moet leer om tyd te bespaar en elke oomblik te laat meetel. Hulle moet nie net die beste metodes geleer word nie, maar besiel word met die ambisie om voortdurend te verbeter. Laat dit hulle doel wees om hul werk so naby aan volmaaktheid te bring as wat vir die menslike brein en hande moontlik is.



So 'n opleiding sal die jongmense meesters en nie slawe van arbeid maak nie. Dit sal die lot van die werkesel verlig en selfs die nederigste beroep veredel. Hy wat arbeid net as sleurwerk beskou en wat dit met selfvoldane onkunde aanpak, sonder om 'n poging ter verbetering aan te wend, sal beslis vind dat dit 'n las is. Maar diegene wat kundigheid in die nederigste werkie erken, sal edelheid en skoonheid daarin raaksien en dit sal sy behae wees om dit getrou en doeltreffend te doen.

'n Jongmens wat só opgelei is, sal, wat sy roeping in die lewe ook al mag wees, mits dit eerlik is, sy posisie bruikbaar en eerwaardig maak.

# KARAKTERBOU

*"Kyk dat jy alles maak volgens die voorbeeld wat jou op die berg getoon is."*

# Opvoeding en Karakter

***"EN DAAR SAL BESTENDIGHEID VAN JOU TYE WEES, 'n RYKDOM VAN VOLLE VERLOSSING, VAN WYSHEID EN KENNIS."***

- 225 -

WARE opvoeding verontagsaam nie die waarde van wetenskaplike kennis of geleerdheid nie; maar bo informasie takseer dit mag; bo mag, goedheid; bo intellektuele prestasies, karakter. Die wêreld het nie soseer manne van groot intellek as van edele karakter nodig nie. Dit het manne nodig in wie aanleg deur standvastige beginsels beheer word.

"Die beginsel van die wysheid is: Verwerf wysheid." "Die tong van die wyse getuig van grondige kennis." Spreuke 4:7; 15:2. Ware opvoeding voorsien hierdie wysheid. Dit leer die beste gebruik nie net van een van ons vermoëns en talente nie, maar van almal. Sodoende dek dit die hele kringloop van verpligting - teenoor onsself, teenoor die wêreld en teenoor God.

Karakterbou is die belangrikste werk wat ooit aan die mense toevertrou is; en nog nooit vantevore was die naarstige studie daarvan so belangrik soos nou nie. Nog nooit is enige vorige geslag ooit geroep om sulke gewigtige vraagstukke die hoof te bied nie; nooit vantevore het jong manne en jong vroue voor sulke groot gevare gestaan as die wat hulle vandag in die gesig staar nie.

Wat, in 'n tyd soos hierdie, is die strekking van die opvoeding wat aangebied word? Op watter motief word die meeste 'n beroep gedoen? Op selfsug. Veel van die opvoeding wat aangebied word, is 'n verdraaiing van die naam. In ware opvoeding vind selfsugtige ambisie, die

- 226 -

magswellus, die verontagsaming van mense se regte en behoeftes, wat die vloek van ons wêreld is, 'n teeninvloed. Gods plan vir die lewe het 'n plek vir elke mens. Elkeen moet sy talente tot die uiterste toe ontwikkel; en getrouheid hierin, of die gawes nou min of baie is, maak 'n mens geregtig op eer. In Gods plan is daar geen ruimte vir selfsugtige mededinging nie. Die wat hulle met hulself meet en met hulself vergelyk, is onverstandig. 2 Korinthiërs 10:12. Wat ons ook al doen, moet gedoen word "soos uit die krag wat God verleen." 1 Petrus 4:11. Dit moet "van harte soos vir die Here en nie vir mense nie" gedoen word, "omdat julle weet dat julle van die Here die erfenis as vergelding sal ontvang, want julle dien die Here Christus." Kolossense 3:23, 24. Kosbaar is die diens wat gelewer en die opvoeding wat verkry word deur hierdie be-

ginsels na te leef. Maar hoe heel anders is baie van die opvoeding wat tans aangebied word! Vanaf die kind se vroegste jare is daar 'n oproep tot ewenaring en wedywering; dit bevorder selfsug, die wortel van alle kwaad.

So word stryd om die opperheerskappy geskep; en die "blokstelsel" word aangemoedig, wat in so baie gevalle die gesondheid vernietig en die mens vir bruikbaarheid ongeskik maak. By baie ander lei wedywering tot oneerlikheid; en deur ambisie en ontevredenheid in die hand te werk, verbitter dit die lewe en help dit om die wêreld te vul met daardie rustelose, onstuimige geeste wat 'n voortdurende bedreiging vir die samelewing is.

Ook steek die gevaar nie net in metodes nie. Dit is ook in die vakinhoud van die studie te vinde.

Wat is die werke waarop die gedagtes van die jongmense gelei word om, deur die ontvanklikste lewensjare, te teer? Uit watter fonteine word die jongmense, in die studie van taal en letterkunde, geleer om te drink ? - Uit die

- 227 -

putte van die paganisme, uit fonteine wat deur die korrupsies van die antieke heidendom gevoed word. Hulle word gelas om skrywers te bestudeer, van wie daar, sonder teenspraak, verklaar word dat hulle geen ontsag vir sedelike beginsels het nie.

En van hoeveel moderne outeurs kan dieselfde ook gesê word! By hoeveel is die bekoring en skoonheid van taal net 'n vermomming vir beginsels wat in hul ware misvorming die leser sou afstoot!

Benewens dié is daar 'n magdom fiksieskrywers wat na aangename drome in paleise van gemaksug lok. Teen hierdie skrywers kan die beskuldiging van onsedelikheid miskien nie ingebring word nie; nogtans is hulle werke nie minder met boosheid belaai nie. Dit beroof duisende derduisende van die tyd en energie en selfdissipline wat deur die ernstige probleme van die lewe vereis word.

In die studie van die wetenskap, soos oor die algemeen behartig word, skuil daar ewe groot gevare. Ewolusie en sy verwante dwalinge word in skole op elke vlak geleer, vanaf die kindertuin tot die kollege. So word die studie van die wetenskap, wat 'n kennis van God behoort mee te deel, dermate met die spekulasies en teorieë van mense vermeng dat dit tot ongeloof neig.

Selfs Bybelstudie, soos dit alte dikwels in die skole aangebied word, beroof die wêreld van die kosbare skat van Gods Woord. Die werk van die "hoër kritiek," met sy disseksie, gissing, rekonstruksie, vernietig geloof in die Bybel as 'n Goddelike openbaring; dit beroof Gods Woord van die mag om menselewens te beheer, op te hef en te inspireer.



Soos die jongmense in die wêreld uitgaan om sy verlokkings tot sonde tegemoet te gaan - die drang tot geld. makery, tot vermaak en selfvertroeteling, tot vertoonsug, weelde en spandabelheid, die kullery, bedrog, roof en ondergang - wat is die leerstellings wat daar teengekom word?

- 228 -

Die spiritisme verklaar dat mense ongevalle halfgode is; dat "elke verstand homself sal oordeel;" dat "ware kennis die mens bokant elke wet plaas;" dat "alle sondes wat gepleeg word, onskuldig is;" dat "wat ook al is, reg is," en dat "God nie veroordeel nie." Die laagste onder die mense word uitgebeeld as synde in die hemel, waar hulle glo hoog verhewe is. So verklaar dit aan alle mense: "Dit maak nie saak wat u doen nie; lewe soos dit u behaag, die hemel is ti tuiste." Menigtes word op hierdie wyse daartoe gelei om te glo dat begeerte die hoogste wet is, dat losbandigheid vryheid beteken en dat die mens net aan homself hoef rekenskap te gee.

Met sodanige onderrig wat reg by die aanvang van die lewe gegee word, wanneer impulsiwiteit op sy sterkste is en die behoefte aan selfbeheersing en reinheid die dringendste, waar is die skanse vir die deug? Wat moet die wêreld daarteen vrywaar om 'n tweede Sodom te word?

Terselfdertyd probeer anargie om alles wat wet is, weg te vee, nie net die Goddelike nie, maar ook die menslike. Die sentralisering van rykdom en mag; die geweldige konsortiums ter verryking van 'n paar ten koste van die vele; die samesnoering van die armer klasse ter beskerming van hul belange en aansprake; die gees van onrus, van oproer en bloedvergieting; die wêreldwye verspreiding van dieselfde leerstellings wat tot die Franse Rewolusie gelei het - dit alles neig daartoe om die hele wêreld te betrek by 'n stryd soortgelyk aart die wat Frankryk in beroering gebring het.

Sodanig is die invloede wat die hedendaagse jeug tegemoetgaan. Om te midde van sulke omwentelinge staande te bly, moet hulle nou die karakterfondamente lê.

In elke geslag en in elke land was die ware fondament en die patroon vir karakterbou dieselfde. Die Goddelike wet: "Jy moet die Here jou God liefhê uit jou hele hart ... en jou naaste soos jouself" (Lukas 10:27), die groot be-

- 229 -

ginsel wat in die lewe en karakter van ons Heiland geopenbaar is, is die enigste veilige fondament en die enigste betroubare gids.

"Daar sal bestendigheid van jou tye wees, 'n rykdom van volle verlossing, van wysheid en kennis" (Jesaja 33:6) - daardie wysheid en kennis wat Gods Woord alleen kan toebedeel.

Dit is vandag net so waar as toe die woorde oor gehoorsaamheid aan Sy gebooie tot Israel gespreek is: "Dit is julle wysheid en julle verstand voor die oë van die volke." Deuteronomium 4:6.

Hier is die enigste beveiliging vir indiwiduele integriteit, vir die reinheid van die huis, die welvaart van die samelewing, of die bestendigheid van die volk. Te midde van al die lewe se verwarring en gevare en teenstrydige aansprake is die een veilige en vaste stelreël om te doen wat God sê: "Die getuienis van die Here is gewis," en "Hy wat hierdie dinge doen, sal nie wankel in ewigheid nie." Psalm 19:8; 15:5.



# Metodes van Onderrig

***"OM AAN DIE EENVOUDIGES SKRANDERHEID TE GEE, AAN DIE JONGELING KENNIS EN OORLEG."***

- 230 -

EEUE lank het opvoeding hoofsaaklik met die geheue te doene gehad. Hierdie vermoë is tot die uiterste toe ingespan, terwyl die ander verstandelike kragte nie eweredig daarmee ontwikkel is nie. Studente het hul tyd daaraan bestee om moeisaam die verstand met kennis vol te prop, waarvan bra weinig gebruik kon word. Die verstand wat op hierdie wyse belas word met wat dit nie kan verteer en opneem nie, word verswak; dit word naderhand onbekwaam vir energieke, selfstandige inspanning en is daarmee tevrede om op die oordeel en insig van andere staat te maak.

Sommige, wat die euwels van hierdie metode ingesien het, het na 'n ander uiterste gegaan. Volgens hulle opvatting hoef die mens net te ontwikkel wat in hom is. So 'n opvoeding lei die student tot selfgenoegsaamheid en sny hom sodoende af van die bron van ware kennis en krag.

Die opvoeding wat uit geheue-onderrig bestaan, wat daartoe neig om selfstandige denke te ontmoedig, het 'n morele strekking wat te min besef word. Soos die student die mag opoffer om self te redeneer en te oordeel, verloor hy die vermoë om tussen waarheid en dwaling te onderskei en hy val maklik misleiding ten prooi. Hy word maklik gelei om oorlewering en gewoonte na te volg.

Dit is 'n feit wat algemeen verontagsaam word, alhoewel nooit sonder gevaar nie, dat dwaling selde lyk soos dit

- 231 -

werklik is. Dit is deur met waarheid vermeng te raak of hom daaraan vas te suig, dat dit aanneemlik word. Die eet van die boom van die kennis van goed en kwaad het ons oerouers se ondergang veroorsaak en die aaname van 'n mengsel van goed en kwaad is die ondergang van manne en vroue vandag. Die verstand wat op die oordeel van andere staatmaak, sal gewis vroeër of later mislei word.

Die mag om tussen reg en verkeerd te onderskei, kan ons net besit deur indiwiduele afhanklikheid van God. Elkeen moet self van Hom leer deur Sy Woord. Ons redeneervermoë is vir gebruik aan ons gegee en God wil hê dat dit aangewend moet word. "Kom nou en laat ons die saak uitmaak" (Jesaja 1:18), nooi Hy ons uit. Deur vertroue op Hom kan ons wysheid hê "om te ver-

werp wat kwaad is en om te kies wat goed is." Jesaja 7:15; Jakobus 1:5.

In alle ware onderrig is die persoonlike element noodsaaklik. Christus het in Sy onderwysing met mense per soonlik gehandel. Dit was deur persoonlike kontak en omgang dat Hy die Twaalf geleer het. Dit was privaat, dikwels aan net een toehoorder, dat Hy Sy kosbaarste lesse meegedeel het. Aan die geëerde rabbi tydens die nagtelike onderhoud op die Olyfberg, aan die veragte vrou by die put van Sigar, het Hy Sy rykste skatte oopgemaak; want in dié toehoorders het Hy die ontvanklike hart, die oop verstand, die vatbare gesindheid bespeur. Selfs die menigte wat so dikwels op Sy hakke saamgedrom het, was vir Christus nie 'n deurmekaar bondel nie. Hy het direk tot elke verstand gespreek en op elke hart 'n beroep gedoen. Hy het die gesigte van Sy toehoorders dopgehou, die op heldering van die gelaat bespeur, die vinnige, reagerende blik, wat verraai het dat waarheid die siel bereik het; en in Sy hart het daar 'n gelykluidende koord van simpatieke vreugde getril.

- 232 -

Christus het die moontlikhede in elke mens raakgesien. Hy is nie deur 'n onbelowende uiterlike of 'n ongunstige omgewing afgeskrik nie. Hy het Matthéüs uit die tolhuis en Petrus en sy broeders uit die visserskuit geroep, om van Hom te leer.

Dieselfde persoonlike belangstelling, dieselfde aandag aan indiwiduele ontwikkeling, word vandag in opvoedkundige werk benodig. Baie skynbaar onbelowende jongmense is ryklik toebedeel met talente wat nie ingespan word nie. Hulle vermoëns lê begrawe weens 'n gebrek aan insig van die kant van hul opvoeders. In menige seun of dogter, uiterlik so onaantreklik soos 'n ongepolyste steen, is kosbare materiaal te vinde wat die toets van hitte en storm en drang kan deurstaan. Die ware opvoeder, met die oog op wat sy leerlinge kan word, sal die waarde erken van die stof waarmee hy werk. Hy sal in elke leerling persoonlik belangstel en trag om al sy vermoëns te ontwikkel. Hoe onvolmaak ook al, sal elke poging om gesonde beginsels na te kom, aangespoor word.

Elke jeugdige moet die noodsaaklikheid en mag van vlyt geleer word. Hiervan, baie meer as van aanleg of talent, hang sukses af. Sonder vlyt sal die briljantste talente min baat, terwyl mense met heel gewone natuurlike gawes deur doelmatige inspanning al wondere verrig het. En genialiteit, waarvan die prestasies ons verwonder, gaan byna gereeld met onvermoeide, gekonsentreerde inspanning gepaard.

Die jeug moet geleer word om op die ontwikkeling van al hul vermoëns te mik, sowel die wat swakker as die wat sterker is. By baie is daar die neiging om hul studie te beperk tot sekere rigtings waarvan hulle natuurlikerwyse hou. Teen hierdie fout moet gewaak word. Die natuurlike

- 233 -

begaafdhede dui die rigting van die lewenswerk aan en as dit eg is, moet dit versigtig aangekweek word. Terselfdertyd moet daar in gedagte gehou word dat 'n ewewigtige karakter en bekwame werk in enige rigting grotendeels van daardie simmetriese ontwikkeling afhang wat die gevolg van deeglike, alsydige opleiding is.

Die onderwyser moet voortdurend eenvoud en doeltreffendheid nastreef. Hy moet hoofsaaklik deur middel van illustrasies onderrig gee en selfs wanneer hy met ouer leerlinge te doene kry; moet hy versigtig wees om elke uiteensetting eenvoudig en duidelik te maak. Baie leerlinge wat in jare al ver gevorder het, is maar net kinders wat hul begrip betref.

'n Belangrike bestanddeel in opvoedkundige werk is geesdrif. In dié verband is daar 'n nuttige wenk in 'n opmerking wat eenkeer deur 'n beroemde akteur kwytgeraak is. Die aartsbiskop van Kantelberg het hom die vraag gestel waarom akteurs in'n toneelstuk hul gehore so sterk ontroer deur oor denkbeeldige dinge te praat, terwyl evangeliedienaars dikwels so min invloed op hulle s'n het deur werklike dinge te bespreek. "Met alle agting, Hoogeerwaarde," het die akteur geantwoord, "veroorloof my om te sê dat die rede duidelik is: dit is in die mag van geesdrif geleë. Ons op die verhoog praat van denkbeeldige dinge asof dit werklik is en u in die kansel praat van werklikhede asof dit denkbeeldig is."

Die onderwyser het in sy arbeid met werklikhede te doene en hy moet daaroor praat met al die mag en geesdrif wat deur 'n kennis van hul werklikheid en belangrikheid ingeboesem kan word.

Elke onderwyser moet toesien dat sy werk tot bepaalde resultate neig. Voordat hy probeer om' 'n vak aan te bied, moet hy 'n duidelike plan in gedagte hê en moet presies

- 234 -

weet wat hy graag wil bereik. Hy moet nie met die voorstelling van enige onderwerp tevrede wees totdat die student die onderliggende beginsel verstaan, die waarheid daarvan insien en duidelik kan verklaar wat hy geleer het nie.

Solank die groot doel van die opvoeding in die oog gehou word, moet jongmense aangespoor word om net sover te vorder as wat bulle vermoë sal toelaat. Maar alvorens hulle die hoë studievertakkinge aandurf, laat hulle die nederiger vlak bemeester. Dit word alte dikwels nagelaat. Selfs onder

studente in die hoërskole en kolleges is daar 'n groot gebrek aan kennis van die gewone vertakkinge van die opvoeding. Baie studente wy hul tyd aan die hoër wiskunde wanneer hulle nie in staat is om eenvoudige boekhouwerk te doen nie. Baie bestudeer die spraakkuns met die oog daarop om die swier van redevoering te verwerf wanneer hulle nie op 'n verstaanbare en treffende wyse kan lees nie. Baie wat die studie van die retorika voltooi het, slaag nie in die opstel en spelling van 'n gewone brief nie.

'n Deeglike kennis van, die grondvereistes vir die opvoeding moet nie net die voorwaarde vir toelating tot 'n hoër kursus wees nie, maar steeds die toets vir voortsetting en bevordering.

En in elke vertakking van die opvoeding is daar belangriker doelstellinge om te bereik as die wat deur 'n bloot tegniese kennis verwesenlik kan word. Neem taal, byvoorbeeld. Belangriker as die aanleer van vreemde tale, lewend of dood, is die vermoë om jou moedertaal maklik en akkuraat te kan skryf en praat; maar geen opleiding wat uit 'n kennis van grammatikale reëls verkry word, is vergelykbaar met die belangrikheid van taalstudie uit 'n hoër oogpunt nie. Met hierdie studie hang, in 'n groot mate die lief en leed van die lewe saam.

- 235 -

Die hooftaalvereiste is dat dit suiwer, vriendelik en opreg moet wees - "die uiting van 'n innerlike bekoring." God sê: "Alles wat waar is, alles wat eerbaar is, alles wat regverdig is, alles wat rein is, alles wat lieflik is, alles wat loflik is - watter deug en watter lof daar ook mag wees, bedink dit." Filippense 4:8. En as die gedagtes van so 'n aard is, sal die uitdrukking ook sodanig wees.

Die beste skool vir hierdie taalstudie is die huiskring; maar aangesien die werk van die huis so dikwels afgeskeep word, berus dit by die onderwyser om sy leerlinge regte praatgewoontes te help vorm.

Die onderwyser kan veel doen om daardie slegte gewoonte te ontmoedig, die vloek van die samelewing, die buurt en die huis - die gewoonte van agterklap, skinderpraatjies, gemene kritiek. In dié verband moet geen moeite ontsien word nie. Prent die student die feit in dat hierdie gewoonte 'n gebrek aan kultuur, verfyning en ware goedhartigheid openbaar; dit maak 'n mens ongeskik vir sowel die geselskap van die werklik opgevoede en verfynde mense in hierdie wêreld as vir omgang met die heiliges van die hemel.

Ons dink met afsku aan die mensvreter wat smul aan die nog warm, sidderende vleis van sy slagoffer; maar is die gevolge van selfs hierdie gewoonte vreesliker as die foltering en verderf wat deur die wanvoorstelling van motiewe, die beswaddering van reputasies, die versnippering van karakters



bewerkstellig word? Laat die kinders en jongmense ook, leer wat God oor hierdie dinge sê:

"Dood en lewe is in die mag van die tong." Spreuke 18:2l.

In die Skrif word kwaadsprekers saam met "haters van God" geklassifiseer, met "uitvinders van slegte dinge," met diegene wat "sonder natuurlike liefde, onversoenlik, onbarmhartig," "vol nydigheid, moord, twis, bedrog, kwaad -

- 236 -

aardigheid" is. Dit is "die verordeninge van God ... dat die wat sulke dinge doen, die dood verdien." Romeine 1:30, 31, 29, 32. Hy vir wie God as burger van Sion reken, is hy wat "met sy hart die waarheid spreek; wat nie rondgaan met laster op sy tong nie," "geen smaadrede uitspreek teen sy naaste nie." Psalm 15:2, 3.

Gods Woord veroordeel ook die gebruik van daardie betekenislose uitdrukkings en kragterme wat aan vloektaal grens. Dit veroordeel die bedrieglike komplimente, die omseiling van waarheid, die oordrywing, die wanvoorstelo lings in die handel, wat in die samelewing en die sakewêreld algemeen is. "Laat julle woord wees: Ja ja, nee nee. Wat meer as dit is, is uit die Bose." Matthéüs 5:3 7.

"Soos een wat onverskillig vuurpyle, dodelike pyle afskiet, so is die man wat sy naaste bedrieg en sê: Ek speel somaar." Spreuke 26:18, 19.

Nou verwant aan skinderpraatjies is die bedekte insinuasie, die sluwe toespeling, waardeur die onreines van hart trag om die kwaad in te wurm wat hulle nie openlik durf uitspreek nie. Die jeug moet geleer word om elke toenadering van hierdie gebruike te vermy soos hulle me laatsheid sou vermy.

In die taalgebruik is daar miskien geen vergryp wat oud en jonk so geredelik in hulself oorsien as haastige, ongeduldige woorde nie. Hulle beskou dit as 'n voldoende verskoning om te sê: "Ek was nie op my hoede nie en het nie werklik bedoel wat ek gesê het nie." Maar Gods Woord neem dit nie lig op nie. Die Skrif sê:

"Het jy 'n man gesien wat haastig is in sy woorde? Vir 'n dwaas is daar meer hoop as vir hom." Spreuke 29:20.

"'n Afgebreekte stad sonder muur, so is 'n man wat sy gees nie kan inhou nie." Spreuke 25:28.

In een oomblik, deur die haastige, driftige, onverskillige

- 237 -

tong, kan kwaad aangerig word wat die berou van 'n hele lewenstyd nie ongedaan kan maak nie. O die gebroke harte, die vervreemde vriende, die

verwoeste lewens wat gevolg het op die krasse, haatige woorde van diegene wat hulp en genesing kon gebring het!

"Daar is een wat onverskillig woorde uitspreek soos swaardsteke, maar die tong van die wyse is genesing." Spreuke 12:18.

Een van die karaktertrekke wat veral in elke kind gekoester en aangekweek moet word, is daardie onbaatsugtigheid wat aan die lewe so 'n onbewuste bekoring verleen. Van alle voortreflikhede van die karakter is dit een van die lieflikstes en vir elke ware lewenswerk is dit een van die essensiëelste kwalifikasies.

Kinders het waardering, meegevoel en bemoediging nodig, maar versigtigheid moet aan die dag gelê word om nie 'n liefde vir lof by hulle te wek nie. Dit is nie verstandig om aan hulle spesiale aandag te gee of om hul oulike uitdrukkings voor hulle te herhaal nie. Die ouer of onderwyser wat die ware karakterideaal en die moontlikhede van prestasie voor oë hou, kan nie selfvoldaanheid koester of aanmoedig nie. Hy sal nie by jongmense die verlange of pogings aanmoedig om hulle aanleg of vaardigheid ten toon te stel nie. Hy wat hoër kyk as wat hy self is, sal nederig wees; tog sal hy 'n waardigheid besit wat nie deur uiterlike vertoon of menslike grootheid oorbluf of van stryk gebring word nie.

Dit is nie deur willekeurige wette of reëls dat die bekoorlikhede van die karakter ontwikkel word nie. Dit geskied deur in die atmosfeer te woon van dit wat rein, edel en waaragtig is. En waar daar ook al reinheid van hart en karakteradel is, sal dit deur 'n rein en ede! handelwyse en spraak geopenbaar word.

"Hy wat reinheid van hart liefhet, wie se lippe aangenaam is - die koning is sy vriend." Spreuke 22:11.

- 238 -

Soos met taal, so met elke ander studierigting; dit kan sodanig behartig word dat dit tot die versterking en opbou van die karakter sal strek.

Aangaande geen studierigting is dit in 'n groter mate waar as die geskiedenis nie. Laat dit uit die Goddelike oogpunt betrag word.

Soos dit te dikwels geleer word, is die geskiedenis weinig meer as 'n verslag van die opkoms en val van konings, hofintriges, die oorwinnings en neerlae van leër - magte - 'n verhaal van ambisie en hebsug, van misleiding, wreedheid en bloedvergieting. Wanneer dit op hierdie wyse onderrig word, kan dit nie anders as nadelig wees nie. Die diep bedroewende herhaling van misdade en gruwels, die afskuwelikhede, die wreedaardighede wat uitgebeeld word, saai saad wat in baie lewens in 'n oes van euwels vrugte dra.



Veel beter is dit om in die lig van Gods Woord die oorsake vas te stel wat die opkoms en ondergang van koninkryke beheers. Laat die jongmens hierdie oorkondes bestudeer en sien hoe die ware voorspoed van nasies met die aanname van die Goddelike beginsels saamhang. Laat hom die geskie. denis van die groot hervormingsbewegings bestudeer en sien hoe dikwels hierdie beginsels, hoewel verag en gehaat, met hul pleitbesorgers aan die kerker en die skavot uitgelewer, juis deur dié opofferings getriomfeer het.

So 'n studie sal breë, omvattende insigte in die lewe verleen. Dit sal die jeug help om iets van sy verhoudinge en samehang te begryp, hoe wonderlik ons in die groot broederskap van die samelewing en volke saamgesnoer is en in watter groot mate die onderdrukking en ontaarding van een lid verlies vir almal beteken.

In syferstudie moet die werk prakties gemaak word. Laat elke jongmens en elke kind geleer word, nie net om denkbeeldige probleme op te los nie, maar om 'n akkurate ver-

- 239 -

slag van sy eie inkomste en uitgawes by te hou. laat hom die regte gebruik van geld leer deur dit te gebruik. Of dit deur hul ouers of hul eie verdienste gefinansier word, laat seuns en dogters leer om hul eie klere, hul boeke en ander benodigdhede te kies en te koop; en deur 'n verslag van hul uitgawes by te hou, sal hulle leer, soos hulle op geen ander manier kan leer nie, wat die waarde en die gebruik van geld is. Hierdie opleiding sal hulle help om ware besparing enersyds van suinigheid en andersyds van kwistigheid te onderskei. As dit reg behartig word, sal dit gewoontes van welwillendheid aanmoedig. Dit sal help om jongmense te leer gee, nie, terwyl hulle gevoelens opgesweep is, uit die blote aandrif van die oomblik nie, maar gereeld en stelselmatig.

Op dié manier kan elke studierigting 'n hulpmiddel ter oplossing van daardie grootste van alle probleme word: die opleiding van manne en vroue vir die beste nakoming van lewensverantwoordelikhede.

# Gedrag

***"DIE LIEFDE ... HANDEL NIE ONWELVOEGLIK NIE."***

- 240 -

DIE waarde van hoflikheid word te min besef. Baie wat vriendelik van hart is, het 'n gebrek aan vriendelike maniere. Aan baie wat deur hul opregtheid en regskapenheid respek afdwing, ontbreek dit treurig aan hartlikheid. Hierdie gebrek skend hul eie geluk en doen afbreuk aan hul diens vir andere. Baie van die lewe se lieflikste en nuttigste ondervindings word, dikwels bloot weens 'n gebrek aan bedagsaamheid, deur die onhoflikes opgeoffer.

Veral blymoedigheid en hoflike maniere moet deur ouers en onderwysers aangekweek word. Almal kan 'n opgewekte gesig, 'n sagte stem, 'n hoflike houding besit en dié is magselemente. Kinders voel aangetrokke tot 'n blymoedige, sonnige geaardheid. Toon vriendelikheid en hoflikheid aan hulle en hulle sal dieselfde gees teenoor u en teenoor mekaar aan die dag lê.

Ware hoflikheid word nie deur die blote nakoming van gedragsreëls geleer nie. 'n Fatsoenlike houding moet te alle tye gehandhaaf word; waar beginsels nie gekompromitteer word nie, sal bedagsaamheid teenoor andere tot die nakoming van gebruiklike gewoontes lei; maar ware hoflikheid vereis geen opoffering van beginsels aan konvensionele gebruike nie. Dit verontagsaam kaste. Dit leer selfrespek, agting vir die waardigheid van die mens as mens, 'n eerbied vir elke lid van die groot menslike broederskap.

- 241 -

Daar is 'n gevaar dat die waarde van bloot uiterlike maniere en vorm oorskat en te veel tyd aan opvoeding in hierdie rigting bestee sal word. Die lewe van kragtige inspanning wat van elke jongmens vereis word, die harde, dikwels onaangename werk wat selfs die lewe se gewone pligte verg en soveel te meer om die wêreld se las van onkunde en ellende te verlig - hierdie dinge bied min ruimte vir konvensionele gedrag.

Baie wat groot nadruk op gedragsreëls lê, toon min respek vir enigiets, hoe voortreflik ook al, wat nie daarin slaag om hulle kunsmatige standaard te bereik nie. Dit is valse opvoeding. Dit koester kritiese hoogmoed en bekrompe eksklusiwiteit.

Die wese van ware beleefdheid is om teenoor andere bedagsaam te wees. Die essensiële, blywende opvoeding is die wat simpatie verbreed en algemene goedhartigheid bevorder. Daardie sogenaamde kultuur wat nie by 'n jongmens ontsag vir sy ouers inboesem nie, vol waardering vir hul voor-

treflikhede, verdraagsaam teenoor hul tekortkominge en hulpvaardig in hul behoeftes; wat hom nie hoflik en teer, edelmoedig en behulpsaam teenoor die jonges, die oues van dae en die minder bevoorregtes en beleefd teenoor almal, maak nie, is 'n mislukking.

Ware verfyndheid van gees en gedrag word eerder in die skool van die Goddelike Onderwyser geleer as deur pasklaar reëls na te kom. Sy liefde wat die hart deurtrek, bedeel die karakter toe met daardie verfynende trekke wat dit na die gelykvormigheid van Sy eie fatsoeneer. Hierdie opvoeding verleen 'n hemelse waardigheid en 'n aanvoeling vir wat welvoeglik is. Dit skep 'n lieflike geaardheid en 'n sagsinnige houding wat nooit deur die oppervlakkige vernis van die deftige kringe geëwenaar kan word nie.

Die Bybel beveel hoflikheid en dit bied baie illustrasies van die onselfsugtige gees, die sagmoedige bekoring, die

- 242 -

minsame gemoed wat ware beleefdheid kenmerk. Dié is maar weerkaatsings van die karakter van Christus. Al die werklike teerheid en hoflikheid in die wêreld, selfs onder diegene wat Sy Naam nie huldig nie, is uit Hom. En Hy verlang dat hierdie karaktertrekke volkome in Sy kinders weerkaats moet word. Dit is Sy doel dat die mense in ons Sy skoonheid sal aanskou.

Die waardevolste verhandeling wat ooit oor gedragsreëls op skrif gestel is, is die kosbare onderrig wat deur die Heiland gegee is, in die uitspraak van die Heilige Gees deur die apostel Paulus - woorde wat onuitwisbaar in die geheue van elke mens, jonk of oud, geskryf behoort te word:

"Soos Ek julle liefgehad het, moet julle ook mekaar liefhê." Johannes 13:34.

*"Die liefde is lankmoedig en vriendelik;*
*die liefde is nie jaloers nie;*
*die liefde praat nie groot nie,*
*is nie opgeblase nie,*
*handel nie onwelvoeglik nie,*
*soek nie sy eie belang nie,*
*word nie verbitterd nie,*
*reken die kwaad nie toe nie,*
*is nie bly oor die ongeregtigheid nie,*
*maar is bly saam met die waarheid.*
*Dit bedek alles,*
*glo alles,*
*hoop alles,*
*verdra alles.*



*Die liefde vergaan nimmermeer." 1 Korinthiërs 13:48.*

'n Ander kosbare voortreflikheid wat versigtig gekoester moet word, is eerbied. Ware eerbied teenoor God word deur 'n gewaarwording van Sy oneindige grootheid en 'n besef van Sy teenwoordigheid ingeboesem. Met hierdie gewaarwording van die Onsienlike moet die hart van elke kind diep beïndruk word. Die kind moet geleer word om die tyd en plek van gebed en die dienste van openbare aanbid -

- 243 -

ding as heilig te beskou, omdat God daar is. En namate eerbied in die houding en gesindheid geopenbaar word, sal die gevoel wat dit in die hand werk, verdiep word.

Dit sou vir jonk en oud betaam om dikwels daardie woorde uit die Heilige Skrif te bestudeer en te oordink en te herhaal wat toon hoe die plek geag moet word wat Gods spesiale teenwoordigheid geniet.

"Trek jou skoene van jou voete af," het Hy Moses by die brandende bos beveel, "want die plek waar jy op staan, is heilige grond," Exodus 3:5.

Jakob, nadat hy die visioen van die engele aanskou het, het uitgeroep: "Waarlik, die Here is op hierdie plek en ek het dit nie geweet nie. ... Dit is hier niks anders as 'n huis van God nie en dit is hier die poort van die hemel." Genesis 28:16, 17.

"Die Here is in sy heilige tempel - swyg voor Hom, o ganse aarde!" Habakuk 2:20.

*"Want die Here is 'n grote God,*
*ja, 'n groot Koning bo al die gode. ...*
*Kom. laat ons aanbid en neerbuk;*
*laat ons kniel voor die Here wat ons gemaak het,"*
*"Hy het ons gemaak en ons is syne,*
*sy volk en die skape van sy weide.*
*Gaan sy poorte in met lof,*
*sy voorhowe met lofgesang;*
*loof Hom, prys sy Naam."* *Psalms 95:3-6; 100:3, 4.*

Eerbied moet ook vir die Naam van God betoon word.

Nooit moet daardie Naam ligtelik of onnadenkend uitgespreek word nie. Selfs in gebed moet die veelvuldige of onnodige herhaling daarvan vermy word. "Sy Naam is heilig en vreeslik." Psalm 111:9. Wanneer engele dit uitspreek, bedek hulle hul aangesigte. Met watter eerbied behoort ons, wat gevalle en sondig is, dit nie op ons lippe te neem nie!

- 244 -

Ons moet Gods Woord eerbiedig. Vir die gedrukte boek moet ons ontsag hê en dit nooit vir alledaagse gebruik aanwend, of dit onverskillig hanteer nie. En nooit moet daar vir die grap uit die Skrif aangehaal, of dele geparafraseer word om 'n gevatte opmerking kwyt te raak nie. "Elke woord van God is gelouter;" "silwer wat gelouter is in 'n smeltkroes in die aarde, gesuiwer sewe maal." Spreuke 30:5; Psalm 12:7.

Bowenal, laat kinders geleer word dat ware eerbied deur gehoorsaamheid getoon word. God het niks beveel wat onnodig is nie en daar is geen ander manier om eerbied te openbaar wat Hom so behaag as gehoorsaamheid aan wat Hy gespreek het nie.

Eerbied moet aan Gods verteenwoordigers betoon word - aan predikante, onderwysers en ouers wat geroep is om namens Hom te spreek en op te tree. Deur die respek wat teenoor hulle aan die dag gelê word, word Hy vereer.

En God het veral 'n tere agting vir die oues van dae beveel. Hy sê: "Grysheid is 'n sierlike kroon; dit word gevind op die weg van geregtigheid." Spreuke 16:31. Dit vertel van veldslae wat gelewer en oorwinnings wat behaal is; van laste gedra en versoekings weerstaan. Dit vertel van vermoeide voete na aan hul rus, van plekke wat spoedig leeg sal wees. Help die kinders om hieraan te dink en hulle sal deur hul hoflikheid en respek die weg van die oues van dae gelykmaak en bekoring en skoonheid in hul jong lewens bring soos hulle aan die bevel gehoor gee: "Vir die grys hare moet jy opstaan en die persoon van 'n grysaard eer." Levitikus 19:32.

Vaders en moeders en onderwysers moet meer volkome die verantwoordelikheid waardeer wat God op hulle geplaas het, deur hulle, vir die kind, Sy eie verteenwoordigers te maak. Die karakter wat in die kontak van die daaglikse

- 245 -

lewe geopenbaar word, sal, ten goede of ten kwade, vir die kind daardie woorde van God vertolk:

"Soos 'n vader hom ontferm oor die kinders, so ontferm die Here Hom oor die wat Hom vrees." Psalm 103:13. "Soos iemand wat deur sy moeder getroos word, so sal Ek julle troos." Jesaja 66:13.

Gelukkig die kind in wie sodanige woorde liefde en dankbaarheid en vertroue wek; die kind vir wie die teerheid, regverdigheid en lankmoedigheid van vader en moeder en onderwyser die liefde, regverdigheid en lankmoedigheid van God vertolk; die kind wat deur vertroue, onderwerping en eerbied teenoor sy aardse beskermers leer om sy God te vertrou, te gehoorsaam en te eerbiedig. Hy wat kind of leerling so 'n gawe toebring, het aan



hom 'n skat kosbaarder as die rykdom van al die eeue bemaak - 'n skat so blywend soos die ewigheid self.

# Die Verhouding Tussen Kleredrag en Opvoeding

***"MET BEHOORLIKE KLEDING," "LOUTER HEERLIKHEID IS DIE KONING SE DOGTER DAARBINNE."***

- 246 -

GEEN OPVOEDING kan volledig wees wat nie die regte beginsels oor kleredrag leer nie. Sonder sodanige onderrig word die werk van opvoeding te dikwels vertraag en verdraai. Liefde vir kleredrag en modesug behoort tot die onderwyser se gedugste mededingers en doeltreffendste hinderpale.

Die mode is 'n gebiedster wat met 'n ysere hand regeer. In so baie huise word die krag en tyd en aandag van ouers en kinders in beslag geneem om aan haar eise te voldoen. Die rykes is naywerig om mekaar te oortref deur aan haar immer wisselende style te voldoen; die middel - en armer stand streef daarna om die standaard by te kom van diegene wat veronderstel is om hul meerderes te wees. Waar middele en krag beperk is en die strewe na deftigheid groot is, word die las byna ondraaglik.

By baie maak dit nie saak hoe betaamlik, of selfs hoe mooi, 'n kledingstuk is nie; laat die modes verander en dan moet dit oorgemaak of opsy gewerp word. Die lede van die huisgesin word tot eindelose arbeid gedoem. Daar is geen tyd om die kinders op te voed nie, geen tyd vir gebed of Bybelstudie nie, geen tyd om die kleintjies te help om God deur Sy werke te leer ken nie.

- 247 -

Daar is geen tyd en geen geld vir liefdadigheid nie. En dikwels word die tafel by die huis afgeskeep. Die voedsel word swak gekies en haastig berei en daar word net gedeeltelik aan die vereistes van die natuur voldoen. Die gevolg is verkeerde diëetgewoontes, wat siekte veroorsaak of tot onmatigheid lei.

Die liefde vir vertoon bring spandabelheid voort en by baie jongmense maak dit die aspirasies na 'n edeler lewe dood. In plaas van 'n opvoeding te probeer kry, begin hulle al vroegtydig met die een of ander werk, sodat hulle geld kan verdien om hul geesdrif vir kleredrag te botvier.

En deur hierdie drang word menige jong meisie tot haar ondergang verlei.

In menige huis word die gesinsmiddele oorbelas. Die vader, onbevoeg om aan die eise van die moeder en kinders te voldoen, word tot oneerlikheid versoek en weer eens is skande en ondergang die gevolg.

Selfs die dag en dienste van aanbidding spring nie die mode se heerskappy vry nie. Dit bied eerder 'n geleentheid vir die groter openbaring van haar mag. Van die kerk word 'n paradegrond gemaak en die modes meer as die preek bestudeer. Die armes, wat nie aan die eise van die gebruiklike kan voldoen nie, bly heeltemal van die kerk af weg. Die rusdag word met leeglêery deurgebring en die jeug dikwels in geselskap wat bederf.

Op skool word die dogters deur onpaslike en ongemaklike klere vir of studie of ontspanning onbevoeg gemaak. Hulle gedagtes is verstrooid en die onderwyser het 'n moeilike taak om hul belangstelling te wek.

Om die betowering van die mode te verbreek, kan die onderwyser geen doeltreffender middel vind as kontak met die natuur nie. Laat leerlinge die genot smaak wat by rivier of meer of see te vinde is; laat hulle die randjies klim, die heerlikheid van die sonsondergang aanskou, die skatte van

- 248 -

woud en veld ontdek; laat hulle die genot leer om plante en blomme te kweek; en dan sal die belangrikheid van 'n bykomende lint of valletjie tot niksbeduidendheid versink.

Laat die jeug sien dat in kleredrag, soos in diëet, die eenvoudige leefwyse onmisbaar vir verhewe denke is. Bring hulle daartoe om in te sien hoeveel geleer en gedoen moet word; hoe kosbaar die dae van die jeug as voorbereiding vir die lewenstaak is. Help hulle om te sien watter skatte daar in die Woord van God, in die boek van die natuur en in die verslae van edele lewens is.

Laat hulle gedagtes gevestig word op die lyding wat hulle kan verlig. Help hulle om te besef dat die besteder deur eike rand wat op vertoonsug verkwis word, die middele ontneem word om die hongeriges te voed, die naaktes te klee en die bedroefdes te vertroos.

Hulle kan nie bekostig om die lewe se heerlike geleenthede mis te loop, hul verstande te verdwerg, hul gesondheid te ruïneer en hul geluk te laat skipbreuk ly en dit ter wille van gehoorsaamheid aan die bevele wat geen grondslag in dierede, gerief of bevalligheid het nie.

Terselfdertyd moet die jeug geleer word om die les van die natuur te erken: "Alles het Hy mooi gemaak op sy tyd." Prediker 3:11. Deur kleredrag, soos met alle ander dinge, is dit ons voorreg om ons Skepper te vereer. Hy verlang dat ons klere nie slegs netjies en gesond sal wees nie, maat geskik en betaamlik.

'n Mens se karakter word aan die styl van sy kleredrag geoordeel. 'n Verfynde smaak, 'n gekultiveerde verstand, sal in die keuse van eenvoudige en



paslike klere geopenbaar word. Kuise eenvoud in kleredrag, sal, wanneer dit met 'n beskeie houding gepaard gaan, baie daartoe bydra om 'n jong dame te omring met daardie atmosfeer van heilige ingetoënheid wat vir haar 'n skild teen 'n duisend gevare sal wees.

- 249 -

Laat dogters geleer word dat die kuns om goed aan te trek die vermoë insluit om hul eie klere te maak. Dit is 'n ambisie wat elke dogter behoort te koester. Dit sal 'n middel tot bruikbaarheid en selfstandigheid wees wat sy nie kan bekostig om mis te loop nie.

Dit is reg om die skoonheid lief te hê en te begeer; maar God verlang dat ons eers die mees verhewe skoonheid moet liefhê en soek - dié wat onverganklik is. Die keurigste voortbrengsels van die menslike vernuf besit geen skoonheid wat vergelyk kan word met daardie karaktersieraad wat in Sy oë "baie kosbaar" is nie.

Laat die jeug en klein kindertjies geleer word om vir hulle daardie koninklike kleed te kies wat op die weefstoel van die hemel geweef is - "rein en blink fyn linne" (Openbaring 19:8), wat al die heiliges van die aarde sal dra. Dié kleed, Christus se eie vlekkelose karakter, word vrylik aan elke mens gebied. Maar almal wat dit ontvang, sal dit hier ontvang en dra.

Laat die kinders geleer word dat soos hulle hul verstande vir rein, liefdevolle gedagtes oopstel en liefdevolle en hulpvaardige dade verrig, hulle Sy pragtige karakterkleed aantrek. Hierdie drag sal hulle hier lieflik en bemind maak en in die hiernamaals hul toegangskaart tot die paleis van die Koning wees. Sy belofte is:

"Hulle sal saam met My in wit klere wandel, omdat hulle dit waardig is." Openbaring 3:4.

# Die Sabbat

*"HULLE SAL 'n TEKEN WEES TUSSEN MY EN JULLE, DAT JULLE KAN WEET DAT EK DIE HERE JULLE GOD IS."*

- 250 -

DIE waarde van die Sabbat as middel tot opvoeding is bokant berekening. Wat God ook al van ons eis, gee Hy weer terug, verryk, verheerlik met Sy eie glorie. Die tiende wat Hy van Israel opgevra het, is daaraan toegewy om, in sy heerlike skoonheid, die patroon van Sy tempel in die hemele, die teken van Sy teenwoordigheid op die aarde, onder die mense te bewaar. So word die gedeelte van ons tyd wat Hy opeis, weer aan ons teruggegee, met Sy Naam en seël daarop. Dit is „'n teken," sê Hy, "tussen My en julle, dat julle kan weet dat Ek die Here julle God is," "want in ses dae het die Here die hemel en die aarde gemaak, die see en alles wat daarin is en op die sewende dag het Hy gerus. Daarom het die Here die sabbatdag geseën en dit geheilig." Esegiël 20:20; Exodus 20:11. Die Sabbat is 'n teken van skeppende en verlossende mag; dit vestig die aandag op God as die bron van lewe en kennis; dit roep die oorspronklike heerlikheid van die mens voor die gees en getuig sodoende van Gods doel om ons na Sy eie beeld te herskep.

Sowel die Sabbat as die huisgesin is in Eden ingestel en in Gods voorneme is hulle onskeidbaar aan mekaar verbind. Op hierdie, meer as op enige ander dag, is dit vir ons moontlik om die lewe van Eden te voer. Dit was Gods plan vir die gesinslede om in werk en studie, in godsdiens en

- 251 -

ontspanning, saam te wees, met die vader as priester van sy huiskring en sowel vader as moeder hul kinders se onderwysers en metgeselle. Maar die gevolge van die sonde het, deur die lewensomstandighede te verander, hierdie omgang in 'n groot mate verhinder. Dikwels sien die vader skaars sy kinders se gesigte gedurende die week. Hy word byna heeltemal die geleentheid vir kameraadskap of onderrig ontneem. Maar Gods liefde het aan die vereistes van harde arbeid perke gestel. Oor die Sabbat plaas Hy Sy genadige hand. Op Sy eie dag bewaar Hy vir die gesin die geleentheid vir gemeenskap met Hom, met die natuur en met mekaar.

Aangesien die Sabbat 'n gedenkteken van skeppingsmag is, is dit by uitstek die dag wanneer ons God deur Sy werke moet leer ken. In die verstande van die kinders moet bloot die gedagte aan die Sabbat al aan die skoonheid van natuurlike dinge verbonde wees. Gelukkig is die huisgesin wat op die

Sabbat na die plek van aanbidding kan gaan soos Jesus en Sy dissipels na die sinagoge gegaan het - oor die veld, langs die oewers van die meer of deur bosstreke. Gelukkig die vader en moeder wat Gods geskrewe Woord aan hul kinders kan leer met illustrasies uit die oop bladsye van die boek van die natuur; wat onder die groen bome, in die vars, skoon lug, kan saamkom om die Woord te bestudeer en om tot lof van die Vader omhoog te sing.

Deur sulke deelgenootskap kan ouers hul kinders aan hul harte bind en sodoende aan God, deur bande wat nooit verbreek kan word nie.

As middel tot intellektuele opleiding is die geleenthede van die Sabbat van onberekenbare waarde. Laat die Sabbatskoolles geleer word, nie deur op Sabbatoggend vlugtig na die Skrifdeel van die les te kyk nie, maar deur versigtige studie vir die volgende week op Sabbatmiddag, met daag -

- 252 -

likse hersiening of toeligting gedurende die week. Sodoende sal die les in die geheue vasgelê word, 'n skat wat nooit heeltemal tot niet sal gaan nie.

Wanneer hulle na die preek luister, laat die ouers en kinders op die teks en die aangehaalde skrifgedeeltes let en op soveel moontlik van die gedagtegang, om dit tuis teenoor mekaar te herhaal. Dit sal baie daartoe bydra om die vermoeienis te verlig waarmee kinders so dikwels na 'n preek luister en dit sal by almal 'n gewoonte van oplettendheid en samehangende denke aankweek.

Oorpeinsing van die temas wat so geopper word, sal vir die student skatte oopstel waarvan hy nog nooit gedroom het nie. Hy sal in sy eie lewe die werklikheid bewys van die ondervinding wat in die Skrif beskrywe word:

"Toe u woorde gevind is, het ek hulle opgeëet en u woord was vir my vreugde en vrolikheid vir my hart." Jeremia 15:16.

"Ek wil ... u insettinge oordink." "Hulle is begeerliker as goud, ja, as baie fyn goud. ... Ook word u kneg daardeur gewaarsku; in die onderhouding daarvan is groot loon." Psalm 119:47, 48; 19:11, 12.



# Geloof en Gebed

***"DIE GELOOF DAN IS 'n VASTE VERTROUE OP DIE DINGE WAT ONS HOOP," "GLO DAT JULLE DIT SAL ONTVANG en JULLE SAL DIT VERKRY,"***

- 253 -

GELOOF is vertroue op God - om te glo dat Hy ons liefhet en die beste weet wat tot ons voordeel strek. En so dan, in plaas van ons eie weg, lei dit ons om Syne te kies. In plaas van ons onkunde, neem dit Sy wysheid aan; in plaas van ons swakheid, Sy krag; in plaas van ons sondigheid, Sy geregtigheid. Ons lewens, ons self, is reeds Syne; geloof erken Sy eiendomsreg en neem die seën daarvan aan. Waarheid, regskapenheid, reinheid, is al as geheime tot lewensukses aangewys. Dit is geloof wat ons van hierdie beginsels in besit stel.

Elke goeie impuls of aspirasie is die gawe van God; geloof ontvang van God daardie lewe wat alleen ware groei en doelmatigheid kan baar.

Hoe om geloof te beoefen, moet baie duidelik gemaak word. Vir elke belofte van God is daar voorwaardes. Indien ons bereid is om Sy wil te doen, is al Sy krag ons krag. Watter gawe Hy ook: al belowe, is in die belofte self aanwesig. "Die saad is die woord van God." Lukas 8:11. So seker as wat die eikeboom in die akker is, so gewis is die gawe van God in Sy belofte. As ons die belofte aanneem, het ons die gawe.

Die geloof wat ons in staat stel om Gods gawes te ontvang, is op sigself 'n gawe, waarvan 'n sekere mate aan elke mens geskenk word. Dit groei namate dit beoefen

- 254 -

word deur jou die Woord van God toe te eien. Om geloof te versterk, moet ons dit dikwels met die Woord in aanraking bring.

In die studie van die Bybel, moet die student gelei word om die krag van Gods Woord te besef. Met die skepping het Hy "gespreek en dit was; Hy het gebied en dit staan." "Die dinge wat nie bestaan nie, roep [Hy] asof hulle bestaan" (Psalm 33:9; Romeine 4:17); want as Hy hulle roep bestaan hulle.

Hoe dikwels het diegene wat die Woord van God vertrou het, hoewel hulle self totaal hulpeloos was, die mag van die ganse wêreld weerstaan - Henog, rein van hart, heilig in sy lewe, het aan sy geloof vasgehou in die triomf van geregtigheid teen 'n korrupte en spottende geslag; Noag en sy huisgesin teen die mense van sy tyd, mense van die grootste fisieke en verstandelike krag en in hul sedes die meeste ontaard; die kinders van Israel by die Skelf-

see, 'n hulpelose, vreesbevange menigte van slawe, teen die magtigste leërmag van die magtigste nasie op die aardbol; Dawid, 'n herderseun, met Gods belofte van die troon, teen Saul, die gevestigde vors en daarop gesteld om aan sy mag vas te klem; Sadrag en sy metgeselle in die vuur en Nebukadnesar op die troon; Daniël onder die leeus, sy vyande in die hoë posisies van die koninkryk; Jesus aan die kruis, terwyl die Joodse priesters en heersers selfs die Romeinse goewerneur dwing om hulle wil ten uitvoer te bring; Paulus in kettings, uitgelei na 'n misdadiger se dood, Nero die dwingeland van 'n wêreldryk.

Sulke voorbeelde word nie net in die Bybel gevind nie. Hulle is oorvloedig in elke verslag van die menslike vooruitgang. Die Waadtlanders en die Hugenote, Wiclif en Huss, Jeronimus en Luther, Tindal en Knox, Zinzendorf en Wesley, met 'n menigte van andere, het getuig van die mag Van Gods Woord teen menslike mag en beleid ter ondersteuning van die kwade. Hierdie mense is die wêreld

- 255 -

se ware adel. Dit is sy koninklike lyn. In hierdie lyn word die jeug van vandag geroep om hul plekke in te neem.

Geloof is nodig in die kleiner, nie minder nie as in die groter sake van die lewe. In al ons daaglikse belange en beroepe word die onderskragende krag van God vir ons 'n werklikheid deur 'n blywende vertroue.

Uit die menslike gesigspunt beskou, is die lewe vir almal 'n onbeproefde pad. Dit is 'n weg waarop ons elkeen, wat ons dieper ondervindings betref, alleen wandel. In ons innerlike lewe kan geen ander mens ten volle indring nie. Soos die klein kindjie daardie reis begin onderneem waartydens hy, vroeër of later, sy eie koers moet kies en self oor die lewensvraagstukke vir die ewigheid beslis, hoe ernstig moet die poging wees om sy vertroue op die sekere Gids en Helper te vestig!

As 'n skild teen versoeking en 'n inspirasie tot kuisheid en waarheid, kan geen ander invloed die besef van Gods teenwoordigheid ewenaar nie. "Alles is oop en bloot voor die oë van Hom met wie ons te doen het." Hy is dit "wat te rein is van oë om die kwaad aan te sien en die onreg nie kan aanskou nie." Hebreërs 4:13; Habakuk 1:13. Hierdie gedagte was Josef se skild te midde van die korrupsies van Egipte. Op die lokmiddele van versoeking was sy antwoord standvastig: "Hoe kan ek dan hierdie groot kwaad doen en sondig teen God?" Genesis 39:9. So 'n skild sal die geloof, indien dit gekoester word, vir elke siel bring.

Net die besef van Gods teenwoordigheid kan die vrees verban wat, vir die



bangerige kind, die lewe 'n las sou maak. Laat hom hierdie belofte in sy geheue vaslê: "Die Engel van die Here trek 'n laer rondom die wat Hom vrees en red hulle uit" Psalm 34:8. Laat hom daardie wonderlike verhaal lees van Elisa in die stad in die berge en, tussen hom en die menigte bewapende vyande, 'n magtige leërskare van engele wat hom omring het. Laat hom lees hoe aan Petrus in

- 256 -

die gevangenis en tot die dood veroordeel, Gods engel verskyn het; hoe, by die bewapende wagte, die massiewe deure en groot ysterpoort met hul grendels en tralies verby, die engel Gods dienskneg veilig uitgelei het. Laat hom van daardie toneel op die see lees, toe tot die soldate en matrose, deur die storm geteister, uitgeput deur werk en waaksaamheid en 'n langdurige vas, deur Paulus die gevangene, op sy pad na sy verhoor en onthoofding, daardie manjifieke woorde van moed en hoop gespreek is: "Nou vermaan ek julle om moed te hou, want daar sal hoegenaamd geen verlies van lewe onder julle wees nie. ... Want daar het in hierdie nag by my gestaan 'n engel van die God aan wie ek behoort, wat ek ook dien. En hy het gesê: Moenie vrees nie, Paulus; jy moet voor die keiser staan en kyk, God het aan jou geskenk almal wat saam met jou vaar." In die geloof van hierdie belofte het Paulus sy makkers dié versekering gegee: "Want van niemand onder julle sal 'n haar van sy hoof val nie." So het dit ook gebeur. Omdat daar op dié skip een man was deur wie God kon werk, is die hele vaartuig vol heidense soldate en matrose bewaar. "So het almal behoue aan land gekom." Handelinge 27:22-24, 34, 44.

Hierdie dinge is nie geskrywe bloot sodat ons kan lees en ons daaroor verwonder nie, maar sodat dieselfde geloof wat van ouds oor Gods dienskneg te vaardig was, in ons kan werk. Op 'n geensins minder treffende wyse as wat Hy toe gehandel het nie, sal Hy nou werk waar daar ook al gelowige harte is om kanale vir Sy mag te wees.

Laat die wat sonder selfvertroue is, wie se gebrek aan selfstandigheid hulle vir sorge en verantwoordelikheid laat terugdeins; geleer word om hulle op God te verlaat. Sodoende sal menigeen wat andersins net 'n statistiek in die wêreld sou wees, miskien net 'n hulpelose las, saam met die apostel Paulus sê: "Ek is tot alles in staat deur Christus wat my krag gee." Filippense 4:13.

- 257 -

Ook vir die kind wat maklik gekrenk voel, hou die geloof kosbare lesse in. Die neiging om kwaad te weerstaan of onreg te wreek, word dikwels deur 'n skerp regverdig. heidsin en 'n aktiewe, ywerige gees aangevuur. Laat daar

aan so 'n kind geleer word dat God die ewige bewaarder van die reg is. Hy is teer besorg oor die wesens wat Hy so liefgehad het dat Hy Sy dierbaarste Beminde gegee het om hulle te red. Hy sal teen elke kwaaddoener optree.

"Wie julle aanraak, raak sy oogappel aan." Sagaria 2:8. "Laat jou weg aan die Here oor en vertrou op Hom en Hy sal dit uitvoer; en *Hy* sal jou geregtigheid laat voortkom soos die lig en jou reg soos die middag." Psalm 37:5, 6.

"So is die Here dan 'n rotsvesting vir die verdrukte, 'n rotsvesting in tye van benoudheid. En hulle wat u Naam ken, sal op U vertrou, omdat U die wat U soek, nie verlaat nie, o Here!" Psalm 9:10, 11.

Die barmhartigheid wat God teenoor ons openbaar, beveel Hy ons om aan andere te betoon. Laat die impulsiewe. die selfvoldane, die wraaksugtige, die Sagmoedige en Nederige aanskou, soos 'n lam ter slagting gelei, sonder weerwraak soos 'n skaap wat stom is voor sy skeerders. Laat hulle Hom aanskou wat weens ons sondes deurboor en met ons droefheid belas is en hulle sal leer om te verduur, stil te bly en te vergewe.

Deur die geloof in Christus, kan elke karakterleemte aangevul, elke besoedeling gereinig, elke fout reggestel en elke voortreflikheid ontwikkel word.

"Julle het die volheid in Hom." Kolossense 2:10. Gebed en geloof is nou verwant en dit moet saam bestudeer word. In die gebed van die geloof is daar 'n Goddelike wetenskap; dit is 'n wetenskap wat elkeen moet verstaan wat van sy lewenswerk 'n sukses wil maak. Christus sê: "Alles wat julle in die gebed vra, glo dat julle dit sal

**9**

- 258 -

ontvang en julle sal dit verkry." Markus 11:24. Hy stel dit duidelik dat ons versoeke volgens Gods wil moet wees; ons moet die dinge vra wat Hy belowe het en wat ons ook al ontvang, moet aangewend word om Sy wil te doen. As die voorwaardes nagekom word, is die belofte ondubbelsinnig.

Om vergifnis vir sonde, om die Heilige Gees, om 'n Christelike geaardheid, om wysheid en krag om Sy werk te doen, om enige gawe wat Hy belowe het, kan ons vra; dan moet ons glo dat ons ontvang en God daarvoor dank dat ons dit ontvang het.

Ons hoef na geen uiterlike bewys vir die seën te soek nie. Die gawe is in die belofte geleë en ons kan met ons werk voortgaan, versekerd dat wat God belowe het, Hy in staat is om ten uitvoer te bring en dat die gawe, wat ons reeds besit, verwesenlik sal word wanneer ons dit die nodigste het.

Om so volgens Gods Woord te lewe, beteken die oorgawe van die hele lewe aan Hom. Daar sal 'n voortdurende gevoel van behoefte en afhanklik-



heid wees, 'n hartehunkering na God. Gebed is 'n noodsaaklikheid: want dit is die lewe van die siel. Gesinsgebed, openbare gebed, het hul plek; maar dit is stille gemeenskap met God wat die sielelewe onderhou.

Dit was op die berg saam met God dat Moses die patroon gesien het van daardie wonderlike gebou wat die verblyfplek vir Sy heerlikheid sou wees. Dit is op die berg saam met God - op die stille plek van sielsgemeenskap - waar ons Sy heerlike ideaal vir die mensdom moet oorpeins. Sodoende sal ons in staat gestel word om ons karaktergebou op so 'n manier te vorm dat aan ons Sy belofte vervul mag word: "Ek sal in hulle woon en onder hulle wandel en Ek sal hulle God wees en hulle sal vir My 'n volk wees." 2 Korinthiërs 6:16.

- 259 -

Dit was tydens ure van eensame gebed dat Jesus in Sy aardse lewe wysheid en krag ontvang het. Laat die jongmense Sy voorbeeld volg deur met dagbreek en in die aandskemering 'n stille tyd vir gemeenskap met hul Vader in die hemel te vind. En laat hulle dwarsdeur die dag hul harte tot God ophef. Met elke tree van ons weg sê Hy:

"Want Ek, die Here jou God, gryp jou regterhand aan ... Wees nie bevrees nie, Ek help jou." Jesaja 41:13. As ons kinders hierdie lesse in die daglumier van hul jare leer, watter varsheid en krag, watter vreug en lieflikheid, sou in hulle lewens ingebring word!

Dié is lesse wat net hy kan oordra wat dit self geleer het. Dit is omdat so baie ouers en onderwysers voorgee om die Woord van God te glo, terwyl hulle lewens die krag daarvan verloën, dat die onderwysing van die Skrif nie 'n groter uitwerking op die jeug het nie. By tye word jongmense daartoe gebring om die mag van die Woord te voel. Hulle sien die kosbaarheid van Christus se liefde in. Hulle sien die skoonheid van Sy karakter, die moontlikhede van 'n lewe wat aan Sy diens gewy word. Maar in teenstelling hiermee sien hulle die lewe van diegene wat voorgee om Gods voorskrifte na te kom. Van hoeveel is die woorde waar wat tot die profeet Esegiël gespreek is:

Jou volk "spreek die een met die ander, elkeen met sy broer en sê: Kom tog en hoor wat die woord is wat van die Here uitgaan. En hulle kom na jou toe soos 'n volk saamstroom en sit voor jou as my volk en hoor jou woorde, maar hulle doen dit nie; want hulle maak liefdesverklaringe met hulle mond, maar hulle hart gaan agter hulle onregverdige wins aan. En kyk, jy is vir hulle soos 'n minnelied,

- 260 -

soos een skoon van stem, wat goed op die snare speel: hulle hoor jou woorde, maar hulle doen dit nie." Esegiël 33:30-32.

Dit is een ding om die Bybel as 'n boek van goeie sedelesse te behandel, om daarop ag te slaan in soverre dit met die tydgees en ons posisie in die wêreld strook; dit is 'n ander saak om dit aan te sien vir wat dit werklik is - die Woord van die lewende God, die Woord wat ons lewe is, die Woord wat ons handelwyse, ons woorde en ons denke moet formeer. Om die Woord van God as enigiets minder as dit te beskou, is om dit te verwerp. En hierdie verwerping deur diegene wat voorgee om dit te glo, is een van die hoofoorsake vir skeptisisme en ongeloof onder die jeug.

'n Intensiteit soos wat nog nooit tevore gesien is nie, pak die wêreld beet. In vermaak, geldmakery, die wedywering om mag, die stryd om die bestaan, is daar 'n vreeslike mag wat liggaam en verstand en siel in beslag neem. Te midde van hierdie dolle gejaag spreek God. Hy beveel ons om eenkant toe te kom om sielsgemeenskap met Hom te hê. "Laat staan en weet dat Ek God is." Psalm 46:11.

Baie, selfs in hulle tyd vir gebed, slaag nie daarin om die seën van ware gemeenskap met God te ontvang nie. Hulle is oorhaastig. Met gejaagde skrede dring hulle deur die kring van Christus se lieflike teenwoordigheid, talm miskien 'n oomblik in die heilige omgewing, maar hulle wag nie vir raad nie. Hulle het geen tyd om by die Goddelike Leermeester te vertoef nie. Met hulle laste keer hul weer na hulle werk terug.

Hierdie werkers kan nooit die hoogste sukses behaal alvorens hulle die geheim van krag geleer het nie. Hulle moet hulself tyd gun om te dink, bid en vir 'n hernuwing

- 261 -

van fisieke, verstandelike en geestelike krag op God te wag. Hulle het die opheffende invloed van Sy Gees nodig. As hulle dit ontvang, sal hulle met nuwe lewe verkwik word. Die vermoeide gestel en moeë brein sal verfris, die oorlaaide hart ligter gemaak word.

Nie 'n oomblikkie van stilstand in Sy teenwoordigheid nie, maar persoonlike aanraking met Christus, om in kameraadskap saam met Hom te gaan sit - dit is ons behoefte. Gelukkig sal dit wees vir die kinders van ons huisgesinne en die studerendes van ons skole as ouers en onderwysers in hul eie lewens die kosbare ondervinding sal leer wat in hierdie woorde van Hooglied uitgebeeld is:

*"Soos 'n appelboom onder die bome van die bos,*
*so is my beminde onder die seuns.*



*Ek het verlang om in sy skaduwee te sit,*
*en sy vrugte is soet vir my verhemelte.*
*Hy het my in die wynhuis ingebring,*
*en sy vaandel oor my was die liefde." Hooglied 2:3,4.*

# Die Lewenstaak

***"MAAR EEN DING."***

- 262 -

SUKSES in enige rigting vereis 'n spesifieke doel. Hy wat in die lewe ware sukses wil behaal, moet voortdurend die doel wat sy strewe waardig is, in die oog hou. So 'n doel word voor vandag se jongmense gestel. Die hemelse strewe om in hierdie geslag die evangelie aan die wêreld te verkondig, is die edelste wat enige mens kan aangryp. Dit stel 'n arbeidsveld oop vir elkeen wie se hart Christus aangeraak het.

Gods voorneme vir die kinders wat langs ons vuurherde grootword, is wyer, dieper, hoër, as wat ons beperkte visioen ingeneem het. Uit die nederigste lot is diegene wat Sy oë getrou bevind het, in die verlede al geroep om in die wêreld se hoogste posisies vir Hom getuies te wees. En menige jongeling vandag, wat soos Daniël in sy Judese ouerhuis opgroei en Gods Woord en Sy werke bestudeer, terwyl hy die lesse van getroue diens leer, sal nog in wetgewende vergaderings, geregshowe of in koninklike howe vir die Koning van die konings as getuie staan. Menigtes sal tot 'n wyer diens geroep word. Die hele wêreld gaan vir die evangelie oop. Ethiopië strek die hande na God uit. Uit Japan en China en Indië, uit die steeds verduisterde lande van ons eie kontinent, uit elke oord van hierdie wêreld van ons, kom die hulpgeroep van sondebelaste harte vir 'n kennis van die God van liefde. Miljoene der miljoene het nog nooit eers van God gehoof of van Sy

- 263 -

liefde wat in Christus geopenbaar is nie. Hulle is daarop geregtig om hierdie kennis te ontvang. Hulle het saam met ons 'n gelyke aanspraak op die Heiland se genade. En dit berus by ons wat die kennis ontvang het, saam met ons kinders aan wie ons dit kan meedeel, om op hulle geroep te antwoord. Aan elke huisgesin en elke skool, aan elke ouer, onderwyser en kind op wie die lig van die evangelie geskyn het, word in hierdie krisis die vraag gestel wat tot Ester, die koningin tydens daardie belangrike krisis in Israel se geskiedenis gerig is; "Wie weet of jy nie met die oog op 'n tyd soos hierdie tot die koninklike waardigheid geraak het nie?" Ester 4:14.

Diegene wat dink aan die gevolge daarvan om die evangelie te bespoedig of in die wiele te ry, dink daaraan in verhouding tot hulleself en tot die wêreld. Min dink aan die verband met God. Min bepeins die lyding wat die sonde ons Skepper aangedoen het. Die ganse hemel het tydens Christus se foltering gely, maar daardie lyding het nie met Sy openbaarmaking as mens

begin of geëindig nie. Die kruis is 'n openbaring aan ons afgestompte gewaarwording van die pyn wat sonde, reg van sy ontstaan af, tot die hart van God gebring het. Elke afwyking van wat reg is, elke wrede daad, elke mislukking van die mensdom om Sy ideaal te bereik, bring vir Hom droefheid. Toe Israel die onheil oorgekom het wat die gewisse gevolg van verwydering van God was - onderwerping deur hul vyande, wreedheid en die dood - is daar van Hom gesê dat Hy "ongeduldig geword [het] oor die moeite van Israel." "In al hulle benoudheid was Hy benoud, ... en Hy het hulle opgehef en hulle gedra, al die dae van die ou tyd." Rigters 10:16; Jesaja 63:9.

Sy Gees "tree vir ons in met onuitspreeklike sugtinge." Terwyl "die hele skepping tesame sug en tesame in barensnood is" (Romeine 8:26,22), word die hart van die ewige Vader in meegevoel seer. Ons wêreld is 'n ontsaglike groot

- 264 -

melaatse gestig, 'n toneel van ellende waaroor ons nie eens durf om ons gedagtes te laat gaan nie. As ons dit kon begryp soos dit werklik is, sou die las te ontsettend wees. Tog voel God dit alles. Om die sonde en sy gevolge te vernietig, het Hy Sy Dierbaarste gegee en Hy het dit in ons mag gestel om, deur samewerking met Hom, hierdie toneel van ellende te beëindig. "En hierdie evangelie van die koninkryk sal verkondig word in die hele wêreld tot 'n getuienis vir al die nasies; en dan sal die einde kom." Matthéüs 24:14.

"Gaan die hele wêreld in en verkondig die evangelie aan die ganse mensdom" (Markus 16:15), is Christus se bevel aan Sy volgelinge. Nie dat almal geroep is om in die gewone sin van die woord predikante of sendelinge te wees nie; maar almal kan Sy medewerkers wees om die "blye ryding" aan hul medemens te verkondig. Aan almal, groot of klein, geleerd of onkundig, oud of jonk, word die bevel gegee.

Gedagtig aan dié bevel, kan ons ons seuns en dogters vir 'n lewe van fatsoenlike konvensionaliteit opvoed, 'n lewe wat voorgee om Christelik te wees, maar wat Sy selfopoffering kortkom, 'n lewe oor wie die uitspraak van Hom wat die waarheid is, moet wees: "Ek het jullle nooit geken nie"?

Duisende handel so. Hulle wil graag vir hul kinders die voordele van die evangelie verkry, terwyl hulle die gees daarvan verloën. Maar dit kan nie gebeur nie. Diegene wat die voorreg van sielsgemeenskap met Christus in diens verwerp, verwerp die enigste opleiding wat 'n geskiktheid vir deelname saam met Hom aan Sy heerlikheid voorsien. Hulle verwerp die opleiding wat in hierdie lewe karakterkrag en -adel verleen. Menige vader en moeder, wat hul kinders van Christus se kruis teruggehou het, het te laat geleer dat hulle



hul sodoende aan die vyand van God en die mens oorgegee het. Hulle het hul ondergang verseël, nie net vir die toekomstige lewe nie, maar ook vir die teenswoordige. Die versoeking het hulle oorweldig. Hulle het as

- 265 -

vloek vir die wêreld grootgeword, 'n verdriet en 'n skande vir diegene wat aan hulle hul bestaan gegee het.

Selfs wanneer hulle probeer om vir die diens van God 'n voorbereiding te ontvang, word baie deur verkeerde opvoedingsmetodes van koers gebring. Die lewe word te veel beskou as iets wat uit afgebakende tydperke bestaan, die tydperk om te studeer en die tydperk om te doen - van voorbereiding en van prestasie. Ter voorbereiding vir 'n lewe van diens, word jongmense skool toe gestuur om deur 'n studie van boeke kennis te verwerf. Van die verantwoordelikhede van die alledaagse lewe afgesny, raak hulle in studie verdiep en dikwels verloor hulle die doel daarvan uit die oog. Die gloed van hul vroeë toewyding koel af en te veel raak met die een of ander persoonlike, selfsugtige ambisie behep. Na afstudering vind duisende uit dat hulle uit voeling met die lewe geraak het. Hulle het so lank met die abstrakte en die teoretiese omgegaan dat wanneer die hele wese gewek moet word om die felle stryd van die werklike lewe die hoof te bied, hulle onvoorbereid is. In plaas van die edele werk wat hulle beplan het, word hul kragte in beslag geneem deur 'n sparteling bloot om te bestaan. Na herhaalde teleurstellings, selfs wanhopig om ooit 'n eerlike heenkome te vind, beland baie in twyfelagtige en misdadige gewoontes. Die wêreld word beroof van die diens wat dit kon verkry het en God word beroof van die siele wat Hy graag wou ophef, veredel en as Sy eie verteenwoordigers vereer.

Baie ouers begaan die fout om op die gebied van die onderwys onder hul kinders te diskrimineer. Hulle maak byna enige opoffering om die beste voordele te verkry vir die een wat slim en bekwaam is. Maar hierdie geleenthede word nie as 'n noodsaaklikheid beskou vir die wat minder belowend is nie. Weinig opvoeding word vir die uitvoering van die lewe se gewone pligte noodsaaklik geag.

- 266 -

Maar wie is daartoe in staat om uit 'n huisgesin van kinders die een uit te soek op wie die belangrikste verantwoordelikhede sal rus? Hoe dikwels het die menslike oordeel al op dié gebied homself verkeerd bewys! Onthou die ondervinding van Samuel toe hy gestuur is om uit die seuns van Isai een te salf wat koning oor Israel sou wees. Sewe jongmanne van edele gestalte het voor hom verbygegaan. Toe hy kyk na die eerste een met sy bevallige

gelaatstrekke, goed ontwikkelde liggaamsbou en prinslike houding, het die profeet uitgeroep: “Gewis, hier staan voor die Here sy gesalfde!” Maar God het gesê: “Kyk nie na sy voorkoms en sy hoë gestalte nie, want Ek ag hom te gering. Want nie wat die méns sien, sien God nie; want die mens sien aan wat voor oë is, maar die Here sien die hart aan.” So het die getuienis oor al sewe gelui: “Die Here het hulle nie uitgekies nie.” 1 Samuel 16:6, 7, 10. En nie alvorens Dawid van die kudde af weggeroep is, is die profeet toegelaat om sy sending te volbring nie.

Die ouer broers, uit wie Samuel sy keuse sou gedoen het, het nie die bevoegdhede besit wat na Gods oordeel in ’n heerser oor Sy volk nodig sou wees nie. Hulle is, hoogmoedig, egosentries, selfversekerd, opsy gesit ten gunste van die een wat hulle onbelangrik geag het, iemand wat die eenvoud en opregtheid vansy kinderjare bewaar het en wat, hoewel hy in sy eie oë gering was, deur God vir die verantwoordelikhede van die koninkryk opgelei kon word. So ook vandag sien God, in menige kind wat die ouers sou verbygaan, bekwaamhede ver verhewe bokant die wat geopenbaar word deur ander wat veronderstel is om groot belofte in te hou.

En wie is in staat, wat die moontlikhede van die lewe betref, om te besluit wat groot en wat klein is? Hoe menige arbeider in die nederige posisies van die lewe het, deur werkinge tot seën van die wêreld aan die gang te sit, resultate bereik wat konings kon beny!

Laat elke kind dan ’n opvoeding vir die hoogste diens

- 267 -

ontvang. “Saai jou saad in die môre en laat teen die aand jou hand nie rus nie; want jy weet nooit watter een sal geluk nie, hierdie of daardie.” Prediker 11:6.

Die spesifieke plek wat in die lewe aan ons toegeken is, word deur ons vermoëns bepaal. Nie almal bereik dieselfde ontwikkeling of doen dieselfde werk ewe doeltreffend nie. God verwag nie dat die hisop dieselfde afmetings as die seder, of die olyfboom die hoogte van die statige palm moet bereik nie. Maar elkeen moet net so hoog mik as wat die vereniging van die menslike met die Goddelike mag dit vir hom moontlik maak om by te kom.

Baie word nie wat hulle kon gewees het nie, omdat hulle nie die vermoë inspan wat in hulle is nie. Hulle gryp nie,soos hulle kan, die Goddelike krag aan nie. Baie word afgekeer van die rigting waarin hulle die waaragtigste sukses sou kon behaal. Omdat hulle groter eer of ’n aangenamer taak soek, durf hulle iets aan waarvoor hulle nie geskik is nie. Menige persoon wie se talente by ’n ander nering aangepas is, is eersugtig om tot ’n professie toe te tree; en hy wat as boer, ambagsman of verpleër suksesvol kon gewees het,



vul onvoldoende dieposisie van ’n predikant, ’n prokureur of ’n geneesheer. Daar is andere weer wat miskien ’n verantwoordelike beroep kon gevolg het, maar wat, weens gebrek aan energie, inspanning of deursettingsvermoë, hulle met ’n makliker posisie vergenoeg het.

Ons moet Gods plan vir die lewe versigter volg. Om ons beste te lewer in die werk wat byderhand is, om ons weë aan God oor te gee en om op die aanduidings van Sy voorsienigheid te let - dit is reëls wat veilige leiding in die keuse van ’n beroep verseker.

Hy wat van die hemel at gekom het om ons voorbeeld te wees, het byna dertig jaar van Sy lewe in gewone handearbeid deurgebring; maar gedurende hierdie tyd het Hy die Woord eh werke van God bestudeer en almal gehelp en

- 268 -

geleer vir wie Sy invloed kon bereik. Toe Sy openbare bediening begin het, het Hy rondgegaan, die siekes genees, die bedroefdes vertroos en die evangelie aan die armes verkondig. Dit is al Sy volgelinge se taak.

“Maar die oudste onder julle,” het Hy gesê, “moet word soos die jongste en wie ’n leier is, soos een wat dien. Want ... Ek is onder julle soos een wat dien.” Lukas 22:26, 27.

Liefde en lojaliteit aan Christus is die bron van alle ware diens. In die hart wat deur Sy liefde aangeraak is, word daar ’n verlange verwek om vir Hom te arbei. Laat hierdie verlange aangespoor en reg gelei word. Of dit in die huis, die buurt of die skool is, moet die teenwoordigheid van die armes, die geteisterdes, die onkundiges of die minder bevoorregtes nie as ’n ongelukkige toedrag van sake beskou word nie, maar as ’n kosbare geleentheid vir diens.

In hierdie werk, soos in elke ander soort, word vaardigheid tydens die werk self opgedoen. Dit is deur in die gewone pligte van die lewe opgelei te word om die behoeftiges en die lydendes te dien, dat doeltreffendheid verseker word. Hiersonder is die pogings wat die beste bedoel word, dikwels nutteloos en selfs skadelik. Dit is in die water en nie op die land nie, waar mense leer om te swem.

Nog ’n verpligting, wat alte dikwels geringgeskat word - een wat duidelik gemaak moet word aan die jeugdige wat tot die aansprake van Christus ontwaak het - is die verplig. ting van kerkverband.

Baie heg en heilig is die verhouding tussen Christus en Sy Kerk - Hy is die bruidegom en die Kerk die bruid; Hy is die hoof en die Kerk die liggaam. ’n Verbintenis met Christus sluit dus ’n verbintenis met Sy Kerk in.

Die Kerk is vir diens georganiseer; en in ’n lewe van diens vir Christus is

kerkverband een van die eerste stappe.

- 269 -

Lojaliteit teenoor Christus vereis die getroue nakoming van gemeentelike pligte. Dit is 'n belangrike deel van 'u mens se opleiding; en in 'n gemeente wat met die Meester se lewe deurtrek is, sal dit regstreeks tot strewe vir die wêreld daar buite lei.

Daar is baie rigtings waarin jongmense 'n geleentheid vir hulpvaardige optrede kan vind. Laat hulle hul in groepe vir Christelike diens organiseer en die samewerking sal nuttig en bemoedigend wees. Ouers en onderwysers sal deur in die jongmense se werk belang te stel, in staat wees om hulle die voordeel van hul eie breër ondervinding te gee en kan hulle help om hul pogings vir die goeie doelmatig te maak.

Dit is bekendheid wat simpatie verwek en simpatie is die bron van doeltreffende diens. Om by die kinders en jongmense meegevoel en die gesindheid van diens te wek vir die lydende miljoene op "plekke anderkant" hulle, laat hulle met hierdie lande en hul mense bekend raak. In hierdie rigting kan baie in ons skole verrig word. In plaas dat daar oor die prestasies van die Alexanders en die Napoleons van die geskiedenis uitgewei word. laat die leerlinge die lewens bestudeer van manne soos die 'apostel Paulus en Martin Luther, Moffat en Livingstone en Carey en die geskiedenis van die sendingwerk wat tans daagliks ontluik. In plaas van hul geheues met 'n rits name en teorieë te belas wat geen betrekking op hul lewens het nie en waaraan hulle, sodra hulle uit die klaskamer uit is, selde 'n gedagte wy, laat hulle alle lande in die lig van die sendingtaak bestudeer en met die volkere en hul behoeftes vertroud raak.

In hierdie sluitingswerk van die evangelie is daar 'n ontsaglike groot veld wat in besit geneem moet word; en, meer as ooit tevore, is dit die werk om helpers van onder die gewone volk te werf. Sowel die jeug as die wat ouer

- 270 -

is, sal uit die veld, uit die wingerd en uit die werkswinkel geroep en deur die Meester uitgestuur word om Sy boodskap oor te dra. Baie van hulle het min geleenthede vir opleiding gehad; maar Christus sien in hulle kwalifikasies wat hulle daartoe in staat sal stel om Sy doel te verwesenlik. As hulle die arbeid met hart en siel aanpak en voortdurende leerders bly, sal Hy hulle toerus om vir Hom te werk.

Hy wat die dieptes van die wêreld se ellende en wanhoop ken, weet deur watter middele Hy verligting kan bring. Hy sien aan alle kante siele wat in die duisternis verkeer, belas met sonde en droefheid en pyn. Maar Hy sien ook



hul moontlikhede raak; Hy sien die hoogtes wat hulle kan bereik. Hoewel mense hul genadegawes misbruik, hul talente verkwis en die waardigheid van hul Goddelike mensheid kwytgeraak het, moet die Skepper in hulle red ding verheerlik word.

Die las om op die ruwe plekke van die aarde vir hierdie behoeftiges te werk, lê Christus op diegene wat meegevoel vir die onkundiges kan koester en vir diegene wat op afgeleë plekke woon. Hy sal teenwoordig wees om dié te help wat vir jammerhartigheid vatbaar is, hoewel hul hande miskien grof en onbedrewe is. Hy sal werk deur diegene wat genade in ellende en wins in verlies kan bespeur. Wanneer die Lig van die wêreld verbygaan, sal voorregte in swaarkry, orde in verwarring, sukses in skynbare mislukking raakgesien word. Rampe sal as vermomde seëninge beskou word; smart as genadebewyse. Arbeiders uit die gewone volk, wat die sorge van hul medemens deel, soos hul Meester die sorge van die ganse mensdom gedeel het, sal deur die geloof sien hoe Hy met hulle saamwerk!

"Naby is die groot dag van die Here, naby en baie haastig," Sefanja 1:14. En 'n wêreld moet gewaarsku word:

Met die voorbereiding wat hulle kan verkry, behoort

- 271 -

duisende derduisende jongmense en die wat ouer is, hulle aan hierdie werk te wy. Alreeds reageer baie harte op die roepstem van die Meesterwerker en hul getalle sal toeneem. Laat elke Christelike opvoeder aan sulke werkers simpatie betoon en samewerking verleen. Laat hom die jongmense onder sy sorg aanmoedig en bystaan met hul voorbereiding om hulle by dié geledere aan te sluit.

Daar is geen werkrigting waarin dit vir die jeug moontlik is om groter voordeel te verkry nie. Almal wat aan die bediening deel het, is Gods helpende hand. Hulle is medewerkers van die engele; of, liewers, hulle is die menslike bemiddelinge deur wie die engele hul sending kan volbring. Engele spreek deur hul stemme en werk deur hul hande. En die menslike arbeiders wat met die hemelse verteenwoordigers saamwerk, geniet die voordeel van hulle opvoeding en ondervinding. Watter "universiteitskursus" kan, as 'n middel tot opvoeding, dit ewenaar?

Met so 'n leër van werkers as wat ons jongmense, reg opgelei, kan voorsien, hoe snel sou die boodskap van 'n gekruisigde, verrese en spoedig komende Heiland nie na die hele wêreld uitgedra kon word nie! Hoe gou sou die einde nie kon kom nie - die einde van lyding en droefheid en sonde! Hoe spoedig sou ons kinders, in plaas van 'n besitting hier, met sy verderf van sonde en

pyn, hulle erfenis kon ontvang, waarvan daar gesê word: "Die regverdiges sal die aarde besit en vir ewig daarop woon;" waar "geen inwoner sal sê: Ek is siek nie," "en daarin sal nie meer gehoor word die stem van geween of die stem van geskreeu nie." Psalm 37:29; Jesaja 33:24; 65:19.



# DIE ASSISTENT - ONDERWYSER

*"Soos die Vader My gestuur het,*
*stuur Ek julle ook."*

# Voorbereiding

***"LÊ JOU DAAROP TOE OM JOU BEPROEF VOOR GOD TE STEL."***

- 275 -

DIE kind se eerste onderwyseres is die moeder. Gedurende die tydperk van sy grootste ontvanklikheid en snelste ontwikkeling is sy opvoeding hoofsaaklik in haar hande. Aan haar word die eerste geleentheid gegee om die karakter ten goede of ten kwade te vorm. Sy moet die waarde van haar geleentheid begryp en, bo elke ander onderwyser, bevoeg wees om dit die beste te benut. Tog is daar niemand anders wie se opleiding so min aandag geniet nie. Die een wie se invloed in die opvoeding die sterkste en verreikendste is, is die persoon vir wie se hulp daar die minste stelselmatige moeite gedoen word.

Diegene aan wie die sorg van die klein kindjie toevertrou word, is alte dikwels onkundig omtrent sy liggaamlike behoeftes; hulle weet min van die gesondheidswette of die beginsels van ontwikkeling. Ook is hulle nie beter toegerus om vir sy verstandelike en geestelike groei te sorg nie. Hulle is miskien bevoeg om sake te doen of in die samelewing uit te blink; hulle het dalk lofwaardige prestasies op die gebied van die letterkunde en die wetenskap behaal; maar van 'n kind se opvoeding dra hulle min kennis. Dit is hoofsaaklik te wyte aan hierdie gebrek, veral weens die vroeë verwaarlosing van liggaamlike ontwikkeling, dat so 'n groot deel van die mensdom in hul kinderjare omkom en van diegene wat volwassenheid bereik, daar so baie is vir wie die lewe net 'n las is.

- 276 -

Op vaders sowel as moeders rus 'n verantwoordelikheid vir die kind se vroeë asook sy latere opleiding en vir beide ouers is die eise van sorgvuldige en deeglike voorbereiding uiters dringend. Voordat hulle die moontlikhede van vaderskap en moederskap op hulle neem, moet manne en vroue met die wette van liggaamlike ontwikkeling bekend raak - met die fisiologie en die gesondheidsleer, met die strekking van voorgeboortelike invloede, met die oorerflikheidewette, sanitasie, kleredrag, oefening en die behandeling van siektes; hulle moet ook die wette van verstandelike ontwikkeling en sedelike opleiding verstaan.

Hierdie opvoedingswerk het die Oneindige van soveel belang geag dat boodskappers van Sy troon al gestuur is na iemand wat 'n moeder sou wees, om die vraag te beantwoord: "Hoe [moet] ons ... maak met die seun?" (Rigters

13:8) en om 'n vader omtrent die opvoeding van 'n beloofde seun te onderrig.

Nooit sal die opvoeding alles bereik wat dit kan en behoort te bereik alvorens die belangrikheid van die ouers se werk ten volle erken word en hulle 'n opleiding vir die heilige verantwoordelikhede daarvan ontvang nie.

Die behoefte aan voorbereidende opleiding vir die onderwyser word algemeen erken; maar min begryp die aard van die voorbereiding wat die heel noodsaaklikste is. Hy wat die verantwoordelikheid insien wat met die opvoeding van die jeug saamhang, sal besef dat onderrig in die wetenskaplike en literêre rigting alleen nie voldoende kan wees nie. Die onderwyser moet omvattender opleiding hê as wat uit die studie van boeke verkry kan word. Hy moet nie net verstandelike krag besit nie, maar ook veel omvattende denke; nie net 'n ongeskonde siel hê nie maar ook 'n groot hart.

Net Hy wat die verstand geskep en sy wette bepaal het, kan die behoeftes daarvan volkome begryp of sy ontwikke -

- 277 -

ling rig. Die opvoedkundige beginsels wat Hy gegee het, is die enigste veilige gids. 'n Kwalifikasie wat vir elke onderwyser noodsaaklik is, is 'n kennis van hierdie beginsels en so 'n aanname daarvan as wat dit 'n beherende mag in sy eie lewe sal maak.

Ondervinding van die praktiese lewe is onontbeerlik. Orde, deeglikheid, stiptheid, selfbeheersing, 'n opgeruimde humeur, gelykmoedigheid, selfopoffering, integriteit en hoflikheid is noodsaaklike kwalifikasies.

Omdat daar soveel goedkoop karakters is, soveel van die namaaksel rondom die jeug, bestaan daar des te meer 'n behoefte dat die onderwyser se woorde, houding en gedrag die verhewe en die waaragtige moet voorstel. Kinders kom aanstellings of enige ander swakheid of gebrek gou agter. Die onderwyser kan die agting van sy leerlinge op geen ander manier afdwing as deur in sy eie karakter die beo ginsels te openbaar wat hy trag om hulle te leer nie. Net namate hy dit in sy daaglikse omgang met hulle doen, kan hy op hulle 'n permanente invloed ten goede hê.

Vir byna elke ander bevoegheid wat tot sy sukses bydra, is die onderwyser in 'n groot mate van liggaamlike krag afhanklik. Hoe beter sy gesondheid, hoe beter sal sy werk wees.

So vermoeiend is sy verantwoordelikhede dat 'n spesiale poging van sy kant vereis word om lewenskrag en varsheid te bewaar. Dikwels raak hy afgemat in hart en verstand, met die byna onweerstaanbare neiging tot bedruktheid, kilheid of prikkelbaarheid. Dit is sy plig om nie net sulke buie te



weerstaan nie, maar ook om hul oorsaak te vermy. Hy moet die hart rein en lieflik en vol vertroue en simpatiek bewaar. Om altyd standvastig en kam en opgewek te wees, moet hy die krag van brein en senuwee behou.

- 278 -

Omdat gehalte in sy werk baie belangriker as hoeveelheid is, moet hy teen te groot inspanning waak - teen die aanpak van te veel in sy eie diensrigting; teen die opneem van ander verantwoordelikhede wat hom vir sy werk ongeskik sou maak; en teen deelname aan vermaak en sosiale plesier wat uitput eerder as om te verkwik.

Oefening in die buitelug, veral nuttige arbeid, is een van die beste metodes om liggaam en verstand te ontspan; en die onderwyser se voorbeeld sal sy leerlinge met 'n belangstelling in en respek vir handearbeid besiel.

In elke opsig moet die onderwyser nougeset die beginsels van gesondheid nakom. Hy moet dit doen, nie net vanweë die verband met sy eie bruikbaarheid nie, maar ook weens die invloed daarvan op sy leerlinge. Hy moet in alle dinge matig wees; in diëet, kleredrag, arbeid, ontspanning, moet hy 'n voorbeeld wees.

Met fisieke gesondheid en opregtheid van karakter moet die kwalifikasies van hoë geleerdheid gepaard gaan. Hoe meer ware kennis die onderwyser besit, hoe beter sal sy werk wees. Die klaskamer is geen plek vit oppervlakkige werk nie. Geen onderwyser wat met oppervlakkige kennis tevrede is, sal 'n hoë mate van doeltreffendheid bereik nie.

Maar die onderwyser se bruikbaarheid is nie soseer afhanklik van die werklike hoeveelheid kennis wat hy verwerf het as die standaard waarop hy mik nie. Die ware onderwyser is nie tevrede met flou gedagtes, 'n lui verstand of 'n slordige geheue nie. Hy streef voortdurend na groter bekwaamhede en beter metodes. Sy lewe is 'n voortdurende wasdom. In die werk van so 'n onderwyserbestaan daar 'n varsheid, 'n lewegewende krag wat sy leerlinge wakker maak en inspireer. .

Die onderwyser moet 'n slag met sy werk hê. Hy moet die wysheid en takt besit wat vereis word om met verstande

- 279 -

te kan werk. Hoe groot sy wetenskaplike kennis ook al is, hoe uitmuntend sy bevoegdhede in ander rigtings, sal sy pogings, as hy nie die agting en vertroue van sy leerlinge wen nie, tevergeefs wees.

Onderwysers word benodig wat skerpsinnig elke geleentheid om goed te doen, kan raaksien en gebruik; wat met geesdrif egte waardigheid verbind, wat in staat is om beheer uit te oefen en "bekwaam om te onderrig," wat tot

denke besiel energie opwek en moed en lewe toebedeel.

'n Onderwyser se opleiding was miskien beperk, sodat hy nie na wense die kwalifikasies van hoë geleerdheid besit nie; nogtans, as hy 'n ware insig in die menslike natuur het; as hy 'n egte liefde vir sy werk koester, 'n waardering vir hoe groot dit is en 'n vasberadenheid om te verbeter; as hy gewillig is om ernstig en volhardend te arbei, sal hy die behoeftes van sy leerlinge begryp en, deur sy simpao tieke, progressiewe gees, hulle aanspoor om te volg soos hy trag om hulle voorwaarts en opwaarts te lei.

Die kinders en jongmense in die onderwyser se sorg verskil hemelsbreed in geaardheid, gewoontes en opvoeding. Sommige het geen bepaalde doel of vaste beginsels nie. Hulle moet wakker gemaak word om hul verantwoordelikhede en moontlikhede te begryp. Min kinders is tuis reg opgevoed. Sommige was huishoudelike troeteldiertjies. Hulle hele opvoeding was oppervlakkig. Omdat hulle toegelaat is om hul neigings te volg en verantwoordelikhede en die dra van laste te vermy, het hulle 'n gebrek aan standvastigheid, deursettingsvermoë en selfverloëning. Diesulkes beskou dikwels alle dissipline as 'n onnodige beperking. Ander is berispe en ontmoedig. Willekeurige beperkings en ruheid het hardnekkigheid en uittarting in hulle ontwikkel. As hierdie misvormde karakters herskep word, moet die werk, in die meeste gevalle, deur die onderwyser verrig word. Om dit suksesvol te doen, moet hy die simpatie en insig hê wat

- 280 -

hom in staat sal stel om die foute en swakhede wat hulle in sy leerlinge openbaar, tot by hul oorsaak na te speur. Hy moet ook die takt en kundigheid, die geduld en fermheid besit wat hom in staat sal stel om aan elkeen die nodige hulp te verleen - vir die weifelagtiges en gemaksugtiges, sodanige bemoediging en bystand as wat 'n prikkel tot inspanning sal wees; vir die mismoediges, meegevoel en waardering wat vertroue sal skep en dus tot inspanning aanspoor.

Onderwysers slaag dikwels nie daarin om voldoende met hulle leerlinge op sosiale gebied te verkeer nie. Hulle openbaar te min simpatie en teerheid en te veel van die waardigheid van 'n strenge regter. Hoewel die onderwyser ferm en beslis moet wees, moet hy nie veeleisend of 'n diktator wees nie. Om kras en vitterig te wees, om hom op 'n afstand van sy leerlinge te hou of om hulle met onverskilligheid te behandel, is om die weë te sluit waarlangs hy hulle ten goede kan beinvloed.

In geen omstandighede moet die onderwyser partydigheid openbaar nie. Om die minsame, aantreklike leerling te begunstig en krities, ongeduldig of



sonder medelye te staan teenoor die wat aanmoediging en hulp die meeste nodig het, is om 'n totale wanbegrip van die onderwyser se werk te openbaar. Dit is in die hantering van die verkeerdes, die moeilikes, dat die karakter getoets en daar getoon word of die onderwyser werklik vir sy posisie ge kwalifiseerd is.

Groot is die verantwoordelikheid van diegene wat die leiding van 'n menslike siel op hom neem. Die ware vader en moeder beskou dit as 'n toevertroude pand waarvan hulle nooit heeltemal vrygestel kan word nie. Die lewe van die kind, van sy vroegste tot sy laaste dag, voel die mag van daardie band wat hom aan die ouer se hart bind; die dade, die woorde, selfs die blik van die ouer, gaan voort om die

- 281 -

kind ten goede of ten kwade te vorm. Die onderwyser deel hierdie verantwoordelikheid en hy moet voortdurend die heiligheid daarvan besef en die doel van sy werk voor oë hou. Hy moet nie net die daaglikse take afhandel om sy werkgewers te behaag, om die posisie van die skool te handhaaf nie; hy moet die hoogste voordeel van sy leerlinge as indiwidue in ag neem, die pligte wat die lewe hulle sal oplê, die diens wat dit vereis en die voorbereiding wat geverg word. Die werk wat hy dag na dag doen, sal 'n invloed op sy leerlinge uitoefen en deur hulle op andere, wat nie sal ophou om uit te brei en sterker te word tot die einde van die tyd nie. Die vrugte van sy werk moet hy op daardie groot dag teenkom, wanneer elke woord en daad deur God onder beskouing geneem sal word.

Die onderwyser wat dit besef, sal nie voel dat sy werk afgehandel is sodra hy met die daaglikse roetine van onderrig klaar is en sy leerlinge 'n tyd lank onder sy sorg uitgaan nie. Hy sal hierdie kinders en jongmense op sy hart dra. Hoe om vir hulle die edelste standaard van prestasie te verseker, sal sy voortdurende studie en strewe wees.

Hy wat die geleenthede en voorregte van sy werk insien, sal niks toelaat - om in die weg van ernstige pogings tot selfverbetering te staan nie. Hy sal geen moeite ontsien om die hoogste standaard van voortreflikheid te bereik nie. Alles wat hy verlang sy leerlinge moet word, sal hy self strewe om te wees.

Hoe dieper die verantwoordelikheidsin en hoe ernstiger die pogings tot selfverbetering, hoe duideliker sal die onderwyser sy bruikbaarheid besef en hoe meer sal dit hom berou oor die gebreke wat dit in die wiele ry. Soos hy die grootheid van sy werk betrag, die moeilikhede en moontlik-

- 282 -

hede daarvan, sal sy hart dikwels uitroep: "Wie is tot hierdie dinge bekwaam?"

Geagte onderwyser, soos u u behoefte aan krag en leiding oordink - 'n behoefte waarin daar uit geen menslike bron voorsien kan word nie - versoek ek u om te let op die beloftes van Hom wat 'n wonderlike Raadsman is.

"Kyk, Ek het voor jou 'n geopende deur gegee en niemand kan dit sluit nie." Openbaring 3:8.

"Roep My aan en Ek sal jou antwoord." "Ek wil jou onderrig en jou leer aangaande die weg wat jy moet gaan; Ek wil raad gee; my oog sal op jou wees." Jeremia 33:3; Psalm 32:8.

"Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld." Matthéüs 28:20.

As die hoogste voorbereiding vir u werk, wys ek u op die woorde, die lewe, die metodes, van die Prins van leermeesters. Ek vra u, let op Hom. Hier is u ware ideaal. Aanskou dit, oordink dit, totdat die Gees van die Goddelike Leermeester van u hart en lewe besit sal neem.

As u "soos in 'n spieël die heerlikheid van die Here aanskou," sal u "van gedaante verander [word] na dieselfde beeld." 2 Korinthiërs 3:18.

Dit is die geheim van mag oor u leerlinge. Weerkaats Hom.



# Samewerking

***"WANT ONS IS MEKAAR SE LEDE."***

- 283 -

IN karakterbou is daar geen ander invloede wat soveel tel as die invloed van die huis nie. Die onderwyser se werk moet die ouers s'n aanvul, maar mag nie die plek daarvan inneem nie. In alles wat die welvaart van die kind raak, moet dit die ouers en die onderwysers se strewe wees om saam te werk.

Die taak van samewerking moet by die vader en die moeder self begin, in die huislike lewe. In die opvoeding van hul kinders het hulle 'n gesamentlike verantwoordelikheid en dit moet hulle voortdurende strewe wees om saam op te tree. Laat hulle hul aan God oorgee en van Hom hulp soek om mekaar te onderskraag. Laat hulle hul kinders leer om aan God getrou te wees, getrou aan beginsel en gevolglik getrou aan hulself en aan almal wat met hulle verband hou. Met so 'n opleiding sal kinders nie, wanneer hulle skool toe gestuur word, 'n bron van rusversteuring of besorgdheid wees nie. Hulle sal 'n steunpilaar wees vir hulle onderwysers en 'n voorbeeld en bemoediging vir hulle medeleerlinge.

Ouers wat hierdie opvoeding verskaf, is nie diegene wat geneig sal wees om die onderwyser te kritiseer nie. Hulle voel dat sowel die belange van hul kinders as regverdigheid teenoor die skool vereis dat hulle, sover moontlik, die een wat hulle verantwoordelikheid deel, moet onderskraag en eer.

- 284 -

Baie ouers skiet hier kort. Deur hul haastige, ongegronde kritiek word die invloed van die getroue, selfopofferende onderwyser dikwels so te sê vernietig. Baie ouers wie se kinders deur verwenning bederf is, laat aan die onderwyser die onaangename taak oor om hulle nalatigheid reg te sien; en dan maak hulle deur hul eie optrede sy taak byna hopeloos. Hulle kritiek en vitterigheid in verband met die skoolbestuur werk weerspannigheid by die kinders in die hand en sterk hulle in verkeerde gewoontes.

As kritiek of 'n voorstel oor die onderwyser se werk nodig word, moet dit aan hom persoonlik gerig word. As dit sonder uitwerking is, laat die saak verwys word na diegene wat vir die bestuur van die skool verantwoordelik is. Niks moet gesê of gedoen word om die kinders se agting te verswak vir die persoon van wie hul welsyn in so 'n groot mate afhang nie.

Die ouers se intieme kennis van sowel die karakter van die kinders as hulle besondere liggaamskenmerke en gebreke sal, as dit aan die onderwyser meegedeel word, hom tot hulp strek. Dit moet betreur word dat soveel dit

nie besef nie. Deur baie ouers word min belangstelling getoon of om hulle van die onderwyser se kwalifikasies te vergewis of om met hom in sy taak saam te werk.

Omdat ouers hulle so selde op hoogte van die onderwyser stel, is dit des te belangriker dat die onderwyser met die ouers moet probeer kennis maak. Hy moet sy leerlinge se tuistes besoek en 'n kennis opdoen van die invloede en omgewing te midde waarvan hulle woon. Deur per soonlik met hul huise en lewens in aanraking te kom, kan hy die bande versterk wat hom aan sy leerlinge bind en leer hoe om met groter welslae hul verskillende geaardhede en temperamente te hanteer.

Namate hy 'n belangstelling in die huislike opvoeding

- 285 -

toon, deel die onderwyser 'n dubbele voordeel mee. Baie ouers, verdiep in hul werk en sorge, verloor hul geleenthede uit die oog om die lewens van hul kinders ten goede te beïnvloed. Die onderwyser kan veel doen om hierdie ouers tot hul moontlikhede en voorregte te laat ontwaak. Hy sal andere vind vir wie die besef van hul verantwoordelikheid 'n groot las is, so gretig is hulle dat hul kinders goeie en nuttige manne en vroue sal word. Dikwels kan die onderwyser hierdie ouers help om hulle las te dra en deur met mekaar te beraadslaag, sal sowel onderwyser as ouers bemoedig en versterk word.

In die huislike opvoeding van die jeug is die beginsel van samewerking van onskatbare waarde. Vanaf hul vroegste jare moet kinders daartoe gebring word om te voel dat hulle 'n deel van die huisfirma is. Selfs die kleintjies moet opgelei word om aan die daaglikse werk deel te hê en hulle moet voel dat hulle hulp nodig is en waardeer word. Die groter kinders moet hul ouers se assistente wees en hulle planne sowel as hulle verantwoordelikhede en laste deel. Laat vaders en moeders die tyd neem om hul kinders te leer, laat hulle toon dat hulle hul hulp op prys stel, dat hulle graag in hul vertroue geneem wil word en hul geselskap geniet en die kinders sal nie traag wees om te reageer nie. Nie net die ouers se las sal verlig word en die kinders 'n praktiese opleiding van onskatbare waarde ontvang nie, maar daar sal 'n verstewiging van die huislike bande en selfs 'n verdieping van die karakterfondamente wees.

Samewerking moet die gesindheid van die klaskamer wees, die wet van sy lewe. Die onderwyser wat sy leerlinge se samewerking verkry, bekom 'n hulpmiddel van onskatbare waarde om die orde te handhaaf. Deur diens in die klaskamer sal menige seun wie se rusteloosheid tot wanorde en insubordinasie lei, 'n veiligheidsklep vir sy oortollige energie vind. Laat die ouer



kinders die jongeres help, die

- 286 -

sterkes die swakkes; en, waar moontlik, laat elkeen gevra word om iets te doen waarin hy uitmunt. Dit sal selfrespek aanmoedig en 'n verlange om nuttig te wees.

Dit sou die jeug, asook ouers en onderwysers, tot nut strek om die les van samewerking te bestudeer soos dit in die Skrif geleer word. Onder die baie uitbeeldinge daarvan let op die bou van die tabernakel - daardie aanskouingsles van karakterbou - waarin die hele volk hul verenig het, "elkeen wie se hart hom opgewek en elkeen wie se gees hom aangedryf het." Exodus 35: 21. Lees hoe die muur van Jerusalem deur die teruggekeerde gevangenes herbou is, te midde van armoede, moeilikheid en gevaar en hoe die taak met sukses volbring is, want "die volk was met hulle hart in die werk." Nehemia 4:6. Let op die rol wat in die Heiland se wonderwerk met die voeding van die menigte deur die dissipels gespeel is. Die voedsel het in die hande van Christus vermeerder, maar die dissipels het die brode ontvang en aan die wagtende menigte gegee.

"Ons is mekaar se lede." "Namate elkeen 'n genadegawe ontvang het, moet julle mekaar daarmee dien soos goeie bedienaars van die veelvuldige genade van God." Efesiërs 4:25; 1 Petrus 4:10.

Met vrug sou die woorde van die afgodbouers van ouds, met 'n waardiger doel, deur vandag se karakterbouers as slagspreuk oorgeneem kon word:

"Die een het die ander gehelp en aan sy metgesel gesê: Wees sterk!" Jesaja 41:6.

# Dissipline

***LEI OP, VERMAAN, SPOOR AAN, WEES LANKMOEDIG.***

- 287 -

EEN van die eerste lesse wat 'n kind sal moet leer, is die les van gehoorsaamheid. Voordat hy oud genoeg is om te redeneer, kan hy geleer word om gehoorsaam te wees. Deur tere, volhardende pogings moet die gewoonte gevestig word. So, in 'n groot mate, kan daardie latere konflikte tussen wil en gesag voorkom word wat soveel doen om vervreemding en bitterheid teenoor ouers en onderwysers te skep en te dikwels weerstand teen alle gesag, menslik en Goddelik.

Die doel van dissipline is die opvoeding van die kind vir selfregering. Hy moet selfstandigheid en selfbeheersing geleer word. Daarom, sodra hy daartoe in staat is om te verstaan, moet sy rede aan die kant van gehoorsaamheid gewerf word. Laat alle optrede teenoor hom sodanig wees dat dit toon dat gehoorsaamheid regverdig en redelik is. Help hom om in te sien dat alle dinge aan wette onderhewig is en dat ongehoorsaamheid uiteindelik tot rampspoed en smart lei. As God sê: "Jy mag nie," waarsku Hy ons in liefde teen die gevolge van ongehoorsaamheid, om ons van nadeel en verlies te red.

Help die kind om in te sien dat ouers en onderwysers verteenwoordigers. van God is en dat as hulle in harmonie met Hom optree, hul wette tuis en op skool ook Syne is. Soos die kind aan ouers en onderwysers gehoorsaamheid moet betoon, so moet dié op hulle beurt, gehoorsaamheid aan God betoon.

- 288 -

Om die kind se ontwikkeling te rig sonder om dit deur oormatige beheer te strem, moet die oorwoë strewe van sowel die ouer as onderwyser wees. Te veel beheer is net so sleg as te min. Die poging om 'n kind se "wil te breek," is 'n verskriklike fout. Verstande is verskillend saamgestel; hoewel dwang uiterlike onderwerping mag verseker, is die gevolg by baie kinders 'n beslister opstandigheid in die hart. Selfs al sou die ouer of onderwyser daarin slaag om die beheer te verkry wat hy wil hê, is die gevolge miskien nie minder nadelig vir die kind nie. Die dissipline van die mens wat die jare van redelike denke bereik het, moet verskil van die opleiding van 'n redelose dier. Die dier word net onderwerping aan sy meester geleer. Vir die dier is die baas verstand, oordeel en wil. Hierdie metode, wat soms vir die opvoeding van kinders aangewend word, maak van hulle weinig meer as outomate. Verstand, wil,

gewete, is onder iemand anders se beheer. Dit is nie Gods plan dat enige verstand so gedomineer moet word nie. Diegene wat indiwidualiteit verswak of vernietig, neem 'n verantwoordelikheid op hulle wat net kwaad tot gevolg kan hê. Terwyl hulle onder gesag verkeer, lyk die kinders miskien soos goed gedrilde soldate; maar wanneer die aanvoering ophou, sal daar bevind word dat die karakter krag en standvastigheid kortkom. Omdat hy nooit geleer is om homself in toom te hou nie, erken die jongmens geen beperking buiten die vereistes van ouers of onderwyser nie. As dit verwyder word, weet hy nie hoe om sy vryheid te gebruik nie en hy gee hom dikwels oor aan botviering wat sy ondergang beteken.

Omdat die oorgee van die wil vir sommige leerlinge soveel moeiliker as vir andere is, moet die onderwyser dit so maklik as moontlik maak om aan sy vereistes gehoorsaam te wees. Die wil moet gelei en gevorm, maar nie geïgnoreer

- 289 -

of verpletter word nie. Bewaar die krag van die wil; in die lewenstryd sal dit benodig word.

Elke kind moet die ware krag van die wil verstaan. Hy moet gelei word om in te sien hoe groot die verantwoordelikheid is wat met hierdie gawe saamhang. Die wil is die beheerrnag in die natuur van die mens, die mag van besluit of keuse. Elke mens wat redeneringsvermoë besit, het die mag om te kies wat reg is. In elke lewensondervinding is Gods woord aan ons; "Kies dan vir julle vandag wie julle wil dien." Josua 24:15. Elkeen kan sy wil aan die kant van Gods wil plaas, kan kies om Hom te gehoorsaam en deur hom so aan Goddelike bemiddelinge te verbind, mag hy staan waar niks hom kan dwing om kwaad te doen nie. In elke jong persoon, elke kind, is die mag geleë om, met die hulp van God, 'n karakter van integriteit te vorm en 'n nuttige lewe te lei.

Die ouer of onderwyser wat deur sulke onderrig die kind tot selfbeheersing oplei, sal die behulpsaamste en permanent suksesvolste wees. Vir die oppervlakkige waarnemer mag sy werk nie die doeltreffendste vertoon nie; dit mag miskien nie so hooggeag word as die van die persoon wat die kind se verstand en wil onder absolute gesag bewaar nie; maar die jare wat volg, sal die resultate van die beter opleidingsmetode toon.

Die wyse opvoeder sal, in sy optrede teenoor sy leerlinge, trag om vertroue in te boesem en eersin te versterk. Kinders en jongmense baat daarby wanneer hulle vertrou word. Baie, selfs onder die klein kindertjies, het 'n verhewe eersin; almal verlang om met vertroue en respek behandel te word en dit is



hulle reg. Hulle moet nie daartoe gebring word om te voel dat hulle nie kan in - en uitgaan sonder om dopgehou te word nie. Agterdog demoraliseer en bring juis die euwels voort wat dit trag om te verhoed. In plaas van voortdurend op die uitkyk te wees, asof hulle die kwade verwag, sal onderwysers wat met hul leerlinge in kontak

**9a**

- 290 -

is, die werkinge van die rustelose verstand bespeur en invloede aan die gang sit wat die euwel sal teenwerk. Laat die jongmense voel dat hulle vertrou word en daar is min wat nie sal trag om te bewys dat hulle die vertroue waardig is nie.

Volgens dieselfde beginsel is dit beter om te versoek as om te beveel; wie op hierdie wyse aangespreek word, het dan 'n geleentheid om te toon dat hy aan die regte beginsels lojaal is. Sy gehoorsaamheid is die gevolg van keuse eerder as van dwang.

Die reëls wat in die klaskamer geld, moet sover moontlik die stem van die skool verteenwoordig. Elke beginsel wat daarby betrokke is, moet op so 'n wyse aan die student voorgelê word dat hy van die regverdigheid daarvan oortuig kan wees. Sodoende sal hy 'n verantwoordelikheid voel om toe te sien dat die reëls wat hy self help opstel het, gehoorsaam word.

Reëls moet min en weldeurdag wees; en wanneer dit eers ingestel is, moet daaraan uitvoering gegee word. Wat dit ook al onmoontlik vind om te verander, leer die verstand om te erken en hom daarby aan te pas; maar die moontlikheid van verwenning wek begeerte, hoop en onsekerheid en die gevolge is rusteloosheid, knorrigheid en insubordinasie.

Daar moet duidelik gemaak word dat die regering van God geen kompromis met die kwade ken nie. Nog in die huis nog op skool moet ongehoorsaamheid geduld word. Geen ouer of onderwyser wat die welsyn op die hart dra van diegene wat in sy sorg is, sal 'n kompromis aangaan met die hardnekkige eiesinnigheid wat gesag trotseer of sy toevlug tot voorwendsels of ontwyking neem om gehoorsaamheid vry te spring nie. Dit is nie liefde nie maar sentimentaliteit wat met kwaaddoenery speel en probeer om deur 'n gesoebat of omkoopgeskenke inskiklikheid te verkry en uiteindelik die een of ander plaasvervanger aanneem in die plek van wat vereis is.

- 291 -

"Die sotheid van die dwase is bedrog." Spreuke 14:8. Ons moet daarteen waak om sonde lig op te neem. Verskriklik is die mag wat dit oor die oortreder het. "Sy eie ongeregtighede vang hom, die goddelose en in die vang

strikke van sy sonde word hy vasgehou." Spreuke 5:22. Die grootste kwaad wat 'n kind of jongmens aangedoen kan word, is om hom toe te laat om in die slawerny van 'n slegte gewoonte vasgeketting te word.

Die jeug het 'n ingebore liefde vir vryheid; hulle verlang om ongebonde te wees; en hulle sal moet verstaan dat dié onberekenbare seëninge net in gehoorsaamheid aan die wet van God geniet kan word. Hierdie wet is die bewaarder van ware vryheid en ongebondenheid. Dit dui daardie dinge aan wat ontaarding bring en verslaaf en verbied dit en sodoende verleen dit aan die gehoorsames beskerming teen die mag van die bose.

Die psalmdigter sê: "Dan wil ek ... in die ruimte wandel, want ek soek u bevele." "Ja, u getuienisse is my verlustiging, my raadsmanne." Psalm 119:44, 45, 24.

In ons pogings om die kwade reg te stel, moet ons teen die neiging waak om fout te soek of te sensureer. Voortdurende berisping verbyster maar hervorm nie. Vir baie verstande en dikwels diegene wat die fynste ontvanklikheid besit, is 'n atmosfeer van onsimpatieke kritiek noodlottig vir inspanning. Blomme ontluik nie onder die asem van 'n verwelkende wind nie.

'n Kind wat dikwels oor die een of ander besondere fout tereggewys word, beskou naderhand daardie fout as sy eienaardigheid, waarteen dit tevergeefs is om te stry. Sodoende word mismoedigheid en radeloosheid geskep, wat dikwels onder die skyn van traak-my-nieagtigheid of bravade weggesteek word.

Die ware doel van teregwysing word net verwesenlik wanneer die oortreder self daartoe gebring word om sy fout in te sien en sy wil gewerf word om dit uit die weg

- 292 -

te ruim. Wanneer dit bereik is, wys hom op die bron van vergifnis en krag. Probeer om sy selfrespek behoue te laat bly en hom met moed en hoop te besiel.

Hierdie werk is de fynste en omsigtigste, die moeilikste, wat ooit aan mense opgedra is. Dit vereis die delikaaste takt, die teerste gevoeligheid, 'n kennis van die menslike natuur en 'n geloof en geduld uit die hemel gebore, wat gewillig is om te werk en te waak en te wag. Geen werk kan belangriker as dit wees nie.

Diegene wat graag andere wil beheer, moet eers hulself beheers. Om driftig met 'n kind of jongmens te werk, sal net 'n wrok by hom wek. Wanneer 'n ouer of onderwyser ongeduldig word en in die gevaar verkeer om onverstandig te praat, laat hom stilbly. Daar is 'n wonderlike mag in swye.



Die onderwyser moet verwag om dwarse geaardhede en harde harte teen te kom. Maar in sy optrede teenoor hulle moet hy nooit vergeet dat hy self ook eenmaal 'n kind, met 'n behoefte aan dissipline, was nie. Selfs nou, met al sy voordele van ouderdom, opvoeding en ondervinding, begaan hy dikwels foute en het genade en verdraagsaamheid nodig. In die opleiding van jongmense, moet hy daaraan dink dat hy met diegene werk wat neigings tot die kwaad het, soortgelyk aan sy eie. Hulle het byna alles om te leer en dit is vir sommige baie moeiliker om te leer as vir andere. Met die dom leerling moet hy geduldig wees en hom nie vir sy onkunde teregwys nie, maar elke geleentheid benut om hom aan te moedig. Met sensitiewe, senuweeagtige leerlinge moet hy baie teer handel. 'n Besef van sy eie tekortkominge behoort hom voortdurend medelye en verdraagsaamheid te laat openbaar teenoor diegene wat ook met moeilikhede worstel.

Die Heiland se reël: "Soos julle wil hê dat die mense aan julle moet doen, so moet julle ook aan hulle doen"

- 293 -

(Lukas 6:31), moet die reël van almal wees wat die opleiding van kinders en jeugdiges onderneem. Hulle is die jonger lede van die Here se huisgesin, mede - erfgename van die genade van die lewe. Christus se reël moet onskendbaar teenoor die domkop, die jongstetjie, die knoeier en selfs teenoor die sondebok en die oproermaker gehandhaaf word.

Hierdie reël sal die onderwyser daartoe lei om, sover moontlik, nie die foute en sondes van 'n leerling openbaar te maak nie. Hy sal probeer om nie teregwysing of straf in die teenwoordigheid van andere toe te dien nie. Hy sal 'n leerling nie uit die skool sit voordat elke poging vir sy hervorming aangewend is nie. Maar wanneer dit duidelik word dat die leerling self geen voordeel ontvang nie, terwyl sy trotsering van of minagting vir gesag daartoe neig om die regering van die skool omver te werp en sy invloed andere aantas, dan word sy uitsetting 'n noodsaaklikheid. Tog sou die skande van openbare uitsetting baie tot volslae roekeloosheid en ondergang dryf. In die meeste gevalle, wanneer verwydering onvermydelik geword het, hoef die saak nie openbaar gemaak te word nie. In oorleg en medewerking met die ouers, laat die onderwyser privaat vir die leerling se onttrekking reëlings tref.

In hierdie tyd van besondere gevaar vir die jeug, omring versoekings hulle van alle kante; en terwyl dit maklik is om weg te dryf, is die kragtigste inspanning nodig om teen die stroom in te beur. Elke skool behoort 'n "vrystad" vir versoekte jongmense te wees, 'n plek waar hul dwaashede geduldig en verstandig gehanteer word. Onderwysers wat hul verantwoordelikhede

besef, sal alles uit hul eie harte en lewens verban wat hulle daarvan sou weerhou om suksesvol met die moedswilliges en ongehoorsames te werk. Liefde en teerheid, geduld en selfbeheersing, sal te alle tye die wet van hul spraak wees. Genade en

- 294 -

medelye sal met geregtigheid vermeng wees. Wanneer dit nodig is om tereg te wys, sal hulle taal nie oordrewe wees nie, maar nederig. Vriendelik sal hulle voor die kwaaddoener sy foute stel en hom bystaan om tot verhaal te kom. Elke ware onderwyser sal voel dat as hy ooit moet fouteer, dit beter is om aan die kant van genade as aan die kant van strengheid kort te skiet.

Baie jeugdiges wat die mense meen onverbeterlik is, is in hul harte nie so hard as wat hulle lyk nie. Baie wat as hopeloos beskou word, kan deur verstandige dissipline herwin word. Dit is dikwels dié wat die geredelikste onder vriendelikheid verteder. Laat die onderwyser die vertroue van die versoekte wen en deur die goeie in sy karakter raak te sien en te ontwikkel, kan hy, in baie gevalle, die kwaad regsien sonder om aandag daarop te vestig.

Die Goddelike Leermeester verdra die afgedwaaldes deur al hulle hardnekkigheid. Sy liefde verkoel nie; Sy pogings om hulle te wen, hou nie op nie. Met uitgestrekte arms wag Hy om oor en oor die afgedwaaldes, die opstandiges en selfs die afvalliges te verwelkom. Sy hart word aangedaan vanweë die hulpeloosheid van die klein kindjie wat aan ruwe behandeling onderwerp word. Die uitroep van menslike lyding bereik nooit tevergeefs Sy oor nie. Hoewel almal in Sy oë kosbaar is, ontvang die ruwes, die norses, die hardnekkiges, die meeste Sy simpatie en liefde; want Hy gaan die gevolg tot by sy oorsaak na. Die een wat die maklikste versoek word en die meeste geneig is om te fouteer, is die spesiale ontvanger van Sy besorgdheid.

Elke ouer en elke onderwyser moet die eienskappe koester van Hom wat Hom met die geval van die beproefdes, die lydendes en die versoektes vereenselwig. Hy moet een wees wat "kan saamvoel met die onwetendes en dwalendes, omdat hy self ook met swakheid bevange is." Hebreërs 5:2. Jesus behandel ons veel beter as wat ons ver-

- 295 -

dien; en net soos Hy ons behandel het, moet ons ook andere behandel. Die optrede van geen ouer of onderwyser kan geregverdig word as dit anders is as wat die Heiland s'n onder dergelike omstandighede sou gewees het nie.

### *Om die Dissipline van die Lewe die Hoof te Bied*

Na die dissipline van huis en skool, moet almal die strawwe dissipline van



die lewe tegemoetgaan. Hoe om dit verstandig die hoof te bied, is 'n les wat aan elke kind en elke jongmens baie duidelik gemaak moet word. Dit is waar dat God ons liefhet, dat Hy vir ons geluk werk en dat, as die mense altyd aan Sy wet gehoorsaam was, ons nooit lyding sou geken het nie; en dit is nie minder waar nie dat daar, as gevolg van sonde, in hierdie wêreld lyding, moeilikheid en laste tot elke lewe kom. Ons kan die kinders en die jeug 'n lewenslange weldaad bewys deur hulle te leer hoe om hierdie moeilikhede en laste dapper te verduur. Hoewel ons aan hulle medelyde moet betoon, laat dit nooit van so 'n aard wees dat dit selfbejammering in die hand werk nie. Wat hulle nodig het, is dit wat stimuleer en versterk eerder as om swak te maak.

Hulle moet geleer word dat hierdie wêreld nie n paradeterrein is nie, maar 'n slagveld. Almal word geroep om soos goeie krygsmanne hardheid te verduur. Hulle moet manhaftig en sterk wees. Laat hulle geleer word dat die ware toets vir die karakter gevind word in die gewilligheid om laste te dra, om die harde plek in te neem, om die werk te verrig wat gedoen moet word, al sou dit geen aardse erkenning of beloning meebring nie.

Die regte manier om beproewing die hoof te bied, is nie deur dit te probeer ontwyk nie, maar om dit te transformeer. Dit is op alle dissipline van toepassing, die vroeëre sowel as die latere. Die verwaarlosing van die kind se vroegste opvoeding en die gevolglike versterking van foutiewe neigings, maak die opleiding van sy latere lewe

- 296 -

moeiliker en dit veroorsaak dat dissipline te dikwels 'n pynlike proses is. Vir die laer natuur moet dit pynlik wees, omdat dit in lynregte teenspraak met die natuurlike begeertes en neigings is; maar die pyn kan in 'n hoër vreugde uit die oog verloor word.

Laat die kind en jongmens geleer word dat elke vergissing, elke fout, elke moeilikheid wat oorwin word, 'n vastrapplek tot beter en hoër dinge word. Dit is deur sulke ondervindings dat almal wat nog ooit die lewe die moeite werd gemaak het, welslae behaal het.

*"The heights by great men reached and kept*
*Were not attained by sudden flight,*
*But they, while their compaaions slept,*
*Were toiling upward in the night.*

*"We rise by things that are under our feet;*
*By what we have mastered of good or gain;*
*By the pride deposed and the passion slain,*

*And the vanquished ills that we hourly meet.*

*"All common things, each day's events,*
*That with the hour begin and end,*
*Our pleasures and our discontents,*
*Are rounds by which we may ascend."*

Ons moet nie "let op die sigbare dinge nie, maar op die onsigbare; want die sigbare dinge is tydelik, maar die on sigbare ewig." 2 Korinthiërs 4:18. Die ruil wat ons aangaan deur selfsugtige verlangens en neigings te ontsê, is 'n verruiling van die waardelose en verganklike vir die kosbare en blywende. Dit is geen opoffering nie, maar eindelose wins.

"Iets beters" is die wagwoord van opvoeding, die wet van alle ware lewe. Wat Christus ons ook al vra om van afstand te doen, Hy bied in die plek daarvan iets beters aan. Dikwels koester die jeug doelstellings, belange en vorme van plesier wat miskien nie verkeerd lyk nie, maar

- 297 -

wat nie aan die hoogste voortreflikheid beantwoord nie. Hulle keer die lewe van sy edelste doelstellings af. Willekeurige maatreëls of direkte veroordeling kan dalk tevergeefs wees om hierdie jongmense te laat afsien van wat vir hulle kosbaar is. Laat hulle aandag op iets beters as vertoon, ambisie of selfvertroeteling gevestig word. Bring hulle in aanraking met 'negter skoonheid, met meer verhewe beginsels en edeler lewens. Laat hulle Hom aanskou wat "geheel en al die lieflikheid self" is. Wanneer die oë eers op Hom gevestig is, vind die lewe sy middelpunt. Die geesdrif, die edelmoedige toewyding, die hartstogtelike ywer van die jeug vind hier hul ware doel. Plig word 'n vreugde, opoffering 'n plesier. Om Christus te vereer, om soos Hy te word, om vir Hom te werk, is die lewe se hoogste ambisie en sy grootste vreug.

"Want die liefde van Christus dring ons." 2 Korinthiërs 5:14.



# DIE HOËR KURSUS

*"Van ouds af tog het niemand dit gehoor of verneem nie, geen oog het 'n God gesien wat werksaam is vir wie op Hom wag nie."*

# Die Skool van die Hiernamaals

***"EN HULLE SAL SY AANGESIG SIEN en SY NAAM SAL OP HULLE VOORHOOFDE WEES."***

- 301 -

DIE hemel is 'n skool; sy studieveld, die heelal; sy onderwyser, die Oneindige. 'n Tak van hierdie skool is in Eden gestig; en, wanneer die verlossingsplan voltooi is, sal opvoeding weer in die skool van Eden onderneem word.

"Wat die oog nie gesien en die oor nie gehoor en in die hart van 'n mens nie opgekom het nie, wat God berei het vir die wat Hom liefhet." 1 Korinthiërs 2:9. Net deur Sy woord kan 'n kennis van hierdie dinge verkry word; en selfs dit bring net 'n gedeeltelike openbaring.

Die profeet van Patmos het die ligging van die hiernamaalse skool soos volg beskrywe:

"En ek het 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde gesien, want die eerste hemel en die eerste aarde het verbygegaan. ... En ek, Johannes, het die heilige stad, die nuwe Jerusalem, sien neerdaal van God uit die hemel, toeberei soos 'n bruid wat vir haar man versier is." Openbaring 21:1, 2.

"En die stad het die son of die maan nie nodig om in hom te skyn nie, want die heerlikheid van God het hom verlig en die Lam is sy lamp." Openbaring 21:23.

Tussen die skool wat in die begin te Eden gestig is en die skool van die hiernamaals, lê die ganse bestek van hierdie wêreld se geskiedenis - die geskiedenis van menslike oortreding en smart, van Goddelike offerande en van oor-

- 302 -

winning oor die dood en sonde. Nie al die omstandighede van daardie eerste skool van Eden sal in die skool van die toekomstige lewe te vinde wees nie. Geen boom van die kennis van goed en kwaad sal 'n geleentheid tot versoeking bied nie. Geen versoeker is daar nie, geen moontlikheid van die kwade nie. Elke karakter het die toets van die bose deurstaan en geeneen is meer vir sy mag ontvanklik nie.

"Aan hom wat oorwin," sê Christus, "sal Ek gee om te eet van die boom van die lewe wat binne - in die paradys van God is." Openbaring 2:7. Die gawe van die boom van die lewe in Eden was voorwaardelik en dit is uiteindelik onttrek. Maar die geskenke van die toekomstige lewe is absoluut en ewig.

Die profeet aanskou "'n suiwer rivier van die water van die lewe, helder

soos kristal, wat uitstroom uit die troon van God en van die Lam." "En weerskante van die rivier was die boom van die lewe." "En daar sal geen dood meer wees nie; ook droefheid en geween en moeite sal daar nie meer wees nie, want die eerste dinge het verbygegaan." Openbaring 22:1,2; 21:4.

*"En jou volk sal almal regverdiges wees,*
*vir ewig sal hulle die land besit-*
*as lote deur My geplant,*
*'n werk van my hande,*
*tot my verheerliking." Jesaja 60:21.*

Nadat die mens weer tot Sy teenwoordigheid herstel is, sal hy, soos in die begin, deur God onderrig word: "Daarom sal my volk my Naam leer ken; daarom sal hulle weet op dié dag dat dit Ek is wat spreek: Hier is Ek!" Jesaja 52:6.

"Kyk, die tabernakel van God is by die mense en Hy sal by hulle woon en hulle sal sy volk wees; en God self sal by hulle wees as hulle God." Openbaring 21:3.

- 303 -

"Dit is hulle wat uit die groot verdrukking kom en hulle het hul klere gewas en hul klere wit gemaak in die bloed van die Lam. Daarom is hulle voor die troon van God en dien Hom dag en nag in sy tempel. ... Hulle sal nie meer honger en nie meer dors hê nie en nooit sal die son of enige hitte op hulle val nie; want die Lam wat in die middel van die troon is, sal hulle laat wei en hulle na lewende waterfonteine lei en God sal alle trane van hulle oë afvee." Openbaring 7:14-17.

"Want nou sien ons deur 'n spieël in 'n raaisel, maar eendag van aangesig tot aangesig. Nou ken ek ten dele, maar eendag sal ek ten volle ken, net soos ek ten volle geken is." 1 Korinthiërs 13:12.

"En hulle sal sy aangesig sien en sy Naam sal op hulle voorhoofde wees." Openbaring 22:4.

Daar, wanneer die voorhangsel wat ons uitsig verdonker, weggeneem word en ons oë daardie skone wêreld betrag waarop ons tans deur die mikroskoop 'n blik kry; wanneer ons die heerlikheid van die hemele aanskou, wat tans van ver af deur die teleskoop bespied word; wanneer die klad van sonde verwyder is en die ganse aarde in "die lieflikheid van die Here onse God" sal verskyn, watter veld sal daar nie vir ons studie oopgestel word nie! Daar sal die student van die wetenskap die oorkondes van die skepping kan lees en geen aandenking van die wet van die kwaad bespeur nie. Hy sal na die musiek van die natuur se stemme kan luister en geen noot van weeklag of ondertoon van smart verneem nie. In alle geskape dinge sal hy een



handskrif kan lees - in die geweldige heelal staan "Gods naam in groot letters geskrywe," en in aarde, see of lug bly geen enkele teken van boosheid oor nie.

Daar sal die Eden-lewe gevoer word, die lewe in tuin en veld. "En hulle sal huise bou en bewoon en wingerde plant en die vrug daarvan eet: hulle sal nie bou dat 'n

- 304 -

ander dit bewoon nie; hulle sal nie plant dat 'n ander dit eet nie; want die dae van my volk sal wees soos die dae van die bome en my uitverkorenes sal die werk van hulle hande self geniet." Jesaja 65:21, 22.

Daar sal niks wees wat "kwaad doen of verderf aanrig op my hele heilige berg nie, sê die Here." Jesaja 65:25. Daar sal die mens tot sy verlore koningskap herstel word en die laer orde van wesens sal weer eens sy heerskappy erken; wat kwaai is, sal verteder en wat skugter is, vol vertroue word.

Daar sal vir die student 'n geskiedenis van 'n oneindige draagwydte en onuitspreeklike rykdom oopstaan. Hier, van die uitkykpunt van Gods Woord, word aan die student 'n kykie oor die ontsaglike groot geskiedenisveld gebied en kan hy 'n mate van kennis opdoen omtrent die beginsels wat die verloop van menslike gebeurtenisse beheer. Maar sy uitsig is nog beneweld en sy kennis onvolledig. Nie alvorens hy in die lig van die ewigheid staan, sal hy alle dinge duidelik sien nie.

Dan sal die verloop van die groot stryd oopgestel word wat gebore is voordat die tyd begin het en wat eers eindig wanneer die tyd sal ophou. Die geskiedenis van die aanvang van sonde; van noodlottige valsheid met sy verdraaide werkwyse; van waarheid wat, terwyl dit nie van sy eie reguit baan afwyk nie, dwaling tegemoetgegaan en oorwin het - alles sal openbaar gemaak word. Die voorhangsel wat tussen die sigbare en die onsigbare wêreld hang, sal opsy getrek en wonderlike dinge geopenbaar word.

Nie eerdat die voorslenighede van God in die lig van die ewigheid gesien word, salons begryp wat ons aan die sorg en tussenkoms van Sy engele verskuldig is nie. Hemelse wesens het 'n aktiewe rol in menslike sake gespeel. Hulle het in 'n gewaad verskyn wat soos weerlig gestraal het; hulle het as mense gekom, soos reisigers geklee. Hulle

- 305 -

het gasvryheid van menslike huisgesinne ontvang; hulle het as gidse opgetree vir reisigers wat deur die donker oorval is. Hulle het die verderwer se voorneme gedwarsboom en die slag van die vernietiger afgewend.

Hoewel die heersers van hierdie wêreld dit nie weet nie, was engele al

dikwels sprekers in hul raadsittinge. Menseoë het hulle aanskou. Menseore het na hulle oproepe geluister. In die raadsaal en die geregshof het hemelse boodskappers die saak van die vervolgdes en die onderdruktes verdedig. Hulle het voornemens verydel en euwels gestuit wat vir Gods kinders onreg en lyding sou gebring het. Aan die studente in die hemelse skool sal al hierdie dinge ontbloot word.

Elke verloste sal die bediening van engele in sy eie lewe begryp. Die engel wat vanaf sy eerste oomblik sy bewaker was; die engel wat oor sy voetstappe waggehou en sy hoof in die dag van gevaar bedek het; die engel wat hom in die dal van doodskaduwee vergesel het, wat op sy rusplek gelet het, wat die eerste was om hom op die opstandings môre te begroet - hoe sal dit nie wees om met hom te praat en om die geskiedenis van Goddelike tussen trede in die indiwiduele lewe te verneem nie, van hemelse samewerking in elke taak vir die mens!

Al die verleenthede van die lewensondervinding sal dan duidelik gemaak word. Waar net verwarring en teleurstellings, gebroke voornemens en gedwarsboomde planne hulle aan ons voorgedoen het, sal 'n groot, alles beheersende, oorwinnende doel, 'n Goddelike harmonie, gesien word.

Daar sal almal wat met 'n onbaatsugtige gees gewerk het, die vrugte van hul arbeid aanskou. Die uitwerking van elke gesonde beginsel en edel daad sal sigbaar word. Ons sien ietsie daarvan hier. Maar hoe min van die gevolg van die wêreld se edelste werk word in hierdie lewe aan die dader geopenbaar! Hoe baie swoeg onselfsugtig en onver -

- 306 -

moeid vir diegene wat buite hulle bereik en kennis uitbeweeg! Ouers en onderwysers lê hul hoofde neer in hul laaste rus en dit lyk asof hulle lewenswerk vergeefs verrig is; hulle weet nie dat hul getrouheid die seëls losgemaak het van seënende fonteine wat nooit kan ophou vloei nie; net deur die geloof sien hulle hoe die kinders wat hulle opgevoed het, 'n seën en besieling vir hul medemens word en die invloed hom duisendvoudig herhaal. Menige werker stuur boodskappe van krag en hoop en moed die wêreld in, woorde wat seëninge na harte in elke land dra; maar van die gevolge weet hy, wat in eensaamheid en onbekendheid voortswoeg, weinig. So word gawes geskenk, laste gedra en arbeid verrig. Mense saai die saad waarvan andere, bokant hul grafte, geseënde oeste maai. Hulle plant bome, sodat andere die vrugte kan eet. Hulle is hier tevrede om te weet dat hulle bemiddelinge ten goede aan die gang gesit het. In die hiernamaals sal die aksie en reaksie van dié dinge duidelik word.



Van elke gawe wat God gegee het, wat mense tot onselfsugtige inspanning lei, word 'n verslag in die hemel bewaar. Om dit sy wydverspreidende strekking na te speur, om diegene te sien wat deur ons pogings opgehef en veredel is, om in hulle geskiedenis die uitwerking van ware beginsels te aanskou - dit sal een van die studierigtings en belonings van die hemelse skool wees.

Daar sal ons ken net soos ons geken is. Daar sal die liefde en simpatie wat God in die siel geplant het, hul egste en lieflikste uiting vind. Die reine omgang met heilige wesens, die harmonieuse gesellige verkeer met die geseënde engele en met die getrou es van alle eeue, die heilige gemeenskap wat "elke geslag in die hemele en op die aarde" saambind - al hierdie dinge is onder die ervarings van die hiernamaals.

- 307 -

Musiek sal daar wees en sang, sulke musiek en sang soos geen sterfling se oor, behalwe in die visioene van God, nog ooit gehoor of verstand kon bedink nie.

"En die wat sing sowel as die wat vrolik is," sal daar wees. Psalm 87:7. "Hulle daar hef hul stem op, hulle jubel; vanweë die majesteit van die Here." Jesaja 24:14.

"Want die Here vertroos Sion; Hy vertroos al sy puinhope en maak sy woestyn soos Eden en sy wildernis soos die tuin van die Here; vreugde en blydskap sal daarin gevind word, danksegging en die klank van liedere." Jesaja 51:3.

Daar sal elke vermoë ontwikkel, elke talent vermeerder word. Die geweldigste ondernemings sal uitgevoer, die mees verhewe aspirasies bereik, die hoogste ambisies verwesenlik word. En nog steeds sal daar nuwe hoogtes verrys om te oorwin, nuwe wondere om die verbeelding aan te gryp, nuwe waarhede om te verstaan, vars onderwerpe om die kragte van liggaam en verstand en siel uit te lok.

Al die skatte van die heelal sal vir Gods kinders oop lê om te bestudeer. Met onuitspreeklike blydskap salons die vreugde en die wysheid van ongevalle wesens betree. Ons sal die skatte deel wat verwerf is deur eeue na eeue Gods handewerk te betrag. Die jare van die ewigheid sal, soos hul voortrol, aanhoudend nog heerliker openbarings bring. "Ver bo alles wat ons bid of dink" (Efesiërs 3:20), vir ewig en altoos, sal die gawes van God aan ons geskenk word.

"Sy diensknegte sal Hom dien." Openbaring 22:3. Die lewe op aarde is die begin van die lewe in die hemel; die opvoeding op aarde is 'n eerste stap

in die beginsels van die hemel; die lewenswerk hier is 'n opleiding vir die lewenswerk daar. Wat ons tans is, in karakter en heilige diens, is die gewisse voorafskaduwing van wat ons sal wees.

- 308 -

"Die Seun van die mens [het] nie gekom ... om gedien te word nie, maar om te dien." Matthéüs 20:28. Christus se werk hier benede is Sy werk omhoog en ons beloning omdat ons in hierdie wêreld saam met Hom gearbei het, sal die groter mag en wyer voorreg wees om in die komende wêreld met Hom saam te werk.

"Julle is my getuies, spreek die Here en Ek is God." Jesaja 43:12. Dit sal ons ook in die ewigheid wees.

Met watter doel is die groot stryd toegelaat om deur al die eeue heen voort te gaan? Waarom is Satan se bestaan nie by die aanvang van sy rebellie kortgeknip nie? Dit was sodat die heelal oortuig kan word van Gods regverdigheid in Sy optrede teen die bose; sodat sonde 'n ewige veroordeling kan ontvang. In die verlossingsplan is daar hoogtes en dieptes wat die ewigheid self nooit kan uitput nie, wonderwerke waarin die engele graag 'n insae wil kry. Die verlostes alleen, van alle geskape wesens, het in hul eie ondervinding die werklike stryd met die sonde geken; hulle het met Christus saamgewerk en, soos selfs die engele nie kon doen nie, tot gemeenskap met Sy lyde toegetree; sal hulle geen getuienis oor die wetenskap van verlossing hê om te lewer nie-niks wat vir ongevalle wesens van waarde sal wees nie?

Selfs nou word "aan die owerhede en magte in die hemele die menigvuldige wysheid van God bekend gemaak." En Hy het ons "saam opgewek en saam laat sit in die hemele ... sodat Hy in die eeue wat kom, kan betoon die uitnemende rykdom van sy genade in goedertierenheid oor ons in Christus Jesus." Efesiërs 3:10; 2:6, 7.

"In sy paleis sê elkeen: Heerlikheid!" (Psalm 29:9) en die lied wat die losgekooptes sal sing - die lied van hul ondervinding - sal die heerlikheid van God verklaar: "Groot en wonderlik is li werke, Here God, Almagtige;

- 309 -

regverdig en waaragtig is u weë, o Koning van die heiliges! Wie sal U nie vrees nie, Here en u Naam nie verheerlik nie? Want U alleen is heilig." Openbaring 15:3, 4.

Tydens ons lewens hier, aards, deur sonde beperk soos dit ook mag wees, is die grootste vreugde en die hoogste opvoeding in diens geleë. En in die toestand wat kom, onbelemmerd deur die beperking van 'n sondige mensheid, is dit in diens waar ons grootste vreugde en ons hoogste opvoeding



gevind sal word - om te getuig en altyd namate ons getuig, opnuut te leer van "die rykdom van die heerlikheid van hierdie verborgenheid ... dit is Christus onder julle, die hoop van die heerlikheid." Kolossense 1:27.

"Dit is nog nie geopenbaar wat ons sal wees nie; maar ons weet dat ons, as Hy verskyn, aan Hom gelyk sal wees, omdat ons Hom sal sien soos Hy is." 1 Johannes 3:2.

Dan, in die gevolge van Sy werk, sal Christus die beloning daarvoor sien. In daardie groot menigte wat geen mens kan tel nie en "sonder gebrek voor sy heerlikheid" (Judas 24) gestel is met gejuig, sal Hy wie se bloed ons verlos en wie se lewe ons onderrig het, "die moeitevolle lyde van sy siel ... sien en versadig word." Jesaja 53:11.

**Let wel, die bladsynommers stem ooreen met die bladsynommers wat verskyn tussen koppeltekens bv. - 7 -*
*Kyk Voorwoord*


| Genesis | | |
|---|---|---|
| 1: 1 | BL | 134 |
| 2 | BL | 134 |
| 5 | BL | 129 |
| 27 | BL | 130 |
| 2:8, 9, 15 | BL | 21 |
| 9-17 | BL | 23 |
| 3:3-5 | BL | 24 |
| 5, 6 | BL | 25 |
| 15 | BL | 27 |
| 17-19 | BL | 26 |
| 8:22 | BL | 105 |
| 9:16 | BL | 115 |
| 18:19 | BL | 187 |
| 28:16, | BL | 143 |
| 22 | BL | 138 |
| 32:29 | BL | 147 |
| 39:9 | BL | 255 |
| 48:15, 16 | BL | 147 |
| 49:7 | BL | 148 |
| 22-26 | BL | 53 |
| **Exodus** | | |
| 3:5 | BL | 243 |
| 15:1, 2 | BL | 162 |
| 15:6-11 | BL | 162 |
| 15:18-21 | BL | 162 |
| 15:21 | BL | 39 |
| 16:3 | BL | 38 |
| 20:11 | BL | 250 |
| 25:8 | BL | 35 |
| 31:1-6 | BL | 37 |
| 34:6 | BL | 22, 35, 40 |
| 35 :21 | BL | 286 |
| **Levitikus** | | |
| 19:32 | BL | 244 |

| Levitikus | | |
|---|---|---|
| 26:3-6 | BL | 141 |
| 27:30, 32 | BL | 138 |
| **Numeri** | | |
| 10:35, 36 | BL | 39 |
| 11:16, 17 | BL | 37 |
| 13:30, 31 | BL | 149 |
| 21:16-18 | BL | 162 |
| 23:7-23 | BL | 161 |
| 24:4-6 | BL | 161 |
| 24:16-19 | BL | 161 |
| **Deuteronomium** | | |
| 1:15 | BL | 37 |
| 4:6 | BL | 40 |
| 4:6 | BL | 174, 229 |
| 6:6, 7 | BL | 40, 187 |
| 6:7 | BL | 186 |
| 8:2, 5 | BL | 39 |
| 10:8 | BL | 148 |
| 10:9 | BL | 149 |
| 11:22-25 | BL | 48 |
| 12:19 | BL | 149 |
| 23:14 | BL | 38 |
| 26:19 | BL | 40 |
| 28:10 | BL | 40 |
| 28:20, 32 | BL | 143 |
| 29:29 | BL | 171 |
| 32:10-12 | BL | 40 |
| 32:47 | BL | 174 |
| 34:10 | BL | 64 |
| **Josua** | | |
| 24:15 | BL | 289 |
| **Rigters** | | |
| 10:16 | BL | 263 |
| 13:8 | BL | 276 |

| 1 Samuel | | |
|---|---|---|
| 8:5 | BL | 50 |
| 16:6, 7, 10 | BL | 266 |
| 22:2 | BL | 152 |
| **2 Samuel** | | |
| 8:15 | BL | 152 |
| **1 Konings** | | |
| 19:21 | BL | 58 |
| **2 Konings** | | |
| 2:2 | BL | 59 |
| 6-15 | BL | 60 |
| 6:1-7 | BL | 217 |
| **1 Kronieke** | | |
| 29:15 | BL | 165 |
| **2 Kronieke** | | |
| 20:1-4, 12 | BL | 163 |
| 20:14-17, 20 | BL | 163 |
| **Nehemia** | | |
| 4:6 | BL | 286 |
| 9:6 | BL | 130 |
| **Ester** | | |
| 4:14 | BL | 263 |
| **Job** | | |
| 1:8-12 | BL | 155 |
| 2:5-7 | BL | 155 |
| 10:1 | BL | 155 |
| 12:7, 8 | BL | 117 |
| 12:13 | BL | 13, 14 |
| 13:15 | BL | 156 |
| 14:13 | BL | 155 |
| 19:7-21, | BL | 156 |
| 19:25-27 | BL | 156 |
| 22:21 | BL | 14 |

| Job | | |
|---|---|---|
| 23:3-10 | BL | 156 |
| 26:7-14 | BL | 131 |
| 28:15-18 | BL | 18 |
| 29:4-16 | BL | 142 |
| 29:21-25 | BL | 142 |
| 31:32 | BL | 142 |
| 33:24 | BL | 115 |
| 34:22 | BL | 144 |
| 37:16 | BL | 15, 21 |
| 38:4-27 | BL | 160 |
| 38:7 | BL | 22, 161 |
| 38:31, 32 | BL | 160 |
| 42:10-12 | BL | 156 |
| **Psalms** | | |
| 3:5-7 | BL | 165 |
| 9:10, 11 | BL | 257 |
| 11:4 | BL | 132 |
| 12:7 | BL | 244 |
| 15:2, 3 | BL | 236 |
| 15:2-4 | BL | 141 |
| 15:5 | BL | 229 |
| 17:4 | BL | 190 |
| 19:8 | BL | 229 |
| 19:11, 12 | BL | 252 |
| 23:1-4 | BL | 164 |
| 27:1 | BL | 164 |
| 29:9 | BL | 308 |
| 32:8 | BL | 282 |
| 33:9 | BL | 129, 254 |
| 34:8 | BL | 255 |
| 36:10 | BL | 197 |
| 37:5, 6 | BL | 257 |
| 37:18,19 | BL | 141 |
| 37:29 | BL | 271 |
| 41:2, 3 | BL | 141 |
| 42:12 | BL | 164 |
| 46:2 | BL | 165 |
| 46:3, 5-8 | BL | 165 |

| Psalms | | |
|---|---|---|
| 46:11 | BL | 260 |
| 48:15 | BL | 165 |
| 50:1-6 | BL | 181 |
| 50:21 | BL | 144 |
| 51:3-9 | BL | 165 |
| 63:2-8 | BL | 164 |
| 73:9-11 | BL | 144 |
| 78:37-39 | BL | 45 |
| 87:7 | BL | 307 |
| 90:17 | BL | 80 |
| 91:9, 10 | BL | 181 |
| 95:3-6 | BL | 243 |
| 97:2 | BL | 169 |
| 100:3, 4 | BL | 243 |
| 103:13 | BL | 245 |
| 104:12,18 | BL | 118 |
| 104:27-30 | BL | 131 |
| 105:21,22 | BL | 53 |
| 105:42-45 | BL | 40 |
| 106:34-36 | BL | 45 |
| 111:8 | BL | 30 |
| 111:9 | BL | 243 |
| 113:2, 3 | BL | 166 |
| 113:5, 6 | BL | 132 |
| 116:1-8 | BL | 166 |
| 119:11 | BL | 190 |
| 119:24,44 | BL | 291 |
| 119:45 | BL | 291 |
| 119:47 | BL | 252 |
| 119:48 | BL | 252 |
| 119:72 | BL | 137 |
| 119:104 | BL | 48 |
| 119:112 | BL | 48 |
| 126:6 | BL | 105 |
| 139:2-6 | BL | 133 |
| 139:7-10 | BL | 132 |
| 139:14 | BL | 201 |
| 145:16 | BL | 118 |

| Spreuke | | |
|---|---|---|
| 2:6 | BL | 14 |
| 3:1, 2 | BL | 197 |
| 3:9, 10 | BL | 140 |
| 3:17 | BL | 206 |
| 4:7 | BL | 22 5 |
| 4:14 | BL | 136 |
| 4:22 | BL | 197 |
| 5:22 | BL | 291 |
| 6:6 | BL | 117 |
| 6:28 | BL | 136 |
| 8:18 | BL | 69, 143 |
| 10:22 | BL | 142 |
| 11:15 | BL | 136 |
| 11:24, 25 | BL | 140 |
| 12:18 | BL | 237 |
| 13:4 | BL | 135 |
| 13:11 | BL | 136 |
| 13:20 | BL | 136 |
| 14: 8 | BL | 291 |
| 14:23 | BL | 135 |
| 14:34 | BL | 47, 175 |
| 15:1 | BL | 114 |
| 15:2 | BL | 225 |
| 16:12 | BL | 175 |
| 16:24 | BL | 197 |
| 16:31 | BL | 244 |
| 17:22 | BL | 197 |
| 17:27 | BL | 135 |
| 18:21 | BL | 235 |
| 18:24 | BL | 136 |
| 19:17 | BL | 141 |
| 20:3, 19 | BL | 135 |
| 20:28 | BL | 175 |
| 21: 6 | BL | 136 |
| 22:7, 16 | BL | 136 |
| 22:11 | BL | 237 |
| 22:29 | BL | 135 |
| 23:4, 5 | BL | 140 |





| Spreuke | | |
|---|---|---|
| 23:7 | BL | 149 |
| 23:10, 11 | BL | 136 |
| 23:21 | BL | 135 |
| 25:28 | BL | 236 |
| 26:2 | BL | 146 |
| 26:18, 19 | BL | 236 |
| 26:27 | BL | 136 |
| 27:18 | BL | 219 |
| 28:20 . | BL | 136 |
| 29:20 | BL | 236 |
| 30:5 | BL | 244 |
| 31:13, | BL | 217 |
| 31:15-17 | BL | 217 |
| 31:20 | BL | 217 |
| 31:27, 30 | BL | 217 |
| 31:31 | BL | 217 |
| **Prediker** | | |
| 2:4-12, | BL | 153 |
| 2:17, 18 | BL | 153 |
| 3:11 | BL | 198, 248 |
| 3:14 | BL | 50 |
| 5:7 | BL | 144 |
| 5:8 | BL | 219 |
| 7:12 | BL | 126 |
| 10:17 | BL | 206 |
| 11:1 | BL | 140 |
| 6 | BL | 105, 267 |
| **Hooglied** | | |
| 2:3, 4 | BL | 261 |
| 2:11-13 | BL | 160 |
| 5:10,16 | BL | 69 |
| 8:7, 6 | BL | 93 |
| **Jesaja** | | |
| 1:17 | BL | 141 |
| 1:18 | BL | 231 |
| 3:10, 11 | BL | 146 |
| 7:15 | BL | 231 |
| 9:5 | | 73 |

| Jesaja | | |
|---|---|---|
| 11:4 | BL | 182 |
| 13:19 | BL | 176 |
| 14:23 | BL | 176 |
| 24:1-8 | BL | 180 |
| 24:14 | BL | 307 |
| 25:8,9 | BL | 182 |
| 26:1-4 | BL | 167 |
| 26:20 | BL | 181 |
| 28:10 . | BL | 123 |
| 28:26 | BL | 219 |
| 32:20 . | BL | 109 |
| 33:6 | BL | 229 |
| 33:15-17 | BL | 141 |
| 33:20 . 22 | BL | 182 |
| 33:24 | BL | 271 |
| 35:8 | BL | 170 |
| 35:10 | BL | 167 |
| 40:12 | BL | 35 |
| 40:26-29 | BL | 116 |
| 41:6 | BL | 286 |
| 41:l0,13 | BL | 116 |
| 41:13 | BL | 259 |
| 43:12 | BL | 154, 308 |
| 43:21 | BL | 174 |
| 45:5 | BL | 174 |
| 47:1-5 | BL | 176 |
| 51:3 | BL | 161, 307 |
| 52:6 | BL | 302 |
| 53:11 | BL | 309 |
| 54:9, 10 | BL | 115 |
| 54:14 | BL | 182 |
| 54:17 | BL | 155 |
| 55:11 | BL | 105 |
| 57:16-19 | BL | 147 |
| 60:18 | BL | 182 |
| 60:21 | BL | 302 |
| 61:11 | BL | 105 |
| 63:9 | BL | 263 |

| Jesaja | | |
|---|---|---|
| 65:19 | BL | 271 |
| 65:21, 22, | BL | 304 |
| 65:25 | BL | 304 |
| 66:13 | BL | 245 |
| **Jeremia** | | |
| 4:19, 20 | BL | 181 |
| 4:23-26 | BL | 181 |
| 6:19 | BL | 146 |
| 15:16 | BL | 252 |
| 17:11 | BL | 143 |
| 29:11 | BL | 21, 101 |
| 30:7 | BL | 181 |
| 30:17, 18 | BL | 182 |
| 31:12 | BL | 167 |
| 33:3 | BL | 127, 282 |
| 51:13 | BL | 176 |
| **Esegiël** | | |
| 1:4, 26 | BL | 178 |
| 10:8 | BL | 178 |
| 12:27, 28 | BL | 184 |
| 20:20 | BL | 250 |
| 20:37 | BL | 174 |
| 21:26. 27 | BL | 179 |
| 33:30-32 | BL | 260 |
| 34:3, 4 | | 176 |
| **Daniël** | | |
| 1:19, 20 | BL | 55 |
| 2:21, 38 | BL | 175 |
| 2:47 | BL | 56 |
| 4:11, 12 | BL | 175 |
| 4:27 | BL | 174 |
| 4:30, 31 | BL | 176 |
| 6:5, 26-28 | BL | 56 |
| 7:13 | | 132 |
| **Hosea** | | |
| 6:3 | BL | 106 |
| 8:12 | BL | 127 |
| 12:5 | BL | 147 |

| Joël | |
|---|---|
| 1:12 | 180 |
| 1:15-18 | 180 |
| **Amos** | |
| 5:11 | 143 |
| **Miga** | |
| 4:10-12 | 182 |
| **Nahum** | |
| 1:3 | 131 |
| **Habakuk** | |
| 1:13 | 255 |
| 2:20 | 243 |
| 3:3 | 22 |
| **Sefanja** | |
| 1:14 | 270 |
| **Haggai** | |
| 1:5-10 | 143 |
| 2:16 | 143 |
| **Sagaria** | |
| 2:8 | 257 |
| 5:1-4 | 144 |
| **Maleagi** | |
| 2:5, 6 | 148 |
| 3:8 | 143 |
| 3:10 | 138 |
| 3:10-12 | 140 |
| 4:2 | 106 |
| **Matthéüs** | |
| 4:4 | 126 |
| 5:37 | 236 |
| 6:26 | 117 |
| 31-33 | 138 |
| 7:12 | 136 |
| 10:8 | 80 |
| 11:11 | 158 |
| 28 | 80 |
| 13:28 | 101 |
| 16:22 | 88 |
| 18:3 | 114 |

| Matthéüs | |
|---|---|
| 20:28 | 308 |
| 22:39 | 16 |
| 24:6, 7 | 179 |
| 14 | 264 |
| 25:40 | 139 |
| 28:20 | 94, 96 |
| 28:20 | 282 |
| **Markus** | |
| 3:17 | 87 |
| 4:26-28 | 104 |
| 4:28 | 106 |
| 8:36, 37 | 145 |
| 11:24 | 258 |
| 12:42 | 109 |
| 13:34 . | 138 |
| 16:7 | 90 |
| 15 | 264 |
| **Lukas** | |
| 2:40 | 78 |
| 3:38 | 33, 130 |
| 4:18, 19 | 113 |
| 32 | 81 |
| 6:31 | 292 |
| 38 | 103, 140 |
| 8:11 | 105, 253 |
| 10:27 | 16, 228 |
| 12:23 | 200 |
| 24 | 117 |
| 33 | 145 |
| 16:9 | 145 |
| 22:26, 27 | 268 |
| 22:27 | 103 |
| 31-34 | 89 |
| 27:30, 32 | 138 |
| **Johannes** | |
| 1:3 | 134 |
| 1:4, 14 | 28 |
| 1:9 | 29, 134 |

| Johannes | |
|---|---|
| 3:17 | 79 |
| 3:19 | 74 |
| 3:30 | 157 |
| 4:14 | 83 |
| 6:63 | 126 |
| 6:64 | 92 |
| 7:37 | 116 |
| 7:37 | 83 |
| 7:38 | 83 |
| 7:46 | 81 |
| 12:24 | 110 |
| 12:32 | 192 |
| 13:15 | 78 |
| 13:34 | 242 |
| 14:26 | 94 |
| 15:10 | 78 |
| 15:15 | 94 |
| 16:7 | 94 |
| 16:13 | 134 |
| 16:13-15 | 94 |
| 16:23 | 95 |
| 17:3 | 126 |
| 17:6 | 87 |
| 17:21-23 | 86 |
| 21:17, 22 | 90 |
| **Handelinge** | |
| 4:13 | 95 |
| 10:38 | 80 |
| 13:22 | 48 |
| 14:17 | 66 |
| 16:28 | 66 |
| 17:23 | 67 |
| 17:26 | 67 |
| 17:27 | 67 |
| 26, 27 | 174 |
| 20:34 | 66 |
| 26:28, 29 | 67 |
| 27:22-24 | 256 |





| Handelinge | |
|---|---|
| 27:34, 44 | 256 |
| **Romeine** | |
| 1:14 | 66, 139 |
| 1:20 | 134 |
| 1:29-32 | 236 |
| 4:17 | 254 |
| 8:22, 26 | 263 |
| 8:28 | 154 |
| 8:34 | 95 |
| 8:35-39 | 70 |
| 16:25 | 126 |
| **1 Korinthiërs** | |
| 2:9 | 301 |
| 2:11 | 134 |
| 3:9 | 138 |
| 3:ll | 30 |
| 3:16, 17 | 36 |
| 3:17 | 201 |
| 4:2 | 139 |
| 4:9 | 154 |
| 4:12, 13 | 68 |
| 6:19 | 201 |
| 10:11 | 50 |
| 13:4 | 114 |
| 13:4-8 | 242 |
| 13:12 | 303 |
| 15:42, 43 | 110 |
| 15:57 | 126 |
| **2 Korinthiërs** | |
| 3:18 | 282 |
| 4:6 | 22, 28 |
| 4:18 | 296 |
| 5:14 | 66, 297 |
| 5:17 | 172 |
| 5:19 | 28 |
| 6:10 | 68 |
| 6:16 | 258 |
| 9:6 | 109 |

| 2 Korinthiërs | |
|---|---|
| 10:12 | 226 |
| 11:26, 27 | 68 |
| **Galasiërs** | |
| 5:13 | 139 |
| 6:1 | 113 |
| 6:8 | 109 |
| **Efesiërs** | |
| 2:6, 7 | 308 |
| 3:10 | 308 |
| 3:20 | 307 |
| 4:24 | 27 |
| 4:25 | 286 |
| **Filippense** | |
| 3:7, 8 | 68 |
| 3:8-10 | 192 |
| 4:8 | 235 |
| 4:13 | 70, 256 |
| **Kolossense** | |
| 1:16, 17 | 132 |
| 1:19 | 30 |
| 1:27 | 172, 309 |
| 2:3 | 13 |
| 2:10 | 2576 |
| 3:23, 24 | 22 |
| **1 Thessalonicense** | |
| 2:19, 20 | 70 |
| **2 Thessalonicense** | |
| 1:11 | 134 |
| **1 Timótheüs** | |
| 4:8 | 145 |
| **2 Timótheüs** | |
| 2:15 | 61 |
| 3:16, 17 | 171 |
| 4:7 | 68 |
| **Hebreërs** | |
| 1:3 | 132 |
| 1:14 | 103 |
| 2:7 | 20 |

| Hebreërs | |
|---|---|
| 2:18 | 78 |
| 4: 3 | 130 |
| 4:13 | 255 |
| 4:15 | 78 |
| 5:2 | 294 |
| 6:7, 8 | 216 |
| 6:11:3 | 134 |
| 6:27 | 63 |
| 6:32-40 | 158 |
| **Jakobus** | |
| 1:5 | 191, 231 |
| 1:17 | 50 |
| **1 Petrus** | |
| 1:10-12 | 183 |
| 1:12 | 127 |
| 4:8 | 114 |
| 4:10 | 286 |
| 4:11 | 226 |
| **1 Johannes** | |
| 1:2 | 84 |
| 3:1-3 | 88 |
| 3:2 | 309 |
| **Judas** | |
| 24 | 309 |
| **Openbaring** | |
| 1:1, 3 | 191 |
| 1:17, 18 | 83 |
| 2:7 | 302 |
| 3:4 | 249 |
| 3:8 | 282 |
| 7:14-17 | 30, |
| 15:3, 4. | 309 |
| 19:8 | 249 |
| 21:1, 2, 23 | 301 |
| 21:3, 4. | 302 |
| 21:6 | 83 |
| 22:1. 2 | 302 |
| 22:3 | 125, 303 |

AANSKOUINGSLESSE 34-43, 47, 120, 144, 175, 185, 186
Christus se gebruik van 102
*Kyk ook* Natuuronderwys
Aarde, die nuwe 301
Gods doel vir die 22, 174
oorspronklike toestand 22
Aardrykskunde, saam met sending studie 269
Abraham as onderwyser 187
Adam, opvoeding van 14-17, 20-22, 25-27
versoeking van 23 - 25
Afgodery, van Israel 45
van Salomo 49, 50
Agterdog 289, 290
Ambagsopleiding, deel van opvoeding 34, 37, 47, 52, 58, 62, 85, 214-222
te Eden 21
voorbeelde 66, 77, 217, 267
Ambagte, opleiding in die skole 47, 218
Anargie 228
Apostels, opleiding 84-96
verskeidenheid 85
Arbeid, waardigheid van 214-217, 222
Arend, les geleer van die 118
Armes, Gods voorsiening vir 43, 44, 139, 141, 220
Asemhaling 198, 199
Atletiese sportsoorte 210

BABILON, opkoms en val van 175, 176, 183
Barmhartigheid 257, 294
Berisping 291
Beroep, keuse van 220, 267
Biografie van die Bybel, Abraham *187*
Daniël 54-57
Dawid 48, 152
Elia 151
Elisa 58-61
Jakob 147
Job 155, 156
Johannes 87
Johannes die Doper 157
Jonatan 157
Josef 51-54, 57
Judas 91, 92
Kaleb 149
Levi 148
Moses 61-64, 68, 69
Paulus 64-70
Petrus 88-91
Salomo 48, 49, 153
Blymoedigheid 197, 240
Boeke, skadelike 188, 190, 226, 227
verkeerde gebruik van 189
Boekkennis 230, 265
Bome, lesse van 113, 116, 119, 175, 267
Boom, 'n simbool van regering 175
van kennis 23-25
Buitelug, lewe in die 42, 52, 58, 62, 63, 208, 211
werk vir die onderwyser in die 278
Bybel, as letterkunde 188, 18
as opvoeder 17, 47, 52, 55, 65, 123-192
bestek van styl en onderwerpe 125
eerbied vir 244
'n volmaakte geheel 123
sy eie uitlêer 190
verhale van die 185
voorskrif vir die lewe 189, 260

Bybelillustrasies uit die natuur 102, 104-110, 113-120, 175
Bybelonderrig en -studie, Abraham 187
die doel van 189, 254
die Sabbat 251
geestelik 124-127, 171, 188, 192
geleenthede vir 191
gesins- 185, 186
gevolge van 192, 252-256
"hoër kritiek" 227
Jesus se voorbeeld 76, 77, 81, 82, 85, 102, 185
omvattende 190
oorspronklike studie 188
verstandelike ontwikkeling 123, 124, 171, 188, 189
vers-vir-vers- 189
CHRISTUS, as teregwyser 79, 88-92, 294
die mag van Sy onderrig 81, 94, 95
doel van Sy sending 27-29, 73, 74, 76
en die wet 76
het die moontlikhede van die mens erken 80, 270
lig, van die hele mensdom 29
van die wêreld se leermeesters 13, 73
medelye van 78-80, 294
ons is volmaak in 192, 257
toestand van wêreld by Sy koms 74-76
*Kyk ook* Jesus; Gebed

DANIËL, die boek 191
lewe 54-57, 254
Dawid, geloof 254
liedere 164, 165
opvoeding 49, 152
sonde 48
Diëet, aantal maaltye 205
gereeldheid 205 haastig eet 206
keuse, kombinasie 205 ooreet 205
stimulerende 203
van Daniël 55
van Israel in die woestyn 38
verhouding van, tot onmatigheid 202-204, 247
tot verstandelike ontwikkeling 204-206, 216
voedingswaarde van kos soorte 204
Diens 139
beloning vir 103, 306, 308, 309
die grondslag van verpligting 137, 139
die hoogste 262-271
die hoogste opvoeding 264, 270, 271, 309
doel van die kerk 268
doel van opvoeding 13, 65-70
in die natuur geleer 103
motief vir 226, 268
onerkende 116, 117, 306
opleiding vir 212-222, 268
organisasie vir 269
wet van die lewe 16, 80
Dissipline, die Heiland se reël en voorbeeld 292, 294
eersin 289
en organisasie van Israel 37, 38
openbare 293
opvoeding van die wil 288, 289
reëls, handhawing van 290
van die lewe 85, 151-154, 295-297



van die huis en skool, die doel van 287, 291
versoeke, bevele 290
Doel, die ware 13, 18, 145, 222, 262, 267, 297
Doelloosheid 190, 202
Dwaling, vermenging van, met waarheid 231
EDEN, skool van 14, 15, 20-22, 30
skool van, herstel 301-303
Eenheid 86, 95
Eenvoud, in kinderopvoeding 107, 211
in onderwys 233
van Jesus se lewe 77, 107
Eenvoudige leefwyse, verhewe denke 202, 248
Eerbied 242-245
Eersin by die kind 289
Einde van die wêreld 179-184, 264
Elia, een mislukking 151
Elisa, opleiding en werk 58-61, 255
Engele, beskermers 255, 256, 304, 305
in Eden 21
liedere 168
medewerkers, onderwysers 271
ons metgeselle 127
tussengangers in menslike sake 179, 304, 305
Evangelie, gevolge van die gee van, aan die wêreld 264
in die natuur 27, 101
ons verantwoordelikheid 263
sluitings werk van 269, 270
werk van, die hoogste opvoeding 271
Evangelie opdrag, aan almal 264
Evangelisering van die wêreld 95, 96, 262-271
Ewolusie, van die aarde 128
van die mens 130
FEESTE van Israel 41-43
Fiksie 227
Fisiologie 195-201
Fouterendes, Christus se werk vir 78, 79, 97-94, 270, 294
ons werk vir, illustrasie uit die natuur 113
plig van ouers en onderwysers 271, 279, 291-294
GEBED, antwoorde op 258
Christus se 80, 259
eerbied tydens 243
stille 258
van geloof 257, 258
voorbeelde 47, 64
Gedrag 240-245
Gedragsreëls en hoflikheid 240, 241
waardevolste verhandeling oor 242
Geesdrif 233
Geheue-opleiding 127, 189
oormatige 226, 230, 231
Gehoorsaamheid, hoe om te leer 287, 290
uitdrukking van eerbied 244
Gekrenktheid 256, 257
Geld, om die gebruik van, te leer 239
Geloof, beloning van 156, 254
Bybelse bewyse vir 169
definisie van 253
die saaier 105
en rede 24, 231
geheim van krag 54, 80, 254
God trag om te bemoedig 34

hoe om, te beoefen 253, 257, 258
les oor, van die arend geleer 118, 119
onderrig aangaande, vir die kind 255-257
sleutel van kennis 24 voorbeelde van 54, 63, 149, 254, 256
Gelykenis van die groeiende saad 104-107
Gemeenskap met Christus 63, 65, 69, 87, 120, 127, 192, 264, 270, 271, 297
Gemeenskap met God 14, 21, 28, 30, 84
deur Bybelstudie 127, 192
deur die natuur 100, 108, 120
deur gebed 80, 258
Geneesheer, ambagsopleiding vir die 220
Genesing, natuurlike, geestelike 113
Geologie en die Mosaïese verslag 128, 129
Gerubs, visioen aangaande die 177
Gesellige verkeer, hiernamaals 306
Geselskap, Goddelike 127, 271
Gesin, die en die Sabbat 250
Gesinskool 20-22, 33, 40, 41, 45, 77, 84, 85, 186, 250, 251, 275, 283, 285
*Kyk ook* Huis
Geskiedenis, Bybelse ,47, 173-178, 183, 184, 238
filosofie van die 173, 174
studie van die, in die hiernamaals 304
Gesondheid, invloed van verstand op liggaam 197
liggaamlike 195
onderwyser moet bewaar 277
Gesondheidsleer as vak 195-200
Getuies vir God 154-158, 262
in die hiernamaals 308, 309
Gewoonte 291
God, bron en instandhouer van alle dinge 99, 100, 104, 130, 131
eerbied vir 242-244
lyding van, weens sonde 263
'n persoonlike wese 131-13 3
'n valse begrip van 75
ouers, onderwysers, moet verteenwoordig 244, 245, 287
Sy grootheid onbegrypbaar 169
Godsdiens in Christus se tyd 74, 75
Groei, Goddelike bemiddeling in 104, 105
wette van 104-106
Grond, eienaarskap van, Israel se 43
vir gebruik deur skole 212, 218
HAASTIGE taal 236
Handearbeid, vir die onderwyser 278
Heiden, aanspraak van, op Christene 262, 263
Heidense skrywers 226
Heiligdom van Israel, illustrasie van karakterbou 35, 36, 258
Heilige Gees, aanskouingsles aangaande 106
as onderwyser 95, 134
verteenwoordiger van God 132
Hemel, die, 'n skool 301
opvoeding vir die 13, 16, 19, 127
Hemelse verslag 306
Henog, geloof van 254
"Hoër kritiek" 227



Hoflikheid, Christus die bron van 241
onderskei van gedragsreëls 240-242
van Daniël 56
van Paulus 67
Huis, invloed van die 52, 54, 55, 58, 61, 283
*Kyk ook* Gesin skool
Huishoudelike pligte, opleiding 216
Huislike opvoeding 185-187, 196, 202, 216, 217, 235, 240, 242

ILLUSTRASIES 233
*Kyk ook* Aanskouingslesse
Indiwidualiteit, opvoeding ontwikkel 17, 57, 231, 232
Inspanning 232
Invloed, krag van, in kinderjare 52, 55, 58, 61, 119
Isai, seuns van, Samuel se keuse 266
Israeliete, opvoeding van 33-70
JAKOB, vergelding, herstel van 147
Jesus, as leermeester 73-96, 102, 231, 241, 294
kinderjare 77, 107, 185
Job, beproewing van 155, 156
'n suksesvolle loopbaan 142
Jode, opvoeding van, in tyd van Christus 64, 65, 74-77
Jogebed, moeder van Moses 61
Johannes, die dissipel, opleiding van 87
Johannes die Doper, 'n voorbeeld van selfopoffering 157, 158
Jonatan, die getroue vriend 157
Jongmense groepe, vir Christelike diens georganiseer 269
Josef 51-54, 56, 57, 255
Judas, Christus se handelwyse met 91-93
KALEB en Josua, geloof van 149
Karakter, beproewing 23, 52, 53, 295, 296
Bybelstudie 17, 18, 126, 127, 172, 183, 184, 192
die hoogste doel 17-19, 81, 225
die hoogste skoonheid 249
geloof en gebed 258
in kleredrag geopenbaar 248
invloed, op, van onselfsugtigheid 16
is krag 41, 79, 81, 277, 282
landbou werk 112
lesse uit die ontwikkeling van saad 105, 106, III
selfdissipline 57, 296
volledig in Christus 257
voorbeeld en samesyn 87, 237
Kyk ook Voorbeeld
Karakterbou. fondament, patroon, 228, 229
gevare betreffende 225-228
simbool van 35, 36, 258
Karakter ideaal. die hoogste 18, 73
Kennis, deur Christus 27-30, 73, 76
geloof as sleutel van 24
van God, grondslag van opvoeding 13-19, 21, 34, 81
van goed en kwaad 23-27, 231
Kerk, doel van 268
pligte 268
Kerkbywoning, verhinder deur 247
Keuse, die mag van 23, 178,289
Kinderjare, Jesus 77, 107, 185
Josef 52
Moses 61

Kinderopvoeding, aanskouingsles
uit groei van saad 106
Klein dingetjies, getrouheid 111 53,
58, 61
Gods werk volmaak 114
Kleredrag, gesonde 199
smaak en netheid in 248
teenwerkende invloede 247, 248
versotheid op 246-248
Kleremakery 216-218, 248, 249
Kompensasie, die lewe se grootste,
68-70, 305, 306, 309
Koningskap, deur mens verlore en
herstel 26, 304
Konsentrasie 189
Kookkuns, '11 vertakking van
opvoeding 216, 218
Krag terme 236
Krisis, naderende 179
Kritiek, oor kinders en jongmense
291
oor onderwyser 283, 284

LANDBOU 34, 43, 219, 220
geleentheid vir die werkloses 220
karakterontwikkeling 112
lesse uit die Ill, 112
*Kyk ook* Saad saai
Landelike lewe, wette aangaande,
Israel se 43, 44
Ledigheid 190, 202, 210
Leer deur te doen 111, 268, 271
Leermeesters, groot, lig van Christus
13, 73
Leesstof en sedelike beginsels 226,
227
ongesonde 188, 190, 226, 227
sekulêre, met Bybel vergelyk 188,
189
vloedgolf van 189
Levi, vloek van, karakter verandering
148
Leviete, onderhoud en voorregte
148
Lewe, God die bron van die 99, 104,
108, 197
Lewenswerk 262-271
Liefde, die dryfkrag 293, 294, 297
die grondslag van opvoeding en
verlossing 16
die wet van God 16, 65, 76, 77, 287
kan genees 114
Lig van die wêreld 13, 14, 29, 57, 58,
73
Liggaamlike opvoeding, asemhaling
198
belangrikheid van 195, 196, 277
Israeliete 'n voorbeeld 38
kleredrag 199
liggaamshouding 198
sindelikheid, sonlig, ventilasie 200
spraak onderrig 199
Liggaamsoefening 210, 217
Lof, aan God 66, 161-163, 168
liefde vir 237

MAAI wat ons saai 108, 109, 306
Manne met gewete getrou soos
kompasnaald aan pool 57
Matigheid 38, 55
hulpmiddele tot 202-206
onderrig tuis en op skool 202, 278
Meegevoel, insig 66, 78, 212, 231,
269, 270, 280, 292
van God met menslike lyding 263
Meesterskap 52, 53, 56, 57, 66, 204,
222, 254, 255, 295, 296



Metodes van onderwys 41, 76-96,
119, 120, 185-192, 230-239
Milddadigheid, die aankweek van
139-144, 239, 248
lesse aangaande saad saai 109
Militêre skole van Egipte 65
Modelskool in Eden 20, 22, 30, 33
Modes, invloed van, op opvoeding
246, 247
'n teen invloed 247-249
Moeder, as opvoedster 275
opleiding vir 276
van Moses 61
Moses 61-64, 68, 69
Musiek en sang, in die hiernamaals
307
in opvoeding 167, 168
van Israel van ouds 39, 42, 47

NASIONALE voorspoed, die grond-
slag daarvan 47, 48, 174
Natuur, die, aanpassing van middele
by doel 119, 133, 198
en die openbaring 128
Goddelike werking in 99, 100, 104,
108, 130, 131, 197, 198
openbaring van God 16, 17, 99
wette van, Goddelike 196
Natuurlike vermoëns 138, 233, 267
Natuur onderwys, Christus se aan-
wending van 102
in die hiernamaals 303
in Eden 15-17, 20-22
in teenstelling met modes 247
kennis van goed en kwaad 26, 27
onvoldoende 17, 101, 134
op die Sabbat 251
sleutel tot die Bybel 120
voortgesit 34, 35, 41, 42, 52,
62-66, 77, 99-120, 208
Nederigheid 237
Noag, geloof van 254
Noukeurigheid, deur ambags-
opleiding 222

OEFENING, liggaamlike 207-213
Oes, lesse uit die 105-110
van die lewe 305, 306
Onbaatsugtigheid 237
grondslag van ontwikkeling 16
Onderrig, aardrykskunde 269
boekhou 239
deeglikheid 234
eenvoud 233
geesdrif 233
geskiedenis 238
persoonlike element 10 231,
232, 278, 281
taal 234-237
van fisiologie 195-201
*Kyk ook* Bybelonderrig; Natuur
onderwys
Onderskeid tussen reg en verkeerd
231
Onderwyser, administratiewe be-
kwaamheid 279
die hoogste voorbereiding 282
geleerdheid van die 278
kwalifikasies van 240, 277
liggaamskrag 277
samewerking met leerlinge 285
samewerking met ouers 284
321
self verbetering 281
sosiale verhouding met leerlinge
212, 213, 280, 284
voorreg en verantwoordelikheid

van 19, 29, 30, 244, 245, 281, 287
*Kyk ook* Dissipline
Onderwysers, in die tyd van Paulus en van Christus 64, 65, 74-77
in skole van profete 46
van die skool van die hiernamaals, 302 303
Onderwysmetodes, van Christus 76-96, 102, 231, 294
voorbereidende 29, 30, 41, 187, 188, 201, 247
Ongeloof, oorsake 227, 228, 259
Onmatigheid, oorsake en genesing van 202-204
Onselfsugtigheid, illustrasies 154-158
Ontspanning, deur nuttige arbeid 215
doel van 207
samewerking van onderwyser 212
vir die onderwyser 278
Ontwikkeling, allesomvattende 232
drievoudige 13, 16, 195
onselfsugtigheid lê, ten grondslag 16
Oordrywing 236
Oorpeinsing 127, 189, 191, 252
Oorwinning, deur neerlaag 62-64, 68, 69, 147-149, 151
verkryging van 162, 163, 165, 168, 256, 258
Openbare aanbidding, eerbied gedurende 243
'n middel tot opvoeding 168, 252
wegbly van, 'n oorsaak 247
Openbaring, die studie van 191
Opstanding, simbool van 110
Opvoeding, ambagsopleiding 214-222
bemeestering van die grondslae 234-239
bron 13-17, 21, 22, 34, 44
Christus se metode 73-96, 102, 231, 241, 267-271, 294
doel 13, 17, 18, 44, 81, 84, 145, 221, 222, 262
foute in 45, 49, 50, 74, 77, 189, 207, 208, 225-228, 230, 234, 259, 264-266
hoër, die ware 14, 18, 30, 66, 83, 87, 271, 282
illustrasies van ware 51-70
omvang 13, 16, 18, 19, 21, 38, 41, 225, 232, 233
onderrig deur aanskouingslesse 41, 102, 144, 185, 186
van Israel 33-50
van Jesus 77, 107, 185, 267, 268
van onderwysers 46, 276-282
verhouding van, tot verlossing 15, 16, 18, 19, 28-30, 84, 126, 172
vir ouers 34, 275, 276
*Kyk ook* Natuur; Bybel
Ou Testamentiese Skrif, studie van die 191
Ouers, Abraham se voorbeeld 187
as onderwysers 33, 40, 41, 185-187, 196, 235, 240, 275, 280
Christus se 294
opvoeding van 34, 276
samewerking van, in die gesin 283, 285
met die onderwyser 284
verteenwoordigers van God 244, 245, 287



Oues van dae, respek vir die 241
PALMBOOM 116
Partytjies, vermaaklikhede- 211
Paulus 64-70, 254, 256
Persoonlike element in die onderwys 78-80, 84-96, 231
Petrus, opleiding van 88-91, 255, 256
Plesiersoekery 183, 207, 211
Poësie 47
van die Bybel 159-161
Politieke ambisie 49
Pool, manne met gewete getrou soos kompasnaald aan 57
Preek, om, in die geheue vas te lê 252
Profesie, gawe van die, aan Daniël 56
in skole van ouds 47
van die wêreld se slottonele 180-182
vervulling van 178
voordele van studie van die 183, 184
RAMPE, seëninge 270
Rede en geloof 24, 231
Reëls, moet die ondersteuning van die skool hê 290
toepassing 290
Reënboog 115
Regering, doel van 174, 175
simbool van 175
Rekeninge, onderrig aangaande 238, 239
Rentmeesterskap 57, 137
Rivier en spruitjie, onerkende helpers 116, 117
en vlakte, beloning vir diens 103

SAADSAAI, lesse uit 104-112
Sabbat, middel in opvoeding 250-252
Sake, kapitaal, die beste 137
rentmeesterskap 137-139
wins en verlies 140-145
Sakebeginsels 135, 136
Saligsprekinge 79
Salomo, lewensondervinding van 48, 49, 152-154
Samewerking, met Christus en Sy engele 270, 271
met God, Bybelse voorbeelde 37, 286
in ons werk 214, 215, 271
van onderwysers en leerlinge 212, 213, 285
van ouers en kinders 283, 285
van ouers en onderwysers 283, 284, 293
Sang 39, 42, 47, 186, 251
die Heiland se 166
die oudste 161, 162
in die laaste krisis 166, 167
is daad van aanbidding 168
liedere van Dawid 164, 165
'n opvoedings middel 162, 167, 168
om versoeking die hoof te bied 166, 168
Sanitasie, onder Israeliete 38
op skool en tuis 200, 207
Satan, beskuldiger 154, 155
saai wantroue 23-25
werkswinkel van 190
Selfbeheersing, deur ouers en onderwysers 292
doel van dissipline 287-290
verhouding van, tot gesondheid en matigheid 197, 203, 204,

206
Self onderhoud deur studente 221, 265
Selfopoffering, ander voorbeelde 154-158
Christus se voorbeeld 80
illustrasie uit saad saai 110
Paulus 'n voorbeeld van 65-70
voorwaarde van gemeenskap met Christus 264
Selfsug, as motief in opvoeding 225, 226
gevolge 264
Judas 'n voorbeeld van 91-93
Selfvertroue, dié sonder, geloof verleen hulp aan 256
Sendeling, elke Christen 'n 264
Sendingwerk, buitelandse, studie van 269
opleiding vir 221, 268-271
Skeppings dae 129
Skinder, kannibalisme 235
Skole, omgewing 20, 21, 33, 34, 211
ongesonde toestande 207, 208
terreine, verfraaiing 212
van Israel 34-50
van patriarge 33
vir ambagsopleiding 218
Skool, die hemel 301
van Eden 20-22
herstel 301-304
vir vakmanne, Israel se, in die woestyn 37
*Kyk ook* Ambagsopleiding
Skoonheid 41
alle, 'n weerkaatsing van Christus 192
deur gehoorsaamheid aan wet 198
die mees verhewe 249
van die Bybel 188
Skrif, vir die grap aangehaal uit die 244
*Kyk ook* Bybel
Slaap 205
Sleutel, tot die Bybel 120, 126
van kennis 24
Sonde, aard en gevolge 15, 23-26, 28, 29, 143-150, 263
mag van die 291
Sondvloed, die en die geologie 129
Sosiale samesyn van Israel 41-43
Sosiale verhouding van onderwyser en leerling 212, 213, 280, 284
Spioene, die twaalf, verslag van 149
Spiritisme, die leer van die 227, 228
Spraak onderrig 199
Staats kuns 53, 56, 69
Sterre, lesse van 115
Stryd, die groot 154, 190
in die mens geopenbaar 29
in die natuur geopenbaar 26, 101
ons studie tema in die hiernamaals 304
Sukses 29, 52, 53, 56, 57, 60, 61, 68-70, 142, 145, 222, 262, 267, 271, 306-309

TAALSTUDIE 234-237
Tekens van die tye 179
Tempel, die lewende 35, 36, 201, 258
Teologie, wat Christus omtrent die, geleer het 81
Teologiese skole in die dae van Christus 64, 65, 77, 85
Teregwysing, Christus se voorbeeld



van 79, 89-92
doel van 291
hoe om te gee 294
Tiende betaling 44, 138, 250
Toespeling 236
Toewyding 57, 258
Tuinbou 21, 111, 112, 212, 213, 219, 247, 248
Twyfel, bron van 24, 25
gevolge 26

UITGEWORPENES, Christus se werk vir 79, 80, 270
Uitsit van leerlinge 293
Uitvoerende aanleg 17, 220, 222, 279

VERBORGENHEDE, in die Bybel 169"172
in die natuur 101, 134, 170
in karakter van God 132, 169
Vergelding 108, 109, 146-151
Vergelykings 120
*Kyk ook* Aanskouingslesse; Natuuronderwys
Verleenthede duidelik gemaak 305
Verlossing, die eerste belofte 27
doel van die 15, 16, 28, 29
in die natuur geleer 27, 101, 113, 115
plan van, sleutel tot die Bybel 126
Sabbat 'n teken van 250
verhouding van, tot opvoeding 16, 17, 28-30, 126, 172
Vermaaklikheid, gevare betrokke by 207, 210
Verpleging, opleiding vir 218
Versoeke, bevele 290
Versoeking, beveiliging teen 166, 168, 190, 203, 204, 213, 214, 218, 219, 255
Christus onderworpe aan 78
die eerste 24
waarom toegelaat 23
Verspreiding van volkere, doel van die 174
Verstand, invloed van, op die liggaam 197
Vertoonsug 247, 248
Voëls leer ons vertrou 118
Volkomenheid in Christus 257
Voorbeeld, die krag van onderrig 41, 49, 56, 57, 78, 79, 87, 150, 158, 259, 277, 282
Voorbereidingskool van die aarde 19
Vrees, verbanning van 255
Vryheid deur gehoorsaamheid aan wet 291

WAARNEMING, geleer in studie van die natuur 119
in ambagsopleiding 220
Waterlelie 119
Wedywering 226
Wet van diens 103
Wet van God, aan Israel geleer 34-36, 38-40, 42, 47
een oortreding 25, 26, 150
geld orals 99, 103, 287
grondslag vir nasionale voorspoed 69, 76, 174, 183, 228, 229
grondslag van karakter 228, 229
in Eden geleer 22
in sakelewe 135-145
is liefde 16, 65, 76, 77, 287
onderrig van kinders aangaande 185, 186
vryheid 291

Wetenskap en die Bybel 128-134 325
gevolge van valse 227
Goddelike 126, 257
menslike, nie Christus se tema nie 81
Wetenskaplikes, teenstrydige teorieë van 130
Wette, van groei 104-110
van natuur, Goddelik 104-110
Werkers vir Christus, opleiding van 262-271
uit die gewone volk 85, 270
Werkloses, geleentheid vir 220
Wil, opleiding van die 288, 289
vryheid van die 23, 289
Wins en verlies 140-145
Wonderwerk van die brode 107, 108